

DIE ONTSTAANS- EN VESTIGINGSGESKIEDENIS VAN POTGIETERSRUS, 1852-1904

JANETTA DU PLOOY Hons. B.A.

Verhandeling goedgekeur vir die graad
Magister Artium in Geskiedenis in die
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Dr. L.M. Fourie

Potchefstroom

1990



KMDT.-GENL. PIET POTGIETER

Pieter Johannes Potgieter (14 Des. 1822 - 6 Nov. 1854)

na wie die dorp Pieterpotgietersrust vernoem is

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6659

INHOUD

Voorwoord	v
Lys van afkortings	vi
Lys van illustrasies	vii
Summary	x

HOOFTUK 1 : INLEIDING	1
------------------------------------	----------

HOOFTUK 2 : HISTORIESE AGTERGROND	6
--	----------

2.1 Voorgeskiedenis	6
2.2 Die Noord-Ndebele in Transvaal	8
2.3 Koms van die blankes	13
2.4 Onmin en verdeeldheid onder die Transvaalse Voortrekkers	18

HOOFTUK 3 : ONTSTAAN VAN DIE DORP PIETERPOTGIETERSRUST	23
---	-----------

3.1 Besluit oor die stigting van Vredenburg, 1852	23
3.2 Verhouding tussen blank en swart, 1853	25
3.3 Die moorde van 1854	32
3.4 Die veldtog teen Mokopane en Mankopane in 1854	39
3.5 Vredenburg word Pieterpotgietersrust	47

HOOFSTUK 4 : VESTIGING VAN BLANKES	52
4.1 Vestiging voor 1870	52
4.2 Die aanslag teen Pieterpotgietersrust	58
4.3 Ontruiming en hervestiging van Pieterpotgietersrust	64
 HOOFSTUK 5 : DORPSONTWIKKELING	 80
5.1 Plaaslike bestuur	81
5.2 Watervoorsiening	93
5.3 Gesondheidsdienste	98
5.4 Polisie en gevangenisdiens	105
5.5 Pos- en telegraafdiens	110
5.6 Verbindingsweë en strate	117
 HOOFSTUK 6 : DIE ONTWIKKELING VAN ONDERWYS SEDERT 1852	 127
6.1 Informele onderrig tuis	127
6.2 Formele onderrig voor 1890	128
6.3 Piet Potgietersrust Publieke Christelike School, 1890-1900	131
6.4 Potgietersrust Government School, 1900-1910	139
 HOOFSTUK 7 : KERKLIKE EN GODSDIENSTIGE LEWE	 143
7.1 Kerklike bearbeiding in Soutpansberg en Waterberg	145
7.2 Godsdienstige lewe van die blanke pioniers	151

HOOFSTUK 8 : SOSIO-EKONOMIESE EN KULTURELE LEWE 154

8.1 Sosio-ekonomiese lewe 154

8.2 Landbou 161

8.3 Handel en nywerheid op Pieterpotgietersrust 168

8.4 Mynbou 170

8.5 Maatskaplike en kulturele lewe 177

HOOFSTUK 9 : PIETERPOTGIETERSRUST SE BETROKKENHEID

BY DIE ANGLO-BOEREOORLOG 185

HOOFSTUK 10 : SAMEVATTING 201

Bronnelys 205

VOORWOORD

Langs hierdie weg wil ek 'n besondere woord van dank uitspreek teenoor my kollegas by die Arend Dieperinkmuseum, Potgietersrus, vir hul hulp, aanmoediging en ondersteuning.

My hartlike dank gaan ook uit na die personeel van die plaaslike openbare biblioteek wat met groot geduld en baie moeite gehelp het om literatuur vir hierdie studie aan te vra.

Baie dankie aan die Stadsraad van Potgietersrus vir spesiale studieverlof, wat dit vir my moontlik gemaak het om primêre bronne in die Transvaalse Argiefbewaarplek te raadpleeg.

Geldelike bystand gelewer deur die Instituut vir Navorsingsontwikkeling vir hierdie navorsing word erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling toegeskryf word nie.

Dit is ook my voorreg om my dank uit te spreek teenoor my studieleier, dr. L.M. Fourie, vir sy gewaardeerde hulp en leiding.

Ek dra met groot dank en erkenning hierdie werk op aan my ouers, Kosie en Anna du Plooy. Hulle belangstelling en ondersteuning in my studies dien tot groot aansporing.

JANET DU PLOOY

1990

LYS VAN AFKORTINGS

CNO	Christelike Nasionale Onderwys
Ed.	Editor
e.v.	En verder
EVR	Eerste Volksraadnotule
RAP	Rydende Artillerie en Politie Corps
red./reds.	Redakteur/redakteurs
s.j.	Sonder jaartal
s.p.	Sonder plek
s.p.e.u.	Sonder plek en uitgewer
s.u.	Sonder uitgewer
TAB	Transvaalse Argiefbewaarplek
URB	Uitvoerende Raadsbesluit
VRB	Volksraadbesluit
wnd.	Waarnemend/e
ZAR	Zuid-Afrikaansche Republiek
ZARP	Zuid-Afrikaansche Republiek Politie

LYS VAN ILLUSTRASIES

FOTO'S

Fotonr.		Bladsy
1.	Kmdt.-genl. Piet Potgieter	i
2.	Klipstapeling: Louis Tregardt	14
3.	Kmdt.-genl. A.H. Potgieter	24
4.	Monument: Moorde van 1854	34
5.	Moorddrift-monument	38
6.	Makapansvallei	42
7.	Makapansgrotte: Skansmuur	44
8.	Druipsteenformasies Makapansgrotte	44
9.	Grafmonument: Piet Potgieter	45
10.	Christiaan Rabe	53
11.	Koorsmonument	65
12.	Kmdt. Henning Pretorius	72
13.a-c.	Potgietersrust: Vroeg twintigste eeu	79
14.	Boomstomp: Skoolboom	82
15.	Goewermentskantore: Potgietersrust	85
16.	Eerste Dorpsraad: Potgietersrust	91

17.	Mev. A.C. van der Merwe	92
18.	Leivoor: Potgietersrus	94
19.	National Bank of South Africa Ltd.	104
20.	Zoutpansberg Rydende Grenswacht	107
21.	Zeederberg se Sebraspan	113
22.	Poskantoor: Potgietersrust	115
23.	Moorddrift	118
24.	Stasiegebou: Potgietersrust	124
25.	Vaaltyn-Makapanstat	125
26.	Die wykskool <i>Rietfontein</i>	129
27.	<i>Skoolboom</i>	134
28.	Piet Potgietersrust Publieke Christelike School	135
29.	Meester V.D. Vahrmeier	136
30.	Leerlinge voor skoolgebou, 1896	137
31.	Leerlinge voor skoolgebou, 1898	138
32.	Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk	148
33.	Uitspanning in bosveld	158
34.	Eerste apteek: Potgietersrust	170
35.	Wielslee	179
36.	Slee	180
37.	Damsluis	181
38.	Pioniershuis	183

KAARTE

Blanke besetting van Transvaal	19
Verbreiding van blanke bevolking in Transvaal, 1873	67
Plan van het dorp Pieter Potgietersrust, 1894	73
Pietpotgietersrust met voorgestelde erwe vir Berlynse Sendinggenootskap	75
Wyk P.P. Rust (Pieterpotgietersrust)	87
Plan van pad vanaf Moorddrift na Smitsdorp	119
Potgietersrust en omliggende plase	176
Boere-offensief op die noordwestelike grens	189

SKETSE

Slee	180
Kapsteel- en hartbeeshuisie	182

SUMMARY

The history of the origin and settlement of Potgietersrus, 1852-1904.

Potgietersrus is one of the oldest towns in the Transvaal and at present no scientific study on the history of the town exists. It was therefore the aim of this study to obtain as much information as possible on the cultural and socio-economic lifestyle of the pioneers and to describe the events surrounding the foundation and establishment of the early white settlements in the Makapanspoort within a broader Transvaal milieu.

Mutual differences between white and white and white and black led to the decision to found a town in the Makapanspoort but before the actual establishment could take place 28 whites were murdered in the Makapanspoort by the Ndebele. The founding of Potgietersrus is actually intertwined with the murders of 1854, the siege of Makapan's caves, the death of Piet Potgieter and the decision to name the proposed town Pieterpotgietersrust.

The establishment of Potgietersrus as a town was gradual. Six years passed after the decision to found a town in the Makapanspoort (1852) and the actual occupation of Pieterpotgietersrust in 1859 because the Langa of Mankopane were only subjugated by the whites after various campaigns. The expected peace did not materialize and before the town could be permanently established it was burnt down by die Langa (1867) and in 1870 completely evacuated as a result of a serious malaria epidemic. After the evacuation of the town there was a period during which its history is obscure until the re-establishment of the town in 1890, that was followed by systematic development. The founding of Potgietersrus was finalized with the allotment of stands (1891-1894) and the provision of specific public services.

Potgietersrus was still sparsely populated till late in the twentieth century. The hostile and aggressive attitude of the surrounding blacks; the unsuccessful attempts to subjugate the blacks to the ZAR; the regular threat of malaria, which strengthened the opinion that the area was more suitable for hunting, were possibly the most important factors which led to the drawn out establishment phase and also the slow growth of the town. In addition, the

ruling social conditions, long distances and lack of efficient transport, and a self-providing economic system helped to slow down the establishment and occupation of Potgietersrus so that only minor signs of town development were discernible. Only after 1904 did actual town development start after the village council started paying attention to domestic matters in a more organized way.

The general lifestyle of the inhabitants was poor. Church and spiritual work was made more difficult by die extended areas and formal school education only really began toward the end of the nineteenth century. In spite of this the people did grow spiritually. Hard work, perseverance and faith contributed to the establishment and development of Potgietersrus.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Potgietersrus is een van die oudste dorpe in Transvaal, maar daar bestaan tans geen wetenskaplike werk oor die geskiedenis van die dorp nie. Die oogmerk van hierdie studie was om soveel as moontlik inligting oor die kulturele en sosio-ekonomiese lewenswyse van die pioniers te vind, en om die gebeure rondom die ontstaan en vestiging van die vroegste blanke nedersettings in die Makapanspoort te beskryf.

Die begrip *plaaslike geskiedenis* is moeilik definieerbaar en in die ruimste betekenis is dit die rekonstruksie van die ontstaan, groei, agteruitgang of verval van 'n plaaslike gemeenskap - die uitbeelding van alle fasette van die mens se lewe. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is tot onlangs baie min aandag gegee aan die skryf van plaaslike en/of streekgeskiedenis omdat die tradisionele rigting van geskiedskrywing die klem laat val het op politieke ontwikkelinge en die handelinge van die staat en nasionale figure. Alhoewel oor die hoof gesien, beteken dit nie dat plaaslike geskiedenis nie 'n bestaansreg het nie, of bloot 'n "kompartement" van die geskiedskrywing is nie. In die beoefening van plaaslike geskiedenis word die geskiedenis van "onder", vanuit 'n plaaslike hoek bekyk met die handelinge van die alledaagse mens in die gemeenskap en sy omgewing as brandpunt, want geskiedenis is per slot van sake die verhaal van die verandering wat onder meer plaasvind as gevolg van die wisselwerking tussen die groot bepalende gebeurtenis en die ritme van die klein, byna onopsigtelike gang van elke dag se lewe. Die benadering van hierdie studie is dus toegespits op die gemeenskap van Potgietersrus en die lewensbedryf van die pioniers. Ten opsigte van die inhoud word die ideaal nagestreef om soveel fasette as moontlik van die samelewing in sy historiese ontplooiing vas te vang en in perspektief te stel.

Die studie oor *Die ontstaans- en vestigingsgeskiedenis van Potgietersrus, 1852-1904* word in samewerking met die Arend Dieperinkmuseum, Potgietersrus, onderneem. Hierdie kultuurhistoriese museum staan in diens van volksopvoeding en geesteswetenskaplike navorsing op streekvlak en het *die Groot Trek in Noord-Transvaal* en *die vestiging van blanke pioniers in Potgietersrus en omgewing* as temas. Die museumversameling vorm die kern van die museum se werksaamhede en opvoedingstaak. Om te bepaal wat versamel moet word,

is dit noodsaaklik om vooraf die geskiedenis van die plaaslike streek deeglik na te vors ten einde te bepaal wat die historiese waarde van die versameling is. Afleidings aangaande die lewenspatroon en lewenshouding van die mense wat die kultuurvoorwerpe geskep het, moet ook gemaak word sodat dit deur middel van uitstallings aan die publiek oorgedra kan word.

Kultuur as die dominante determinant van sosiale gedrag is uniek verganklik en dit is daarom 'n vereiste dat kultuurhistoriese voorwerpe in die museum die behoeftes en gedrag van die spesifieke tyd en mense, asook die mate waartoe dit tot sosiale ontwikkeling bygedra het, moet reflekteer. Tradisioneel het navorsing oor kultuurhistoriese voorwerpe identifikasie, kronologie en beskrywing as hoofrigtings, en daar word met die skryf van die ontstaans- en vestigingsgeskiedenis van Potgietersrus probeer om die Arend Dieperink-museum te help om die museumversameling binne die algemene agtergrond van die dorp se geskiedenis te interpreteer. Die sterk kultuurhistoriese inslag van die tweede deel van die verhandeling sluit daarom aan by die navorsingsbehoefte van die museum en is daar om die museumgeskiedbeskouing te dien.

Benewens die historiese verloop van die gebeure, wat hoofsaaklik kronologies aangebied word, het die studie dus ook 'n sterk kultuurhistoriese inslag, wat noodwendig vanuit 'n breë veralgemening die kring nouer probeer trek na die sosio-ekonomiese en kulturele lewe van die pioniers van Potgietersrus, met kronologie binne die tema. Die gebruik van kaarte en foto's dien ter aanvulling van die geskrewe woord en is daarop gemik om die studie te verbreed en verder toe te lig.

Een van die probleme waarmee die opsteller van plaaslike geskiedenis te doen kry, is die wye terrein wat gedek moet word om al die aspekte van 'n gemeenskap se ontstaan, bestaan en ontwikkeling tot sy reg te laat kom deur aandag te gee aan die pioniersgeskiedenis; opvoeding; godsdienstige-, politieke-, ekonomiese- en kulturele ontwikkeling; die handhawing van wet en orde; die ontstaan van pad-, spoorweg- en telekommunikasienetwerke; gesondheids- en welsynsdienste; en die ontstaan en ontwikkeling van plaaslike bestuursstelsels. In die lig hiervan was dit nodig dat die navorser homself ten opsigte van die terrein oriënteer omdat die wye spektrum van menslike aktiwiteite andersoortige eise aan die navorsing stel en gewone sowel as ongewone bronne en vindplekke geraadpleeg moes word.

Inligting oor die ontstaansgeskiedenis van Potgietersrus is geredelik te vinde en kom onvolledig in verskeie sekondêre bronne voor. Die vestigings- en ontwikkelingsgeskiedenis van die dorp is minder bekend en nie behoorlik beskryf nie. Groot gapings kom in

bronne voor en feitemateriaal is veral uit argiefstukke uit die Transvaalse Argiefbewaarplek verkry en redelik wyd deurtrap. Oorspronklike dokumente in die Transvaalse Onderwysmuseum is geraadpleeg met betrekking tot die ontwikkeling van onderwys en opvoeding in Potgietersrus na 1890, maar min argivale materiaal is geraadpleeg met betrekking tot kerklike bearbeiding en die godsdienstige lewe van die pioniers omdat selfstandige gemeentes eers na 1910 in Potgietersrus tot stand gekom het. Min (of geen) melding word gemaak van die sosio-ekonomiese en kulturele lewe van Potgietersrus voor 1900, daarom is hoofsaaklik van algemene bronne oor die pionierslewe gebruik gemaak om 'n beeld te skep wat ook op Potgietersrus van toepassing gemaak kan word. Hierdie inligting is sover moontlik met beskikbare feitemateriaal vir toepaslikheid en betroubaarheid vergelyk en die versameling kultuurhistoriese voorwerpe in die Arend Dieperinkmuseum is met groot vrug ook hiervoor aangewend.

Benewens oorspronklike dokumente is daar ook gebruik gemaak van reisbeskrywings, geskrifte en koerante van die betrokke tydperk en hedendaagse studies oor verwante aangeleenthede. Plaaslike geskiedenis en pleknaamkunde is dikwels die stokperdjie van lekenavorsers sodat navorsing in gedenkstukke nie altyd wetenskaplik betroubaar is nie en dikwels deurspek is met subjektiewe oordele en uitsprake. Gedenkstukke, feesalbums en ongepubliseerde studies is derhalwe met groot versigtigheid hanteer en sover moontlik met primêre bronne vergelyk vir betroubaarheid.

Van al die bronne tot die beskikking van die plaaslike historikus is mondelinge oorlewering die mees toeganklike en maklikste bekombaar, maar ook die mees onderskatte en onderbenutte bron. Omdat mondelinge oorlewering subjektief aangebied word, vra dit besondere insig van die navorser en is dit vanuit 'n kultuurhistoriese oogpunt belangrik by die bepaling van die konteks van kultuurobjekte en die mens se assosiasie daarmee. Behalwe mondelinge getuienis is daar in die navorsing ook gebruik gemaak van ter plaatse ondersoeke, veral met die oog op kontrolering van mondelinge mededelings en verwysings in reisbeskrywings en op kaarte.

Die periode van die studie word bepaal deur die volksraadsbesluit om 'n dorp in die Makapanspoort aan te lê (1852) en die stigting van die eerste dorpsraad (1904). Die volgende hoofstukindeling word vir die bespreking van die stof gebruik:

- Historiese agtergrond
- Die ontstaan van die dorp
- Pieterpotgietersrust
- Vestiging van blanks.

- Dorpsontwikkeling
- Die ontwikkeling van onderwys sedert 1852
- Kerklike en godsdienstige lewe
- Sosio-ekonomiese en kulturele lewe
- Pieterpotgietersrust se betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog.

Die studie is hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, beperk tot die ontstaan en vestiging van die blanke bevolking van Potgietersrus en omgewing. Die hoofrede hiervoor is die tipering van die Arend Dieperinkmuseum as kultuurhistoriese museum wat die geskiedenis van die blanke bevolking uitbeeld. Die ontstaan en vestiging van Potgietersrus is onlosmaaklik aan die swart volke van die omgewing verbind. Ten einde die besluit om 'n dorp in die Makapanspoort te stig teen die regte agtergrond te sien, word in die historiese agtergrond kortliks verwys na die vestiging van die Noord-Ndebele in die omgewing en die koms van die blanke pioniers na Transvaal.

Die ontstaans- en vestigingsgeskiedenis van Potgietersrus moet gesien word teen die agtergrond van die staatkundige en politieke geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). Die eerste jare van die ZAR (1852-1881) is gekenmerk deur die stryd om staatkundige eenwording en konstitusionele ontwikkeling terwyl die finansiële toestand van die staat swak was, met min vooruitsigte vir ekonomiese groei. Verder is die klein blanke gemeenskappies gedurig bedreig deur opstandige swart stamme teen wie uitgerekte oorloë teen hoë koste gevoer moes word. Dit is eers na die herstel van die ZAR in 1881 en die opkoms van Afrikaner nasionalisme, gerugsteun deur 'n verbeterde ekonomie, dat die ZAR in staat was om beter ondersteuningshulp aan die pioniers te gee, wat tot die permanente vestiging van die dorp Pieterpotgietersrust in 1890 gevolg het.

Die dorp Potgietersrus het sy ontstaan te danke aan die nagevolge van die Groot Trek en die vestiging van blankes in Transvaal. Byna sewe jaar het verloop sedert die eerste besluit om 'n dorp (Vredenburg) in die Makapanspoort aan te lê (19 Maart 1852) en die werklike okkupasie van die dorp Pieterpotgietersrust (Oktober 1859), terwyl die stadsraad van Potgietersrus in 1952 besluit het “dat Eeufeesviering in 1954 plaasvind, presies 100 jaar nadat Vredenburg verdoop is na Piet Potgietersrust ter ere van Piet Potgieter wat in 1854 in Makapansgrot gesneuwel het”.¹

1 Stadsraadsbesluit: 18 Februarie 1952, Notule pp.3166-3167, paragraaf 6. Aangehaal deur J.H. Meyer, “Die ontstaan en ontwikkeling van Potgietersrust as dorp”, in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.17.

Teen hierdie agtergrond is daar in die ontstaans- en vestigingsgeskiedenis van Potgietersrus gekyk na die faktore wat die ontstaan en stigting van die dorp beïnvloed het en gelei het tot die vernoeming van die dorp; faktore wat die eerste vestiging (1859-1870) beïnvloed het en gelei het tot die ontruiming van die dorp (1870); en die hervestiging van die dorp in 1890, met verwysing na die tydperk 1870-1890, 'n tydperk van onbekende geskiedenis oor die lotgevalle van die dorp.

Geringe tekens van dorpsontwikkeling, indien enige, was in die jare na 1890 waarneembaar en dit is in 'n groot mate met die proses van hervestiging verstrengel. Dorpsontwikkeling in die sin waarin dit in die studie behandel word moet nie as eindpunte gesien word nie, maar eerder as rigtings. Die volgende aspekte van ontwikkeling geniet aandag: Plaaslike bestuur, watervoorsiening, gesondheidsdienste, polisie en gevangeniswese, pos- en telegraafdiens, en verbindingsweë en strate.

Die streekhistorikus en navorser van plaaslike geskiedenis is noodwendig meer geïnteresseerd in die sosiale, ekonomiese en kulturele fasette van die plaaslike geskiedenis as in nasionale aangeleenthede. Elke streek en dorp dra sy eie karakter en vereis 'n individuele benadering waarin die faktore wat tot die ontwikkeling van die gemeenskap of dorp bygedra het, aandag geniet. Die geskiedenis van Potgietersrus is in 'n groot mate die verhaal van sy sosio-kulturele lewe. Die ontwikkeling van onderwys en opvoeding na 1852, asook die kerklike bearbeiding en godsdienstige lewe van die pioniers, is deur die afgesonderde leefwyse van die pioniers beïnvloed sodat 'n mate van genoegsaamheid en geestelike verarming onder die pioniers van Potgietersrus voorgekom het. Hierdie genoegsaamheid is versterk deur die bestaansekonomiese leefwyse van die pioniers en die sterk agrariese karakter wat die dorp en gemeenskap tot diep in die twintigste eeu openbaar het. Dit is gevolglik voor die hand liggend dat die studie oor Potgietersrus nie hierdie aspekte buite rekening kon laat nie en dat die wisselwerking tussen die bestaan van die mens as sosio-ekonomiese wese en die breë maatskaplik-kulturele raamwerk waarbinne dit afspeel by die studie ingetrek sou word.

Die periode 1852-1904 vorm 'n natuurlike eenheid in die ontstaan en vestiging van die dorp Potgietersrus en ek vertrou dat ek met hierdie studie 'n bydrae kon lewer tot die skryf van plaaslike geskiedenis, en daardeur tot die luister van die nasionale geskiedenis van die land bygedra het.

HOOFSTUK 2

HISTORIESE AGTERGROND

Die dorp Potgietersrus het sy ontstaan te danke aan die nagevolge van die Groot Trek en die vestiging van blankes in Transvaal. Voor die stigting van Potgietersrus in 1852 was daar drie vername blanke nedersettingsgebiede in Transvaal, naamlik Soutpansberg, Lydenburg en Potchefstroom-Rustenburg.¹ Die Soutpansbergers was in 'n groot mate van die ander nedersettings geïsoleer weens groot afstande en 'n gebrek aan verkeersweë. Hierdie isolasie het beteken dat Soutpansberg feitlik alleen gestaan het teen die bedreiging van die omliggende swart stamme. Die stigting van 'n nedersetting in die Makapanspoort, op die trekroete tussen Soutpansberg en die suidelike nedersettings, het nie net die gebied digter met blankes bevolk nie, maar het ook die belangrike trekroete beveilig. Veral Mokopane het hom teen die blankes verset en het groot ontevredenheid openbaar oor die gebruik van die trekroete deur die Makapanspoort, wat hy as sy grondgebied beskou het. Onderlinge geskille tussen blankes en tussen blank en swart het 'n groot rol gespeel in die ontstaan en vestiging van 'n blanke nedersetting in die Makapanspoort.

2.1 VOORGESKIEDENIS

Wetenskaplikes het bepaal dat wesens met menslike eienskappe reeds ongeveer 2 miljoen jaar gelede in hierdie omgewing geleef het. Hierdie eerste menslike bewoners word onder

1 J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek", in C.F.J. Muller, (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp.223-226; D.W. Krüger, "Britse kolonies en Boererepublieke", in D.W. Krüger, (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp.248-250.

die sogenaamde *Vroeë Steentydperk* geklassifiseer. In die Makapansgrotte is gefossileerde oorblyfsels van hierdie prehistoriese wesens gevind en die naam *Australopithecus preme-theus* is aan hulle gegee. Klipwerktuie wat deur hulle vervaardig is, is in die grotte gevind. Daar is ook vasgestel dat hulle werktuie van been, tande en horings van diere gemaak het. Na aanleiding hiervan word na hulle leefwyse as die *Ostodontokeratiese-kultuur* verwys.²

Ná hierdie wesens was daar wesens uit die *Middel Steentydperk* met 'n meer ontwikkelde kultuur, wat vir baie eeue vanuit hulle grotskulings op wilde diere jag gemaak het. Vir klassifikasiedoeleindes verwys argeoloë na hulle leefwyse as die *Pietersburg-kultuur*.³ Tydens die *Laat Steentydperk* het die Boesmantipe mens in die gebied gewoon. Rotsskilderye, wat op Khoisan teenwoordigheid 2000 jaar gelede dui, kan op 'n paar plekke in die Noord-Transvaal gesien word.⁴

Daar is heelwat meningsverskil oor presies wanneer die eerste groepe van die hedendaagse swart volke oor die Limpopo na hierdie gebied getrek het. Die aanduidings is dat dit ongeveer 1500 kon gebeur het. Suidelike Afrika is vanaf die noorde deur verskillende swart volksgroepe binne getrek, elkeen met sy eie taal, kultuur en woongebied. Op grond van hulle geografiese verspreiding en na aanleiding van hulle historiese verband en kulturele samehorigheid, kry ons die volgende hoofgroepe swartvolke in Suid-Afrika: Die Sotho (Tswana, Basoeto, Pedi); die Nguni (Zoeloe, Xhosa, Swazi, Ndebele⁵); die Venda (Venda, Lemba); die Tsonga-Shangana (Tsonga, Shangana); en die Bergdamara, Herero en Ovambo in Suidwes-Afrika. Die Ndebele van Transvaal bestaan uit twee groepe,

2 S.J.M. Davis, *The archaeology of animals*, pp.27-28; B.M. Fagan, *In the beginning. An introduction to archaeology*, p.357; B.M. Fagan, *People of the earth. An introduction to world prehistory*, pp.91-92; D.W. Phillipson, *African archaeology*, pp.28-39; C. van Riet Lowe, "Potgietersrust in pre-historic times", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, pp.203-206; Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 000.2.

3 D.W. Phillipson, *African archaeology*, pp.64-65, 67-68, 75.

4 C. van Riet Lowe, "Potgietersrust in pre-historic times", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, pp.203-206; Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 000.2.

5 Die Ndebele van Transvaal moet nie verwar word met die Ndebele (Matabele) van Zimbabwe nie. Die Matabele het heelwat later as aparte groep ontstaan nadat Mizilikazi (Silkaats) deur Hendrik Potgieter uit Transvaal verdryf is.

naamlik die Noord-Ndebele (Potgietersrus-, Pietersburg-, Hammanskraal-omgewing) en die Suid-Ndebele (Pretoria-, Bronkhorstspuit-, Middelburg- en Belfast-omgewing).⁶

2.2 DIE NOORD-NDEBELE IN TRANSVAAL

Die Noord-Ndebele is afsplinterings van die “Natal Nguni” wat tussen 1650 en 1700 uit die noordweste van Natal na Transvaal getrek het. Bryant⁷ wys daarop dat die Nguni-volks-groep tussen 1500 en 1700 in verskillende stamme opgebreek het. Die Xhosa en Tembu het hulle in die Oos-Kaap gevestig en die Ntungwas, waaruit die Zoeloestamme voort-spruit, het hulle in die hart van Zoeloeland gaan vestig. ’n Gedeelte van die Hlubistam, waaruit die Noord-Ndebele spruit, het hulle onder leiding van Musi in Sentraal-Transvaal gaan vestig. Die Kekanastam en die Langastam van Potgietersrus is afsplinterings van die Hlubistam.

Die Kekanastam het hulle in die omgewing van die teenswoordige Pretoria gaan vestig, waar hulle deur die Sotho’s in Transvaal die Ndebele (ama-Ndebele) genoem is, ’n naam wat hulle mettertyd aangeneem het. In die omgewing van Pretoria het die seuns van Bulonga, seun van Musi, oor die hoofmanskap getwis. Van Warmelo⁸ het die oorsaak van die twis - ’n Jakob en Esau-verhaal - soos volg aangeteken:

Bulonga in his old age was blind, and wishing to give the medicine and paraphernalia of chieftainship to his eldest son Manala told him to go to hunt a mbudumo (zebra). The mother of Ndzundza overheard this and told her son to kill a goat, which she prepared and sent in to the old man, telling Ndzundza what to do. He pretended that he was Manala and

6 Raadpleeg F.P. Bruwer, *Die bantoe van Suid-Afrika* (vir volledige besonderhede).

7 A.T. Bryant, *Olden Times in Zululand and Natal*, pp.13-16.

8 N.J. van Warmelo, “The Ndebele of J. Kekana”, in *Ethnological publications no. 18*, p.4.

was given the rhino horn club and the medicine horn of chieftainship by his old father. When Manala came home he found he had been thus cheated of his rights.⁹

In die daaropvolgende wapenstryd oor die troonopvolging het Ndzundza die onderspit teen Manala gedelf en met sy volgelinge, (ongeveer 1730) noordwaarts gevlug. Yangalala, 'n jonger broer van Ndzundza, het in die wapenstryd kant gekies teen Manala en was verplig om ook te vlug. In die omgewing van Steelpoort het die stamme van Ndzundza en Yangalala geskei en laasgenoemde het hom in die Moletlanegebied, ongeveer 40 kilometer noordoos van Potgietersrus, by wat vandag bekend staan as Zebediela¹⁰ gevestig.

Uit hierdie groep het die Kekanastamme ontstaan. Matombeni¹¹ is opgevolg deur Kekana, aan wie die stam uiteindelik sy naam te danke het.¹²

Kekana is opgevolg deur Phunknana, wat deur Chumana opgevolg is. Die seuns van Chumana het stry gekry oor die troonopvolging, daarom het 'n stamstryd ontbrand. Khaba het met sy volgelinge die onderspit teen Khoopa gedelf en nader aan die huidige Potgietersrus gaan woon, waar hy later opgevolg is deur Mokopane.¹³

9 Vergelyk die verhaal van Jakob en Esau. Genesis 27.

10 Zebediela is vernoem na 'n voormalige opperhoof van die Moletlanegebied, Sebetiela.

11 Yangalala is spottenderwys deur Ndzundza se volgelinge *Matombeni* (jongeling, minderjarige) genoem. Hy was in die Moletlanegebied bekend as Matombeni.

12 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en die hoofmanne Mokopane en Mankopane in die omgewing van Potgietersrus, 1836-1869* (M.A.-verhandeling), pp.1-3.


13 Historici verwys ook na Mokopane as Makapaan/Makapan. Kyk E.A. Walker, *A history of South Africa*, pp.290 en 331; G.J. Martins, *Die onderwys van blankes in Waterberg, 1850-1950* (M.A.-verhandeling), pp.6-7; D.W. Krüger, "Britse kolonies en Boererepublieke 1854-1872", in D.W. Krüger, (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p.250.

Mokopane het teen ongeveer 1835-1836 die leier van die Kekana-stam geword. Hy en sy groep volgeling het hulle op die huidige plase Pruizen en Vier-en-twintig-riviere, sowat 13 kilometer suid van Potgietersrus, gevestig. Die krale is aan die voet van die Waterberge, naby die poort in die berge wat later die naam Makapanspoort sou kry, aangelê, en 16 kilometer noordoos van sy krale is die reusagtige Makapansgrotte¹⁴ geleë.

Mokopane het roem verwerf as krygsman, want hy het dikwels waaghalsige strooptogte op ander stamme uitgevoer. Voor sy ontmoeting met die blankes het hy by drie geleenthede met sy volgeling voor 'n sterker vyand die wyk geneem en in die grotte skuiling gesoek. Die rede vir die aanvalle op hom was dat die Sebetiela-groep hom wou dwing om by hulle aan te sluit. By elke geleentheid het van sy volgeling in die grotte weens grotsiekte omgekom.¹⁵

Die genealogiese tabel van die Kekana van Potgietersrust vanaf Nungu tot by Mokopane II (1890) is volgens Ziervogel¹⁶ soos volg:

-
- 14 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.4. Die Makapansgrotte bestaan uit drie Dolomietgrotte en is vandag wêreldwyd bekend vir sy paleontologiese en argeologiese fondse wat uit die Steentydperk dateer. Die grotte het 'n groot aantal fragmente van gefossileerde mens-ape, Australopithecinae, opgelewer en vandag nog word belangrike ontdekkings daar gedoen. Kyk ook Arend Dieperinkmuseum: *Inligtingslêer 000.2*.
- 15 Die Makapansgrotte is besmet met 'n dodelike grotsiekte, bekend as "histo-plasmosis". Verskeie wetenskaplikes wat in die grotte werksaam was, se gesondheid is deur die siekte aangetas. Arend Dieperinkmuseum: *Inligtingslêer 000.2*.
- 16 D. Ziervogel, *A grammar of Northern Transvaal Ndebele*, p.6^a. a: Vader van die stamgroep wat by Marabastad-omgewing gevestig het; b: Hoofgroep wat by Zebediela bly woon het; c: Vestig by Pruizen en Vier-en-twintig-riviere.



Die Langa van Mankopane is, net soos die Kekanastam van Mokopane¹⁷, van Hlubi-oorsprong.

Die Langa het vroeër vanuit die Noordweste van Zoeloeland deur Swaziland tot in die omgewing van die huidige Leydsdorp in Transvaal getrek en na 'n kortstondige verblyf

17 Mankopane moet nie verwar word met hoofman Mokopane van die Kekanastam nie. Ons het hier te doen met twee verskillende hoofmanne met eendersklinkende name wat in dieselfde tydperk geheers het: Mokopane (Makapan) oor 'n Kekanastam en Mankopane oor 'n Langastam.

aldaar, voortbeweeg tot by Bosega, in die huidige Pietersburgdistrik. Hulle het nie lank daar vertoef nie en na Thaba Tshwen, 'n koppie enkele kilometers suidoos van Pietersburg, getrek. Hier het hulle vir ongeveer vier geslagte gebly en gedurende hierdie tyd op klein skaal met die Sotho's vermeng.

Omstreeks 1759 verhuis die Langastam onder Seritarita na die teenswoordige plaas Bultongfontein¹⁸, sowat 25 kilometer noord van Potgietersrus. Na sowat drie jaar het hulle enkele kilometers verder na die teenswoordige plaas Suid-Holland verskuif, waar Seritarita dood is.

Seritarita is deur sy derde vrou se seun, Mapela, opgevolg. Die Langastam het tydens die bewind van Mapela die naam "Swart Ndebele" verkry, wat hulle duidelik van die ander Ndebele onder Mokopane en Sebetiela, onderskei het. Mapela het dieselfde oogmerke as sy twee tydgenote, Shaka en Mzilikazi (Silkaats) gehad. Hy het naamlik sy stam vergroot en versterk deur swakker stamme aan te val en by sy stam in te lyf.¹⁹

Teen die einde van Mapela se regeringstyd (omstreeks 1823) het die Ndebele onder Mzilikazi dood en verwoesting in Transvaal gesaai. Die Langa het dit ook ontgeld. Hierdie aanvalle was waarskynlik 'n vername rede waarom Mapela op gevorderde leeftyd besluit het om met sy volgelinge na 'n veiliger oord te verskuif. Hulle het na Fothanekop, sowat 40 kilometers noordwes van Potgietersrus, getrek, waar Mapela omstreeks 1825 oorlede is.²⁰

Mapela is opgevolg deur sy minderjarige kleinseun, Mankopane. Aangesien Mankopane nog nie kon regeer nie, het Maleya, Mapela se seun by 'n minder belangrike vrou, die heerser geword. Maleya was blykbaar nie 'n gewilde heerser nie en kort nadat Mankopane die inisiasie deurloop het, het hy besluit om Maleya te onttroon, en het hy in ongeveer 1836 die leierskap van die Langa oorgeneem.²¹


18 Die plaas se naam word in sommige dokumente ook *Biltongfontein* gespel. Vergelyk SS3/927,R8460/94: Kaart van plase in distrik.

19 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.6.

20 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.7. Die Langagroep wat vandag by Fothanekop woon, staan bekend as die "be ga Mapela" (hulle van Mapela se plek).

21 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.8.

Die genealogiese tabel van die Langa van Potgietersrus vanaf Langa tot Masibi II (1890) is volgens Ziervogel²² soos volg:



2.3 KOMS VAN DIE BLANKES

Die eerste blanke wat hom permanent in Noord-Transvaal gevestig het, was Coenraad de Buys (Buys). Hy het hom in 1814 noord van die Soutpansberge gevestig, waar hy vir hom swartvroue geneem het en 'n hele Buysstam voortgebring het. Sy nakomelinge woon vandag nog in die gebied. Sy nakomelinge het, soos later aangetoon sal word, bygedra tot die vertroebeling van die verhouding tussen die blankes en die hoofmanne Mokopane en Mankopane. Die koms en vestiging van Coenraad de Buys in die streek was 'n geïsoleerde geval.

22 D. Ziervogel, *A grammar of Northern Transvaal Ndebele*, p.5.

Die eerste groot migrasie van blankes na Transvaal het in 1835-1838 onder leiding van Lang Hans van Rensburg en Louis Tregardt plaasgevind. Nie een van hierdie twee trekgeselskappe het lank genoeg in die gebied vertoef om permanente nedersettings agter te laat nie.²³



KLIPSTAPELING: LOUIS TREGARDT

Monument op trekroete van Louis Tregardt deur Strydpoort, naby Zebediela, distrik Potgietersrus.

Fotoversameling: J. du Plooy.

-
- 23 Van Rensburg se trekgeselskap is êrens langs die Limpopo deur 'n impi Kaalkaffers met die medewerking van die Knopneus Sakana uitgemoor. Tregardt het as gevolg van 'n gebrek aan noodsaaklike lewensmiddele na die Portugese in Delagoabaai getrek, maar die meeste van sy mense het op pad daarheen aan malaria beswyk. A.J.H. van der Walt, "Die Groot Trek tot 1838", in D.W. Krüger, (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp.203-205.

Die trekgeselskappe van Van Rensburg en Tregardt kan beskou word as die voorlopers van die latere georganiseerde trekbeweging, die Groot Trek.²⁴ Die doel was om buite die grense van die Kolonie te kom en vir goed Britse onderdaanskap te laat vaar. Die reis het georganiseerd in groepe onder erkende leiers plaasgevind.

Een van hierdie leiers, Andries Hendrik Potgieter²⁵ (19 Des. 1792-16 Des.1852), het 'n baie groot invloed uitgeoefen op die geskiedenis van Transvaal en die permanente vestiging van blankes in die gebied tussen die Vaalrivier en die Limpoporivier. Potgieter kan in vele opsigte as die grondlegger van Transvaal beskou word. Hy was 'n onverskrokke en uitstekende leier. Sy lewenswyse was konserwatief en streng godsdienstig. Hy was 'n ware patriarg en baanbreker. Sy opvatting was dat die Voortrekkers so ver moontlik van die Engelse moes wegkom, en om die onafhanklikheid blywend te behou, moes hulle alle kontak met die Engelse vermy en in afsondering lewe. Hy het sy oog gerig gehad op die Transvaalse binneland en het gestreef na 'n onafhanklike verbinding met die buitewêreld deur middel van die Portugese hawens.

Potgieter het in 1836 'n besoek aan die Soutpansberggebied gebring, waartydens hy ook kontak gemaak het met die trekgeselskap van Louis Tregardt. Met sy terugkeer by sy laer te Vegkop, naby die teenswoordige Heilbron, is die Voortrekkers deur die Ndebele (Matabele) van Mzilikazi (Silkaats) aangeval. Alhoewel die Voortrekkers die Ndebele

24 C.F.J. Muller, "Die Groot Trek Tydperk, 1834-1854", in C.F.J. Muller, (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.125. Die uiterlike voorkoms van die Groot Trek bestempel dit as die georganiseerde fisieke landverlating van duisende Afrikaanssprekende grensboere uit die Britse Kaapkolonie na aangrensende gebiede in die noorde en noordooste sonder die bedoeling om ooit terug te keer. Die terme *Groot Trek* en *Voortrekkers* is eers teen die einde van die negentiende eeu aan die emigrasiebeweging gegee. Kyk F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige verkenninge*, pp.3-5.

25 Vir volledige biografiese inligting raadpleeg C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*; J.J. Oberholster, "Potgieter, Andries Hendrik", in W.J. de Kock, (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 1*, p.670.

verdryf het, was dit vir Potgieter duidelik dat die gebied noord van die Vaalrivier slegs deur blankes bewoon sou kon word as die mag van die Ndebele verbreek kon word. Oor die bestemming van die Trek het Potgieter na sy besoek aan die noorde geen twyfel meer gehad nie. Die heil van die Voortrekkers het volgens hom in die Overvaalse gelê.²⁶ Potgieter lei daarom twee strafekspedisies teen Mzilikazi en verdryf die Ndebele na die landstreek noord van die Limpopo, waar die Ndebele hulle vir goed vestig.²⁷ Potgieter het daarna die landstreek sover as wat Mzilikazi regeer het, tot Voortrekkergebied verklaar.²⁸

Potgieter het na die Slag van Vegkop teruggetrek tot in die omgewing van die Vetrivier, waar die trekgeselskappe van Gerrit Maritz, Pieter Retief en Piet Uys ook saamgetrek het. By die Vetrivier het die verskillende trekgeselskappe oor die eindbestemming van die trek besin, maar hulle kon nie eenstemmigheid daaroor bereik nie. Die ander trekgeselskappe het besluit om na Natal te trek en Potgieter en 'n groep van sy volgelinge het hulle aan die Mooirivier naby die teenswoordige Potchefstroom gaan vestig.

In Oktober 1840 het Potgieter sy gebied met Natal verenig en in die volgende jaar het hy 'n Adjunkraad gekry om hom met die bestuursake by te staan. Potgieter is op 6 Mei 1845 op 'n openbare vergadering te Potchefstroom tot lewenslange "bestierder", met die rang van hoofkommandant, uitgeroep.

Na die anneksasie van Natal (1843) verhuis Potgieter na Oos-Transvaal, waar hy die dorpie Ohrigstad aanlê, sonder om aanspraak op die Potchefstroom-Winburggebied prys te gee. Potgieter word in Ohrigstad weer as "bestierder" uitgeroep. 'n Groep Voortrekkers uit Natal onder leiding van J.J. Burger het hulle ook in Ohrigstad gaan vestig, maar hierdie groep wou die Natalse Volksraad net so in Ohrigstad voortsit en het nie Potgieter se gesag as "bestierder" erken nie. Potgieter, daarenteen, het gemeen dat hy as oudste leier bo die

26 C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p.96.

27 Die eerste strafekspedisie teen Mzilikazi, gelei deur Potgieter en Gerrit Maritz, het op 17 Januarie 1837 die militêre vesting Mosega, naby die huidige Zeerust, aangeval en die Ndebele verder noord verdryf. Die tweede strafekspedisie is gelei deur Potgieter en Piet Uys. Op 14 November 1837 het die kommando die Ndebele by Enselsberg in Marico aangetref en in 'n negedaagse veldslag tot anderkant die hoofstad Kapain verdryf. Mzilikazi het in aller yl tot oor die Limpopo gevlug, waar hy hom vir goed gevestig het. A.J.H. van der Walt, "Die Groot Trek tot 1838", in D.W. Krüger, (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp.206 en 210.

28 Die Vaalrivier was dus nie aan die begin 'n grens tussen die Voortrekkers nie.

gesag van die Volksraad was. Gevoelens het hoog geloop sodat daar naderhand twee regerings in Ohrigstad ontstaan het, die “Potgieter-regering” en die “Volksraad-regering”.

Die politieke verdeeldheid in Ohrigstad het Potgieter se planne om daar te bly, verydel. Daarby het malaria en die tsetsevlug die handel met Delagoabaai baie bemoeilik. Al hierdie faktore het daartoe bygedra dat Potgieter besluit het om verder noordwaarts woonplek te soek, nader aan die hawe Inhambane. Nadat hy nie ’n nuwe handelsweg kon vind nie, het hy en sy volgelingen Ohrigstad aan die begin van 1848 verlaat en na die gebied onder die Soutpansberg gereis, waar hulle die latere dorpie Schoemansdal, aangelê het. Daar het Potgieter onafhanklik van die Volksraad as hoofkommandant en “bestierder” regeer.²⁹ Hy sou weldra met Andries Pretorius se verhuising na Wes-Transvaal as leier gekonfronteer word.

Andries Pretorius³⁰ en ’n aantal van die Voortrekkers uit Natal het hulle in 1848 aan die Magaliesberg en in die omgewing van Potchefstroom gevestig. Pretorius is daarna algemeen as leier in Wes-Transvaal erken, wat onmiddellik tot wrywing tussen hom en Hendrik Potgieter gelei het. Waar Potgieter tevrede was met ’n *de facto* onafhanklikheid van die emigrante, het Pretorius gestreef na ’n wettige erkenning van die Boere se onafhanklikheid deur Brittanje. Daarvoor was hy bereid om teen die noordwaartse uitbreiding van Britse gesag stelling in te neem en met Brittanje te onderhandel oor die onafhanklikheid en soewereiniteit van die Voortrekkergebied. Dié verskil in opvattinge en Pretorius se optrede om die onafhanklikheid van die Voortrekkers te verseker, was van die belangrikste wrywingspunte tussen die twee leiers, en gevoelens onder hulle volgelingen het so hoog geloop dat die twee groepe met die wapen in die hand teenoor mekaar te staan sou kom.


29 In 1850 het die Voortrekkers van Ohrigstad besluit om, as gevolg van malaria, na ’n gesonder streek te verhuis en Lydenburg, wat aan die lyding aan koors by Ohrigstad herinner, aangelê. Lydenburg het nou die sentrum vir die bedrywighede van die Volksraad geword.

30 Vir volledige biografiese inligting raadpleeg G.S. Preller, *Andries Pretorius. Lewensbeskrywing van die Voortrekker kommandant-generaal*; B.J. Liebenberg, “Pretorius, Andries Wilhelmus Jacobus”, in W.J. de Kock en D.W. Krüger, (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 2*, p.580.

2.4 ONMIN EN VERDEELDHEID ONDER DIE TRANSVAALSE VOORTREKKERS

Teen 1852 was die Voortrekkers in Transvaal in 'n groot mate van mekaar afgesonder weens groot afstande en 'n gebrek aan verkeersweë. Geografies het die Voortrekkers in drie hoofgebiede, elk met sy eie “streekpolitiek”, gewoon. (Kyk kaart van blanke besetting van Transvaal.) By Soutpansberg was 'n groep onder die direkte bevel van kommandant-generaal Hendrik Potgieter. Hulle isolasiebeleid kan saamgevat word as “geen inmenging om inmenging van Britse kant te voorkom”. 'n Tweede groep Voortrekkers in die omgewing van Lydenburg was aanhangers van die Volksraad. Hulle het die gesag van die Volksraad erken en 'n politieke beleid soortgelyk aan die van Potgieter gevolg, naamlik, “geen inmenging om inmenging te voorkom”. In hierdie opsig het hulle met Potgieter saamgewerk. Die grootste konsentrasie van die bevolking was saamgetrek in Wes-Transvaal, met Potchefstroom as setel, onder leiding van Andries Pretorius. Hulle het die Volksraad as hoogste gesag in die land erken en in hierdie opsig saam met Lydenburg teen Potgieter gestaan. Polities was hulle gekant teen Potgieter en Lydenburg se isolasiebeleid, en hulle was ten gunste van onderhandelinge met die Britse regering ten einde die Transvaalse onafhanklikheid swart op wit erken te kry. Hierdie beleid het Pretorius in botsing gebring met sowel Potgieter as die Lydenburgers.³¹

31 J.S. du Plessis, “Die Suid-Afrikaanse Republiek”, in C.F.J. Muller, (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp.223-226; D.W. Krüger, “Britse kolonies en Boererepublieke”, in D.W. Krüger, (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp.248-250. Kyk ook H.S. Pretorius en D.W. Krüger, *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849*.



Blanke besettings van Transvaal

Hierdie staatkundige verdeeldheid onder die Voortrekkers het eenheid belemmer, maar dit sou van groot betekenis wees vir die ontstaan van Potgietersrus.

Pogings om die verdeelde Transvaal saam te snoer het by verskeie volksvergaderings, wat sedert 1848 gehou is, misluk.³² Moeilikhede met swartonluste het daartoe gelei dat vier militêre leiers, almal as kommandante-generaal, in Januarie 1851 aangestel moes word: Andries Pretorius vir Mooirivier, Magaliesberg en 'n gedeelte van Marico; J.A. Enslin vir die ander gedeelte van Marico; Hendrik Potgieter vir Soutpansberg en W.F. Joubert vir Lydenburg.³³

Sedert die volksvergadering te Derdepoort, Mei 1848, het Andries Pretorius se aansien as leier onder die Voortrekkers by die dag toegeneem. Terwyl Pretorius besondere belangstelling en steun geniet het, het dit met die vryverkose Volksraad nie so voor die wind gegaan nie. By verskeie geleenthede kon die Volksraad nie in sitting gaan nie omdat hulle nie daarin kon slaag om 'n kworum te vorm nie.³⁴

Weens die uiters gebrekkige behartiging van die uitvoerende gesag deur die Volksraad het die kommandant-generaal, veral Pretorius, noodgedwonge in uitvoerende hoedanighede begin optree. Pretorius is al hoe meer in sommige kringe en deur die buitewêreld as staatshoof erken, en op 8 September 1851 reël die Krygsraad, publiek en landdros van Rustenburg dat Pretorius met sy krygsraad die landsbestuur oorneem. Hulle was van mening dat die Volksraad nie aan sy doel beantwoord het nie. Die benoeming van Pretorius het Potgieter teen die bors gestuit omdat hy geglo het dat hy op grond van sy

32 Die volksvergadering te Derdepoort (1849) het besluit om die Voortrekkers onder 'n Volksraad te verenig, ten spyte daarvan dat Potgieter nie die vergadering bygewoon het nie. Die volksvergadering te Hekpoort het Pretorius se politieke beleid afgekeur en Potgieter se isolasiebeleid as die amptelike beleid neergelê. By die volksvergadering te Olifantsrivier het Ohriststad en die "Volksraad-mense" hulle afsydig gehou. Hierdie vergadering was slegs deur Potgieter en Pretorius bygewoon. H.S. Pretorius en D.W. Krüger, *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849*, pp.375-381, 385-390; C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, pp.212-229.

33 C.J.F. Muller, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.152. Kyk ook F.A.F. Wichmann, "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche republiek, 1838-1860", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1955, pp.93-98.

34 Die feit dat die Volksraad geen vaste setelplaas gehad het nie, maar driemaandeliks om die beurt op verskillende plekke, gewoonlik Lydenburg, Rustenburg en Potchefstroom, byeengekom het, wat beteken het dat daar geen vaste regeringskantoor en adres bestaan het nie, het tot die ondoeltreffendheid van die regering bygedra. J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek", in C.J.F. Muller, (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.224.

benoeming van 1845, die enigste persoon was wat namens die volk mog optree. Potgieter was daarom bitter gekant teen Pretorius se afvaardiging na Sandrivier en sy onderhandelings met die Britse regering.

Ofskoon Pretorius sy volk 'n buitengewone diens bewys het, en in die oë van die wêreld eenheid na buite bewerkstellig het, is die Sandrivier-traktaat, waarvolgens Brittanje die onafhanklikheid en soewereiniteit van die gebied tussen die Vaalrivier en die Limpopo erken het, deur sowel Potgieter as Buhrman (Lydenburg) en Schoeman (Soutpansberg) nie na waarde geskat nie. Hulle houding het die publiek teen Pretorius se skynbaar eiemagtige optrede aangehits en hom in botsing met die Potgieter-groep en die Volksraad-groep gebring. So sterk was die gevoel teen hom dat burgeroorlog gedreig het.

Die verskillende groepe het mekaar in Maart 1852 op 'n volksvergadering te Rustenburg ontmoet. Die burgers het in afwagting op die aanvaarding al dan nie van die Sandrivier-traktaat, gewapen rondgeloop. Die spanning in die Potgieter-Pretorius-verhouding was so hoog en delikaat dat die Volksraad verplig was om die besluit oor die traktaat eers na die onderskeie krygsrade terug te verwys. Potgieter en Theunissen³⁵ skets die verloop van die daarvopvolgende gebeure soos volg:

Die spanning was so erg dat die publiek bang was om enige gevoel te uiter oor wat die volgende dag in die Raadsaal sou voorval. Sake het nie goed gelyk nie. Daar was geen slaap nie.

Gedurende die nag het enkele invloedryke burgers vergader en die ouderlinge beweeg om 'n ernstige gesprek met die twee kommandante-generaal te hê. Voor die son die volgende more sigbaar was, het die ouderlinge hulle na die tente van Hendrik Potgieter en Andries Pretorius begewe. Op hul versoek is 'n onderhoud tussen die twee generaals in die tent van generaal Potgieter bepaal.

Terwyl die gesprek gevoer is, het die skare in spanning en diepe stilte die uitslag afgewag.

Eindelik is die tent oopgeslaan. Daar kon almal die twee vaders van die volk sien staan met hul hande oor 'n oop Bybel, inmekaar gesluit.

Toe het 'n dawerende gejuig die spannende stilte verbreek. Liefde en vrede was in hul midde.

35 C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p.241 Kyk ook G.S. Preller, *Andries Pretorius, Lewenskets van die Voortrekker kommandant-generaal*, pp.440-445.

Potgieter en Pretorius se versoening is op 6 Maart 1852 formeel bekend gemaak. Albei manne het hulle geheel en al aan die Volksraad as hoogste gesag in die land onderwerp. Daarmee is aldrie strydende partye in Transvaal verenig en is die Sandrivier-traktaat op 20 Maart 1852 deur die Volksraad goedgekeur.

Die versoening tussen Potgieter en Pretorius het vir die twee leiers persoonlik ook veel beteken omdat dit gegrond was op 'n persoonlike ooreenkoms waarvolgens elke leier een van sy seuns as sy opvolger benoem het. Potgieter is op 16 Desember 1852 oorlede en is as kommandant-generaal in die Soutpansberggebied opgevolg deur sy seun Pieter Johannes Potgieter. Andries Pretorius sterf op 23 Julie 1853 en is as kommandant-generaal opgevolg deur sy seun Marthinus Wessel Pretorius.

Die versoening tussen Hendrik Potgieter en Andries Pretorius lei tot die stigting van 'n dorp, Vredenburg, in die Makapanspoort, maar die gebied moes nog vir blanke vestiging beveilig word deur die onderwerping van Mokopane en Mankopane aan die gesag van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR).

HOOFSTUK 3

ONTSTAAN VAN DIE DORP PIETERPOTGIETERSRUST

3.1 BESLUIT OOR DIE STIGTING VAN VREDENBURG, 1852

Die dorpie Vredenburg¹ het sy ontstaan direk te danke aan die versoening wat op 6 Maart 1852 tussen Hendrik Potgieter en Andries Pretorius tot stand gekom het. Na aanleiding van hierdie gebeure en Potgieter se direkte versoek, het die Volksraad op 19 Maart 1852 besluit om die dorpie Vredenburg in die Makapanspoort² aan te lê. Die besluit was soos volg:

Art. 13.

De Heer, Kommandant Generaal Potgieter verlangt de vergadering om een dorp aan te leggen in Makapanspoort en is de Raad overgegaan het verzoek toe te staan, en de lijn van scheiding tussen Rustenburg en het nieuwe aan te leggen dorp te bepalen als van de Zuidhoek van Waterberg met eene rechte lijn tot aan de oude trekdrift van Olifants Rivier Weswaarts de rand van Waterberg tot aan Crocodil Rivier, terwijl besloten is het zelve nieuw aan te leggen dorp den naam Vredenburg te geven.³

-
- 1 Bronne gee die spelling van die dorp se naam aan as Vredenburg of Vredeburg. J.H. Meyer, "Die ontstaan en ontwikkeling van Potgietersrust as dorp", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.17; F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal, 1837-1884, met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing* (D.Phil.-proefskrif), p.110.
 - 2 Makapanspoort as sodanig word nie op 'n kaart aangedui nie, en sy juiste ligging is daarom nie te bepaal nie. Mokopane het sy hoofstad op die plase Pruizen en Vier-en-twintig-riviere enkele kilometers suidoos van die huidige Potgietersrus gehad. Die terrein waar Potgietersrus vandag staan is in die vorm van 'n breë poort wat van noord na suid deur die omsluitende bergreekse loop en dit is aanneemlik dat hierdie poort in daardie dae deel van die gebied bekend as die Makapanspoort, uitgemaak het. Kyk ook C. Spoelstra, *Het kerkerlijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek. Historisch kritisch overzocht*, pp.123-124. Volgens A.N. Pelzer is die dorp in die Makapanspoort aangelê op die plaas van J.F. van Staden. A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel 1, Wordingsjare*, p.141.
 - 3 EVR3/52: Notule van Volksraadsvergadering, 17-19 Maart 1852, *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal no. 2*, p.61.

Potgieter het besluit om die nuwe dorp Vredenburg te noem ter herdenking aan die versoening tussen hom en Pretorius en die formele vrywording van die Overvaalse.⁴



KMDT.-GENL. A.H. POTGIETER

Kunstenaarsvoorstelling van kmdt.-genl. Andries Hendrik Potgieter (19 Des. 1792 - 16 Des. 1852).

Vader van die dorp Vredenburg. Daar bestaan geen oorspronklike foto of afbeelding van Potgieter nie.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/5567/1

Dat die stigting van die dorpie nie as onbeduidend beskou is nie, blyk duidelik uit die feit dat die Volksraad nog dieselfde jaar besluit het om voorsiening te maak vir die verkiesing van 'n landdros.⁵ Toe Potgieter egter later die jaar die omgewing van Makapanspoort besoek het om die dorp te stig en 'n landdros te laat kies, het hy "na wyse overweging en vindende dat er byna niemand van hier (Soutpansberg) naar Makapanspoort zal verzetten ... het raadzamer geoordeeld om met de verkiezing van een Landdrost voor Vredeburg liever te wagten tot dat dezelve eers min of meer bewoond is ..." ⁶ Hoewel die dorp

4 C. Potgieter en N.H. Theunissen, *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*, p.246.

5 EVR3/52: Notule van Volksraadsvergadering, 17-19 Maart 1852, *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal no. 2*, p.62.

6 VRB220/52: Brief A.H. Potgieter/Volksraad, Soutpansberg, 15 Junie 1852, *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal no. 2*, pp.342-343.

waarskynlik nie bewoon was nie, het 'n groot aantal pioniers hulle reeds vroeg in die omgewing op plase gevestig.

In 1852 het di. Murray en Neethling van die Kaapse sinode Transvaal besoek. Ds. Murray skryf onder andere van hulle reis na Soutpansberg die volgende:

... en kwamen in de streek, naar dit opperhoofd 'Macapaanspoort' geheten ... Hier en daar had de weg ons door beken en riviertjies geleid, eer wij aan het bad kwamen; en aan de oostelijke punten, waar de Waterbergen met eene andere keten, die zich meer noord-oostelijke strekt, de Macapaanspoort vormen, door welke wij wel drie dagen met den ossewagen hadden te reizen, zijn er soms groote waterplassen of kleine meeren, welke met de groene bergtoppen, het rijke tuinen der bewoners samewerken om den reizigers die plaatsen ook in herinneringen aangenaam te maken. Zoodanig is de Macapaanspoort, waar onze Zoutpansbergers een dorp willen stichten.⁷

Die stigting van 'n dorp in die Makapanspoort was vir die Voortrekkers van strategiese belang omdat die hooftrekroete na die suidelike nedersettings deur die poort gegaan het en die vestiging van 'n nedersetting in die gebied die trekroete sou beveilig.⁸

3.2 VERHOUDING TUSSEN BLANK EN SWART, 1853

Met die besluit om die dorp Vredenburg in die Makapanspoort aan te lê, was daar reeds 'n groep blankes in dié gebied op plase gevestig.⁹ Die hoëveldstreek was vir die swartes, wat weinig klere gedra het, te koud sodat baie stamme hulle in die warmer laerliggende dele gevestig het. Baie blankes was deur die swartes se bewoning van die lae gebiede beïnvloed, enersyds omdat hulle geglo het dat die hoëveld ook vir die blankes te koud sou wees en andersyds omdat hulle werksvolk wou hê.¹⁰ Vir die vroeë pionier was die swarte iets wat hy saam met sy omgewing aanvaar het, soos die berge en die grasvlaktes en die

7 C. Spoelstra, *Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren ...*, pp.123-124.

8 Die strategiese belangrikheid van 'n nedersetting in die Makapanspoort het weer tydens die hervestiging van Pieterpotgietersrust (1890) na vore gekom. Kyk SS5579,R12884/89: Brief H.P.N. Pretorius/Kommandant-generaal, 1889.12.18.

9 Vergelyk Potgieter se verslag van sy veldtog teen Sekwati in September 1852 waarin hy melding maak van buit wat ook aan burgers van Vredenburg toegedeel is. D.W. Krynauw en H.S. Pretorius, *Transvaalse Argiefstukke. Staatsekretaris: Inkomende stukke 1850-1853*, p.249.

10 F.N. Lion-Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk verhaald*, p.362.

koors. Die swartes was vir hom deel van die omgewing en nie gesien as 'n bevolkingsgroep wat geassimileer of waarmee hy geassosieer kon word nie.¹¹ Aanvanklik was die verhouding tussen die blankes en die inboorlinge in Noordelike Transvaal goed, maar die koms van meer blankes na die streek het die verhouding verander.

Die betrekkinge tussen blank en swart is onder meer bemoeilik deur die verskille in beskawingspeil. Aan die een kant was daar die "primitiewe" inboorlinge wat in stamverband gegroepeer was met hulle eie gebruike en tradisies, en uit die blanke se oogpunt was die swartmense nie hulle gelyke nie. Hulle is gesien as onbetroubaar en geneig om leuens te vertel. Onbekendheid en onbehandigtheid met die gewoontes en gebruike van die swartmense het daartoe aanleiding gegee dat die swartman nie altyd met die nodige respek behandel is nie. Daarby kon die swartman nie altyd die gedagtegang van die blanke volg nie sodat hulle die blanke gewantrou het en nie openhartig met hulle was nie.¹²

Blanke indringing in die tradisionele woongebied van die swartman het ook die stamstelsel en die tradisionele leefwyse en godsdiens van die swartman aangetas en ontwig. Hierdie kontak het onsekerheid en spanning by die swartman geskep, met gevolge wat vandag nog voelbaar is.¹³

Nadat Mzilikazi uit Transvaal verdryf is, was die oorblywende stamme nie by magte om, soos die Ndebele, teen die blankes in opstand te kom nie. Die Voortrekkers het hulle as hulle onderhoriges beskou¹⁴, maar wat die Voortrekkers nie in aanmerking geneem het nie, was dat, hoewel die Ndebele die stamme totaal oorheers het, elke stam nog steeds op sy eie grondgebied aanspraak gemaak het. Wrywing het ontstaan waar 'n blanke sonder toestemming van die plaaslike kaptein hom op sodanige grond gevestig het. Sommige

11 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke ...* (D.Phil.-proefskrif), p.302.

12 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.35.

13 Volgens Van Aswegen is hierdie reaksie ook elders in die gekolonialiseerde Afrika waarneembaar. Vergelyk H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Afrika van die vroegste oorsprong tot onafhanklikheid*, pp.303-305.

14 In die oë van die blankes was die stamme deur Mzilikazi regeer en, volgens die reg van verowering, het die gebied met sy inwoners nou aan die blankes behoort. J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.35-36.

blankes was selfs bereid om met die geweer in die hand hulle aanspraak op die grond af te dwing.¹⁵

As gevolg van die vrede na die vlug van Mzilikazi het die swart bevolking in Transvaal vinnig toegeneem. Teen 1852 was daar waarskynlik reeds 100 000 swartes teenoor ongeveer 15 000 blankes tussen die Vaalrivier en die Limpopo. In so 'n situasie kon spanning tussen blank en swart maklik ontstaan.¹⁶

Mokopane het die grondgebied in die Makapanspoort beheer en die blankes wat die trekroete deur die poort gebruik het, het dikwels getrek en gereis waar hulle wou. Mokopane moes hieroor baie ongelukkig gevoel het, soos blyk uit sy latere optrede en moorde op blanke trekgeselskappe in 1854.

Die Volksraad was byna magteloos om die handel in vuurwapens en ammunisie tussen blankes en swart stamme te verhoed, hoewel hy reeds in September 1853 onwettige handel in vuurwapens en ammunisie verbied het. Verdere maatreëls in hierdie verband is in 1858, 1873 en 1883 getref.¹⁷ Sendelinge en handelaars, en selfs inwoners van Transvaal, het ywerig aan die handel deelgeneem. Met die verkryging van vuurwapens het die swartmense hulle sterk genoeg gevoel om die blankes aan te durf. Vir die blankes in die Waterbergomgewing en Noord-Transvaal het die feit dat Mokopane en Mankopane oor groot hoeveelhede vuurwapens beskik het, baie kommer besorg. Kommandant-generaal Piet Potgieter het hierdie kommer in 1853 teenoor die Volksraad uitgespreek, en met hul toestemming teen die smokkelaars en die swartmense begin optree.¹⁸ Mokopane se houding teenoor die blankes met wie hy in aanraking gekom het, was aanvanklik vriendelik. Weens die gebrek aan bronne is dit nie duidelik wat die aard van die verhouding tussen Mokopane en die blankes gedurende die periode voor 1848 was nie. Teen 1848 het

15 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.35-36.

16 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.35. Vergelyk ook D.A. Heydenrych, "Die Boererepublieke, 1852-1881", in T. Cameron en S.B. Spies, (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, pp.152-154.

17 S.H. Barber, (Ed.), *The Laws of the Transvaal*, pp.10, 11, 13, 105 en 232.

18 M.H. Buys, "Potgieter, Pieter Johannes", in W.J. de Kock, (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 1*, p.671.

sy houding sodanig verander dat Hendrik Potgieter aan die hoof van 'n kommando teen hom uitgetrek het. Hieroor skryf De Waal¹⁹ soos volg:

Voor 1848 het van die blankes aggressief teen Mokopane opgetree, deur van sy vee te roof en moontlik ook Kekana kinders gevange te neem wat gedwonge arbeid moes verrig. Sulke optredes kon lei tot aggressiewe optrede aan die kant van Mokopane, wat weer aanleiding kon gee tot die veldtog van 1848.

Preller²⁰ haal die volgende herinnering van Andries Hendrik Potgieter, seun van die Voortrekkerleier Hendrik Potgieter, in hierdie verband aan:

Na die oorlog teen Sekwati het ons 'n hele tyd vrede gehad, totdat daar 'n kommando teen Makapaan moes gestuur word. Makapaan het herhaalde male van die jag- en ander togte aangeval as hulle bij hom verbijtrek, en van hulle vermoor. Daarna het hij 'n klomp mak Kaffers (Kaffers onder ons beskerming) aangeval en vermoor. Toe het my vader 'n kommando teen hom opgemaak. Die Kaffers het die gebergte en spelonke ingevlug en dit was vir ons onmoontlik om hul daaruit te krij. Solang ons hier bij Makapaan was het die geveg by Boomplaas plaasgevind. Dit was dus onmoontlik vir vader en sij mense om bij Boomplaas te kon wees. Ons het toe weer enige jare rustig gewoon.

Oor die verloop van die veldtog in 1848 is min getuigenis bewaar.

Die verhouding tussen Mokopane en die blankes het na 1848 so ernstig versleg dat die Krygsraad wat op 18 September 1852 by Olifantsrivier vergader het, besluit het dat Mokopane en sy mense tot vyande van die blanke gereken moes word. Die besluit het verder gelui dat Mokopane of sy mense sonder meer doodgeskiet moes word as hulle gevind sou word.²¹ Dit is daarom verstaanbaar dat Mokopane sy volk met vuurwapens begin toerus het.²²

Beide blank en swart het hulle aan die roof van mekaar se vee skuldig gemaak. Die blankes was veeboere, landbouers en jagters en hulle vee was vir hulle 'n kosbare besitting. As dit

19 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.27.

20 G.S. Preller, *Voortrekkermense 3, dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek met aantekeninge en bylae*, p.32

21 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.26-27.

22 Olifantjagters het aan die plaaslike inboorlinge wat hulle met jagekspedisies gehelp het, vuurwapens vir jagdoeleindes gegee. J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.26-27.

geroof is, het hulle dikwels 'n strafkommando op die been gebring om die geroofde vee terug te haal. In baie gevalle is meer vee as die gesteelde aantal teruggeneem en as kompensasie onder lede van die kommando uitgedeel. Ongelukkig het sommige blankes hulle tydens sommige strafekspedisies wangedra en hulle selfs oordadig aan buit gehelp.²³

Mankopane is waarskynlik gereeld deur jagters, handelaars en sendelinge besoek. Teen die einde van 1846 het drie of vier blankes een middag 'n rooftog op Mankopane se vee uitgevoer en ongeveer 30 beeste en 50 skape gebuit. David Livingstone het Mankopane sowat 'n maand later besoek en die voorval aangeteken en ook berig dat Hendrik Potgieter sonder rede vir Mankopane aangeval het en 'n groot aantal vroue, kinders en vee gebuit het. Hierdie aanklag is later deur A.J. de Lange bevestig.²⁴ Hierdie beskuldigings van Livingstone en De Lange verklaar waarom Mankopane vir die res van sy lewe in vyandskap met die blanke gelewe het en die gesag van die Z.A.R. uitgedaag het.²⁵ Dit blyk dus dat die skuld vir Mankopane se opstandigheid in groot mate voor die deur van die blankes gelê kan word.

Mankopane is ook deur ene Buys, waarskynlik 'n nasaat van Coenraad de Buys, aangeval en wederregtelik van sy vee beroof. Buys het hom as die "groot kaptein van die witmense" aan Mankopane voorgehou en gedreig om hom dood te maak. Mankopane was nie die enigste hoofman wat onder Buys deurgeloop het nie. Hy het later voor R. Erasmus en C. Potgieter²⁶ oor die optrede van Buys getuig.²⁷

23 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.35-36.

24 I. Schapera, *David Livingstone's South African Papers, 1849-1853*, pp.13 en 150. Daar was waarskynlik nie 'n goeie verhouding tussen Potgieter en De Lange nie, want Potgieter het in 1846 gekla dat De Lange hom by Sekwati beswadder het en aan laasgenoemde gewere voorsien het. De Lange aan die anderkant het by verskeie geleenthede ongeruimdheid teen swartes en klagtes van swartes teen blankes aangemeld. H.S. Pretorius en D.W. Krüger, *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849*, pp.249, 251-255, 272, en 282.

25 Mankopane is in Desember 1889 oorlede. D.W. van der Merwe, "Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900", *Argieffaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1983*, p.108.

26 Erasmus en Potgieter was lede van 'n kommissie wat deur die Volksraad benoem was om klagtes van swartes teen blankes te ondersoek. H.S. Pretorius en D.W. Krüger, *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849*, pp.251-255.

27 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.29.

Vir die swartman was sy vee net so 'n kosbare besitting as wat dit vir die blankes was. Dit was deel van sy daaglikse lewenswyse en is veral belangrik as huweliksgoedere. Die swartman met baie beeste het hoë aansien onder sy eie mense geniet.²⁸ Dit is daarom te verstane dat hulle met begerige oë na die groot veetroppe van die blankes gekyk het en daarvan geroof het.

De Waal²⁹ wys ook daarop dat die blanke aanvaar het dat die swartman, veral diegene wat op sy grond gewoon het, vir hom moes werk. Deur middel van verpligte arbeid het die blanke probeer om die swartman as arbeidsinstrument by sy leefwyse in te skakel sonder om rekening te hou met die leefwyse, kultuur en tradisies van die swartman. Krale is gereeld besoek om arbeid te werf, wat dikwels op ernstige geskille en geweld uitgeloop het, waarskynlik omdat die korrekte toenaderingsreëls nie nagekom is nie. Die blanke het aanvaar dat die swartman geen seggenskap gehad het oor wie sy werkgewer moes wees nie en soms het die hoofman slegs opdrag ontvang dat hy 'n bepaalde aantal werksvolk moes voorsien om vir 'n bepaalde persoon te gaan werk. So 'n opdrag het dikwels tot ontevredenheid gelei. Soms het die blanke ook die wet in eie hande geneem en sy werksvolk onbehoorlik gestraf. Volgens De Waal³⁰ het Hermanus Potgieter, broer van die Voortrekkerleier Hendrik Potgieter, die swartes oor 'n lang periode gedwing om vir hom te werk. Hierdie optrede van Potgieter word as een van die redes vir die moord op hom in 1854 deur volgelinge van Mankopane, aangegee.

28 Raadpleeg F.P. Bruwer, *Die Bantoe van Suid-Afrika*, vir besonderhede oor die gewoontes, tradisies en gebruike van die swart stamme van Suidelike Afrika.

29 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.35-36.

30 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.78.

Die blankes is ook tereg daarvan beskuldig dat hulle hulle aan slawerny skuldig gemaak het. Die inboekstelsel³¹ van swart kinders by blankes ten einde hulle dienste te verseker, grens aan slawerny.³² Die inboekwet is in Mei 1851 deur die Volksraad aanvaar en in Desember 1851 is “naturellesake” onder die vier kommandante-generaal geplaas. Volgens die inboekwet sou die swart kinders aan die blankes by wie hulle ingeboek was, diens verrig in ruil vir die versorging wat hulle van die blanke ontvang het.³³ Volgens die gees van die wet moes die blankes hulle oor die kinders ontferm het.

Kinders is dikwels in die veldtogte teen die stamme as oorlogsbuit beskou en teen hulle sin weggevoer om ingeboek te word. Daar is nie altyd seker gemaak of 'n kind wel wees was nie. Hierdie (onchristelike) optrede van die blanke het die swartmense verbitter en het Mokopane en Mankopane vyandig teenoor die blanke gestem.³⁴ Volgens die *Readers Digest*³⁵ was Hermanus Potgieter

... the most notorious slave raider, a cold blooded killer, who was feared throughout the region for his violent methods. Few Ndebele communities could claim not to have lost children as a result of Potgieters' frequent swoops.

Die bron gaan voort deur te wys op Mankopane se angste en smart oor die verlies van sy eie agt kinders en die weeklaag van sy mense oor hulle voortdurende verliese. Hierdie aggressiewe optrede van Potgieter word ook as rede gegee vir die moord op hom. Daar

-
- 31 Die inboekstelsel was 'n Kaapse erfenis wat dateer uit die jaar 1721. J.C. Greyling, *Die vraagstuk van slawehandel en slawerny in die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1877* (M.A.-verhandeling), p.19. Kyk ook C.R. Kotze, “'n Nuwe bewind, 1806-1834”, in C.J.F. Muller, (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.112.
- 32 Neem 'n mens die getuienis van die inboekstelsel tesame met die wanpraktyke wat daaruit voortgespruit het, naamlik die handel in swart kinders, in oënskou, kom dit neer op slawerny. Ten spyte daarvan dat die Volksraad slawerny afgekeur het, het hy nie altyd daarin geslaag om die handelswyse van sy blanke onderdane aan bande te lê nie.
- 33 Artikel vier van die Sandrivier-traktaat weerspieël die gesindheid van die Voortrekkers ten opsigte van slawerny, naamlik “word hiermede verstaan dat geene slawerny is of zal worden gepraactiseerd of toegelaten in der landstreek Noord van den Vaalrivier door de Emigrante Boeren.” F.A. van Jaarsveld, *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648-1961*, p.92.
- 34 T. Wangeman, *Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika*, p.548.
- 35 D. Oaks, (Ed.), *Readers Digest illustrated history of South Africa. The real story*, p.145.

bestaan 'n verskeidenheid redes vir die moorde op Hermanus Potgieter en ander blankes in die omgewing van Makapanspoort, waaraan later aandag gegee sal word. Daar kan egter nie sonder meer aanvaar word dat persoonlike wraak van Mankopane die vonk in die kruitvat was nie, alhoewel dit ook nie as faktor buite rekening gelaat kan word nie.

3.3 DIE MOORDE VAN 1854

In September 1854 het drie verskillende moorde op 28 blankes in die Makapanspoort naby Vredenburg plaasgevind. Twaalf blankes is deur die Kekana van Mokopane by Moorddrift, en 'n verdere twee blankes by Pruizen, vermoor, terwyl die Langa van Mankopane veertien blankes by Fothanekop³⁶ vermoor het. Hierdie moorde het feitlik gelyktydig plaasgevind, alhoewel die moorde by Pruizen eers later ontdek is. Na aanleiding van Preller se sienswyse blyk dit dat die moorde by Fothanekop eerste gepleeg is, gevolg deur Moorddrift en Pruizen.³⁷

'n Verskeidenheid faktore, waarna reeds verwys is, het aanleiding tot hierdie moorde gegee. Teenstrydighede in bronne maak dit onmoontlik om presies te sê wat direk aanleiding daartoe gegee het dat die moorde juis op daardie tydstip gepleeg is. Verskeie bronne stem saam dat Hermanus Potgieter, broer van die Voortrekker Hendrik Potgieter, se onregverdige optrede teenoor die stamme die vonk in die kruitvat moes gewees het. Wangeman³⁸ verklaar dat die moorde uit wraak gepleeg is, want Mokopane het volgens hom wraak geneem vir al die onreg wat die swartmense onder die blankes gely het, en omdat 'n blanke 'n swartman vermoor het.

Jackson³⁹ verwys daarna dat Preller van mening is

that these massacres were but a continuation of a general plan of murder and pilage on the part of the Ndebele ... The massacres were committed because the Ndebele of Langa and Kekana felt that the influx of white settlers in their part of the country was becoming a

36 Fothanekop is vandag in die Potgietersrus-omgewing ook bekend as Moordkoppie.

37 G.S. Preller, "Baanbrekers, 'n Hoofstuk uit die voorgeskiedenis van Transvaal", in *Brandwag* (14/15) 10 Des. 1914, p.460.

38 T. Wangeman, *Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika*, p.548.

39 O.A. Jackson, "The Ndebele of Langa", *Ethnological publications nr. 54*, pp.15-16.

threat to their sovereignty, and they hoped to frighten them away ... Mankopane sent a message immediately after the massacre, (*Hermanus Potgieter*) and then Mokopane set about killing the party at Moorddrift and Pruizen. Although this may well be true, it does not dispose of the argument that the massacres were planned beforehand ... The conclusion to be drawn from this is that the massacres had already been planned and that it was felt – the ... killing of one person would not achieve the desired effect ...

Die afleiding dat die moorde in 1854 vooraf beplan kon gewees het, kan wel gemaak word, want reeds op 28 April 1851 het veldkornet H.J. van Staden aan Andries Pretorius berig dat die twee hoofmanne, Mokopane en Mankopane, 'n bondgenootskap gesluit het.⁴⁰ Ook Piet Potgieter het vermoed dat die moorde die gevolg was van 'n sameswering tussen Mokopane en Mankopane. In sy verslag oor die moorde meld hy dat hy 23 lyke op die moordtonele gevind het.⁴¹ Blankes in die onmiddellike omgewing van die twee stamme was daarna hulle lewens nie meer seker nie.

Die jaggeselskap van Hermanus Potgieter is in September 1854 by Fothanekop, die hoofsetel van Mankopane, uitgemoor. Volgens Jackson⁴² het die groep bestaan uit Hermanus Potgieter, sy twee seuns, sy drie skoonseuns en hulle vrouens en kinders. Van Hermanus Potgieter sê Jackson⁴³ verder:

40 R275/51: Brief H.J. van Staden/A.W.J. Pretorius, Warmbad, 28 April 1851, *Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853*, pp.81-82.

41 SS6,R684/54: Verslag van P.J. Potgieter, 1854.09.19.

42 O.A. Jackson, "The Ndebele of Langa", *Ethnological publications no. 54*, p.14. Daar bestaan nie duidelikheid oor presies hoe groot Potgieter se jaggeselskap was nie. So ver bekend het sy geselskap uit tien lede bestaan. Hermanus se gekleurde agterryer, Oersog, het die moord oorleef, wat beteken dat altesaam nege persone deur Mankopane vermoor is. J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.72. Preller sê dat Hermanus se geselskap uit veertien blankes bestaan het: mans, vrouens en kinders. G.S. Preller, *Oorlogsoormag en ander sketse en verhale*, p.125, aangehaal deur J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.74.

43 O.A. Jackson, "The Ndebele of Langa", *Ethnological publications no. 54*, pp.14-15.

... early written sources suggest that Hermanus Potgieter, in contrast to his highly respected elder brother (Hendrik Potgieter), did not belong to the better class of settlers. He had been on the frontiers of civilization since his earliest youth, first in the Cape Province and then in the Transvaal. He was a continual source of anxiety to his elder brother. He was an elephant hunter and a man of outstanding physical ability, but he had a foul temper.

Volgens die inskripsie op die monument op die Piet Potgieterplein, Potgietersrus, is die name van sewe van die vermoordes bekend, naamlik Hermanus Potgieter, Andries H. Potgieter, Willem Potgieter, Jacobus Hendrik Botha, Jacobus Coetzee, Marthinus Viljee, Piet Botha (“en ander namen onbekend”).⁴⁴



MONUMENT: MOORDE VAN 1854

Monument “ter herinnering aan 28 persone vermoord deur naturellen in October 1854”.

Piet Potgieterplein, Potgietersrus.

Fotoversameling: J. du Plooy.

44 Hierdie monument was die eerste wat opgerig is in die Potgietersrus-omgewing ter gedagtenis aan diegene wat te Moorddrift, Pruizen en Fothanekop vermoor is. Mnr. Charles Maggs het hom vir die oprigting van die monument beywer en die brons plate op eie koste laat maak. Hy was waarskynlik vir die bewoording daarvan verantwoordelik. Die monument is op 16 Desember 1909 onthul.

'n Verskeidenheid redes, waaraan reeds aandag gegee is,⁴⁵ word as oorsaak vir die moorde van 1854 aangegee. Jackson⁴⁶ vat die redes soos volg saam:

... one must conclude from their very number and variety that the stories given ... are legendary. They must nevertheless have some basis of fact. It seems as if Hermanus Potgieter did give offence to his assassins in one way or another. But to say that his death was merely the result of personal vengeance on the part of the Ndebele of Langa, does not fit the facts altogether. We must remember that two separate massacres were perpetrated almost simultaneously, and by two separate Ndebele Chiefdoms. It seems obvious that the two massacres were committed to a pre-arranged agreement.

Oor die rede waarom Potgieter Mankopane besoek het, bestaan ewe veel verhale. Blykbaar het Potgieter en Mankopane op goeie voet met mekaar verkeer. Mankopane het selfs van Potgieter se koeie gehad wat hy gemelk het.⁴⁷

Mankopane het volgens Munnik⁴⁸ 'n boodskap na Potgieter gestuur dat 'n trop olifante in die Waterberg naby sy hoofstat ingetrek het, waarop Potgieter 'n jaggeselskap georganiseer het. Die geselskap het hulle waens 'n ent van die stat af uitgespan. Potgieter het daarna 'n pak klere as geskenk aan Mankopane gestuur, wat die geskenk aanvaar het en op sy beurt weer vir Potgieter 'n olifant tand gestuur het. Die draers van die tand het dit 'n ent van die wa neergesit onder die voorwendsel dat dit te swaar was. Potgieter het daarop nader gegaan om die tand te besigtig, waar hy met 'n knopkiere half bewusteloos geslaan

45 Wangeman is van mening dat Potgieter uit wraak vermoor is. T. Wangeman, *Ein Reise-Jahr in Süd-Afrika*, p.548. Die *Readers Digest* sien Potgieter se sogenaamde slawehandel as oorsaak. D. Oakes, (Ed.), *Readers Digest illustrated history ...*, p.145. De Waal maak ook melding van 'n derde moontlike rede, naamlik dat Potgieter die swartes oor 'n lang periode gedwing het om vir hom te werk. J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.78.

46 O.A. Jackson, "The Ndebele of Langa", *Ethnological publications no.54*, p.15.

47 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.78.

48 G.G. Munnik, *Die kronieke van Noordelike Transvaal. Die herinneringe van senator G.G. Munnik*, p.3.

is. Sy seun is op die plek vermoor, terwyl die res van die geselskap by die waens vermoor is. Volgens oorlewering is Potgieter op 'n klipplaat oopgespalk en lewendig afgeslag "... en eers toe sy ingewande uit sy liggaam geskeur is, het hy beswyk. Potgieter was volgens oorlewering 'n persoon met buitengewone liggaamskragte en sy foltering moes lank geduur het."⁴⁹

Volgens getuienis het die moord op Potgieter 'n rituele vorm aangeneem, want "... (zij) haalden zijn binnevet uit om hetselve te eten ten einde net zoo braaf en machtig te worden als hij ..." ⁵⁰ Volgens De Waal⁵¹ is die "kopvel netjies afgeslag, gebrei en by feestelike geleenthede gedra ... die kopvel van Hermanus Potgieter het jare lank op Mankopane se kop gepryk."

Die plek waar Potgieter en sy geselskap vermoor is, is vandag bekend as *Nterekane*.⁵²

Die trekroete tussen Soutpansberg en Pretoria het digby die huidige Potgietersrus oor die grond van Mokopane gegaan en die Nylrivier⁵³ sowat elf kilometers suid van die dorp gekruis. Die gebruiklike uitspanplekke van die Voortrekkers, jagters en handelaars was onder die kameeldoringbome waar die pad deur die drif gegaan het.⁵⁴ In September 1854 het 'n reisgeselskap, kuiermense van Schoemansdal op weg na Marico, met twee waens by die genoemde drif aangekom.⁵⁵ Volgens M.W. Pretorius se verslae van 6 Desember 1854

49 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.79.

50 Verklaring van Paul Kruger in *Die Volkstem*, 22 September 1890 aangehaal deur J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.80.

51 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.80.

52 Hendrik Potgieter is deur die Langa *Ntereke*, 'n verbuiging van sy naam Hendrik, genoem. *Nterekane* is die verkleinwoordvorm van *Ntereke* en verwys na "die kleiner (jonger) broer van Hendrik".

53 Volgens oorlewering het die Voortrekkers die rivier so genoem omdat dit noordwaarts vloei, soos die Nylrivier in Egipte.

54 Die drif is sedert die moorde bekend as *Moorddrift*.

55 De Waal wys daarop dat historici nie eensgesind is oor die bestemming van die geselskap nie. C. Pienaar (*De Volkstem*, 6 Januarie 1890) beweer dat die geselskap na Pretoria op pad was. 'n Onbekende getuie het verklaar dat die geselskap in Magaliesberg woonagtig was (*Prellerversameling*, Band 170, Aantekeninge, p.128). Preller self verklaar dat die geselskap na Swartruggens op pad was, waar hulle gewoon het. (*Oorlogsoormag en ander sketse en verhale*, p.114). J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.62-64.

het die geselskap bestaan uit: Willem Prinsloo, Jan Breed, hulle vrouens en kinders, L. Bronkhorst en Du Preez.⁵⁶ Die inskripsie op die monument op die Piet Potgieterplein, Potgietersrus, gee die name van die vermoorde blankes soos volg aan:

Willem Prinsloo	Jan Breed
Nellie Prinsloo	Maria Breed
en drie kinders	en drie kinders
Lourens Bronkhorst	Philippus du Preez

Volgens oorlewering is twee van die mans 'n afstand van die waens af weggelok en die hele geselskap is daarna uitgemoor. Geen blanke ooggetuie het oorgebly om te vertel wat presies by Moorddrift gebeur het nie. Getuienis is wel daar dat die blankes op grusame wyse deur Mokopane se krygers om die lewe gebring is. Volgens M.W. Pretorius is al die lyke nie gevind nie, en doen hy soos volg verslag:

... meer en deels de lyken der vrouwen en kinderen zyn gevonden als ook een grote man die de vingeren aan zyn hande was opengeklooft tot waar het gewrigte des hand aan een loopte en zyn hals op zyn Schouders af gesneden en den liggaam in het water geworpen.⁵⁷

Volgens latere getuienis is sommige van die kinders se koppe teen die wawiele en kameel-doringbome verbrysel en is die mans en vrouens in stukke gesny. Sekere liggaamsdele van die vermoorde mense is ook uitgeslag en na Mokopane se kraal geneem. Mokopane was bekend as 'n reënmaker en die liggaamsdele van die vermoorde mense sou as medisyne dien om reën te maak.⁵⁸ Dit blyk dus dat die moorde 'n rituele vorm aangeneem het.

Ongeveer dieselfde tyd toe die blankes by Moorddrift vermoor is, het Albertus Venter en sy seun Willem by Mokopane se kraal opgedaag om koring te ruil of te verruil. Daar is hulle deur Mokopane se krygers oorval en vermoor.

56 SS7,R733/54: Verslag van M.W. Pretorius, 7 Des. 1854.

57 SS7,R733/54: Verslag van M.W. Pretorius, 7 Des. 1854.

58 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.67-68. G.G. Munnik, *Kronieke van Noordelike Transvaal ...*, p.29.



MOORDDRIFT-MONUMENT

Monument by Moorddrift, elf kilometers suid van Potgietersrus, "ter ere van diegene op verradelike wyse vermoord deur kaffers van Makapan".

Fotoversameling: J. du Plooy

Die verband tussen die moorde by Moorddrift en Fothanekop en die moorde op die Venters by Pruizen, is nie duidelik nie. Sover vasgestel kan word was hulle besoek aan Mokopane se kraal vriendskaplik en het hulle daar slagoffers geword van die beplande vloedgolf moorde wat op die eersgenoemde twee moorde moes volg.⁵⁹

Die Boere was nie bewus van die moorde op die twee Venters totdat die strafekspedisie onder leiding van Piet Potgieter by Mokopane se kraal opgedaag het nie. Pretorius het hieroor soos volg verslag gedoen:

By een der kralen (Mokopane se kraal) wert gevonden uitgesmolte vet van de ver Moorde waar hun handen op spitten in gebakken zyn waar ook aan een Boom opgehangen zyn de Scaam delen van twee persoonen die af gesneden en aan elkander gehecht zyn waar de voorkoms als zynde een Bejaard Mench omrede de grysheid vermoedelyk van wylen

⁵⁹ SS7,R733/54: Verslag van M.W. Pretorius, 7 Des. 1854. Verwys ook na Preller se sienswyse reeds aangehaal.

A. Venter verder word daar gezien den pennen door het lichamen aan gebonde en in den grond gehecht zyn dan of zij levendig verbrand en dan of zij een ander Martels dood hebben ondergaan dat kon wij niet vast stellen.⁶⁰

Na die moorde by Moorddrift, Pruizen en Fothanekop het die gespanne verhouding tussen die blankes aan die een kant en Mokopane en Mankopane aan die ander kant tot openlike vyandigheid en vyandelikhede gelei. Die blankes het dadelik nadat die moorde bekend geraak het onder leiding van kmdt.-genl. Piet Potgieter 'n strafekspedisie teen Mokopane uitgestuur.

3.4 DIE VELDTOG TEEN MOKOPANE EN MANKOPANE IN 1854

Die moord op Hermanus Potgieter is deur Oersog, Potgieter se agterryer wat die moord ontkom het, by kmdt.-genl. Piet Potgieter aangemeld. Feitlik gelyktydig daarmee het William Robinson, 'n smous en handelaar wat gedurende September 1854 vanaf Soutpansberg suidwaarts na Rustenburg gereis het, op die moorde by Moorddrift afgekom en dit onverwylde by Piet Potgieter aangemeld.⁶¹

Potgieter het dadelik al die mense in die omgewing opgekommandeer om teen Mokopane op te tree. Daar is besluit om eers teen Mokopane op te tree, miskien omdat die ligging van sy kraal die verbinding tussen Pretoria en Soutpansberg bedreig het. Potgieter was ook bevrees dat die bondgenootskap tussen Mankopane en Mokopane 'n sterk verenigde front kon vorm wat die voortbestaan van Waterberg en Noord-Transvaal as blanke woongebied kon bedreig. Die weerbaarheid van die blankes kon moontlik verswak word indien hy gelyktydig twee kommando's, een teen Mokopane en een teen Mankopane, sou uitstuur. Hy het waarskynlik geredeneer dat as Mokopane verslaan en sy mag gebreek was, hy daarna teen Mankopane sou optree.⁶²

Potgieter het die vroue en kinders onder leiding van veldkornet H. van der Walt in 'n laer op die plaas Doorndraai, sowat agt kilometer noordoos van die huidige Nylstroom, laat

60 SS7,R733/54: Verslag van M.W. Pretorius, 7 Des. 1854.

61 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.83. Robinson was 'n diaken en later ouderling van die Hervormde Gemeente Rustenburg. In 1872 was hy die enigste opposisie-kandidaat teen T.F. Burgers vir die presidentskap van die Z.A.R.

62 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.94-95.

saamtrek, omdat hulle andersins weerloos sou wees wanneer die mans op kommando uit was. Hulle is daar deur 'n groep burgers beskerm.

Twee boodskappers, J. Lottering en J. van Heerden, is dadelik na Schoemansdal gestuur om die inwoners oor die gebeure in te lig en vrywilligers op te kommandeer. 'n Sterk patrollie onder leiding van Piet Potgieter self, het die twee rapportryers tot buite die gevaargebied begelei. Die kommando is daarna na Moorddrift om hulleself van die toneel van die moord te vergewis. Tekens van die grusaamheid en geweld van die moord was nog duidelik sigbaar, hoewel veertien dae reeds verloop het sedert die moorde plaasgevind het. Potgieter het opdrag gegee dat die oorblyfsels van die vermoordes bymekaar gebring en begrawe moes word. Die slagoffers is tussen twee kameeldoringbome begrawe.⁶³

Potgieter het ook op 29 September 1854 'n verslag aan sy ampsgenoot, M.W. Pretorius, gestuur en laasgenoemde versoek om so spoedig moontlik met 'n kommando hulp te kom verleen.⁶⁴ Potgieter sou op 11 Oktober 1854 met sy kommando na Mokopane se kraal vertrek en daar op Pretorius se koms wag.

In die lig van die algemene onrus onder swartmense in die hele Transvaalgebied,⁶⁵ het Pretorius voor 'n moeilike keuse gestaan, maar hy het besluit om tog gehoor te gee aan Piet Potgieter se oproep. Hy het aan kmdt. Stephanus Schoeman opdrag gegee om met 'n kommando in Marico 'n oog oor sake te hou, terwyl kmdt. Schutte 'n soortgelyke opdrag ontvang het vir die gebiede aan die Vaalrivier.

Pretorius het op 14 Oktober 1854 met sy kommando na die Waterberg vertrek en sewe dae later by die laer op Doorndraai aangekom. In sy verslag skryf Pretorius later dat hy daar

63 'n Monument is in 1937 deur die Dingaansfeeskomitee van Potgietersrust tussen die twee kameeldoringbome opgerig "ter ere van diegene op verradelike wyse vermoord deur kaffers van Makapan". Die twee kameeldoringbome en lelies wat om die monument geplant is, vorm deel van die simboliek van die monument. J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika*, pp.317-318.

64 SS6,R684/54: Brief P. Potgieter/M.W. Pretorius, 19 Sept. 1854.

65 De Waal spreek die mening uit dat 'n deel van die oorsaak vir hierdie onrustigheid voor die deur van Mosjesj, leier van die Basoeto's, gelê kan word. Dit blyk dat 'n gewapende groep van Mosjesj se volgelinge gedurende September 1854 in die Transvaal was en besoek afgelê het onder andere by Mapoch in Oos-Transvaal en Mokopane in Noord-Transvaal. Mosjesj en Mankopane was ook familie van mekaar. J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.97-98.

deur 'n toneel van uiterste nood onder die mense begroet is.⁶⁶ Die toestande was so erg dat hy dadelik vier slagbeeste en 'n mud meel aan die mense afgestaan het. By Moorddrift het Pretorius en sy kommando hulle van die toneel daar vergewis en op 24 Oktober 1843 by Potgieter se kommando aangesluit.

Mokopane en sy volgelinge was nie meer by die kraal toe die strafekspedisie daar opdaag nie. Die Kekana het met hulle vee en kosvoorraad na die grotte, wat later as die Makapansgrotte bekend sou word,⁶⁷ gevlug. Die grotte het twee ingange wat na twee baie groot binnekamers lei, en wat uitloop in gange waarvan die einde nog nie bepaal is nie. Die krygers was met assegaie en gewere gewapen. Die grot se opening is met klippe verskans, waar die skerpskutters van Mokopane die burgers ingewag het.

Die kommando's van Potgieter en Pretorius het die landerye van die Kekana verwoes sodat kosvoorrade nie daarvandaan die grotte kon bereik nie.

Die verenigde kommando van sowat 480 man het op 25 Oktober 1854 na die grotte opgeruk en aan die voet van die berg by 'n standhoudende spruit laer opgeslaan. Die ingang van die grotte is feitlik op die kruin van die berg geleë en die Kekana was goed ingegrawe. Die burgers moes die berg te voet bestyg.

Die burgers het dieselfde dag nog probeer om die grotte stormenderhand te verower, maar kon net tot by die voorhowe vorder. Hier het hulle vier waens en van die osse wat aan die vermoordes behoort het, gekry en dit onder hewige geweervuur die berg af gebring na die laer toe. Pretorius het later die middag die aanval afgelas omdat verdere indringing in die grotte onmoontlik was. Die binnekamers van die grotte was deeglik met klipmure verskans en baie donker.

Om die Kekana tot oorgawe te dwing en deeglik te straf sou dus 'n lang en moeisame taak wees. Daar is besluit om die water in die spruit, waarvan die Kekana afhanklik was, goed te bewaak en hulle sodoende van die watertoevoer na die grot af te sny. Daar is ook probeer om die grotte met 'n lading buskruit oop te skiet, maar dit het misluk omdat die rotswande te poreus was en die buskruit se ontploffingskrag verlaag het. Pogings om die Kekana uit die grotte te rook, het ook misluk. Die Kekana wou ook nie onderhandel nie

66 SS7,R733/54: Verslag van M.W. Pretorius, 7 Des. 1854.

67 Die grotte is in 1938 tot nasionale gedenkwaardigheid geproklameer. J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika*, pp.318-320.

en al moontlikheid wat oorgebly het, was om die grotte te beleër en daaglik aan te val. Die Kekana moes ten alle koste verhinder word om met die buitewêreld kontak te maak.

Die beleg van die grotte het die vasgekeerdes verwoed laat terugveg. 'n Ernstige krisis het Mokopane en sy volgelinge in die gesig gestaar want hulle voedsel- en watervoorraad het daaglik gekrimp. Om sake te vererger het die vasgekeerde beeste, wat as voedsel moes dien, daaglik uit die grot gebars omdat hulle deur dors uitgedryf was.



MAKAPANSVALLEI

Foto geneem deur H.F. Gross, 1888: "Makapan's gorge in which Makapan's caves are situated",
uit H.F. Gross, *Pictorial description of the Transvaal*, no.508.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6544/6

Die bekke van die grotte was digbegroei met struik en bome. Ten einde die Kekana te verhinder om onder dekking van die plantegroei in die nag uit te sluip, en om voedsel en water na die vasgekeerdes te bring, het die leiers besluit dat die terrein rondom die grotbekke skoongekap moes word. Op 6 November 1854 het Piet Potgieter en Pretorius die terrein besigtig ten einde uitvoering aan die besluit te gee. Potgieter het op 'n krans bokant die grot sy mense tot ywer aangespoor toe hy deur Mokopane se skerpskutter,

en al moontlikheid wat oorgebly het, was om die grotte te beleër en daaglik aan te val. Die Kekana moes ten alle koste verhinder word om met die buitewêreld kontak te maak.

Die beleg van die grotte het die vasgekeerdes verwoed laat terugveg. 'n Ernstige krisis het Mokopane en sy volgelinge in die gesig gestaar want hulle voedsel- en watervoorraad het daaglik gekrimp. Om sake te vererger het die vasgekeerde beeste, wat as voedsel moes dien, daaglik uit die grot gebars omdat hulle deur dors uitgedryf was.



MAKAPANSVALLEI

Foto geneem deur H.F. Gross, 1888: "Makapan's gorge in which Makapan's caves are situated",
uit H.F. Gross, *Pictorial description of the Transvaal*, no.508.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6544/6

Die bekke van die grotte was digbegroei met struik en bome. Ten einde die Kekana te verhinder om onder dekking van die plantegroei in die nag uit te sluip, en om voedsel en water na die vasgekeerdes te bring, het die leiers besluit dat die terrein rondom die grotbekke skoongekap moes word. Op 6 November 1854 het Piet Potgieter en Pretorius die terrein besigtig ten einde uitvoering aan die besluit te gee. Potgieter het op 'n krans bokant die grot sy mense tot ywer aangespoor toe hy deur Mokopane se skerpskutter,

Kgeresa, dodelik getref word.⁶⁸ Potgieter se liggaam het ongeveer agt meter na benede gestort tot agter die skans aan die kant van die Kekana.

Pretorius het onmiddellik opdrag gegee dat die burgers die skans waaragter Potgieter se lyk gelê het, moes bestorm. 'n Hewige geveg het ontbrand. Veldkornet Paul Kruger, later Staatspresident, het onder dekking van die geweervuur oor die skans gespring en met moeite die swaar liggaam van Potgieter terug oor die skans gedra.⁶⁹ Piet Potgieter se lyk is na sy plaas Middelfontein gebring waar dit op 7 November 1854 ter aarde bestel is.⁷⁰ Op dieselfde dag is sy broer, kmdt. Hendrik Potgieter (jnr.), in sy plek as bevelhebber benoem. Die opperbevel het nou op die skouers van Pretorius gerus. Hy het besef dat die beleg kragdadiger voortgesit moes word en op 8 November het hy besluit om die bekke van die grotte toe te stop. Weldra het die Kekana in die nag uit die grotte probeer kom in 'n poging om water te bekom en honderde Kekana is deur die nagpatrollies doodgeskiet. Talle mans, vrouens en kinders, deur dors gedryf, het hulle aan die blankes kom oorgee. Alhoewel hulle vrylik water kon kry, het 'n hele aantal van hulle gesterf.⁷¹

68 De Waal sê dat die naam van die skut volgens oorlewering Kgeresa was. J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.109. Volgens Orpen was die swarte wat vir Hermanus Potgieter doodgesteek het, se naam Kgeresa. J.J. Orpen, *Reminiscences of life in South Africa*, p.435, soos aangehaal in J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.109. Die koeël het Potgieter by die regterskouer ingedring en is tussen die nek en linkerskouer weer uit. Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 900.6; Inligtingstuk: Piet Potgieter.

69 Hierdie daad van Paul Kruger word as een van sy grootste heldedade in die geskiedenis beskryf, alhoewel Pretorius dit nie in sy amptelike verslag gemeld het nie. Hy het sy eie lewe gewaag om te verhoed dat die liggaam van Piet Potgieter in die hande van die Kekana val. J.J. de Waal, *Die verhouding van die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.110. Die beeldhouer Anton van Wouw het die gebeure te Makapansgrot verewig aan die voet van Pres. Paul Kruger se standbeeld, Kerkplein, Pretoria.


70 Die stoflike oorskot van Piet Potgieter is op 30 Mei 1964 op Potgietersrus herbegrawe.

71 'n Verklaring hiervoor is dat, indien 'n mens 'n geruime tyd sonder water is, die liggaam baie vog en noodsaaklike soute en minerale verloor. Deur dors gedryf, drink die mens dan 'n oormaat vars water, wat tot gevolg het dat al die oorgeblewe soute en minerale na die buik getrek word. Hierdie proses, oor die hele liggaam, geskied so vinnig dat dit lei tot hartversaking. J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.111.



MAKAPANSGROTTE

Foto geneem deur H.F. Gross, 1888: "Makapan's caves, dist. Zoutpansberg",
uit H.F. Gross, *Pictorial description of the Transvaal*, no.510.
Arend Dieperink Museum: Foto 01/6544/8



MAKAPANSGROTTE

Hoof grotkamer met druipsteenformasies, ca.1912.
Arend Dieperink Museum: Foto 01/6276

In 'n poging om 'n einde aan die beleg te maak, het Paul Kruger die grot op 'n keer binne gegaan en in hulle eie taal die vasgekeerdes probeer oorreed om hom na buite te volg. Op wonderbaarlike wyse het hy sy eie lewe behou en sowat 170 vroue en kinders uitgelei. M.W. Pretorius het Kruger 'n goeie skrobbering gegee omdat hy sy lewe op so 'n wyse gewaag het.



GRAFMONUMENT: PIET POTGIETER

Die Piet Potgieter-grafmonument, Piet Potgieterplein, Potgietersrus. Die stoflike oorskot van kmdt.-genl. Piet Potgieter is op 30 Mei 1964 op Potgietersrus herbegrawe.

Fotoversameling: J. du Plooy

Die beleg het tot 17 November voortgeduur, toe 'n verdere 364 vroue en kinders hulle aan die blankes oorgegee het. Pretorius het besef dat die weerstand in die grotte laag was en met sy goedkeuring het die burgers die grotte binne gegaan. Ontbinde lyke het oral rondgelê en die reuk was onhoudbaar. Mokopane self kon nie gevind word nie. Hieroor berig Jackson⁷² soos volg:

The spokesman says that Mokopane (Setswamadi) did not die in the cave in 1854. He says he escaped and returned to his capital where he took poison and died shortly afterwards. He committed suicide because of the heavy losses his people had sustained.

Baie voorwerpe soos kruit, gewere en lood is in die grotte gevind, asook besittings van die vermoorde blankes. Een van die swartes wat hom reeds vroeër aan die burgers oorgegee

72 O.A. Jackson, "The Ndebele of Langa", *Ethnological publications no.54*, p.17.

het, het aan die ekspedisie die ivoor wat van die vermoordes by Moorddrift geroof is, gaan uitwys, naamlik 23 groot en 15 kleiner olifantande wat in 'n grot nader aan Mokopane se kraal versteek was.

Die beleg van die Makapansgrotte is op 21 November 1854 gestaak. Na skatting het tussen 1000 en 3000 Kekana in die grotte omgekom.⁷³ Bronne verskil oor die getal Kekana wat in die beleg van die Makapansgrotte omgekom het. Die blankes, en meer spesifiek “Die Boere”, word in sekere bronne gekritiseer vir die “onmenslikheid” van die beleg wat tot die hoë sterftesyfer aanleiding gegee het.⁷⁴ Die feit dat die Makapansgrotte met grotsiekte besmet is en dat baie van die sterftes ook daaraan toegeskryf kan word, is nie altyd in berekening gebring nie. Volgens oorlewering onder die plaaslike swart gemeenskap het Mokopane gereeld wanneer hy deur sy vyande bedreig was, in die grotte skuiling gaan soek en telkens het van sy mense siek geword en doodgegaan.⁷⁵

Met die beleg van die grotte is Mokopane se mag finaal gebreek. Die oorblywende Kekana het hulle in die omgewing van Vaaltyn ten weste van die teenswoordige Potgietersrus gaan vestig, waar 'n groot groep van hulle deur die Langa en Sotho geassimileer is.

Alhoewel die Kekana se mag gebreek was, het Mankopane en die Langa steeds 'n bedreiging vir die blankes ingehou en 'n kommando is dadelik na die opheffing van die beleg onder leiding van Pretorius teen Mankopane uitgestuur om hom te straf vir die moorde by Fothanekop. Berigte van wat met Mokopane gebeur het, moes Mankopane seker bereik het, want laasgenoemde het met sy volgelinge na 'n hoë kop, Magagamatala, op die plaas Ruigtevley ongeveer 65 kilometers van die teenswoordige Potgietersrus, gevlug. Die kop het uitstekende verskansing gebied want dit is hoog en plat bo met regaf kranse aan die kante.⁷⁶

73 Volgens *Readers Digest* het “more than 1000” Kekana tydens die beleg omgekom en volgens Jackson “more than 2000”. De Waal reken dat “nagenoeg 3000” Kekana in die beleg dood is. D. Oakes, *Readers Digest illustrated history of South Africa...*, p.144; O.A. Jackson, “The Ndebele of Langa”, *Ethnological publications no.54*, p.16; J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.115.

74 D. Oaks, (Ed.), *Readers Digest illustrated history ...*, p.114; D.A. Heydenrych, “Die Boere-republieke, 1852-1881; in T. Cameron en S.B. Spies, (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika ...*, pp.153-154.

75 Persoonlike mededelings: Jack Moimeki, 1989.12.12; John Ledwaba, 1989.12.08; Joseph Baloyi, 1989.12.13.

76 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.116.

Om die Langa van Magagamatala af te kry, sou 'n tweede langdurige beleg veroorsaak het. Dit het Pretorius en die Krygsraad voor 'n moeilike keuse te staan gebring want die somerreëns het reeds begin en die uitbreek van malaria was 'n wesenlike gevaar. Perdesiekte het reeds begin om sy tol onder die rydiere te eis. Die burgers was ook reeds sedert 14 Oktober 1854 op kommando en hulle eie tuistes en gesaaides was aan gebrekkige toesig onderworpe. Pretorius het teen die einde van November 1854 twee patrollies uitgestuur om die kop te gaan verken. Hulle het met die Langa slaags geraak, enkele Langas gedood en ongeveer 2800 stuks vee buitgemaak. Van hierdie vee is doodgeskiet omdat dit met longsiekte besmet was, wat 'n epidemiese gevaar vir die ZAR-veestapel ingehou het. 'n Aantal van die vee is aan die weduwees van die vermoordes gegee.⁷⁷

Met die buitmakery van soveel vee en die dreigende gevaar van malaria en perdesiekte in ag genome, het Pretorius teen Desember 1854 besluit om die veldtog teen Mankopane af te las. Die kommando het Magagamatala verlaat en teruggekeer na Fothanekop, waar hulle die Langakraal en landerye verwoes het en die oorblyfsels van die vermoordes begrawe het. Na 'n veldtog van bykans twee maande het die kommando in Desember 1854 huiswaarts gekeer.

Mankopane se mag is by Magagamatala skaars aangetas en reeds in 1855 het hy weer opstandig geraak en die blankes, en alle swartmense wat in vrede met die blankes geleef het, as vyande beskou. Toestande in die Makapanspoort was baie onveilig en die blankes in die gebied moes uiterste waaksaamheid aan die dag lê. Hierdie opstandigheid van Mankopane sou lei tot twee verdere veldtogte (1856 en 1858) teen hom voordat die te stigte dorp in die Makapanspoort 'n werklikheid sou word.

3.5 VREDENBURG WORD PIETERPOTGIETERSRUST

Die geskiedenis van Potgietersrus is baie nou verweef met die geskiedenis van Andries Hendrik Potgieter, die vader van die dorp Vredenburg, en sy seun Pieter Johannes Potgieter⁷⁸ na wie die dorp later vernoem is.

77 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.116-117. Kyk ook SS6,R725/54: Vendusierol van krygsbuit.

78 Raadpleeg M.H. Buys, "Potgieter, Pieter Johannes", in W.J. de Kock, (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 1*, p.671 vir volledige biografiese inligting.

Teen 1854 het die dorpie Vredenburg waarskynlik net in naam bestaan. Verskeie faktore, waaronder die dood van Hendrik Potgieter en sy seun en opvolger, Piet Potgieter, kort daarna, kan as rede hiervoor aangevoer word. Die openlike vyandskap tussen Mokopane en Mankopane aan die een kant en die blankes aan die anderkant, en die moorde van 1854 is waarskynlik die belangrikste redes hiervoor. Daar was, sover vasgestel kan word, wel 'n blanke nedersetting, maar beslis nog geen dorp nie, want in 1855 is op 'n openbare vergadering te Soutpansberg besluit dat “te Makapanspoort het dorp Vredenburg zo spoedig moegelyk sal worden opgericht”.⁷⁹ Volgens Martins⁸⁰ is daar “nog in 1854 besluit om die dorp Vredenburg te verdoop tot Piet Potgietersrust⁸¹ ter nagedagtenis aan kmdt.-genl. Piet Potgieter wat by Makapanspoort gesneuwel het.”

Dat daar wel blankes in die omgewing van die Makapanspoort gevestig was, blyk uit die verslag van di. Murray en Neethling na hulle besoek aan die Soutpansberg in 1852. Hulle het twee dagreise noord van Zebediela, op die plaas van 'n sekere Du Pré, in die huis van ene Marais 'n kerkdiens vir die gemeenskap gehou. Du Pré en Marais moes in die gebied tussen die teenswoordige Potgietersrus en Pietersburg gewoon het.⁸² Potgieter maak in sy verslag van die veldslag teen Sekwati, September 1852, melding van burgers van Vredenburg aan wie buit toegedeel is.⁸³ Daar is ook reeds verwys na die besoek van die Portugese gesant de Santa Rita in 1855 aan “a considerable Boer settlement” in die Waterberg. Dat daar wel voor 1855 'n poging tot vestiging van die dorp Vredenburg aangewend is, kan uit die volgende besluit van die publieke vergadering op Soutpansberg (1855) afgelei word:

79 SS7,R165/55: Verslag van Publieke vergadering, Zoutpansberg, 19 Febr. 1855.

80 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes in Waterberg, 1850-1950* (M.A.-verhandeling), p.7

81 Bronne gee die spelling van die naam van die dorp verskillend aan naamlik “Pieterpotgietersrust”, “Piet Potgietersrust” en “Pietpotgietersrust”. Die afkorting “P.P.Rust” kom ook dikwels in dokumente voor. Vergelyk G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), p.7; J.H. Meyer, “Die ontstaan en ontwikkeling van Potgietersrust as dorp”, in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.22; *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no.3*, p.198; SS7,R765/55: Verslag van Publieke vergadering, Zoutpansberg, 19 Febr. 1855.

82 C.G. Spoelstra, *Het kerkelyk en godsdienstig leven der Boeren ...*, p.121.

83 D.W. Krüger en H.S. Pretorius, *Transvaalse Argiefstukke ...*, p.249.

“...dat de Schans zal worden voltooit en defecten gerepareerd door het Publiek. Dat een Nieuw watervoor zal worden uitgehaald en gebragt worden zo hoog mogelijk boven de Schans ...”⁸⁴

Hernieuwe opstandigheid van Mankopane tussen 1855 en 1858 en komdt.-genl. Stephanus Schoeman⁸⁵ se veldtogte teen hom, het die vestiging van ’n dorp in die Makapanspoort verhinder. Schoeman is op 19 Februarie 1855, na die oorlye van kmdt.-genl. Hendrik Potgieter,⁸⁶ tot kommandant-generaal vir Soutpansberg verkies.⁸⁷ Hy het dadelik die verantwoordelikheid vir Noord-Transvaal op hom geneem en hom beywer om iets daadwerkliks vir die veiligheid van die streek te doen, naamlik om so gou moontlik die bedreiging wat Mankopane vir die streek ingehou het, te verbreek en desnoods uit te wis.

Nadat Pretorius sy magte in 1854 teruggetrek het, het Mankopane op Magagamatala bly woon. Toe Schoeman met sy kommando op 10 Julie 1856 by Magagamatala opdaag, kon hulle nie veel vermag nie omdat Mankopane se hoofmag goed verskuil en byna onaantasbaar in die spelonke in die berg verskans was. ’n Beleg teen Mankopane sou lank duur en Schoeman se kommando was te klein om doeltreffend te kon optree. Hy was moedeloos oor sy mislukte poging om Mankopane ’n les te leer, want laasgenoemde het voortgegaan met sy opstandigheid en aanvalle op blankes en blankgesinde swartmense.

Schoeman besluit in 1857 om daadwerklik tot die stigting van ’n dorp in die Makapanspoort oor te gaan en op 8 April proklameer hy dan ook ’n dorp,⁸⁸ maar hy moes eers vir Mankopane aan blanke gesag onderwerp voordat tot werklike vestiging oorgegaan kon word. Vir Schoeman was die onderwerping van Mankopane ’n saak van groot erns en in 1858 besluit hy en Pretorius om weer teen Mankopane op te tree. Die kommando’s was in

84 SS7,R765/55: Verslag van publieke vergadering, Soutpansberg, 1855.02.19.

85 Raadpleeg O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde, Stephanus Schoeman in Transvaal*, vir volledige biografie.

86 Hendrik Potgieter is tydens die beleg van die Makapansgrotte op 7 November 1854 in die plek van sy broer, Piet Potgieter, tot kommandant-generaal verkies.

87 SS8,R765/55: Verslag van Publieke vergadering, Zoutpansberg 19 Febr. 1855.

88 Schoeman was nie by magte om ’n dorp te proklameer nie en die Uitvoerende Raad het in 1858 besluit dat hierdie te stigte dorp “Piet Potgietersrust” genoem sou word.

April 1858 in die Makapanspoort saamgetrek teen die deeglik verskanste posisie van Mankopane bo-op Magagamatala. Die Krygsraad het die aanval op die kop deeglik beplan omdat die kop slegs vanaf drie kante bestyg kon word en die Langa hierdie toegange deeglik bewaak het. Die burgers het teenoor die toegange laer getrek en terwyl hulle die Langa daar besig gehou het, het Paul Kruger in die nag van 9 April 1858 met 'n kommando vanaf die teenoorgestelde kant die berg in 'n veeleisende tog bestyg. Die burgers was nouliks bo-op die kruin of die Langa het hulle gewaar en alarm gemaak. Hulle het nie die blankes vanuit daardie koers verwag nie en groot verwarring het in die vroeë oggendure onder hulle ontstaan. Die burgers het sonder meer begin skiet, wat die verwarring vererger het,⁸⁹ sodat die Langa se weerstand gou verkrummel het. Sover die burgers gevorder het, het hulle die skuilings van die Langa aan die brand gestee. Intussen het Schoeman met sy kommando's die kop van onder af bestorm, maar 'n skaarste aan ammunisie en 'n gebrek aan voldoende mannekrag⁹⁰ het hom verhinder om Mankopane⁹¹ se mag totaal te vernietig. Na 'n veldtog van net twee weke is die kommando's op 19 April 1858 ontbind.

Vanuit blanke oogpunt was hierdie veldtog teen Mankopane redelik suksesvol omdat dit laasgenoemde se mag sodanig verswak het dat tot die stigting van 'n dorp in die Makapanspoort oorgegaan kon word. Die Volksraad het dan ook op 21 September 1858 soos volg ten gunste van die dorp besluit:

Art. 25.

Door den Volksraad goedgekeurd het voorstel van den Uitvoerende Raad tot het aanleggen van een dorp aan de Macapanspoort, dat den naam zal voeren van *Pieterpotgietersrust*, en tot het uitgegeven en plaatsen aldaar, dat ene Plaats en een Erf toegekend zal worden, aan ieder persoon, welke die gronden sal occuperen, binne den tyd van drie maanden, na de oprichting, en dat persoon, die aanspraken op grond hebben de voorkeur zullen genieten om in die gewesten eene plaats te laten aantekenen.

-
- 89 Uit paniek het 'n hele aantal van die voortvlugtendes bo van die sowat 70 meter hoë krans afgespring. Byna net soveel Langa het op hierdie wyse omgekom as dié wat voor die aanhoudende geweervuur van die Boere gesneuwel het. J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.133-137.
- 90 Die burgers was onwillig om kommandodiens te doen en steun vanuit Pretoria-, Marico- en Potchefstroom-distrikte was baie swak. J.J. de Waal, *Die verhouding van die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.140.
- 91 As gevolg van die uitbreek van 'n epidemiese siekte, was Mankopane verplig om na die 1858-veldtog sy setel te verskuif na die kop Thutlwane, op die teenswoordige plaas Kromkloof, distrik Potgietersrus. J.J. de Waal, *Die verhouding van die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.127-145.

De verdere regeling van het aanlegging van een dorp en het uitgeven der gronden, wordt ter beschikking van den Uitvoerende Raad gesteld.⁹²

Eers in 1859 is met die werklike stelselmatige okkupasie en oprigting van die dorp *PIETERPOTGIETERSRUST* begin. Die dorp het stadig ontwikkel en teen 1861 was die dorp nog nie uitgelê nie. Van die verwagte vrede na Schoeman se veldtog teen Mankopane in 1858 het ook nie veel tereg gekom nie. Onweerswolke en geweld het geleidelik weer gedreig en die voortbestaan van die dorp in die weegskaal geplaas.

92 VRB25/58: Notule van Volksraadvergadering, 1858.09.21, *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Transvaal no.3*, p.198.

HOOFSTUK 4

VESTIGING VAN BLANKES

Die vestiging van blankes in Pieterpotgietersrust het langsaam geskied as gevolg van die opstandige houding van die omliggende swart stamme, malariakoors en perdesiekte. Min bronne en inligting is beskikbaar oor die eerste vestigingsjare (1859-1870). Slegs enkele verwysings na *Makapanspoort* kom in bronne voor vir die tydperk tussen die ontruiming (1870) en die hervestiging (1889/1890) van Pieterpotgietersrust.

Aandag word in hierdie hoofstuk gegee aan die vestiging van blankes voor 1870, met besondere verwysing na die opstandige houding van die omliggende swart stamme en die aanslag teen Pieterpotgietersrust. Die ontruiming van die dorp en daaropvolgende jare van onbekende geskiedenis oor die lotgevalle van die dorp, dien as agtergrond vir die hervestiging van Pieterpotgietersrust onder leiding van kmdt. Henning Pretorius en die toekenning van erwe.

4.1 VESTIGING VOOR 1870

Bykans sewe jaar het verloop tussen die eerste besluit om 'n dorp in die Makapanspoort aan te lê (1852) en die werklike okkupasie van Pieterpotgietersrust (1859).¹ Alhoewel die Volksraad reeds in 1858 besluit het om tot dorpstigting oor te gaan, het 'n jaar verloop voordat die eerste sewentien gesinne hulle onder leiding van Christiaan Rabe² in die dorp kom vestig het. Volgens Ferreira³ was Rabe die *provisionele bestuurder* van Pieterpotgietersrust en hy het waarskynlik in hierdie hoedanigheid as gesagvoerder namens die kommandant-generaal opgetree.

1 Redes vir die vertraging is in die voorafgaande hoofstuk behandel.

2 Bronne verwys ook na C. Rabe, C.W. Rabe en C.J.V. Rabe. Raadpleeg O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde ...*; Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 000.4 vir biografiese inligting.

3 O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde ...*, p.238



CHRISTIAAN RABE

Christiaan J. Rabe (1800-29 Jun. 1871), "Provisionele bestierder" van Pieterpotgietersrust, 1859-1861.

Arend Dieperinkmuseum: Foto 01/6282

Na analogie van bestaande kennis oor die vestigingspatroon van blankes te Ohrigstad en Schoemansdal, kan aanvaar word dat die blankes ook hier verplig was om vir veiligheidsdoeleindes aanvanklik hulle waens in 'n laer te trek en met afgekapte doringtakke te versterk.

Namate die gemeenskap gevestig geraak het, het elkeen sy paal- of hartbeeshuis gebou waar hy wou, sonder dat die dorpie volgens 'n vaste patroon ontwikkel het.⁴ Op 21 Januarie 1861 skryf Rabe aan die Waarnemende-president, Stephanus Schoeman, oor die toestande in die dorp en nooi hy Schoeman om so spoedig moontlik die dorp te besoek en erwe uit te gee omdat die inwoners graag behoorlike huise op hulle erwe wou bou en die grond wou bewerk. Indien Schoeman nie binne afsienbare tyd die dorp sou kon besoek nie, vra Rabe ook inligting met betrekking tot die dorpsuitleg, erwe vir regerings-, kerk- en markdoeleindes en wie die bestuur van die dorp sou behartig.⁵

Schoeman het hierop geantwoord dat hy Pieterpotgietersrust gedurende die loop van Februarie 1861 sou besoek, maar nogtans skriftelik berig dat die erwe “honderd schreden in het vier kant” moes wees. Rabe moes volgens sy eie “verstandige oordeel” besluit waar die regerings-, kerk- en markerwe uitgehou moes word. Schoeman het Rabe ook versoek om 'n erf elk vir di. Dirk van der Hoff en A.J. Begeman uit te hou.⁶

Schoeman kon weens ander verpligtinge nie die beoogde besoek bring nie. Rabe was verplig om voorlopig erwe aan die mense toe te ken, onder andere aan vyftig huisgesinne uit Makwassie wat hulle in die dorp wou kom vestig.⁷

4 Geen strukture van die oorspronklike vestiging van die eerste pioniers het behoue gebly nie. Oorblyfsels in die landgelike gebied van die Waterbergomgewing wat uit dieselfde tydperk dateer, bied genoeg getuienis vir die aanname dat paal-, hartbees- en kapstylhuise wel ook in die dorp voorgekom het.

5 SS37,R4221/61: Missive Rabe/Schoeman, 1861.01.21; SS38,R4577/61: Missive Rabe/Schoeman, 1861.07.24; O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde ...*, p.238.

6 SS37,R4232/61: Missive Schoeman/Rabe, 1861.01.29; O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde ...*, p.238.

7 SS38,R6411/61: Missive Rabe/Schoeman, 1861.05.24; O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde ...*, p.239.

As *bestierder* van Pieterpotgietersrust het Rabe by verskeie geleenthede met R.A. Furstenburg gebots, wat nie sy gesag wou aanvaar nie en Rabe van ontug met swart vroue beskuldig het. Volgens die notule (ongedateer) van die Nederduitsch Hervormde Kerk Soutpansberg⁸ was Rabe reeds omstreeks 1852 vanweë ontug en die geboorte van sy kind slegs drie maande na sy huwelik met Sara Marais, onder kerklike tug geplaas en bestaan daar waarskynlik gronde vir Furstenburg se aantygings, maar geen getuienis kon gevind word dat Rabe tydens sy verblyf in Pieterpotgietersrust hom skuldig gemaak het aan enige vorm van ontug nie. Die stryd tussen die twee was so heftig dat Rabe in 1861 besluit het om na Schoemansdal terug te keer en op 18 November vra hy sy ontslag as *bestierder* van Pieterpotgietersrust.⁹ Voor sy vertrek na Schoemansdal dien Rabe die volgende opgawe¹⁰ in van gelde wat hy vir die toeken van plase en erwe ontvang het:

	Pond	Sjieling	Pennie
18 plase (10 nog onbetaald)	30		
2 erwe verkoop aan C.V. Rabe	26	5	2
1 erf verkoop aan P.C. Bezuidenhout	13	2	

Rabe het by verskeie geleenthede voor sy vertrek berigte van onrustige toestande in Pieterpotgietersrust en omgewing en die “gedrag van eenige kafferhoofden” asook ’n inval van swartes in die distrik aangemeld.¹¹ Die inwoners versoek die Krygsraad dat

de wet worde gehandhaafd, want waar wet is daar is geen overtreding, wij zyn dus voor de wet en voor orde en regverdigheid; wij beschouwen dit als het eenigste middel om de kwaaddoeners te straffen en den onschuldigen zyn vryheid te geven...¹²

Dit is nie seker of daar met “kwaaddoeners” net na swartes of ook na blankes verwys is nie.

8 NH-kerkargief: Notuleboek Soutpansberg vol. 1/2/1, p.1.

9 SS39,R4709/61: Missive Rabe/Schoeman, 1861.01.07; SS39,R4781/61: Missive Rabe/Schoeman, 1861.11.18. Kyk ook O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde* ..., p.239.

10 SS39,R4727/61: Rabe/Opgaaf van gelde ontvang, 1861.10.15.

11 SS38,R4411/61: Missive Rabe/Schoeman, 1861.05.24; SS38,R4454/61: Missive Rabe/Schoeman, 1861.07.03; SS38,R.546/61: Missive Rabe/Schoeman, 1861.08.04; SS39,R4778/61: Missive Rabe/Schoeman, 1861.11.18.

12 Brief: Burgers van Piet Potgietersrust/Krygsraad, 1862.09.20, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 4*, p.668.

Die inwoners versoek Schoeman ook om die dorp te besoek en “dit regelen van dit Dorp en Distrik op een vaste wyze daartestellen en behoorlike ambtenare te doen inzweren”. Die name van die volgende petisionarisse het op die versoekskrif verskyn:

L.C. de Klerk	W.C. Bezuidenhout
F. de Klerk	W.C. Bezuidenhout Snr.
R.V. Furstenburg	N.N. Bezuidenhout Wz.
R.D. de Beer	W.B. Bezuidenhout
T.N. Venter	P.C. Bezuidenhout
Joseph Fourie	T.C. Bezuidenhout
N.J. van der Westhuizen	C.J. Bezuidenhout ¹³

Hierop het Schoeman met die algemene goedkeuring van die inwoners vir W.S.J. van Heerden as kommandant vir Pieterpotgietersrust aangestel en hom opdrag gegee om vrae en probleme in verband met die swartes te hanteer.¹⁴

Die vestiging van Pieterpotgietersrust was teen 1863 nog nie behoorlik op dreef nie want die inwoners het hulle in 'n memorie op die Volksraad beroep om die beloofde plase aan die eerste inwoners wat “leven en goed hebben feil gehad tot de oprichtinch van deze

13 SS38,R4617/61: Versoekskrif van inwoners/Schoeman, 1861.07.24.

14 SS37,R4232: Missive Rabe/Schoeman, 1861.01.29; SS39,R4694: Missive Rabe/Schoeman, 1861.01.11; SS48,R316/63: Kennisgewing aan Schoeman, 1863.04.17. Kyk ook O.J.O. Ferreira, *Stormvoël van die Noorde ...*, p.239. Schoeman kon eers in 1862, toe hy vir die sitting van die Hooggeregshof op Schoemansdal onderweg was, die dorp besoek. Hy en sy geselskap is deur die burgers met 'n eresaluut verwelkom en aangesien die meeste erwe toe reeds toegeken was, 'n kommandant in beheer van sake was en die probleem tussen Furstenburg en Rabe geskik was, het hy 'n rustige aand op die dorp aan huis van J.L. van Heerden deurgebring.

weinig ontgonnen en thans in bloei toenemende District” toe te ken.¹⁵ Hierdie beroep was gegrond op die Volksraadbesluit van 21 September 1858¹⁶ waarvolgens een plaas en een erf beloof is

... aan ieder persoon, welke die gronden sal occuperen, binne den tyd van drie maanden, na de oprichting, en dat persoon, die aanspraken op grond hebben de voorkeur zullen genieten om in die gewesten eene plaats te laten aantekenen ...

Hulle versoek die ZAR-regering ook om maatreëls te tref wat sal verhoed dat die dorp en gebied ontvolk raak¹⁷, en kla dat hulle te min is om 'n landdros te onderhou.¹⁸ Daarenteen het die landdros gevra dat R.V. Furstenburg as klerk in sy kantoor aangestel moes word en dat 'n behoorlike kaart van die dorp opgestel moes word.¹⁹ Tydens sy besoek aan Soutpansberg in 1864 het M.W. Pretorius aandag aan hierdie vertoë gegee en dit “noodig geoordeeld, door den verren afstand dezer bewoners van Schoemansdal in plaats van een 'Landdrost' een 'Vrederegter' aan te stellen ...”²⁰ Die landdroskantoor is kort daarna gesluit.²¹

“Waterberg vereenigd met Potgietersrust” is in Maart 1866 tot aparte distrik verklaar,²² met Nylstroom as setel vir die nuwe distrik. In September is 'n landdros vir die nuwe distrik

15 VRB25/58: Volksraadnotule, Art. 25, 1858.09.28, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 3*, p.198.

16 VRB25/58: Volksraadnotule 21 September 1858, Art. 25, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 3*, p.198. Kyk ook J.H. Meyer, “Die ontstaan en ontwikkeling van Potgietersrust as dorp”, in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.22.

17 VRB532/62: Memorie W.S.J. van Heerden/Volksraad, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 4*, p.521.

18 SS48,R315/63: Brief L.C. de Klerk/President, 1863.04.17.

19 SS44,R133/62: Brief Landdros/President, 1862.02.29. Daar is waarskynlik nie aan laasgenoemde versoek voldoen nie want in 1869 het die landdros weer gevra dat die dorp deur 'n landmeter opgemeet moes word. SS113,R924/69: Brief Landdros/President, 1869.08.19.

20 VRB6/64: Volksraadnotule, Art.6, 1864.09.12, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 5*, pp.29-31.

21 VRB604/64: Rapport van kommissie deur staat benoem om inkomste en uitgawes vir 1863/64 en die begroting vir 1864/65 na te gaan, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 5*, p.175.

22 VRB593/66: Volksraadnotule, Art.593, 1866.03.28, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 5*, p.135.

gekies en reeds in dieselfde jaar is die grense daarvan vasgestel.²³ Twee jaar later het die Volksraad besluit om Waterberg en Soutpansberg weer as een landdrosdistrik te verenig, maar die inwoners van die twee distrikte het so heftig beswaar aangeteken²⁴ dat die besluit in Junie 1869 herroep is. Die grense tussen Waterberg en Soutpansberg is opnuut vasgestel met Pieterpotgietersrust as setel vir die landdros van Soutpansberg. D.S. Maré is as landdros vir Soutpansberg aangestel en R.A. van Nispen as landdros vir Waterberg.²⁵

Die kwessie oor die setel van die landdros van Soutpansberg was egter nog nie bevredigend opgelos nie, want Pieterpotgietersrust was nie die geskikste plek vir die landdroskantoor nie en die belange van die burgers van Soutpansberg het daaronder gely. Die Uitvoerende Raad het daarom in 1870 besluit om die setel na Marabastad (naby die teenswoordige Pietersburg) te verskuif en 'n resident-vrederegter op Pieterpotgietersrust aan te stel.²⁶ Dit is nie seker of 'n resident-vrederegter toe wel vir Pieterpotgietersrust aangestel is nie want die dorp is in 1870 as gevolg van 'n ernstige malaria-epidemie ontruim en nie voor 1890 formeel hervestig nie.

4.2 DIE AANSLAG TEEN PIETERPOTGIETERSRUST

Die opstandige houding van die omliggende swart stamme het die inwoners van Pieterpotgietersrust en omgewing voortdurend bedreig en 'n belangrike invloed gehad op die vestiging van blankes in die Makapanspoort. Hernieude probleme met swartes, 'n tekort aan ammunisie en die treurige nuus van die toestande in Schoemansdal het uiteindelik daartoe bygedra dat baie inwoners onveilig gevoel het en dat ander pioniers traag was om hulle in dié gebied te vestig.

Van die verwagte vrede en rustigheid na Schoeman se veldtog teen Mankopane in 1858 het weinig tereg gekom. Daar is reeds in die voorafgaande deel gewys op die herhaalde

23 Argief Landdros Waterberg: Inleiding tot inventaris, p.2.

24 SS106,R1655/68: Brief J.J.P. Prinsloo/President, 1868.12.15.

25 *Staats Courant (ZAR)*, 1870.03.11, p.1.

26 Argief Landdros Waterberg: Inleiding tot inventaris, p.3. Kyk ook H.W.A. Rein, "Regsdienste, Potgietersrust, 1854-1954", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.57.

berigte van onrus en probleme met swart stamme wat deur Rabe en die inwoners van die dorp aangemeld is. Die bedreiging het oor die hele distrik Soutpansberg, wat Pieterpotgietersrust insluit, voorgekom en die moontlikheid dat Schoemansdal ontruim sou moes word, het al hoe groter geword.²⁷ Die Soutpansbergers het daarom op 'n volksvergadering te Spelonken besluit om 'n deputasie na die Regering te stuur om die ellendige toestande in die streek onder die aandag te bring. In oorleg met die President het die Uitvoerende Raad in Mei 1867 besluit om 'n kommando op te roep ten einde "die eer van die Republiek te red en die wetteloosheid en misdade te straf".²⁸

'n Kommando onder leiding van kmdt.-genl. Paul Kruger het in opdrag van die Uitvoerende Raad dadelik na Soutpansberg vertrek en met 700 man tot sy beskikking twee aanvalle teen Katse-Katse (Katlagter) geloods. Hierdie aanvalle kon egter nie suksesvol afgerond word nie as gevolg van 'n tekort aan ammunisie.²⁹ Op 12 Julie 1867 besluit die Krygsraad dat die toestand in Schoemansdal haglik en sonder uitkoms was, en dat dit ontruim moes word.

Toe die nuus van hierdie besluit rugbaar word, het groot verwarring onder inwoners van die distrik ontstaan. Schoemansdal is inderhaas op onordelike wyse ontruim³⁰ en die wegtrekkende mense het hulle in die omstreke van Pieterpotgietersrust, Marabastad en Pretoria gaan vestig. Baie inwoners van Pieterpotgietersrust het die dorp ook ter wille van hulle eie veiligheid verlaat en hulle elders in die ZAR gaan vestig. Vir die streek self het die ontruiming van Schoemansdal verreikende gevolge gehad omdat 'n groot deel van die

27 Die inboorlinge in Soutpansberg is nooit behoorlik onder beheer gebring nie en toe hulle in die jare sestig wapens van smokkelaars verkry het, was 'n uitbarsting onafwendbaar.

28 F.G. van Asten, *Die geskiedenis van Pietersburg en sy omgewing* (M.A.-verhandeling), p.5.

29 Kruger se opdrag was om onmiddellik na Soutpansberg te vertrek en nie te wag vir die besending ammunisie wat vanuit Natal verwag is nie. Die ammunisie sou later na Soutpansberg gestuur word, maar dit het die kommando nooit bereik nie omdat dit deur die OVS, wat toe in 'n Basoeto-oorlog gewikkel was, by Harrismith in beslag geneem is. F.G. van Asten, *Die geskiedenis van Pietersburg ...* (M.A.-verhandeling), pp.10-11.

30 Die Transvaalse Museumdiens, in samewerking met die Universiteit van Pretoria, is tans besig met 'n argeologiese en kultuurhistoriese studie van die oorblyfsels van Schoemansdal met die oog op die oprigting van 'n Schoemansdal-terreïnmuseum.

Noord-Transvaal daardeur weer in die hande van die swartes geval het. Dit het ook 'n afname in die swartes se ontsag vir die blankes meegebring.

Die inwoners van Pieterpotgietersrust was bevrees dat dieselfde lot wat Schoemansdal getref het, ook hulle dorp sou tref. Toestande in die Makapanspoort het algaande versleg en Paul Kruger het, ná sy vrugtelose pogings om Schoemansdal te red, 'n wag van 70 burgers by Makapanspoort agter gelaat om die dorp te beskerm. Kruger het die Uitvoerende Raad ook versoek om nie die Krygswet af te gelas nie.³¹ Dat Kruger die situasie reg opgesom het, blyk uit die sporadiese botsings wat kort daarna tussen die wag en die Langa van Lekalekale voorgekom het. Toestande in Pieterpotgietersrust self was so erg dat die inwoners die Regering dringend versoek het om hulle van genoeg militêre steun, lewensmiddele en ammunisie te voorsien sodat hulle nie in die hande van die swartes sou val nie.³²

Die inwoners van Pieterpotgietersrust se vrese was nie ongegrond nie, want toe ds. N.J. van Warmelo op 27 Desember 1867 met vier waens deur die Makapanspoort getrek het, is sy geselskap deur 'n groep rondswerwende swartes van Lekalekale aangeval. Dieselfde groep het ook 'n aanval teen die dorp geloods en die huis van kmdt. Van Heerden aan die brand gestee.³³

Mankopane het hom uit die geskil met die blankes gehou, maar toe twee van sy volgelinge op 7 Januarie 1868 deur 'n patrollie doodgeskiet is, het hy openlik tot die oorlog teen die blankes toegetree. Dieselfde nag (7 Januarie 1868) is die dorp deur die gesamentlike magte van Mankopane en Mogemi aangeval en aan die brand gestee, sodat net die huis

31 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.157.

32 SS38,R4546/61: Missive: Rabe/Schoeman, 1861.08.04.

33 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.157-158.

van Carl Smidt ongeskonde gebly het.³⁴ Die handjievol inwoners, wat uit net 24 gesinne bestaan het, was lank reeds 'n aanval op die dorp te wagte en het vroegtydig in die stewige “schans” skuiling gevind.³⁵ Bronne gee min inligting oor die “schans” van Pieterpotgietersrust. Volgens 'n beskrywing van Munnik³⁶ en Baines³⁷ het dit baksteenmure met bastions en skietgate gehad en deeglik verskansing teen die aanvalle van die swartes gebied.³⁸

Potgieter³⁹ gee 'n weergawe van F. Lion-Cachet se beskrywing van die laer (skans) waarin Cachet was. Hierdie besondere skans was gebou van grassooie met skiettorings op die hoeke. Die plek waar so 'n skans opgerig word, word met die oog op hout en water sorgvuldig uitgekies en gebou wanneer die gevaar dreig. Wanneer toestande onhoudbaar word, trek die inwoners daarheen en sou dit blyk dat langer verblyf nodig sou wees, is hartbeeshuisies binne die skans gebou.

Meyer⁴⁰ beskryf 'n ooggetuieverslag van die aanval soos volg:

Op 7 Januarie 1868, om 9 uur in die aand, werd ons aangeval deur die kommando's van Makapan en Mapela; en die stryd het voortgeduur tot die volgendedagmôre om 4 uur. Die kaffers storm onder 'n geslaan op hulle skildvelle en geblaas op hulle waldhorings dat die aarde daarvan dawer. Gelukkig was 'n grote skansmuur ... net klaargekom, en almal het hulle daar binnekant teruggetrek, sodat net een van die verdedigers hier verwond werd, 'n Duitser met die naam van Rens (?) en die vyand het ook ons 24 osse afgeneem ...

34 Thomas Baines het op 6 Desember 1871 op Pieterpotgietersrust oornag. In sy *The gold regions of South Eastern Africa*, p.83, beskryf hy die verlate dorp en eens pragtig gedekoreerde huis van Smidt.

35 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), pp.158-159.

36 G.G. Munnik, *Kronieke van noordelike Transvaal ...*, p.50.

37 T. Baines, *The gold regions of South Eastern Africa*, pp.83-84.

38 Oorblyfsels van die Voortrekkerskans is ongelukkig vandag onder teerstrate en moderne vooruitgang begrawe sodat die presiese ligging daarvan nie meer met sekerheid vasgestel kan word nie.

39 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke ...* (D.Phil.-proefskrif), p.117.

40 J.H. Meyer, “Die ontstaan van Potgietersrust as dorp”, in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.23.

Die vyandelikhede het vanaf Pieterpotgietersrust oor die hele Waterberggebied versprei en die streek uiters onveilig vir blanke inwoners gemaak.

Ondanks Kruger se vasbeslotenheid om 'n einde aan die onrus te maak, kon sy kommando in Maart 1868 nie veel vermag nie, en die voortbestaan van die dorp was in die weegskaal. Die aanhoudende teistering deur die swartes en die lewensgevaar waarin die inwoners voortdurend verkeer het, het die vraag laat ontstaan of die voortbestaan van die dorp nog geregverdig kon word, want die inwoners was verplig om dag en nag by hulle vee te waak. Hulle het ook so te sê in die “schans” gewoon. Daarom het die Regering dit sterk oorweeg om die dorp as woongebied te laat vaar en 'n nuwe dorpsgebied in die gebied van kaptein Maraba⁴¹, ongeveer 22 kilometers wes van die huidige Pietersburg, aan te lê. Die inwoners was egter oortuig dat hulle teen die aanslae van die vyand staande sou bly en het daarom by die Regering vir die voortbestaan van hulle dorp gepleit.⁴² Die Krygsraad het daarop 'n sterk wag in die Makapanspoort geplaas en die inwoners van lewensmiddele voorsien.

Die Krygsraad het op 3 April 1868 weer krygswet afgekondig en twee maande later het 'n kommando van 700 man onder leiding van Paul Kruger in Waterberg aangekom. Die kommando is reguit na Mankopane se woonplek, terwyl 'n sterk patrollie na Makapanspoort opgeruk het om te verseker dat Mankopane nie die dorp van agter die kommando se rug aanval nie. Vanaf Pieterpotgietersrust sou die patrollie ook na die hoofstat opruk en by die kommando aansluit.⁴³

Die kommando het op Vrydag 12 Junie 1868 by Mankopane se skuilplek, Thutlwanekeop, aangekom. Die Langa was baie goed ingegrawe en 'n langdurige oorlog kon verwag word. Hulle was so goed beskut dat gewere bykans nutteloos was en groot kanonne nodig was voordat sukses behaal sou word. Die uitgeputte ammunisievoorraad het die kommando weerloos teenoor die vyand gelaat en op 11 Julie 1868 het die Krygsraad besluit om die veldtog te staak en die kommando te ontbind.⁴⁴

41 Maraba was die hoof van 'n stamgroep met die familienaam *Ledwaba*, vernoem na 'n broer van Kekana. Hy was die blankes ter wille van beskerming vriendelik gesind.

42 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.170.

43 J.J. de Waal, *Die verhouding tussen die blankes en ...* (M.A.-verhandeling), p.171.

44 Ander faktore wat tot die besluit bygedra het, is onder andere 'n tekort aan voedselvoorraad en 'n gebrek aan weiding rondom die laer.

Die Landdros van Marabastad het nog in dieselfde jaar berig dat Lekalekale en Mogemi vrede met die blankes wou sluit en dat Mankopane ook om vrede gevra het. Sy versoek het in 1869 voor die Volksraad gedien en die Uitvoerende Raad het op 28 Julie 1869 formeel vrede gesluit omdat die blankes nie in 'n gunstige posisie was om die Langa te onderwerp nie. Afgesien daarvan dat die Langa telkens oor deeglike skuilings beskik het, het die blankes voortdurend met 'n skaarste aan ammunisie te kampe gehad en kon hulle as gevolg daarvan die veldtogte nie suksesvol afrond nie. Die samewerking tussen die offisiere het weens 'n gebrek aan dissipline nie altyd gevlot nie en die burgers van veral ander distrikte was onwillig om kommandodiens te verrig in 'n gebied wat hulle nie direk geraak het nie. Die feit dat veldtogte telkens na slegs 'n paar weke afgelas moes word, het waarskynlik ook tot hierdie “onwilligheid” bygedra.

Hoewel Mankopane om vrede gevra het, het hy hom ver van onderworpe gevoel. Die veldtog van 1868 het hom wel groot skade berokken, maar die Langa is nog lank nie onderwerp nie. Mankopane was waarskynlik bewus daarvan dat die blankes telkens nie hulle operasies teen hom kon opvolg nie en hy het steeds sterk genoeg gevoel om die ZAR met behulp van sy bondgenote uit te daag. Hy het egter hierna nie weer ernstige probleme geskep nie. Die hoofrede hiervoor was waarskynlik die ontruiming van Pieterpotgietersrust in 1870 en die gedeeltelike ontvolking van die distrik, wat hierna behandel sal word. Die geringe sukses wat die sendelinge in die tagtigerjare in Makapanspoort behaal het en die tekort aan landbou-arbeiders op omliggende plase, kan hoofsaaklik direk aan Mankopane se vyandige houding toegeskryf word.

4.3 ONTRUIMING EN HERVESTIGING VAN PIETERPOTGIETERSRUST

Die haglike lewe in die skans was waarskynlik 'n belangrike rede waarom Pieterpotgietersrust ontruim is. Faktore soos hongersnood, armoede, verwaarlosing en malaria het die lewe in die skans byna ondraaglik gemaak. Geraadpleegde bronne gee min besonderhede oor die lewe in die skans, en vandag kan net gegis word oor die ontberinge wat die mense moes uitstaan.

Die dorp is waarskynlik na die aanval weer in 'n mate beset, maar is in 1870 as gevolg van 'n ernstige malaria-epidemie⁴⁵ ontruim. Die koors het hom reeds vroeg in die geskiedenis van die dorp laat geld en hele huisgesinne het tydens die epidemie omgekom.⁴⁶ Toestande in die dorp was haglik want ongeveer 81 van 90 inwoners was óf reeds dood óf siek aan die koors⁴⁷. Die inwoners het daarom by die Volksraad aansoek gedoen om medikasie en hulp, waarop 'n kommando na Pieterpotgietersrust gestuur is om die situasie te ondersoek en hulp aan die geteisterdes te verleen. Die kommando het, ná evaluering van die toestand in die dorp, besluit om die oorblywende inwoners per ossewa na Marabastad te neem⁴⁸ omdat hierdie nedersetting buite die tsetsevliegstreek op die hoëveld geleë is, en teen April 1870 was die dorp totaal verlate.

Thomas Baines het op 6 Desember 1871 in die verlate Pieterpotgietersrust in die huis van Carl Smidt oornag. Hy berig soos volg oor die verlate dorp:

Just before the house was the foundations of a church, never yet completed, and the ruins of a red brick fort, with bastions and loop-holes quite sufficient as a defence musketry ... We passed through the main street bordered by perhaps ten of a dozen roofless ruined houses, and then turned more east through the mountains, and again north-east up a branch of the rivulet that runs past the town and saw that the Kaffirs had destroyed the water furrow that irrigated the gardens.⁴⁹

45 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal ...* (D.Phil.-proefskrif), p.120. Potgieter wys daarop dat hierdie epidemie ook elders in Transvaal voorgekom het.

46 'n Monument ter gedagtenis aan die Voortrekkers wat aan die koors dood is, is in 1927 by die Voortrekkerbegraafplaas in Hoogestraat, Potgietersrus, opgerig. Malaria kom vandag nog in Potgietersrus en omgewing voor, maar danksy moderne medikasie en wetenskaplike metodes om die malariamuskiet te bestry, kom slegs geïsoleerde gevalle van die siekte voor.

47 T.V. Bulpin, *The lost trails of the Transvaal*, p.112.

48 Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 000.5.

49 T. Baines, *The gold regions of South Eastern Africa*, pp.83-84.



KOORSMONUMENT

Monument opgerig ter nagedagtenis aan die pioniers van Potgietersrus wat aan malariakoors gesterf het, 1859-1870. Voortrekkerbegraafplaas, Hoogestraat, Potgietersrus.

Fotoversameling: J. du Plooy

Na die ontruiming van Pieterpotgietersrust in 1870 tree 'n tydperk van onbekende geskiedenis oor die lotgevalle van die dorp in. In 1871 was die dorp totaal verlate, maar dit impliseer nie noodwendig dat die hele distrik ook verlate was nie. Baie pioniers het hulle in die voorafgaande jare op plase in die distrik gevestig en 'n bevolkingskonsentrasie het mettertyd om die dorp ontstaan. Sommige van hierdie pioniers het op hulle plase bly woon na die ontruiming van die dorp.

Potgieter⁵⁰ wys daarop dat 'n groot deel van die bevolking in die jare 1860-1890 die noorde van Transvaal verlaat het. Die ontvolking het dus nie net betrekking op Pieterpotgietersrust nie. Hy voer die volgende redes vir die ontvolking aan:

50 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal ...* (D.Phil.-proefskrif), pp.109, 118 e.v.

Mislukking van pogings om wrywing tussen blankes en swartes op te hef; die herhaalde voorkoms van malariakoors en perdesiekte; die in duie stort van die ivoorhandel as gevolg van onrus in die jaggebied; die ongeskiktheid van die grondgebied vir die verbouing van koring en vir skaapboerdery; swak watervoorsiening en natuurlike droogtes; 'n kwaai sprinkaanplaag in 1873.

Die ontruiming van Schoemansdal (1867) en Pieterpotgietersrust (1870) het die proses van ontvolking aangehelp. Volgens *The Transvaal Argus* van 24 Junie 1868 sou die uittog veel groter gewees het as meer Boere van hulle plase af weg kon kom, want baie het nie meer vee of 'n wa gehad nie.⁵¹

Omstreeks Maart 1873 is 'n sensus-opname van die blanke bevolking van die ZAR gemaak. Op grond van hierdie sensus het Potgieter⁵² die volgende statistiek van die blanke bevolking in Noord-Transvaal verkry:

Soutpansbergdistrik	801
Waterbergdistrik	575
TOTAAL:	1376

Die erns van die ontvolkingsprobleem blyk uit die feit dat die distrikte Soutpansberg en Waterberg ongeveer een derde van die totale oppervlakte van die ZAR uitgemaak het. (Kyk kaart van die verbreiding van die Blanke bevolking van Transvaal in 1873 volgens die sensus van daardie jaar.)

Volgens kennisgewings in die stukke van die Landdros van Waterberg was daar in die jare 1870-1890 'n groot omset van plase in die distrik. Baie boere het hulle plase by groot instellings verpand en verloor. Plase is ook aan die owerheid oorgedra onder *parate executie* vir agterstallige belastings. Verskeie van hierdie plase is later weer verkoop “voor betaling van belasting en boeten”. Groot instansies soos *The Cape Commercial Bank* van


51 *The Transvaal Argus*, 1868.06.24, in F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal ...* (D.Phil.-proefskrif), p.118.

52 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal ...* (D.Phil.-proefskrif), p.167.


Verbreiding van die blanke bevolking van Transvaal in 1873, volgens die sensus van daardie jaar.

CR 2160/73 tot RR 2177/732

VERWYSING:



□ DORPE MET BAIE MIN INWONERS VAN ONBEKENDE GETAL.
 GEEN OPGAWE BESIKBAAR VIR BLOEMHOF DISTRIK.



KAART UIT POTGIETER F.J. 1955, DIE VESTIGING VAN DIE BLANKE IN TRANSVAAL 1832-1886, MET SPESIALE VERWYSING NA DIE VERHOUDING TUSSEN DIE MENS EN DIE OMGEWING. M.A.-VERHANDELING PU VIR CHO.

Potchefstroom en *The Estate Development Company Limited* van Pretoria het groot getalle van hierdie plase opgekoop vir prospekter- en spekulasiedoeleindes.⁵³

Die distrik het stadig ontwikkel omdat die mense ylverspreid gewoon het en terselfdertyd baie arm was. Swak maatskaplike toestande gepaard met geestelike agteruitgang het daartoe bygedra dat van georganiseerde ontwikkeling geen sprake was nie. By die proses van okkupasie in hierdie tydperk moet ons ook let op die bedrywighede van die blanke bevolking wat die gebied beset het, want uit die aard van hulle bedrywighede kan ons in 'n groot mate aflei of hulle hulself as tydelike of permanente bewoners van die streek beskou het. Verreweg die grootste gedeelte van die bevolking in en om Pieterpotgietersrust het in hierdie jare 'n gemengde boerdery bedryf: jag en beesboerdery saam met akkerbou, wat op selfvoorsiening gerig was. Hierdie bedrywe het aangesluit by die nomadiese gees wat die bewoners van Noord-Transvaal in die sewentiger jare gekenmerk het, en wat eerder tot 'n tydelike as permanente nedersetting bygedra het in die tydperk voor 1890.

Na die Eerste Vryheidsoorlog (1881) ontwikkel onder pres. Paul Kruger 'n mate van bestendigheid en selfvertroue by die ZAR-regering. Die oorwinning by Amajuba het 'n groot invloed gehad op die stimulering van Afrikaner-nasionalisme en die nuwe selfvertroue het in die landelike omgewing neerslag gevind in die neiging om vaste standplase te verwerf. Na 1881 het baie blankes hulle dus weer in die noorde van Transvaal kom vestig en pas na die ondertekening van die Pretoria-konvensie (3 Augustus 1881) het die Volksraad besluit om 'n nuwe dorp in die Soutpansbergdistrik te stig.⁵⁴

Hierdie besluit van die Regering het 'n groot invloed gehad op die hervestiging van blankes in Noord-Transvaal, alhoewel die oorlog in Sekhukhuniland dié voorneme vertraag het, omdat die Regering eers die grense tussen wit en swart in Transvaal wou vasstel. Eers nadat die sogenaamde Lokasiekommissie in Augustus 1883 sy verslag uitgebring het, is daar weer tot dorpstigting en vestiging oorgegaan.

Kragtens die Okkupasiewet van 1886 is die sogenaamde okkupasiestelsel in werking gestel, wat in hoofsaak daarop gemik was om die verafgeleë dele aangrensend aan swartgebiede deur blanke boere te laat beset en ontwikkel. 'n Kommissie bestaande uit drie lede is kragtens hierdie wet aangestel om plase van tussen 500 en 1500 morg (ongeveer 430 - 1300 ha) onder

53 Argief landdros Waterberg: Bande 1-6 en 35.

54 VRB192/81: Volksraadnotule, 1881.10.25. ZAR band 25: Locale Wetten en Volksraadbesluiten den ZAR, p.192. Kyk ook L. Changuion, *Pietersburg, Die eerste eeu, 1886-1986*, p.23.

bepaalde voorwaardes aan blankes toe te ken. Elke suksesvolle applikant sou 'n plaas gratis ontvang as hy bereid sou wees om permanent daarop te woon. Geen persoon kon egter meer as een plaas kry nie en hy moes self die landmeterkoste, grondbrief en belasting betaal. Hierdie toeweging was goeie nuus en 'n veel groter trekpleister as goud. Okkupasieplase is grootskaals toegeken en die blanke bevolking in die streek het aansienlik toegeneem.

Die hervestiging van Pieterpotgietersrust het gepaard gegaan met die behoefte aan 'n dorp en die amptelike stigting van Pietersburg in 1886. Die stigting van Pietersburg het die begin van die einde van Marabastad beteken, maar het terselfdertyd die begin van die hervestiging van Pieterpotgietersrust in 1890 ingelui. Die vestiging van 'n gemeenskap te Pietersburg het verkeer tussen Pretoria en die Soutpansbergdistrik laat toeneem en sedert 1887 is pos en passasiers twee keer per week per poskoets tussen Pretoria, oor Hammanskraal, Hartingsburg (Warmbad), Nylstroom, Makapanspoort en Marabastad na Pietersburg vervoer. Die behoefte aan 'n halfwegstasie op die posroete het in 1888 aanleiding gegee tot die stigting van 'n posagentskapskantoor, onder beheer van H.H. Kretschmer, te Makapanspoort.

Die toenemende verkeer op die posroete het ook die behoefte aan 'n permanente handelspos by die drif deur die Dorpsrivier op die pad na Pietersburg, geskep. The General Merchants Store van Natrop en Tamsen is reeds in 1886 by die drif gevestig. Kort daarna is 'n tweede algemene handelsaak deur Struck en Schultz⁵⁵ by die drif geopen. Laasgenoemde twee here het ook 'n "hostelry" bedryf.

Die hele streek het oor die algemeen baie baat gevind by die goudkoors en die groei van delwerpe by Eersteling en Smitsdorp. Baie inwoners het, veral na die doodloop van Smitsdorp in 1890, huisvesting in gevestigde gemeenskappe gesoek en 'n groot vraag na erwe en okkupasieplase in die Makapanspoort het ontstaan.⁵⁶ Baie van die aansoekers was

55 Die firma *Struck en Schultz* dryf vandag nog handel in Potgietersrus.

56 Vergelyk SS1690,R7097/88: Brief H.D. van Eijk/Staatsekretaris, 1889.12.30; SS1095,R4260/85: Brief F. Jeppe/Staatsekretaris, 1885.09.21; SS2217,R12884/89: Brief H.N.P. Pretorius/Staatsekretaris, 1889.01.15.

ou inwoners wat Pieterpotgietersrust in 1870 verlaat het.⁵⁷ Sommige van hulle het hulle aanspraak gegrond op die verdediging van “het oude dorp” teen Mankopane in 1867/68⁵⁸, terwyl andere soos L. de Klerk, Izaak de Klerk, Carl Smidt, Furstenburg, Marthinus Bosse en J.L. Bezuidenhout hulle aanspraak gerig het op spesifieke erwe wat hulle in “het oude dorp” geokkupeer het.⁵⁹

Intussen het die Berlynse Sendinggenootskap werksaamhede by die Makapanspoort- en Thutlwane sendingstasies voortgesit, alhoewel die sendingwerk stadig gevorder het as gevolg van Mankopane se vyandige houding en sy aandrang dat gemeentede ook die tradisionele gebruike moes onderhou. Die dood van Mankopane in 1889 het die hervestiging van blankes in die gebied gunstig beïnvloed omdat hy op sy sterfbed aan sy volgelinge te kenne gegee het dat hy geen beswaar sou hê indien hulle sendelinge en blankes in die gebied sou toelaat nie.⁶⁰

Alhoewel Pieterpotgietersrust dus in 1870 totaal ontruim en verlaat is, is dit geleidelik weer tydelik en permanent deur blankes beset en teen 1888 moes daar reeds genoegsaam blankes saamgetrek gewees het om aanleiding te gee tot die Volksraadbesluit om “een zeker aantal erven te P.P.Rust (Pieterpotgietersrust) te doen occuperen in termen van de Occupatie Wet, d.i. Wet No. 8, 1886”.⁶¹ Aanspraakmakers moes binne drie maande nadat ’n erf aan hulle toegeken is, die grond okkupeer of anders hulle aanspraak daarop verbeur.

57 SP18,SPR2823/89: Brief Asst.-veldkornet (Smitsdorp)/Staatsprokureur, 1889.12.12.

58 SS5579,R8704/90: Naamlis van okkupante.

59 SS5579,R6770/90: Naamlis van okkupante. Wanneer ’n dorp opgehou het om te bestaan, is die eienaars van erwe gewoonlik daarvoor vergoed met die toekenning van erwe in nuwe dorpe wat daarna aangelê is om die oues te vervang.

60 D.W. van der Merwe, “Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900”, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1*, 1983, p.108.

61 SS5579,R9798/96: Aanhaling Volksraadnotule, Art. 71, 1888.05.12. Kyk ook ZAR Band 17: Locale Wetten der ZAR.

Hierdie besluit het wye reaksie uitgelok en verskeie pioniers het hulle “zich hier gevestigd ... de grond te bewerken en voor goed hier te bleven ...”.⁶²

Die dorp is in 1890 onder leiding van kmdt. Henning Petrus Nicolaas Pretorius⁶³ stelselmatig uitgemeet en deur blankes hervestig. Die strategiese belangrikheid van die dorp was vir Pretorius 'n saak van groot erns “om reden dat Makapanspoort de sleutel draagt tusschen hier en Zoutpansberg”.⁶⁴ Reeds in November 1889 stuur hy 'n memorie met 'n naamlys van 57 burgers wat belangstel om “de oude dorp Piet-Potgietersrust” te okkupeer, gevolg deur 'n tweede lys met 37 name daarop.⁶⁵ Hy versoek ook namens die burgers dat die waterleiding van “de oude dorp” herstel moet word, maar net twee weke later berig hy dat die waterleiding binne 30 dae herstel sou wees en versoek dat 'n landmeter so spoedig moontlik na Makapanspoort gestuur word om die dorp uit te meet want “minste van 80 tot 100 man” stel in okkupasie-erwe belang. Hy stel ook voor dat 'n tweede watervoor ongeveer 1200 meter hoër as die ou voor aangelê moes word.⁶⁶

Pretorius se versoek vir die aanlê van 'n tweede watervoor is in dieselfde jaar (1889) goedgekeur.⁶⁷ Kragtens 'n latere besluit⁶⁸ het Pretorius opdrag ontvang om self die watervoor met die hulp van 'n paar kommissieleden te peil en om persoonlik oor die werk toesig te hou. Vir die werk aan die voor is almal wat tot aan die einde van die projek meegehelp het, 'n bykomende

62 SS5582,R9798/96: Brief Willem Fourie/Staatsekretaris, 1889.09.16.

63 Henning Pretorius was 'n broerskind van die Voortrekkerleier Andries Pretorius en in bevel van die afdeling RAP wat in 1886 na Soutpansberg gestuur is om met die hervestiging van blankes in die gebied behulpsaam te wees. Een van die take waarmee die RAP behulpsaam was, was om padmakers van goedgesinde kapteins te werf. Pretorius was ten tyde van die hervestiging van Pieterpotgietersrust besig om toesig te hou oor die bou van die pad vanaf Middelfontein oor Makapanspoort na Smitsdorp en Pietersburg, wat sy betrokkenheid by die streek en dorp verklaar. SS1695,R7362/88: Brief Pretorius/Staatsekretaris, 1888.08.11. Vir volledige biografiese inligting, raadpleeg B.J. Kruger, “Pretorius, Henning Petrus Nicolaas”, in W.J. de Kock en D.W. Kruger, (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 2*, pp.581-582.

64 SS5579,R12884/89: Brief Pretorius/Kommandant-generaal, 1889.12.18.

65 SS5579,R12884/89: Memorie Pretorius/Staatsekretaris, 1889.11.01 en 1889.11.15.

66 SS5579,R12884/89: Brief Pretorius/Staatsekretaris, 1889.11.30.

67 SS5579,R12884/89: URB.796, 1889.12.17.

68 SS5579,R12884/89: URB.96, 1891.06.24.



KMDT. HENNING PRETORIUS

Henning Petrus Nicolaas Pretorius (9 Febr. 1844 - 25 Jan. 1897) wat 'n groot aandeel gehad het in die hervestiging van Pieterpotgietersrust, 1890.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6154

erf, aangrensend aan die erf waarop hy as okkupant aanspraak gemaak het, belowe, terwyl drie bykomende erwe aan Pretorius vir sy werk beloof is.⁶⁹

Die dorp is in Mei 1890 deur landmeter E.B. Watermeyer in 508 erwe, elkeen gemiddeld 150 x 300 Kaapse voet groot, uitgemeet. Voorsiening is ook gemaak vir drie pleine, naamlik Markt-, Presidents- en Genl. Joubertplein.⁷⁰ Sommige straatname is ontleen

⁶⁹ Dit was algemene praktyk in die ZAR om burgers met okkupasiegrond te vergoed vir gelewerde dienste.


⁷⁰ Marktplaas is in 1938 tydens die Simboliese Ossewatrek verdoop tot Piet Potgieterplein. Presidentsplein is verdoop tot President Krugerplein. J.J.C.J. van Rensburg, "Die ontstaan en ontwikkeling van plaaslike bestuur", in A.J. Combrink, (red.), *Eufoes-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.28.

PLAN

VAN HET DORP

PIETER POTGIETERS RUST

Erven = 150 x 300 voeten
Straaten = 80 voeten
Hoofdstraat = 100 voeten



aan pioniers wat 'n belangrike aandeel gehad het in die stigting van die dorp.⁷¹ Die gebied rondom die dorp is as dorpsgronde uitgehou, wat tot beskikking van die dorpsbewoners was. Hulle is toegelaat om elkeen hoogstens een span osse, tien koeie en 100 skape daarop aan te hou.⁷² Elke inwoner moes self water vir huishoudelike gebruik voorsien en dit was glad nie ongewoon dat dié water uit besproeiingsvore geskep is nie.⁷³ (Kyk Plan van het dorp Pieter Potgietersrust.)

Die eerste 91 erwe is in Junie 1890 onder toesig van Landdros Kroep van Waterberg deur middel van loting aan okkupante toegeken,⁷⁴ waarna okkupante begin het om erwe onderling uit te ruil met die oog op die besit van *watervoorrecht-erven*.⁷⁵ Elke ruiling is via die Landdros van Waterberg deur die kantoor van die staatsekretaris goedgekeur en aangeteken, 'n praktyk wat groot verwarring in die rekordstelsel meegebring het. 'n Spesiale *Grondrechten Commissie*, bestaande uit Henning Pretorius, Landdros Kroep en P. Naude, is in 1891 benoem om die erftoekenning uit te sorteer en verdere aansoeke te hanteer.

Die kommissie het dadelik met sy werksaamhede begin en nog in dieselfde jaar vra Pretorius vir die Regering om 'n verdere 100 erwe uit te meet, aangesien 197 erwe reeds geokkupeer was en 'n tekort aan watervoorreg-erwe ondervind is. Hy vra ook goedkeuring


71 Langestraat is in 1938 verdoop tot Voortrekkerweg. Makapanstraat is verdoop tot Vredenburgstraat. Hoofdstraat is in 1949 tydens die Ruitersfees verdoop tot Ruitersweg en Marktstraat is in 1952 verdoop tot Van Riebeeckweg. J.J.C.J. van Rensburg, "Die ontstaan en ontwikkeling van plaaslike bestuur", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, pp.28-29. Volgens die eeufeesprogram van die Simboliese Ossewatrek, 7 Desember 1938, is Lang(e)straat tot Vredenburgstraat verdoop. Die vernoeming is behartig deur mnr. A.P. Hawken "op die hoek van die winkel *Struck en Schultz*". Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 700.1. Die name bestaan steeds.

72 ZAR Band 26: Locale Wetten der ZAR, pp.85-89.

73 J.J.C.J. van Rensburg, "Die ontstaan en ontwikkeling van plaaslike bestuur", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.30.

74 SS5579,R1409/90: Verslag van Landdros, 1890.06.12.

75 E.A. Struck het byvoorbeeld op 9 September 1890 sy *watervoorrecht-erven*, nrs. 441 en 442, geruil vir erwe 179 en 180 wat aan N.J. Schutte behoort het. SS5579,R1409/90: Kennisgewing Landdros/Staatsekretaris, 1890.09.09.



Coördinaten

A+18542.40 + 20857.39
 B+19871.80 + 21410.04
 C+20230.61 + 20611.80
 D+21678.14 + 20150.90
 E+21270.17 + 19551.12
 F+20829.43 + 18769.63
 G+19483.09 + 19254.02

Sijden

AB 1439.69
 BC 875.17
 CD 1519.10
 DE 725.37
 EF 897.21
 FG 1430.84
 GA 1858.95

Hoeken

A 82.10.20
 B 91.37.50
 C 228.8.10
 D 73.26.20
 E 184.48.00
 F 99.38.00
 G 140.11.20

Connectie

cC 319.29
 CB 875.17
 Be 991.45
 eC 326.68

c 94.21.20
 C 132.54.50
 B 28.32.50
 e 104.11.0

KAART VAN PIETPOTGIETERSRUST WAAROP
 GEDEELTE HJKL, VOORGESTELDE VIER ERWE
 VIR BERLYNSE SENDINGGENOOTSCHAP, AANGE-
 DUI WORD. 1897/03/22

vir die toekenning van erf 433 aan die *Piet Potgietersrust Publieke Christelike School* en erf 436 vir die inrig van Goewermentskantore.⁷⁶

Kragtens die bepaling van die Okkupasiewet (Wet nr. 8 van 1886) was okkupante geregtig op net een erf en een plaas, maar na aanleiding van versoeke van verskeie okkupante dat hulle as landbouers nie op net een erf 'n bestaan kon maak nie,⁷⁷ het die Uitvoerende Raad besluit dat hulle toegelaat mag word om drie erwe, aangrensend aan die okkupasie-erf, te koop, op voorwaarde dat al die erwe behoorlik bewerk moes word.⁷⁸ Aansoekers wat van hierdie voorreg gebruik gemaak het, was A.J. Kempen, J.M. van den Berg, P.R. Pretorius, A.H. Geyser, M.J. Geyser, H.J. Geyser, J.H. van der Berg, W. Petersen en F. Geyser.⁷⁹ Vier erwe is ook aan die Berlynse Sendinggenootskap toegeken "... zoodat deze niet het eigendom worden van genoemd genootschap, doch eigendom van het dorp blijven ...", vir die bou van 'n nuwe sendingstasie te Makapanspoort.⁸⁰ Hierdie standplaas was waarskynlik te klein vir die behoeftes van die Sendinggenootskap, want in 1893 doen hulle aansoek om die uitmeet van nog twaalf erwe op die aangrensende dorpsgronde.⁸¹ (Kyk kaart van Pieterpotgietersrust waarop gedeelte KVKL, voorgestelde erwe vir Berlynse Sendinggenootskap, aangedui word.)

Volgens 'n kennisgewing in die *Staats Courant*⁸² was 245 erwe in 1896 nog vir okkupasie beskikbaar toe die Uitvoerende Raad besluit⁸³ het om:

76 SS5582,R9798/96: Brief Pretorius/Staatsekretaris, 1891.03.02.

77 SS5582,R9798/96: Brief A.H. Geyser (en andere)/Staatsekretaris, 1891.02.09.

78 SS5579,R1409/90: VRB.599, 1890.09.18.

79 SS5582,R9798/96: Aansoeke van inwoners.

80 SS5582,R9798/98: URB.21O, 1892.02.26. Hierdie bepaling geld vandag nog en hoewel die sendingstasie nie meer gebruik word nie, en in der waarheid besig is om te verval, behoort die grond aan die gemeenskap van Potgietersrus en die geboue aan die Berlynse Sendinggenootskap, wie se hoofkantoor in Oos-Berlyn gesetel is.

81 SS5582,R9798/96: Brief Berlynse Sendinggenootskap/Volksraad, 1893.06.22.

82 *Staats Courant (ZAR)*, 1896.08.26.

83 SS5579,R1409/90: URB.40, 1896.08.26.

1. Den Registrateur van Acten te machtigen grondbrieven uit te reiken aan de personen, die nu in het wettig bezit van de erven zijn, onverschillig deur hoevele handen deze erven zijn gegaan, indien aanzoek voor gemelde grondbrieven binne drie maanden na datum voor kennisgeving ten kantore van den Registrateur van Acten word gedaan.
2. De verdere behandeling van dit rapport in handen stellen van den Land-meter-generaal en den Registrateur van Acten.

Die toekenning van erwe onder die bepaling van die Okkupasiewet van 1886 is nie met hierdie besluit afgesluit nie, want in 1897 word erf 426 nog aan M.C. Busen toegeken⁸⁴ en in 1898 doen J.J. de Beer aansoek om die okkupasie van erf 489. Laasgenoemde het in 1858/59 as “wacht” diens gedoen in “het oude dorp” en kon eers in 1898 as gevolg van sy armoedige lewensomstandighede aansoek om kompensasie, in die vorm van ’n erf, doen.⁸⁵ Elf erwe was toe nog as burgerregerwe beskikbaar vir okkupasie.⁸⁶

Alhoewel een van die oudste dorpe in Transvaal, was Pieterpotgietersrust met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 nog yl bewoon, en enige ontwikkeling het stadig geskied. Die algemene leefwyse van die inwoners was armoedig en gerig op selfversorging. ’n Besondere behoefte aan handel was daar nie en voordat toestande kon verbeter as gevolg van die spoorwegverbinding met Pietersburg en die markte van Pretoria en die Witwatersrand, het die oorlog uitbreek. Die algemene ontwrigting wat die oorlog meegebring het, het verdere ontwikkeling ondergeskik gemaak aan die stryd om oorlewing.

In die na-oorlogse jare het onenigheid onder die inwoners van die dorp ontstaan oor die naam van die dorp. Sommige inwoners het blykbaar nie kans gesien om langer die lang naam “Pieterpotgietersrust” te gebruik nie en het die naam verkort tot slegs “Potgieter”

84 SS5579,R9798/96: Brief Busen/Staatsekretaris, 1897.06.18.

85 SS5579,R9798/96: Brief J.J. de Beer/Staatsekretaris, 1898.05.18. Dit was algemene praktyk in die ZAR dat burgers in die vorm van ’n erf vergoed is vir dienste gelewer.

86 SS5579,R9798/96: Kennisgewing aan Staatsekretaris, 1898.04.26.

en in 1903 selfs by die Uitvoerende Raad aansoek gedoen dat die naam van die spoorwegstasie na *Potgieter* verander moes word.⁸⁷ Vir 'n ander groep inwoners was hierdie daad niks anders as heiligskenis nie en na kwytraking van heelwat heftige woorde is 'n kompromis eindelijk bereik toe die “Piet/Pieter” prysgegee is en die dorp se naam verkort is tot “Potgietersrust”. Die Luitenant-goewerneur het die seël op hierdie kompromis geplaas toe hy in 1903 beslis het dat ook die naam van die spoorwegstasie dienooreenkomstig verander moes word.⁸⁸

Nadat die eerste jare van hervestiging afgehandel is, het die behoefte aan sekere openbare dienste begin toeneem en in die jare na 1894 is verskeie versoekskrifte tot die Staatspresident en Volksraad gerig vir die lewering van dienste, of die verbetering van bestaande dienste.

87 EC39,EC710.01.03: Brief Sekretaris/Lt.-goewerneur, 1903.12.08. Die kwessie van naamsverandering het in 1890 ook ter sprake gekom as gevolg van verwarring wat ontstaan het tussen Pieterpotgietersrust en Paul Pietersburg, distrik Utrecht. SS2279,R3390/90: Brief Watermeyer/Staatsekretaris, 1890.03.05.

88 EC39,EC710.01.03: Brief Lt.-Goewerneur/Sekretaris, 1903.12.11. In 1954 het die “t” aan die einde van die “rust” ook verval en is die dorp se naam finaal verander na *Potgietersrus*.



POTGIETERSRUST: Vroeg twintigste eeu.
Arend Dieperink Museum: Foto 01/4566; 01/2297/1; 01/5599/2

HOOFTUK 5

DORPSONTWIKKELING

Omdat die vroeë geskiedenis van Potgietersrus gekenmerk word deur 'n stryd om vestiging, beveiliging en erkenning, is slegs geringe tekens van dorpsontwikkeling in die jare na 1890 waarneembaar. Die inwoners se eie ontwikkeling, bedrywighede en aktiwiteite in die stryd om veilige vestiging het langsaam gevorder, met weinig geleentheid om tot die ontwikkeling van die gemeenskap by te dra. Doelmatige dorpsontwikkeling sou afhang van die bepaalde omstandighede, vermoëns, karakter en lewensbeskouing van die betrokke gemeenskap, en die uiters armoedige bestaan van 'n groot deel van die gemeenskap was 'n kenmerk van Potgietersrus tot in die dertigerjare van die twintigste eeu.

Hierdie kenmerk is oorgedra op die uitgerekte vestigingsfase en stadige groei van Pieterpotgietersrust as dorp. Die skeidslyn tussen vestiging en ontwikkeling en die implementering van tegniese dienste in die ontwikkelingsfase, is baie vaag. Ontwikkeling tydens die hervestigingsjare (1890-1904) is in 'n groot mate ineengestrengel met die proses van hervestiging en om dit van ontwikkeling te onderskei, is die praktiese reël gevolg dat vestiging eindig met die stelselmatige toekenning en okkupasie van erwe en die besluit om met die toepassing en implementering van spesifieke openbare dienste te begin.

Ontwikkeling daarteenoor is die proses van geleidelike groei en vooruitgang deur middel van die toenemende mate waarin behoeftes ontvou en vertak in die lewering van openbare dienste. In die proses bestaan daar geen spesifieke begin- of eindpunt nie, omdat die mens se behoeftes kumulatief, onversadigbaar en moeilik definieerbaar is. Dorpsontwikkeling in die sin waarin dit in die hieropvolgende afdelings behandel word, word derhalwe vanuit 'n evolusionêre oogpunt betrag en daar kan eerder van rigtings as van eindpunte gepraat word.

5.1 PLAASLIKE BESTUUR

Kragtens die grondwet¹ van die ZAR is plaaslike bestuur vanuit die sentrale regering beheer, terwyl plaaslike burgers weer op indirekte wyse deur middel van memories inspraak verkry het in die sentrale bestuur van die land. Die Volksraad is as hoogste gesag met wetgewende mag bekleed, maar hulle kon hierdie besondere mag alleen beoefen met die voorbehoud dat voorgestelde wette vir drie maande aan die volk vir kennisname en goedkeuring voorgelê is.² Daarby het die Staatspresident van die ZAR³ jaarliks saam met 'n lid van die Uitvoerende Raad⁴ 'n reis deur die land onderneem om aan die volk geleentheid te gee om hul behoeftes en belange aan hom oor te dra. By geleentheid van so 'n besoek het die inwoners van Pieterpotgietersrust onder 'n groot kameeldoringboom in Hoofdstraat (Ruiterweg) vergader en vrylik van die toeganklikheid tot die Staatspresident gebruik gemaak, as die talle memories oor watervoorsiening, bou van strate, bou van 'n

1 Die grondwet het voorsiening gemaak vir drie staatsmagte, naamlik wetgewend, uitvoerend en regterlik, asook vir 'n Krygsraad, wat verantwoordelik was vir polisiëring en verdediging, en "landsambtenaren" wat vir administrasie en bestuur verantwoordelik was. Die inkomste van die staat word in die slotafdeling van die grondwet beskryf. M.C.E. van Schoor en J.J. van Rooyen, *Republieke en republikeine*, pp.82-95.

2 M.C.E. van Schoor en J.J. van Rooyen, *Republieke en republikeine*, p.88.

3 Die pligte van die Staatspresident kan opsommend soos volg saamgevat word: Sy eerste taak was om die wette en besluite van die Volksraad uit te voer; tweedens moes hy die algemene bestuur van die land waarneem en ten derde het hy 'n belangrike aandeel in die daarstelling van wetgewing vir die ZAR gehad. Vir sy handeling moes die Staatspresident die goedkeuring van die Volksraad of die Uitvoerende Raad verkry. Hoewel hy dus geen besondere mag gehad het nie, was die Staatspresident geen willose instrument of handlang van die Volksraad nie omdat die grondwet hom genoeg geleentheid gebied het om as leier en raadgever van sy volk op te tree. In die praktyk het pres. Paul Kruger heelwat invloed uitgeoefen sodat hy inderdaad die hoofwetgewer van die ZAR geword het. M.C.E. van Schoor en J.J. van Rooyen, *Republieke en republikeine*, p.93.

4 Die Uitvoerende Raad is saamgestel uit die Staatspresident (voorsitter), die Kommandant-generaal, twee nie-volksraadslede deur die Volksraad vir drie jaar benoem en die Staatsekretaris. Sedert die tagtigerjare het die Superintendent van Naturellesake en 'n notulehouer ampshalwe ook sittings- en stemreg gehad. Hoewel die Uitvoerende Raad met min gesag bekleed was omdat alle besluite aan die goedkeuring van die Volksraad onderhewig was, het die raad nogtans gehelp om die groot verantwoordelikheid van die Staatspresident te verlig en hom tot steun te dien. M.C.E. van Schoor en J.J. van Rooyen, *Republieke en republikeine*, p.94.

hospitaal, ensovoorts in aanmerking geneem word.⁵ Die inwoners het dus op hierdie wyse indirekte inspraak in besluitneming oor die daarstel van spesifieke openbare dienste in Pieterpotgietersrust uitgeoefen, want die Staatspresident was verantwoordelik vir die indiening van wetsontwerpe en besluite, hetsy dit van homself, 'n lid van die Volksraad of uit die volk by wyse van memories afkomstig was. Die Staatspresident het ook as hoogste amptenaar van die land al die landdroskantore besoek om vas te stel of die amptenare hulle pligte nagekom het.

Elke distrik is deur 'n Distriksraad⁶, bestaande uit 'n landdros en ses heemrade, bestuur en het hulle gesag aan die Uitvoerende Raad ontleen. Verder is klerke, mark- en skutmeesters, waterfiskale, takseteurs en inspekteurs na behoefte aangestel en bygestaan deur die velkornette, wat alle wette en regulasies wat in die *Staats Courant* verskyn het onder die aandag van burgers in hulle wyke moes bring.



BOOMSTOMP: SKOOLBOOM

Stomp van kameeldoringboom waaronder inwoners vergader het. Die koelte van die boom het in die beginjare na hervestiging ook as *skoolklaskamer* diens gedoen.

Fotoversameling: J. du Plooy

-
- 5 Meer aandag word in die hieropvolgende afdelings aan die betrokke memories gegee.
 - 6 Die Distriksraad van Waterberg se hoof funksies hou verband met die bou van paaie en brûe en word daarom in die afdeling oor *verbindingsweë en strate* bespreek.

Met die uitsondering van salarisse was die inwoners van elke distrik self verantwoordelik vir administrasiekostes en die voorsiening van geld vir die bou en instandhouding van paaie en ander openbare dienste.

Die bestuur van die Waterbergdistrik is behartig deur Landdros H.J. Kroep, wat in Nylstroom gesetel was. Die juridiese magte van die Landdros en die regsprosedures wat in landdroshowe gevolg moes word, is uitvoerig in die grondwet omskryf en wye juridiese en administratiewe magte is aan hom toegeken. Hy was *ex officio* voorsitter van alle rade in die distrik en op administratiewe terrein belas met die invordering van belastinge, die verkoop van eiendom onder *parate executie* met die doel om belastinge te verhaal, en die uitreik van lisensies aan winkeliers, handelaars, delwers, jagters, ensovoorts. Verder was die Landdros belas met toesig oor die dorpe in sy distrik vir die ordelike verloop van sake.

Kort na hervestiging in 1890 is vir die geregtelike bestuur van Pieterpotgietersrust voorsiening gemaak deur die instelling van 'n periodieke hof, wat elke derde maand deur die Landdros van Waterberg op die dorp gehou is.⁷ H.W. Budke is as Waarnemende Landdros vir Waterberg aangestel vir die tye wanneer Landdros Kroep vir hofsittings na “Makapanspoort” moes gaan.⁸ Die eerste hofsitting “voor het behandelen van criminele en civiele zaken, als ook voor het ontvangen van belastingen, enz. ...” is op 8 Oktober 1890 in Pieterpotgietersrust gehou.⁹

Die Landdros is in bestuursake bygestaan deur 'n “dorpsbestuur”, en tydens 'n openbare vergadering op 3 Augustus 1892, is Pieterpotgietersrust se eerste dorpsbestuur van vyf lede

7 SS2497,R12047/90: URB.582/90, 1890.09.09.

8 Argief Landdros Waterberg, Band 3: Brief Staatsekretaris/Landdros, 1890.05.29.

9 *Staats Courant (ZAR)*, 1890.09.25.

verkies. In die *Dorp Regulasie* van veertien hoofpunte is die klem gelê op reëlins met betrekking tot die gebruik van water en leiwore en die algemene netheid van die dorp.¹⁰ Die regulasies het ook voorsiening gemaak vir die aanlê van 'n uitspanning vir waens en die betaal van een pond tien sjielings boete indien 'n persoon hom skuldig sou maak aan oortreding van die goedgekeurde regulasies. Die *Dorp Regulasie* is deur sestig burgers van Pieterpotgietersrust onderteken, met die versoek dat dit deur die "Hoog Ed. Regering" goedgekeur moes word.¹¹ Die regulasies is nog dieselfde jaar via Landdros Kroep aan die Volksraad vir goedkeuring voorgelê.

Vir die administrasie van Pieterpotgietersrust het 'n resident-vrederegter die Landdros van Waterberg verteenwoordig, en hy moes aan die landdros verslag doen. Die Resident-vrederegter is op sy beurt bygestaan deur 'n waterfiskaal, "segelmeester" en magasynmeester,¹² hul kantore was aanvanklik op erf 433 geleë, maar is in 1893 na erf 436 verskuif, waar regeringskantore, 'n gevangenis en 'n amptelike woning vir die Resident-vrederegter

10 Besonderhede van die dorpsregulasies geniet aandag in die afdelings oor *watervoorsiening* en *gesondheidsdienste*.

11 SS3428,R9131/92: Memorie burgers van Pieterpotgietersrust, 1892.08.03.

12 Argief Landdros Waterberg, Inleiding tot inventaris: p.3. Daar bestaan geen argiefstukke van die magasynmeester en seëluitdeler van Pieterpotgietersrust nie.

opgerig is.¹³ Drie verskillende persone het in die eerste jare na hervestiging as Resident-vrederegter vir Pieterpotgietersrust opgetree, naamlik Marthinus C. Schutte (1890-1894), Gideon Michael Janse (1894-1897) en Jan de Beer (1897-1900).¹⁴ J.F. Klopper is as eerste seëluideler aangestel¹⁵ terwyl C. Lombard in 1898 as klerk in die kantoor van die resident-vrederegter aangestel is.¹⁶



GOEWERMENTSKANTORE: POTGIETERSRUST

Vroeg twintigste eeu.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/4563

Resident-vrederegter Schutte het in die beginjare sy hande vol gehad met die handhawing van wet en orde in die dorp, want in April 1890 kla hy dat die burgers feitlik daaglik met mekaar handgemeen geraak het, waarskynlik oor die okkupasie van spesifieke erwe.¹⁷ Hierdie probleem is waarskynlik deur die inwoners self opgelos want geen verdere verwy-

13 SS3706,R4351/93: Verslag Landdros Waterberg, 1893.08.17.

14 Argief Landdros Waterberg, Band 3: Brief T. Eloff/Landdros, 1890.09.10; SS7217,R6289/98: Brief E.A. Struck/Landdros, 1898.05.17; J.J.C.J. van Rensburg, "Die ontstaan en ontwikkeling van plaaslike bestuur", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.27.

15 SS4245,R5292/94: Brief Seëlmeester (Pretoria)/Staatsekretaris, 1894.05.21.

16 SS5606,R10819/96: Brief Staatsekretaris/Landdros, 1898.11.07.

17 Argief Landdros Waterberg, Band 12: Brief Resident-vrederegter/Landdros, 1890.04.11.

sing daarna kon gevind word nie. By gebrek aan 'n gereelde polisie diens is tot 'n groot mate gebruik gemaak van die welwillende steun van die publiek om wet en orde te handhaaf en in krisistye het burgers dikwels saamgespan in pogings om die goeie orde te handhaaf. Spesifieke polisie take soos die handhawing van orde en die onderdrukking van onluste is ook deur die grondwet aan die veldkornet toegewys en daar kan aanvaar word dat die veldkornet ook tussenbeide getree het om dreigende onluste te ontloot.

Die veldkornet was naas die landdros die belangrikste persoon in die distrik. Hy het die landdros in sy wyk verteenwoordig en uiteenlopende take is deur die Volksraad aan hom toegeken. As krygsoffisier het hy onder jurisdiksie van die Krygsraad gestaan en moes hy 'n lys van alle weerbare burgers in sy wyk op datum hou, orde handhaaf, opstande onderdruk, kommando's oproep en sy land verdedig. Talle administratiewe funksies, waarvoor hy aan die Landdros verantwoordelik was, is ook aan die veldkornet opgedra. In hierdie hoedanigheid was die veldkornet 'n sleutelfiguur in die toekenning en registrasie van plase en die invordering van belastinge.

Namate Pieterpotgietersrust se bestuursbehoefte belangriker geword het, is Pieterpotgietersrust na herhaalde versoeke van die burgers in 1894 tot afsonderlike wyk van die distrik Waterberg verklaar. (Kyk kaart van die wyk Pieterpotgietersrust.) Die grenslyn van die nuwe wyk is soos volg vasgestel:

De lijn te beginnen op de wijklijn van Zwagershoek en Nijlstroom aan den Zandriversberg en wel op de plaats Bokpoort, loopende met een rechte lijn in zuid-oostelijke richting over de plaatsen: Houtboschvriër, Sterkfontein Noord, Sterkfontein Zuid, Rietbokspruit, Rietfontein (alias Andries-zijn-water), Naboomfontein, Vaalkop, Bokpoort, Mooihoek en Kalkfontein; van daar met een rechte lijn in oostelijke richting over de plaatsen Rondedoorn, Rooisloot, Groothoek, Modderfontein, Uitkijk en Schaapplaats (alias Pienaarsnek), tot daar, waar zij de districtslijn van Zoutpansberg snijdt.¹⁸

Vir die handhawing van wet en orde in die nuwe wyk is Lucas Cornelius Geyser tot veldkornet verkies, maar die Landdros en Resident-vrederegter het teen sy aanstelling beswaar gemaak op grond van klagte "voor bedrog en falsiteit" waaraan hy voorheen skuldig bevind is. Sommige van die burgers was ook ontevrede met die keuse en dien op 12 Januarie 1894 vyf besware teen Geyser by die Landdros in, naamlik dat Geyser die vyf pond boete wat die hof hom opgelê het vir oortreding van die veldkornetregulasies eers moes betaal; dat hy passe uitgereik het aan swartes wie dit nie behoort te gekry het nie; dat

18 ZAR Band 19: Locale Wetten, pp.340-342. Kyk ook *Staats Courant (ZAR)*, 1894.01.10.

WATERBERG
DISTRIK

MALIETSIES LOCATION

MATALAS LOCATION

LIMBURG

ZUID HOLLAND

YACHAPANS LOCATED

ABSTRACT

1

TRAYDI

LAATC

12

7

MC 55

17

4.

522

1000

55-

1000

5736

25

37

1

SPRINGBOKVLAKTE

BYSONDERHEID

WATERBERG
DISTRIK

DROË BOSRYKE VLAKTE

SPRINGBOK
VLAKTE

DIE WYK PIET POTGIETERSRUST

87

OUTPANSBERG
DISTRIK

MIDDELBURG
DISTRIK

VERWYSING

 Spoorlyn
 Trekroetes
 Berge / Koppies
 Riviere
 Distriksgrense
 Wyksgrense-1894

hy onregverdig teen sekere swartes opgetree het en dat hy geld van 'n lyk geneem het; dat hy 'n os wederregtelik van 'n swarte afgeneem het; en dat hy onregverdige boetes vir “kafferhonde” wat nie lisensies gehad het nie, opgelê het.

Landdros Kroep het hierdie besware na die Kommandant-generaal vir uitsluitel verwys. Geyser het intussen vir Jan Steyn as waarnemende veldkornet vir Pieterpotgietersrust aangestel omdat die plaaslike burgers vir kommandodiens teen Malaboch¹⁹ opgeroep is, terwyl die Landdros vir Johannes Jacobus Geyser as waarnemende veldkornet aangestel het. Die Kommandant-generaal het aanvanklik die waarnemende aanstelling van Steyn ter wille van die oorlog teen Malaboch bekragtig, maar J.J. Geyser is na 'n lang dispuut en nuwe verkiesing as veldkornet vir die wyk Pieterpotgietersrust aangestel.²⁰ E.A. Struck is terselfdertyd as magasynmeester aangestel.²¹

Die Landdros van Waterberg het reeds in 1891 by die Regering aansoek gedoen vir die bou van 'n nuwe kruitmagasyn op die dorp,²² maar daar is waarskynlik nie aan hierdie versoek voldoen nie want in 1898 het die Resident-vrederegter weer magtiging gevra vir die bou van 'n kruitmagasyn.²³ Geen spesifieke rede kon vir hierdie vertraging opgespoor word nie. Soek mens na dieperliggende redes, kom die algemene onwilligheid en miskien selfs kortsigtige houding van kmdt.-genl. Piet Joubert om die ZAR te bewapen, onwillekeurig na vore. Ten spyte van die oorlog teen Malaboch en die Jameson-inval (29 Desember 1895) was die burgers teen 1898 swak toegerus, terwyl die Regering self geen reserwevoorrade gehad het nie.²⁴ Hierdie houding van Joubert, sy teenkanting teen die oprigting van forte en sy afkeur aan bloedvergieting kon verband hou met die feit dat geen behoor-

19 Kyk ook in die afdeling oor *Gesondheidsdienste* waar kommandoede wat tydens die oorlog teen Malaboch gewond is na Pieterpotgietersrust teruggestuur is vir versorging.

20 SS4241,R4682/94: Verskeie korrespondensie insake aanstelling van veldkornet, 1894.

21 SS7106,R3805/98: Brief Kommandant-generaal/Landdros, 1898.03.31.

22 KG29,CR241/91: Brief Landdros/Kommandant-generaal, 1891.02.04.

23 KG300,CR3543/98: Brief Resident-vrederegter/Kommandant-generaal, 1898.07.15.

24 J.S. du Plessis, “Joubert, Petrus Jacobus”, in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 1*, p.435.

like kruitmagasyn op Pieterpotgietersrust opgerig is nie. Aansluitend hierby moet die klein getal inwoners wat hulle in hierdie jare in die dorp gevestig het, ook in aanmerking geneem word. Struck het in 1898, na verskillende onopgeloste administratiewe probleme sy ontslag as magasynmeester gevra. Geen melding word gemaak van wie as opvolger in sy plek aangestel is nie.

Die Resident-vrederegter en sy klerk is in 1899 vir kommandodiens opgekommandeer en gelas om die regeringskantore op Pieterpotgietersrust te sluit.²⁵ Pieterpotgietersrust is hierna vanuit die sentrale regering onder krygswet geadministreer totdat dit in 1901 deur die Britse magte onder leiding van lt.-kol. Plumer ingeneem is. Die Britse militêre bewind het reeds in Junie 1900 kennis gegee dat hulle alle regeringsgeboue van die ZAR oorneem het²⁶ en dat erfbelastings voortaan op dieselfde voorwaardes wat tydens die ZAR-bewind gegeld het, betaalbaar sou wees aan die Kantoor van die Siviele Kommissaris.²⁷ Die militêre administrasie van die dorp is in 1902, na die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog, met die aanstelling van 'n resident-magistraat vir die distrik Waterberg, met Nylstroom as setel, uitgebrei. Die wyk Pieterpotgietersrust is toe vanuit Nylstroom bedien.

25 SS8669,R13771/99: Oproepinstruksies/Resident-vrederegter, 1899.09.03; Brief Staatsekretaris/Resident-vrederegter, 1899.10.04.

26 *The Transvaal Government Gazette*, 1900.06.14.

27 *The Transvaal Government Gazette*, 1900.07.11.

Die taak van die Resident-magistraat is in 1902 vergemaklik deur die aanstelling van 'n gesondheidskomitee²⁸ wat die siviele administrasie van die dorp behartig het, sowel as 'n periodieke hof en assistent-resident-magistraat wat juridiese sake behartig het.²⁹ Uitgawes van die gesondheidskomitee met betrekking tot die administrasie van die dorp is deur die militêre regering gedra.

Die volgende stap op die pad na outonomie op plaaslike bestuursvlak vir kleiner dorpe was toe die Britse bewind in 1903 die *Municipal Corporations Ordinance No. 58* uitgevaardig het. Dorpe wat daarvoor gekwalifiseer het, het kragtens die ordonnansie volle seggenskap oor eie sake verkry, maar die inwoners van die betrokke dorpe sou voortaan self aanspreeklik vir die uitgawes verbonde aan die administrasie van die dorp wees.

Potgietersrust se eerste Dorpsraad³⁰ is in 1904 onder voorsitterskap van Charles Maggs³¹ ingestel. Ander lede van die Dorpsraad was Burgert Gildenhuys (ondervoorsitter), J.D. Naude, J.L. Pretorius en Jan Celliers.³²

Die administrasie van die Dorpsraad is deur 'n stadsclerk, mev. A.C. van der Merwe,³³ behartig. As stadsclerk was sy verantwoordelik vir die hantering en uitvoering van die funksies en besluite van die Dorpsraad.³⁴

28 Goewerments-kennisgewing nr. 504 van 1902

29 LD179,AG105/03: Brief Departement Justisie/Resident-magistraat, 1903. Kyk ook H.W.A. Rein, "Regsdienste, Potgietersrust, 1854-1954", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, pp.57-58.

30 Die Dorpsraad is in 1935 vervang deur 'n stadsraad toe die dorp verhoogde status ontvang het. J.J.C.J. van Rensburg, "Die ontstaan en ontwikkeling van plaaslike bestuur", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.27.

31 Charles Maggs is in 1863 in London gebore en het in 1879 na Suid-Afrika gekom waar hy in vennootskap met Donald Munro prospekterwerk in die omgewing van Pieterpotgietersrust gedoen het en die *Zaaiplaats Tin Mining Company* ontwikkel het. Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 000.4.

32 J.J.C.J. van Rensburg, "Die ontstaan en ontwikkeling van plaaslike bestuur", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.27.

33 Anna Catharina van der Merwe was die dogter van kmdt. Henning Pretorius en was getroud met kaptein P.J. van der Merwe van die staatsartillerie. Sy het goeie skoolopleiding gehad en is in 1904 deur Charles Maggs, voorsitter van die Dorpsraad, die pos van stadsclerk aangebied. Sy het die pos tot met haar verhuising uit Potgietersrus (1906) beklee. Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 000.4.

34 *The Transvaal Government Gazette*, 1904.01.08.



EERSTE DORPSRAAD

Eerste Dorpsraad van Potgietersrus, 1904.

Agter: Charles Maggs (voorsitter).

Sittende (v.l.n.r.): J.D. Naudé, Jan Celliers, mev. A.C. van der Merwe (stadsklerk),

Burgert Gildenhuys (ondervoorsitter), J.L. Pretorius.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6477

Die Dorpsraad het 'n belangrike aandeel gehad in die oprigting van 'n monument op die Marktplaas (vandag Piet Potgieterplein) ter ere van die Voortrekkers wat in 1854 deur die swartes van Mokopane en Mankopane uitgemoor is.³⁵ Hierdie inisiatief en optrede van die eerste dorpsbestuur het waarskynlik die moorde van 1854 en die daaropvolgende vernoeming van die dorp na kmdt.-genl. Piet Potgieter, vasgelê as die “ontstaan en stigting” van die dorp Potgietersrus en in 1952 die besluit van die Stadsraad³⁶ “dat Eeufeesviering in 1954 plaasvind”, beïnvloed.

35 Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 000.4.

36 Stadsraadbesluit, 18 Februarie 1952, Notule pp.3166-3167, paragraaf 6, aangehaal deur J.H. Meyer, “Die ontstaan en ontwikkeling van Potgietersrus as dorp”, in A.J. Combrink, *Eeufees-album, Potgietersrus, 1854-1954*, p.17.



MEV. A.C. VAN DER MERWE

Anna Catharina van der Merwe (8 Aug. 1876 - 12 Jul. 1972),
eerste stadsklerk van Potgietersrust (1904-1906).

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6251

Die Dorpsraad het van die begin af verbeterde openbare dienste nagestreef, maar 'n gebrek aan fondse het 'n deurslaggewende rol in die uitvoering van ontwikkelingsprojekte gespeel. Belasting was baie laag omdat die inwoners na die Anglo-Boereoorlog baie verarm was, en daar was ook geen eksterne lenings of -inkomste beskikbaar om aan te wend vir ontwikkelingsprojekte nie. Vooruitsigte vir vooruitgang was baie skraal en die Dorpsraad was eers in die dertigerjare in staat om met behulp van eksterne lenings aandag te gee aan die ontwikkeling van spesifieke noodsaaklike dienste.³⁷

37 J.J.C.J. van Rensburg, "Die ontstaan en ontwikkeling van plaaslike bestuur", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.29.

5.2 WATERVOORSIENING

Beskikbaarheid van water en die voorsiening daarvan was baie belangrik by die aanleg van die dorp, want 'n groot gedeelte van die dorp is in "watererwe" vir besproeiingsdoeleindes uitgemeet. Volgens G.G. Munnik³⁸ was water met die aanleg van die dorp in oorvloed beskikbaar, maar die vraag na water vir besproeiingsdoeleindes het sedert die vroegste vestigingsjare veral in die droë seisoene 'n aktuele probleem geskep, en dit het die ernstige aandag van dorpsbesture tot diep in die twintigste eeu geniet.³⁹ Die watervore is met die oog op besproeiing van gewasse, veral koring, aangelê, maar omdat elke inwoner self water vir huishoudelike gebruik moes voorsien, was dit nie ongewoon dat dié water ook uit die besproeiingsvore geskep is nie.

Drink- en leiwater is sedert die ontstaan van die dorp vanuit die Dorpsrivier aan Pieterpotgietersrust voorsien. Die eerste watervore is in 1859/60 onder toesig van Christiaan Rabe aangelê, maar na die ontruiming van die dorp vernietig⁴⁰ en in 1889 deur Henning Pretorius herstel. Pretorius het ook 'n tweede watervore uitgemeet en aangelê.⁴¹

Streng bepalings ten opsigte van water- en leivore is in die *Dorp Regulasie* van 1892⁴² beskryf. Die versorging van die groot toevoervore was die verantwoordelikheid van die *Dorpsbestuur*, terwyl elke burger verantwoordelik was vir die instandhouding van leivore. Die regulasies maak ook voorsiening vir die reëling van water- en leibeurte en strafbepalings indien dit nie nagekom word nie. Met die oog op higiëne is bepaal dat alle diere wat in die vore gevind word, dadelik deur die skutmeester geskut moes word.

Die gebruik van leiwater is beheer deur 'n waterfiskaal, wat as 'n amptenaar van die Regering onder toesig van die Resident-vrederegter teen 'n salaris van 24 pond per jaar gewerk het. 'n Aanstelling as waterfiskaal het gevolg nadat die applikant se lewe en wandel,

38 G.G. Munnik, *Kronieke van Noordelike Transvaal* ..., p.50.

39 Die eerste water in pype is eers in 1935 aangelê, terwyl voldoende water vir die algemene behoeftes van die dorp eers in 1986 met die aankoop van die plaas *Planknek*, bevredigend voorsien kon word.

40 Verwys na Thomas Baines se beskrywing van die dorp in 1871. T. Baines, *The gold regions of South Eastern Africa*, pp.83-84.

41 Besonderhede van die tweede voor en erftoekenning aan diegene wat met die werk behulpsaam was, is in hoofstuk 4 bespreek.

42 SS3428,R9131/92: Regulasie voor de Dorp Pietpotgietersrust, 1892.08.03.

godsdiensoortuiging en kerkverband en ook sy burgerskap en stemreg deeglik ondersoek is. In die jare 1894-1896 was daar 'n voortdurende verwisseling van waterfiskaal, omdat niemand die harde en ongereelde werk teen so 'n lae salaris wou verrig nie. W. Fourie het op 19 Desember 1894 as waterfiskaal bedank en op 1 Januarie 1895 is Abraham Kempen in sy plek aangestel. Op 17 April 1896 is Lourens J. van Zyl as waterfiskaal aangestel, maar reeds in Junie 1896 doen H.D. van Eck vir die pos aansoek. Laasgenoemde se aansoek is afgekeur omdat hy as polisieman nie twee regeringsposte gelyktydig mog beklee nie.⁴³ Gevolglik rig die Resident-vrederegtter, via Landdros Kroep, in 1896 'n versoek tot die Regering dat die salaris van die waterfiskaal verhoog word tot 50 pond per jaar. 'n Uitgerekte korrespondensie tussen die Resident-vrederegtter en die Regering volg voordat Johannes Nicolaas Christoffel Fourie in Oktober 1896 teen 'n salaris van 50 pond per jaar as waterfiskaal vir Pieterpotgietersrust aangestel is.⁴⁴



LEIVOOR

Leivoor en sluis op hoek van Krugerstraat en Ruiterweg, Potgietersrus.

Fotoversameling: J. du Plooy

Die dorp het in 1896 probleme met watervoorsiening uit die Dorpsrivier ondervind. Die 100 pond wat deur Publieke Werke aan die dorp voorsien is om 'n dam te bou en die watervoor te verbeter, was te min en die inwoners was te arm om self 'n bydrae te maak vir

43 SS4599,R12565: Verskeie korrespondensie oor salaris van waterfiskaal, 1894-1896.

44 SS4599,R12565: Verskeie korrespondensie oor salaris van waterfiskaal, 1894-1896.

die herstel van die vore. Na vertoë van die Resident-vrederegter en 'n memorie van die inwoners, besluit die Uitvoerende Raad op 25 Oktober 1897 dat die 100 pond reeds toegestaan, tot 500 pond verhoog moes word sodat 'n dagloon van 5 sjielings per persoon betaal kon word vir die bou van die dam en twee kanale en vir die aankoop van die nodige gereedskap.⁴⁵ Verskeie tenders is vir die bou van 'n dam ontvang, onder andere van J.G. Celliers (600 pond); C. Maggs en E.A. Struck (1225 pond); J.J. Geyser en G.N. Helberg (1035 pond); A.J. Bester en L.J. le Grange (1600 pond); E. Stanley (1050 pond) en John Neave (1350 pond). Op 28 Julie 1898 keur die Uitvoerende Raad die laagste tender, die van J.G. Celliers, goed om onder toesig van Publieke Werke 'n dam en twee kanale te bou.⁴⁶

Werk aan die dam het dadelik 'n aanvang geneem, maar is in 1898 tydelik gestaak as gevolg van swaar reëns. 'n Bedrag van 240 pond 10 sjielings en 6 pennies was toe reeds uitbetaal, onder andere vir die aankoop van gereedskap by die firma *Struck en Schultz*, vir 40 sakke kalk gekoop by C. Maggs en vir 40 vragte klip aangery deur J. Pretorius.⁴⁷

Die Inspekteur van Publieke Werke het op 15 Julie 1898 inspeksie van die werk aan die dam gedoen en vind "een sterk dam, en goed gelegd ... 100 voet lank aan die oversyde, 6 voet brede boven en 20 voet brede onder in die fundement en 7 voet hoog". Die onderste laag is met sement gemessel, in die middel was kalk en bo was weer 'n laag sement.⁴⁸

Die dorp het tot in 1897 genoeg water vir huishoudelike gebruik en vir landboudoeleindes uit die Dorpsrivier verkry, maar sedert die eienaars van die plaas *Planknek* begin het met grootskaalse ontbossing en aanplanting van lemoenboorde en ander landbou-ontwikkeling, het die toevoer van water na die dorp sterk afgeneem. Die plaas het 'n groot deel van die beskikbare water vir eie gebruik gekanaliseer en in Augustus 1898 stuur die inwoners 'n memorie aan die Regering waarin hulle kla dat die eienaars van die plaas *Planknek*, waar die Dorpsrivier ontspring,

45 SS5426-9,R6273/96: Verskeie dokumente insake watervoorsiening aan Pieterpotgietersrust, 1896-1899.

46 SS5426-9,R6172/96: Verskeie dokumente insake watervoorsiening aan Pieterpotgietersrust, 1896-1899.

47 SS5426-9,R6172/96: Verskeie dokumente insake watervoorsiening aan Pieterpotgietersrust, 1896-1899.

48 SS5426-9,R6172/96: Verskeie dokumente insake watervoorsiening aan Pieterpotgietersrust, 1896-1899.

door middel van watervoren uit vermelde publieke stroom *DORPSRIVIER* ... een onredelijk gebruik maken van het water en bijna al het water van voornoemd publieke stroom *DORPSRIVIER* ontnemen hebben, zoodat de eigenaren van Erven en bewoners van het dorp Piet-Potgietersrust geen water hebben voor het besprooen hunner tuinen en beplantingen en ook geen drinkwater hebben en bijna van dorst vergaan.⁴⁹

Vir die inwoners van Pieterpotgietersrust het die oplossing van hierdie probleem in die aankoop van die plaas *Planknek* gelê en in September 1898 versoek hulle die Regering in 'n memorie om die plaas aan te koop.⁵⁰ Die Regering het in reaksie hierop 'n kommissie bestaande uit Jacobs (namens die Staatsprokureur), Ingenieur J.L. de Villiers (namens Publieke Werke) en adv. Stockenstroom (namens die Regering), uitgestuur om die waterkwessie te Pieterpotgietersrust te ondersoek. Volgens die verslag van Stockenstroom het die landbou-ontwikkeling op die plaas *Planknek* ongeveer die helfte van die watertoevoer na die dorp afgesny en geabsorbeer. Stockenstroom het derhalwe beëdigde verklarings van verskeie inwoners afgeneem om aan die Hooggeregshof van die ZAR voor te lê vir beslissing oor die reg en gebruik van water uit die Dorpsrivier.⁵¹

Die ondersoekkommissie het bevind dat sommige inwoners snags wederregtelik water uit die hoofvoor afgekeer het en sodoende bygedra het tot beskadiging van die watervoor en die algemene waternood van die dorp. In opvolging van hierdie bevinding vra die Resident-vrederegter dat die vore en sluise deur Publieke Werke uitgemessel moes word.⁵² Die Dorpsbestuur het in alle waarskynlikheid ooreenkomstig die bepalinge van die *Dorp Regulasie* teen skuldige inwoners opgetree.

Intussen het die eienaars van die plaas *Planknek* ook nie stilgesit nie. Hulle het van hulle kant die rivierloop en hoeveelheid water, asook die verbruik deur *Planknek* aan die een kant en Pieterpotgietersrust aan die anderkant, deur Landmeter Pritchard laat opmeet. Laasgenoemde se bevinding was dat al die water van die Dorpsrivier op die plaas *Planknek* ontspring; dat 'n groot hoeveelheid van die dorpswater verlore gaan as gevolg van die swak toestand van die watervore; en dat die plaas net 'n gedeelte van die water gebruik terwyl

49 SS5426-9,R6172/96: Memorie van Inwoners, 1898.08.19.

50 SS5426-9,R6172/96: Memorie van Inwoners, 1898.08.19.

51 SS5426-9,R6272/96: Verskeie dokumente insake watervoorsiening aan Pieterpotgietersrust, 1896-1899.

52 PW131,AR981/96: Brief Resident-vrederegter/Publieke Werke, 1896.06.17.

die res vrylik na die dorp afvloe. Pritchard het ook bevind dat *Planknek* die water net vir landboudoeleindes gebruik het.⁵³

Die inwoners van Pieterpotgietersrust het in 1898 opnuut 'n memorie aan die Staatspresident gestuur waarin hulle gekla het oor die gebrek aan besproeiingswater en dat hulle gesaaides as gevolg daarvan verdroog. Hulle versoek daarom die Staatspresident om hulle so spoedig moontlik te help met die verkryging van al die waterregte uit die Dorpsrivier. Hierdie memorie is gesteun deur 'n brief geskryf deur J. du P. de Beer, lid van die "Eerste Volksraad", en die Landdros van Waterberg. Beide het die aankoop van die plaas *Planknek*, gewaardeer op 15000 pond, bepleit. Die Regering het egter op 18 Augustus 1898 besluit dat die aankoopprys van die plaas te hoog is, en het met die dam as waterbron vir die dorp volstaan.⁵⁴

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 het die oplos van die waterkwesie te Pieterpotgietersrust vertraag. Die dispuut oor waterregte uit die Dorpsrivier tussen die eienaars van *Planknek* en die inwoners van Potgietersrust, het in 1902 die aandag van die Koloniale Sekretaris geniet. Eersgenoemde groep, onder leiding van Phillip Amm, het die oorsprong van die water in die Dorpsrivier as "private" besit beskou, terwyl die inwoners van die dorp hulle aanspraak gegrond het op die "algemene" besit van die Dorpsrivier.⁵⁵ In antwoord op hierdie dispuut reageer die Hidro-ingenieur van die Departement Publieke Werke soos volg:

... the Dorp River ... of opinion that it is a public stream, even if it has its source on the farm *Planknek* and that the persons residing on the Government Farm Pieter Potgietersrust, including the residents in the village of that name are entitled to their fair share of water as being residents on a Reprarian Farm ... I would therefore recommend that the claim of Mr. Amm to the exclusive use of the water, if insisted, can be resisted. This course is in my opinion preferable to allowing Mr. Amm to go to expense in bringing more land than he now has under cultivation, as I believe he intends to do, and then only "resisting" his action.⁵⁶

53 SS5426-9,R6172/96: Verslag van Pritchard, 1898.10.11.

54 SS5426,R6172/96: Verskeie dokumente insake watervoorsiening aan Pieterpotgietersrust, 1896-1899.

55 CS242,R12673/04: Brief Resident-magistraat/Koloniale Sekretaris, 1902.

56 PW.96,3682/03: Brief Hidro-ingenieur/Koloniale Sekretaris, 1903.06.10. Die Stadsraad van Potgietersrus het in 1886 die plaas *Planknek* van mnr. Phillip Amm (jnr.) gekoop met die oog op watervoorsiening aan die dorp. Verskeie boorgate is op die plaas gesink waaruit ondergrondse water in die dorp se opgaardamme gepomp word.

Hierdie beslissing het nie Potgietersrust se watervoorsieningsprobleem opgelos nie. 'n Groot deel van die inwoners was vir hulle bestaan van hulle watererwe afhanklik en die voorsiening van voldoende besproeiingswater het 'n aktuele probleem gebly. Die skema kon as gevolg van die geringe fooie wat vir besproeiingswater gehef is, nooit sy laste dra nie, en die inwoners was te arm om persoonlik 'n groter bydrae te maak. Die nuwe Dorpsraad het daarom dadelik in 1904 begin met die beplanning en implementering van 'n nuwe waterskema vir die dorp. Hierdie skema het behels: die uitkeer van water in pype en oop vore deur afsaktenks en sandfiltreerders, nadat dit met chloorgas gesuiwer is, na opgaardamme, vanwaar dit in pype deur die dorp versprei is. Die Dorpsraad het egter kwaai teenkanting van die inwoners ondervind en die skema het eers in 1935 'n werklikheid geword.⁵⁷

Watervoorsiening aan Potgietersrus het deur die jare, veral in die droë seisoene, 'n probleem gebly. Die Doorndraaidam in die Sterkrivier, ongeveer 45 kilometers wes van die dorp, is vandag (1989) die dorp se hoof waterbron. Verskeie boorgate op die dorpsgronde en op die plaas *Planknek*, wat eers in 1986 deur die Stadsraad aangekoop is, vul die watervoorraad aan. Hierdie bronne sal na raming voldoende water vir die volgende dekade aan Potgietersrus verskaf.

5.3 GESONDHEIDSDIENSTE

Die ZAR het nie oor 'n formele gesondheidsdiens beskik nie, alhoewel die Volksraad by verskeie geleenthede op versoek ondersteuningshulp ten tyde van siekte verleen het. Wat Pieterpotgietersrust betref kan in hierdie verband verwys word na die hulp wat verleen is tydens die malaria-epidemie van 1870 en die pokke-epidemie van 1894. Wetgewing vir die beheer van aansteeklike siektes (Wet nr. 1 van 1884, gewysig deur Wet nr. 12 van 1895) en die aanstelling van gesondheidskomitees (Wet nr. 4 van 1887) en distriksgeneeshere (Wet nr. 4 van 1895) is eers laat in die negentiende eeu uitgevaardig.

Die inwoners van die ZAR was tot 'n groot mate op hulle self aangewese in tye van siekte, want geneeshere was skaars en die mense het yl verspreid oor 'n groot gebied gewoon.

57 J.J.C.J. van Rensburg, "Die ontstaan en ontwikkeling van plaaslike bestuur", in A.J. Combrink, (red.), *Eufoes-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.30.

Behalwe die trommeltjie “Halse” medisyne wat in elke huishouding was, het die pioniers met verloop van jare ook ’n groot aantal repte teen siektes en kwale versamel en gebruik.⁵⁸ ’n Goeie voorbeeld hiervan is die aanplant van bloekomboom as teenmiddel teen koors. Volgens ’n beskrywing van Cachet⁵⁹ het

... men gelooft, op redelijk goeden grond, dat de gomboom, rondom of in de nabijheid der woningen geplant, een behoedmiddel is tegen malarische koortsen, ongeveer zoals een bliksem-afleider bij een onweder. Een aftreksel dier bladeren wordt aan koortslidders, met goed gevolg, toegediend en uit de bladeren een olie gedistilleerd, die uitnemende dienste doet, uitwendig bij neuralgie.

Dat die inwoners van Pieterpotgietersrust en omgewing ook in die genesingskrag van die bloekomboom geglo het, blyk uit die voorkoms van die boom by ou plaasopstalle, by die Makapanspoortsendingstasie, by Moorddrift en by die Weenen-poshalte op die roete na Pietersburg.

Volgens die bepalings van Wet nr. 4 van 1887⁶⁰ moes elke wyk of dorp ’n gesondheidskomitee in die lewe roep om voorsorgmaatreëls te tref teen die uitbreek van epidemiese en aansteeklike siektes. Aansteeklike siektes, veral pokke, sifilis en melaatsheid, moes dadelik aangemeld word. Die betrokke huis of area is dan dadelik onder kwarantyn geplaas en ’n geel vlag is opsigtelik buite die kwarantyngebied aangebring om alle reisigers na die gebied teen die aansteeklike siekte te waarsku. Die betrokke gesondheidskomitee moes ook maatreëls tref om die oordra van aansteeklike siektes deur mense en besmette goedere te voorkom.

So ’n gesondheidskomitee was ook verantwoordelik vir die algemene netheid en higiëne van die dorp en vir die verwydering van vullis en afval. Vir hierdie funksie kon gesondheidskomitees die nodige personeel aanstel en ’n belasting van nie meer as 10 sjielings per jaar hef.⁶¹ Inwoners van Pieterpotgietersrust was tot in die 1930’s self verantwoordelik vir die verwydering van vullis, riolering en die algemene higiëne van die dorp.

58 Die helende eienskappe van sommige van hierdie middels word vandag deur die wetenskap erken.

59 F.N. Lion-Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers* ..., p.344.

60 Gewysig deur Wet nr. 12 van 1895. S.H. Barber, (Ed.), *The laws of the Transvaal*, p.634.

61 S.H. Barber, (Ed.), *The laws of the Transvaal*, 1901, pp.334-343.

Die gesondheidskomitee van 'n dorp was ook verantwoordelik vir toesig oor inenting en herinenting van die hele gemeenskap wanneer gevaar van 'n pokke-epidemie gedreig het. Inentingsklinieke is deur die distriksgeneesheer gehou en alle entstof is gratis per rekwisisie deur die Regering voorsien. Die gesondheidskomitee van Pieterpotgietersrust is blykbaar in 1893 in die lewe geroep en het in sy gesondheidsregulasies die prosedure wat by inentingsklinieke gevolg moes word, voorgeskryf en ook voorsiening gemaak vir die hef van 5 sjielings belasting “voor het doel en de uitvoering en tot goedmaking des kosten van uitvoering der regulaties”. Die ZAR-regering het die betrokke gesondheidskomitee en -regulasies op 18 September 1893 goedgekeur.⁶²

'n Gesondheidskomitee het uit vyf verkose lede bestaan wat vir twee jaar deur die Staatspresident in hulle onderskeie poste aangestel is. Die resident-vrederegter, distriks-geneesheer en veldkornet was *ex officio* lede van 'n gesondheidskomitee. Al die komitee-lede is een pond per vergadering, met 'n maksimum van vyf pond per maand, deur die Regering vir hulle dienste vergoed.⁶³

Koors was vroeg reeds 'n faktor in die geskiedenis van die dorp en omgewing. As gevolg van die koors het die pioniers die lae gebiede gedurende die reënseisoen vermy, wat 'n redelike seisoenskarakter aan die lewenswyse van die inwoners van Pieterpotgietersrust verleen het. Die dorp is, soos reeds aangetoon, in 1870 as gevolg van 'n ernstige malaria-epidemie ontruim en in die 1890's word by drie geleenthede ondersteuningshulp aan “die arme zieken” aangevra.⁶⁴ Die aard van die hulp wat verleen is, het gewissel en het die betaal van doktersrekeninge en die voorsiening van medisyne ingesluit.

62 *Staat Courant (ZAR)*, 1893.09.20, p.928.

63 S.H. Barber, (Ed.), *The laws of the Transvaal, 1901*, pp.334-343.

64 Argief Landdros Waterberg, Band 1: Memorie Hudson/Landdros, 1890.09.14; SS4183,R3184/94: Memorie Resident-vrederegter/Landdros, 1894.03.30; SS6548,R9756/97: Telegram Landdros Waterberg/Staatsekretaris, 1897.07.12.

Dr. Gregorius Michaelian is op 26 Januarie 1894 as distriksgeneesheer vir die wyk Pieterpotgietersrust aangestel⁶⁵ en 'n kamer in die goewermentsgebou is vir hom as spreekkamer ingerig.⁶⁶ Sy aanstelling volg op 'n versoek van die inwoners dat 'n dokter spesiaal vir die wyk aangestel moes word, aangesien die distriksgeneesheer van Waterberg (Nylstroom) nie al die siekes en koorslyers kon behartig nie.⁶⁷

Waarskynlik het sy aanstelling ook verband gehou met die uitbreek van 'n pokke-epidemie onder die omliggende swart bevolking, want die Resident-vrederegter korrespondeer reeds sedert die vorige jaar by verskeie geleenthede insake inentingsklinieke wat in die omgewing van die dorp gehou is.⁶⁸ Al die inwoners van die dorp is deur die Distriks-geneesheer ingeënt en spesiale maatreëls is getref dat 'n "spesiatie inenter" hulp in die distrik verleen. Vir sy werk in die distrik is 'n gesoute perd aan die Distriksgeneesheer voorsien.⁶⁹

Die Regering het kragtens Wet nr. 4 van 1895 bepaal dat minstens een distriksgeneesheer per distrik aangestel word. Verdere aanstellings in spesifieke wyke of dorpe het gevolg wanneer omstandighede dit vereis het. Die distriksgeneesheer was 'n betaalde amptenaar van die Regering en is onder sekere omstandighede ook toegelaat om 'n private praktyk te bedryf. Die pligte van die distriksgeneesheer het onder andere behels:

- Toesig en verslag oor die algemene gesondheidstoestand van die gemeenskap en die behandeling van gevangenes en geestelik versteurde pasiënte;
- toesig oor die toedien van lyfstraf;
- die hou van lykskouings waar nodig en die aanmeld van moontlike kriminele sake;

65 SS4095,R938/94: Brief Staatsekretaris/Landdros Waterberg, 1894.01.26.

66 SS4113,R1289/94: Telegram Resident-vrederegter/Landdros Waterberg, 1894.02.03.

67 SS3625,R1890/93: Memorie van Inwoners, 1893.02.04.

68 SS4078,R484/94: Verslag Resident-vrederegter/Landdros Waterberg, 1894.01.09; SS4199,R3661/94: Verslag Resident-vrederegter/Landdros Waterberg, 1894.04.04; SS4073,R533/93: Telegram Resident-vrederegter/Staatsekretaris, 1894.01.01.

69 SS4085,R599/94: Telegram Resident-vrederegter/Landdros Waterberg, 1894.01.18.

- hulpverlening aan alle siekes in gevalle waar epidemiese uitbrake van siektes voorgekom het; en
- verantwoordelikheid vir die inenting van die hele gemeenskap teen pokke oorkomstig die vereistes van Wet nr. 4 van 1887.⁷⁰

Omstandighede op Pieterpotgietersrust was nie baie gunstig vir dr. Michaellian nie, want na net drie maande skryf hy aan die Staatsekretaris en kla dat daar geen behoorlike huisvesting vir homself, sy drogery (spreekkamer en apteek) en vir sy huisgesin op die dorp is nie. Hy kla ook dat hy nie sy huisgesin kan onderhou met sy salaris nie, en dat daar vir hom geen vooruitsigte is vir die opbou van 'n private praktyk nie. Hy vra daarom om na Middelburg oorgeplaas te word omdat die bestaansvooruitsigte daar beter was,⁷¹ en is waarskynlik reeds in 1896 na Middelburg oorgeplaas, want in Junie van dieselfde jaar het dr. E. Hildersheim vir die pos aansoek gedoen.⁷² Laasgenoemde het waarskynlik om dieselfde redes as dié wat tot dr. Michaellian se oorpasing gelei het, nie lank op Pieterpotgietersrust gebly nie want twee jaar later het dr. E. Herman van Pietersburg bevestiging gevra vir sy aanstelling as distriksgeneesheer van Pieterpotgietersrust.⁷³

Die koors-epidemie van 1894 het ook 'n behoefte aan 'n eie hospitaal in Pieterpotgietersrust geskep en die inwoners versoek die Regering derhalwe in 'n memorie "... die de hoog noodzaaklike inzien dat er onmiddellijk een hospitaal gebouwd word aldaar, nu dat de koortsmaanden op hande zijn ..." en dat geldelike steun aan hulle verleen word om die huis van M. Schutte op erf 437/438 ten bedrae van 300 pond aan te koop vir die inrig van 'n hospitaal. Die inwoners sou van hulle kant probeer om fondse vir die restourasie van die gebou in te samel. In antwoord op hierdie versoek het die Uitvoerende Raad besluit om die verlangde 300 pond vir die aankoop van die huis beskikbaar te stel op voorwaarde dat die inwoners die koste met betrekking tot die herstel en inrig van die gebou moes dra.⁷⁴

70 S.H. Barber, (Ed.), *The laws of the Transvaal, 1901*, pp.334-343.

71 SS3625,R1890/93: Brief Michaellian/Staatsekretaris, 1894.03.30; SS1141,R1994/94: Telegram Michaellian/Staatsekretaris, 1894.02.26; SS4167,R2760/94: Telegram Michaellian/Staatsekretaris, 1894.03.15.

72 SS5800,R13763/96: Brief Hilderheim/Landdros Waterberg, 1896.10.05.

73 SS6977,R588/98: Brief Herman/Landdros Waterberg, 1898.01.21.

74 SS146,R2140/94: Minute Resident-vrederegter/Staatsekretaris, 1894.03.02.

De Nationale Bank der Zuid-Afrikaansche Republiek het intussen ook hulp aangebied en erwe 417 en 418 (ook vir 300 pond) tot beskikking van die dorp gestel vir die bou en inrig van 'n hospitaal. Die waarde van hierdie erwe is op 500 pond geraam en op 29 Junie 1894 versoek die Resident-vrederegter dat die koop van hierdie erwe gefinaliseer moes word omdat die hospitaal “nu ten uitersten” nodig was om gewonde kommandoede te versorg.⁷⁵ Hierdie gewondes was lede van die plaaslike kommando wat aan die oorlog teen Malaboch deelgeneem het en gewond na die dorp teruggestuur is vir versorging.

Intussen het al die inwoners van Pieterpotgietersrust op 'n openbare vergadering net 30 pond vir die herstel en inrig van die hospitaal ingesamel. Volgens 'n latere rapport van die Landdros van Waterberg was hierdie bedrag te klein om aan die voorwaardes van die Uitvoerende Raad te voldoen, en bevraagteken hy in die lig hiervan die noodsaaklikheid vir die oprigting van die hospitaal. In reaksie hierop skryf die Staatsekretaris:

Aangezien door de publiek een som van 30 pond is gewaarborgd en, volgens ontvangen informatie en rapporten, dit bedrag niet de kosten, verbonden aan het orde brengen van het gebouw om als Hospitaal in te richten, zal dekken, kan de Regering, met het oog op bovenbedoeld Uitvoerende Raadsbesluit niet verder in de zaak treden, die hiermede moet worden beskouwd als afgedaan.⁷⁶

Die inwoners het hulle nie by hierdie beslissing berus nie en op 31 Augustus 1894 rig hulle 'n memorie tot die Staatspresident en Uitvoerende Raad waarin hulle versoek dat die erwe wat *De Nationale Bank* beskikbaar gestel het, vir die hospitaal aangekoop moes word.⁷⁷ In antwoord hierop skryf die Staatsekretaris weer dat die saak reeds as “afgedaan” beskou is en dat die Regering nie die voorgestelde erwe vir 'n hospitaal sal aankoop nie.⁷⁸

Geen getuienis kon gevind word of die Staatsekretaris wel hierdie memorie aan die Staatspresident of die Uitvoerende Raad voorgelê het nie. Die vermoede bestaan dat die Staatsekretaris op eie inisiatief die saak as “afgedaan” beskou het omdat die inwoners nie aan die gestelde voorwaardes kon voldoen nie. Die aanstelling van 'n distriksgeneesheer vir die wyk Pieterpotgietersrust in 1894 kon moontlik ook 'n invloed op die optrede van die Staatsekretaris gehad het.

75 SS146,R2140/94: Brief Resident-vrederegter/Landdros Waterberg, 1894.06.29.

76 SS146,R2140/94: Brief Staatsekretaris/C.H.H. Shephard, 1894.08.02.

77 SS3625,R1890/93: Memorie van Inwoners, 1893.02.04

78 SS146,R2140/94: Brief Staatsekretaris/Resident-vrederegter, 1894.09.17.



NATIONAL BANK OF SOUTH AFRICA LTD.

Takkantoor open 22 September 1904 in die gebou van *De Nationale Bank der Zuid-Afrikaansche Republiek*, Retiefstraat, Potgietersrus.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6454

Ontwikkeling op die gebied van gesondheidsdienste te Pieterpotgietersrust was baie stadig en geen noemenswaardige dienste het in die jare 1890-1904 tot stand gekom nie. Pogings om 'n hospitaal op die dorp te vestig het misluk as gevolg van 'n gebrek aan ondersteuning en miskien ook 'n gebrek aan inisiatief en volharding aan die kant van die inwoners, en 'n gebrek aan insig aan die kant van die Regering. Die dienste van die distriksgeneesheer het onder die gedurige verwisseling van geneeshere gely en was hoofsaaklik tot die hou van inentingsklinieke beperk. Die gesondheidskomitee se werksaamhede was gerig op maatreëls om die uitbreek van aansteeklike siektes soos pokke te voorkom en om toesig te hou oor die inentingsklinieke. Die verantwoordelikheid om die dorp skoon, netjies en higiënies te hou, het by die inwoners self berus. Die eerste gesondheidsinspekteur vir Potgietersrust is eers in die 1930's aangestel om gesondheidsdienste te koördineer en 'n gesondheidsdepartement te stig wat belas was met die instandhouding en bevordering van openbare gesondheid. Die gereelde verwydering van vullis en die instel van 'n suigtenkdienst om rioolafval te verwyder, was van die eerste dienste wat deur die nuwe departement ingestel is.

5.4 POLISIE EN GEVANGENISDIENS

Aanvanklik was daar in die ZAR geen behoefte aan 'n polisie diens nie en sekere polisiepligte is in die grondwet aan die veldkornet opgedra. Van den Bergh⁷⁹ wys daarop dat die veldkornet se polisiepligte veral op die swartmense gerig was. Behalwe die handhawing van wet en orde, moes hy ook aandag aan rondswerwende leeglêers skenk. Hierdie pligte is later deur die naturelle-kommissaris oorgeneem en verskeie vrywilligerkorpse het in die jare voor 1880 onder leiding van die naturelle kommissaris ontstaan en probleme met swartes beheer.

Die Sekhukhuni-opstand (1876) het aanleiding gegee tot die instelling van 'n plattelandse polisie diens en die stigting van die *Transvaalsche Jagers*, 'n blanke polisie en artilleriekorps van 125 manskappe onder die staatsdepartement *Politie en Krygswesen*.⁸⁰ Die *Transvaalsche Jagers* is in 1877 deur Shepstone tydens die Britse anneksasie van die ZAR, ontbind en vervang met Britse soldate.

Generaal Piet Joubert het die idee van die Transvaalsche Jagers na 1881 laat herleef in 'n nuwe *Corps Rydende Transvaalsche Politie*. Die polisietaak van die nuwe korps was ondergeskik gestel aan die artillerie en geen voorsiening is gemaak vir hoe die korps in vrede tyd aangewend sou word nie. Die gevolg hiervan was dat die polisie, behalwe vir een of twee optredes teen onrustige swartes, onder andere teen hoofman Mampoer (Mapoch) (naby Pietersburg) in 1882, baie onproduktief aangewend is vir die inspeksie van posroetes. Die polisie- en artilleriekorpse is in 1882 onder bevel van kmdt. H.P.N. Pretorius verenig tot die *Transvaal artillerie corps* en later herdoopt tot die *Rydende artillerie en politie corps* (RAP).

Die afloop van die Sekhukhuni-probleem het in die tagtigerjare daartoe gelei dat die Waterberg- en Soutpansberg-distrikte sentrums vir swart onluste en oproer geword het. Hierdie onrustoestand lei tot die besluit om die woongebiede van die swartes in *lokasies* af te baken en daarna die distrikte deur blankes te laat beset. Die toepassing van die okkupasiewet (Wet nr. 8 van 1886), sowel tydens die aanvangsfase toe plase in 'n gebied wat toe nog grotendeels deur swartes bewoon was, uitgemeet moes word as tydens die

79 G.N. van den Bergh, "Die polisie diens van die Zuid Afrikaansche Republiek", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1975, p.34.

80 G.N. van den Bergh, "Die polisie diens ...", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1975, p.50.

okkupasiestadium toe blanke boere beskerming vereis het, het daartoe gelei dat twaalf manskappe van die RAP onder leiding van kmdt. Henning (H.P.N.) Pretorius na Noord-Transvaal gestuur is “om waar mischien mogelyk noodig is by het nagaan kaffer locaties in dienst te zyn of andere dienste die mischien vereisheet mogen worden ...” te verrig.⁸¹ Met die oog op die okkupasiefase en die beskerming van blankes in Soutpansberg, is lt. Gert du Toit as voltydse klerk en assistent vir Naturellekommissaris Dahl aangestel, terwyl Henning Pretorius in die omgewing van Makapanspoort toesig gehou het oor ’n intensiewe padbouprogram en die daarstelling van goeie verbindingsweë tussen Soutpansberg en die suidelike distrikte.⁸²

Dit was die beskerming van nuwe blanke setlaars in die distrikte Soutpansberg en Waterberg wat tot die stigting van ’n permanente polisiemag vir Soutpansberg gelei het. Die swartes het nie gehoor gegee aan die inperking in afgebakende lokasies nie en hulle eenvoudig tussen die blankes gaan vestig op grond wat voorheen deur hulle bewoon was. Hulle het weivelde omgewerk en landerye daarvan gemaak en die oorblywende weiveld deur hulle eie vee laat bewe. Groot skade en vernieling is op blankes se eiendom aangerig. Om die skyn van ’n regeringsmag in die Soutpansberg te bewaar, is daar in 1888 op aandrang van Henning Pretorius die *Zoutpansbergsche Rydende Grenswacht* in die lewe geroep, met lt. Gert du Toit in bevel. Hoewel dit die uitdruklike oogmerk van die grenswag was om die nedersetters te beskerm, moes hulle ook Lokasiekommissies beskerm sodat hulle hulle werk kon doen. Vir hierdie doel is verplaasbare staalforte tot beskikking van die grenswag gestel sodat die polisie saam met die kommissie van stam tot stam kon trek om lokasies aan te wys.⁸³ Die grenswag is in 1892 ontbind, waarna ’n afdeling berede polisie in Pietersburg gestasioneer is.

Die Jameson-inval (29 Desember 1895) het ’n omvattende reorganisasie van die polisie-diens in die ZAR tot gevolg gehad. Plattelandse polisie is tot 400 manskappe vermeerder

81 SS88,R971/88: Brief Kommandant-generaal/Staatsekretaris, 1888.01.31.

82 Een van die redes waarom Schoemansdal in 1867 en Pieterpotgietersrust in 1870, ontruim is, was die gebrek aan goeie verbindingsweë. Die padbouprogram is op aanbeveling van die sogenaamde *Lokasiekommissie* by die Regering aanbeveel. Dit was tydens die werksaamhede aan padverbindings in die Makapanspoort dat die strategiese ligging van die gebied opnuut onder die aandag van Pretorius gekom het en gelei het tot sy aanbeveling dat die dorp Pieterpotgieterust hervestig moes word.

83 G.N. van den Bergh, “Die polisie-diens ...”, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.81.

en 'n gedentraliseerde bevelstruktuur is ingestel. Vir polisiëringdoeleindes is die ZAR in vyf afdelings verdeel.

Die distrikte Waterberg en Soutpansberg het in afdeling vyf onder bevel van kmdt. S.P.H. Grobler, met Nylstroom as hoofkantoor, gestaan. Uit die oog van grensbewaking was afdeling vyf baie kwesbaar omdat dit vir ruim die helfte van die ZAR se grense verantwoordelik was. Oorwegings soos hierdie het gepaard gegaan met die vermeerdering van plattelandse polisie, veral berede polisiemanne. Die status van hierdie polisiemanne was anders as dié van die eertydse grenswag deurdat hulle lede van die *Zuid Afrikaansche Republiek Politie* (ZARP'S) was, dit wil sê opgeleide polisiemanne wat deel uitgemaak het van 'n landswye organisasie met 'n gesentraliseerde administrasie en bevelstruktuur en nie vrywillige handlangers van die Kommandant-generaal of die Kommissaris van Naturelle-sake nie.



ZOUTPANSBERG RYDENDE GRENSWACHT

Die Zoutpansberg Rydende Grenswacht voor fort Hendrina, distrik Zoutpansberg, ca. 1890.

Arend Dieperink Museum: 01/10047

Die polisie-diens van Pieterpotgietersrust moet teen die agtergrond van die bostaande oorsig van die ZAR gesien word. In die eerste jare van vestiging was die bestryding van misdaad die gemeenskaplike taak van die hele gemeenskap, maar die uitoefening van tug en/of straf is deur die veldkornet en landdros gedoen. Die publiek het in die reël nie besware gehad om met die opsporing en inhegtenisneming van misdadigers te help nie en hoewel polisie-diens deur die Regering as plig, gekoppel aan die voorregte van burgerskap, beskou is, is daar in die reël 'n beloning uitbetaal vir suksesvolle polisie-optrede deur burgerlikes. Dit het ook gebeur dat inwoners van 'n dorp in krisistye saamgespan het in pogings ter handhawing van goeie orde, soos waarskynlik in 1890 die geval was toe inwoners gereeld met mekaar handgemeen geraak het, waarskynlik oor die okkupasie van spesifieke erwe.⁸⁴

Die inwoners van Pieterpotgietersrust het egter in 1891 behoefte aan 'n permanente polisie-diens ontwikkel omdat "... de dorp dagelijks meer bewoon worden en dat het voor my als veldkornet zeer moeilijk is (om) zonder hulp ... alle kwaat en diefstallen te kunen ver mijden ...".⁸⁵ In reaksie hierop besluit die Volksraad⁸⁶ om twee berede polisiemanne (RAP'S), Erasmus en Van Zyl, vir Pieterpotgietersrust aan te stel.⁸⁷ Hulle was direk onder die gesag van die Resident-vrederegter en gesamentlik onder beheer van die Landdros van Waterberg. Naas die landdros en veldkornet het amptenare soos die openbare aanklaer, distriksprokureurs, balju en staatsprokureur ook beheer oor die dorpspolisie uitgeoefen. Erasmus en Van Zyl is in 1896 na die Krokodilrivier oorgeplaas om die grens tydens die runderpes te patrolleer.⁸⁸

84 Vergelyk berig van Resident-vrederegter in hierdie verband soos behandel in die afdeling oor *plaaslike bestuur*. Argief Landdros Waterberg, Band 12: Brief Resident-vrederegter/Landdros Waterberg, 1890.04.11.

85 SS2739,R326/91: Brief Veldkornet/Landdros Waterberg, 1891.08.29; Memorie van Inwoners, 1891.07.27.

86 SS2739,R2686/92: VRB.767/92, 1892.09.01.

87 SP38,SPR2311/93: Aanstelling van polisie, 1893.08.24.

88 G.S. van Staden, "Die polisie-diens, Potgietersrust", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.39.

Die eerste polisiestasie, 'n gebou van hout en sink, is in 1893 op die hoek van Hooge- en Retiefstraat gebou. Die tronk, ook 'n gebou van hout en sink, was op die teenoorstaande hoek.

Spesiale konstabels van die RAP het ook in die distrik diens gedoen en veral probleme met rondswerwende swartes hanteer.⁸⁹ In 1894 het spesiale konstabels Conroy en Coetzee probleme in verband met veediefstalle hanteer.⁹⁰ Hierdie diefstalle is deur rondswerwende swartes gepleeg en as oplossing van die probleem versoek, die Resident-vrederegter dat swartes wat sonder passe gevang word, gebruik word vir die maak van strate in die dorp. 'n Pas sou dan gratis as vergoeding vir gelewerde dienste aan die betrokke swartes uitgereik word.⁹¹ Geen goedkeuring vir hierdie versoek kon gevind word nie, en ook geen bevestiging dat die uitreik van passe wel die probleem van veediefstalle opgelos het nie.

Gedurende 1896 is nog vier polisiemanne (ZARP'S), drie berede en een voetman, op Pieterpotgietersrust gestasioneer, naamlik Abraham Kempen, C.R. Pretorius, H. van der Westhuizen en Freek Venter.⁹² 'n Sekere H.D. van Eck was ook in 1896 verbonde aan die polisiediens, en het in Junie 1896 aansoek gedoen vir die pos van waterfiskaal, maar sy aansoek is afgekeur omdat hy as polisieman nie twee regeringsposte gelyktydig mag beklee het nie.⁹³

Met die vredesluiting na die Anglo-Boereoorlog het die Britse owerheid die *South African Constabulary* in die lewe geroep, en 'n polisiecamp is in 1903 oos van die dorp teen die rante gebou. Hierdie polisiecamp is vandag bekend as die "ou Engelse fort".⁹⁴

89 SS2739,R2302/91: Verslag Resident-vrederegter/Landdros Waterberg, 1891.

90 SP50,SPR3629/94: Brief Conroy/staatsprokureur, 1894.09.05; Brief Coetzee/staatsprokureur, 1894.09.05.

91 SS2739,R2302/91: Brief Resident-vrederegter/Landdros Waterberg, 1891.

92 G.S. van Staden, "Die polisiediens, Potgietersrust", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.39.

93 SS4599,R12565/94: Brief Landdros Waterberg/Resident-vrederegter, 1896.06.17.

94 G.S. van Staden, "Die polisiediens, Potgietersrust", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.39.

'n Spesiale konstabel het in die hervestigingsjare aan die hoof van die gevangenis te Pieterpotgietersrust gestaan. Hy het direk onder die gesag van die Landdros van Waterberg gestaan en moes weekliks skriftelik verslag doen van sy werksaamhede, toestande in die gevangenis en van die welstand van die gevangenes. Hy het in 'n kwartiere in die gevangenis gewoon.⁹⁵

Die bestaande gevangenis het na die Anglo-Boereoorlog nie meer aan die behoefte voldoen nie en volgens Bathgate, assistent-ingenieur van die Departement Publieke Werke te Pietersburg, was daar in 1903 geen ander gebou op Potgietersrust wat geskik was om as 'n gevangenis (temporary lock-up) gebruik te word nie. Hy het daarom planne geteken vir 'n nuwe baksteen gebou met twee selle op erf 430, en het voorsien dat hierdie gebou vir 'n geruime tyd aan die dorp se behoeftes sou voorsien.⁹⁶ Hierdie geboue is in die 1950's steeds as polisiestasie en -selle gebruik.

Die grondslag van Potgietersrus se polisie-diens is in die jare 1890 - 1904 gelê en hoewel die personeel tot diep in die twintigste eeu min gebly het, het hulle daarin geslaag om wet en orde op die dorp en in die distrik te handhaaf. Die plaaslike polisie-diens het tot in 1916 onder die beheer van Nylstroom gestaan, waarna dit oorgeplaas is na die polisie-kommandantskap van Pietersburg.

5.5 POS- EN TELEGRAAFDIENS

Onderlinge kommunikasie tussen dorpe was in die beginjare van die ZAR baie gebrekkig. Dorpe was ylverspreid oor 'n uitgestrekte gebied sodat volksraadsbesluite, en boodskappe en nuus uit een distrik eers etlike dae selfs weke later die volgende distrik bereik het. Vanweë die groot afstande en swak, soms byna onbegaanbare verbindingsweë, veral gedurende die reënseisoene, is briefwisseling selde gevoer. Hierdie toestande het in 1859 die aandag van die Volksraad geniet, en met die aanstelling van 'n posmeester-generaal

95 S.H. Barber, (Ed.), *The laws of the Transvaal, 1901*, pp.561-573.

96 PWD122,5294/03: Brief Sekretaris Departement Justisie/Departement Publieke Werke, 1903.08.13; Brief Bathgate/Departement Publieke Werke, 1903.09.09.

ontstaan 'n min of meer georganiseerde posdiens, bestaande uit hardlopers en 'n rydiens, in die ZAR.⁹⁷ 'n Gereelde posdiens is dadelik tussen die dorpe Potchefstroom, Rustenburg, Pretoria, Heidelberg, Marico, Schoemansdal en Lydenburg ingestel en het sedertdien stelselmatig uitgebrei.

Die Volksraad het in 1869 bepaal dat die Regering die uitsluitlike reg het om pos te vervoer⁹⁸ en die gebruik van posseëls is aangekondig.⁹⁹ Posseëls kon by die veldkornette of posagent gekoop word, wat ook posstukke namens die posdiens ontvang het. Amptenare en burgers op kommando het posvry gekorrespondeer, mits die woord *In Dienst* op die koevert aangebring is.

In die vroegste jare van die ZAR is pos deur middel van “poshardlopers”, sogenaamde “poskaffers”, in die ZAR rondgestuur. Oor die algemeen was hierdie diens baie swak. Daar is ook gebruik gemaak van posryers wat die posroete te perd afgelê het. Volgens Potgieter¹⁰⁰ het dit so 'n posryer ongeveer 36 uur geneem om pos te perd tussen Marabastad en Nylstroom te neem, terwyl 'n hardloper die afstand in 72 uur afgelê het. Die posryers het soms ook posstukke vir private persone langs die roete ontvang of afgelewer, maar hulle was nie verplig om daarvoor stil te hou nie en die Regering het ook geen verantwoordelikheid vir sulke posstukke aanvaar nie.¹⁰¹ Die koms van die posryer is met die blaas van die poshoring, sodra die poskantoor of huis van die posagent in sig was, aangekondig. Om vals alarms te vermy is 'n boete van 5 pond gehef vir die gebruik van die poshoring of trompet deur ongemagtigde persone.¹⁰²

Poskarre, getrek deur 'n span van ses tot agt osse, is ook gebruik om pos te vervoer. Die osse is geleer om 'n afstand van tien tot vyftien kilometers te hardloop, waarna hulle deur 'n vars span osse afgelos is. Dit het beteken dat osstasies (rusplekke) oral langs die posroete

97 A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek* ..., p.166.

98 VRB242/69, 1869.06.18, soos aangehaal deur F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal* ... (D.Phil.-proefskrif), p.158.

99 *Staats Courant (ZAR)*, 1869.11.09, p.158.

100 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal* ... (D.Phil.-proefskrif), p.160.

101 Argief Landdros Waterberg, Band 120: Brief Posmeester-generaal/Landdros Waterberg, 1883.04.14.

102 F.G. van Asten, *Die geskiedenis van Pietersburg* ... (M.A.-verhandeling), p.57.

ingerig is. Sodra die stasiepersoneel die poshoring gehoor het, het hulle solank 'n vars span osse ingespan sodat dit dadelik met die aankoms van die poskar gehaak kon word, waarna 'n nuwe drywer die poskar na die volgende stasie geneem het. Poskarre het soms ook enkele passasiers, wat baie duur vir hierdie spesiale guns moes betaal, vervoer.¹⁰³

'n Gereelde posdiens tussen Marabastad en Pretoria is reeds in 1871 ingestel¹⁰⁴ en pos is tot met die koms van poskoetse in 1888 weekliks per poskar tussen die twee dorpe vervoer.

Die mees luukse vervoermiddel van pos en passasiers in die negentiende eeu was die poskoets. Met die stigting van Pietersburg (1886) is 'n gereelde koetsroete tussen Pretoria en Pietersburg deur George Heys en die Zeederbergbroers (Doël en Piet Zeederberg) ingestel. Heys het voorkeur gegee aan die "panroete" oor die Springbokvlakte, terwyl Zeederberg die "groot pad na die noorde" oor Hartingsburg, Nylstroom en Makapanspoort gevolg het.¹⁰⁵ Zeederberg het vanaf 1889 'n kontrak gehad om twee keer per week pos oor die roete tussen Pretoria en Pietersburg te vervoer. Heys het hom in 1894 van die koetsroete na die noorde onttrek. In hierdie stadium het Doël (C.H.) Zeederberg sy broer, Piet, se aandeel in die Zeederbergbesigheid uitgekoop en sodoende 'n monopolie verkry op die koetsdiens na die noorde.

Die koets is meestal deur twaalf muile getrek, maar Zeederberg het ook heelwat van perde gebruik gemaak. Sy verliese aan muile en perde as gevolg van perdesiekte was baie hoog en in die omgewing van Pietersburg het hy probeer om kwaggas voor sy koetse in te span. Hierdie diere was baie kwaai, taai en koppig en glad nie lonend om te gebruik nie. Volgens Van Gronum¹⁰⁶ was die kwaggas met die wegspring van die stasie af baie vinnig, maar hoe verder hulle gehardloop het, hoe stadiger het dit gegaan, totdat hulle in die pad gaan staan het, om eers na 'n rukkie se rus weer 'n ent verder te draf en so die afstand tussen stasies in 'n langer tyd as die muile af te lê. Zeederberg het later die kwaggas van die koetsdiens onttrek en hulle net vir plesiertogte in die Pietersburg-omgewing gebruik. Koetsstasies, waar vars perde en muile aangehou is, is soos in die geval van die poskarre, oral langs die roete ingerig.

103 C.F. van Gronum, *Transportry, runderpes en poskoetse*, p.130.

104 *Staats Courant (ZAR)*, 1871.08.01.

105 Besonderhede van hierdie roetes word bespreek in die afdeling oor *verbindingswêë en strate*.

106 C.F. van Gronum, *Transportry, runderpes en poskoetse*, p.133.



ZEEDERBERG SE SEBRASPAN

Zeederberg se mak sebras voor wa. Marktpllein, Pietersburg, ca. 1896.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/4976

'n Koetsrit vanaf Pretoria na Pietersburg was 'n uitputtende reis. Changuion¹⁰⁷ beskryf die rit soos volg: "Twee dae aaneen begin mens elke môre om twee-uur en reis een streep deur met vars muile elke twee uur, tot tienuur die aand." Riviere en spruite moes versigtig oorgesteek word en die koets moes dikwels dae voor vol riviere wag totdat dit genoegsaam afgeloop het vir die koets om deur te ry. Die gevaar dat die koets maklik in die drif kon omval as gevolg van klippe wat deur vloedwaters in die pad gerol is, het groot vernuf van die koetsdrywer vereis.

Die gebruik van poskoetse as vervoermiddel het geleidelik verval namate spoorweg-verbindings in die ZAR uitgebrei het. Koetsroetes het algaande korter geword en na voltooiing van die Pretoria-Pietersburg spoorlyn in 1898 is posstukke na die noorde per spoor vervoer.

107 L. Changuion, *Pietersburg ...*, p.57.

Teen die middel van die sewentigerjare was daar 37 poskantore in die ZAR, onder andere ook by Marabastad, Eersteling en “Makapanspoort”,¹⁰⁸ alhoewel die dorp Pieterpotgietersrust toe reeds vier jaar lank ontruim was. Laasgenoemde poskantoor moes waarskynlik doodgeloop het, want op 13 Augustus 1888 vra J.G. Celliers, M.M. Bezuidenhout en 26 ander persone dat ’n posagentskap weer in Makapanspoort geopen moes word.¹⁰⁹ Die eerste posagentskap onder beheer van H.H. Kretschmer is in Oktober 1888 te Makapanspoort geopen.¹¹⁰ ’n Tweede posagentskap is kort daarna aan E. Tamsen¹¹¹ opgedra en ’n derde in 1890 aan E.A. Struck. Pieterpotgietersrust se posdiens het uit laasgenoemde kantoor ontwikkel en in 1894 is die status daarvan verhoog tot “poswisselkantoor”, met Petrus Wood as posmeester. Hierdie kantoor het ook ’n private possakdiens aan P. Naude van die plaas Makapansgat gelewer en ’n buite posagentskap op die plaas Mapela, onder beheer van J.L. Pretorius, geopen.¹¹²

Die behoefte aan ’n posdiens vir Pieterpotgietersrust en regverdiging vir die opgradering van die plaaslike poskantoor, blyk uit die onderstaande gegewens wat Thom¹¹³ uit die statistieke van 1894 saamgestel het:

108 *Staats Courant (ZAR)*, 1874.09.02. Pieterpotgietersrust is in 1870 ontruim en in 1890 amptelik hervestig. Dokumente uit hierdie periode verwys net na *Makapanspoort* en nie na *Pieterpotgietersrust* nie.

109 SS1694,R7320/88: Brief Posmeester-generaal/Staatsekretaris, 1888.08.13.

110 F.C.H. Thom, “Die ontwikkeling van posdienste, Potgietersrust”, in A.J. Combrink, (red.), *Eufoes-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.38.

111 SS1904,R4062/89: Brief Posmeester-generaal/Staatsekretaris, 1889.05.02.

112 F.C.H. Thom, “Die ontwikkeling van posdienste, Potgietersrust”, in A.J. Combrink, (red.), *Eufoes-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.38.

113 F.C.H. Thom, “Die ontwikkeling van posdienste, Potgietersrust”, in A.J. Combrink, (red.), *Eufoes-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.37. Thom maak geen melding van die bron waaruit hy hierdie statistieke verkry het nie.

	ontvang	gestuur
Diensbriewe	1627	2519
Gewone briewe	5868	4179
Geregistreerde stukke	273	472
Koerante	3354	130
Boekpakkies	388	50

Die poskantoor het in 1894 ook posseëls ter waarde van 123 pond 18 sjielings en 4 pennies verkoop en 206 poswissels uitgereik, terwyl net 38 poswissels uitbetaal is. 'n Posspaarbankdiens is in 1896 ingestel en inlaes ten bedrae van 30 pond is in dieselfde jaar ontvang en uitbetaal.



POSKANTOOR: POTGIETERSRUST

ca. 1904.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6496

Die bestaande geboue van die poskantoor te Pieterpotgietersrust was na die opgradering van die kantoor heeltemal ontoereikend. Die Pos- en Telegraafdiens het, nadat die hospitaalprojek onsuksesvol was¹¹⁴, belangstelling getoon in die erwe wat M. Schutte teen 300 pond vir die

114 Verwys na die afdeling oor *gesondheidsdienste* vir besonderhede oor die hospitaalprojek.

bou van 'n hospitaal tot beskikking van die Regering gestel het, want Schutte het versuim om rente te betaal op die 200 pond wat hy by die posspaarbank geleen het.¹¹⁵ Hierdie erwe is waarskynlik nie na die pos- en telegraafdiens oorgedra nie, want in 1903 rapporteer die inspekteur van regeringsgeboue dat 'n geskikte gebou vir 'n poskantoor teen 3 pond per maand gehuur is.¹¹⁶

Na die vestiging van 'n posdiens tussen Pretoria en Pietersburg is begin met die bou van 'n telegraaflyn vanaf Pretoria oor Nylstroom, Makapanspoort en Smitsdorp na Pietersburg. Die Landdros van Waterberg het in 1888 opdrag van die Departement Telegrafie ontvang om die nodige boekenhoutpale teen een pond per 50 pale aan te koop en by Nylstroom op te berg, terwyl die firma H.H. Kretschmer en Kie. gemagtig is om pale by Makapanspoort in ontvangs te neem en op te berg. Die tender van Obermeijer en Westerman is op 12 Junie 1888 deur die regering aanvaar en bouwerk aan die telegraaflyn het spoedig daarna begin.¹¹⁷ Alhoewel Pietersburg dus reeds in 1888 per telegraaf met Pretoria verbind is, het die Volksraad eers in 1892 'n besluit geneem wat Pieterpotgietersrust telegrafies met Pretoria sou verbind "indien de finantien des lands het toelaten".¹¹⁸ Hierdie diens is in 1894 ingestel.

Die Pos- en Telegraafdiens het 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van Pieterpotgietersrust gehad deurdat dit die dorp en gemeenskap in kontak gebring het met die res van die ZAR. Die telegraafdiens was 'n belangrike kommunikasiemiddel wat veral deur die staatsdiens gebruik is in die bestuur van die dorp, terwyl die posdiens vir die gemeenskap tot groter nut was. Sedert die instelling van 'n posdiens in die ZAR het onderlinge briefwisseling toegeneem en as sodanig bygedra tot die verbreding van kennis en kulturele verryking.

Die departementele rekords van die Pos- en Telegraafdiens in die Transvaal-kolonie gee volgens Thom¹¹⁹ nie gegewens van individuele poskantore nie, en net enkele uitbreidings

115 SS416,R2140/94: Minute Resident-vredereger/Staatsekretaris, 1894.03.02: minute Posmeester-generaal/Staatsekretaris, 1894.03.02.

116 PWD40,876/02: Brief Inspekteur/Posmeester-generaal, 1902.

117 Argief Landdros Waterberg, Band 3: Verskeie korrespondensie Landdros/Departement Telegrafie, 1888.

118 ZAR, Band 23: Locale Wetten, p.635.

119 F.C.H. Thom, "Die ontwikkeling van posdienste, Potgietersrust", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.38.

van die posdiens in Pieterpotgietersrust is aangeteken, onder andere die opening van 'n telefoonsentrale en telefoonlyn na Pretoria in 1908.

5.6 VERBINDINGSWEË EN STRATE

Tot in die tagtigerjare van die negentiende eeu toe was daar van goeie paaie in die noorde van Transvaal weinig sprake. Die ossewa het redelik maklik oor ruwe veld beweeg en paaie en brûe is net gebou waar die pad oor bergrûe en ander topografiese moeilike terrein moes gaan. Die toestande deur driewe en vleie was haglik en het maklik ontwikkel tot 'n groot modderpoel nadat net 'n paar ossewaens daardeur getrek het. Die gevolg was dat die volgende waens net effens hoër of laer deur die drif moes ry. Gedurende die somermaande was 'n reis per ossewa 'n moeilike onderneming omdat swaarbelaaide waens nie oor die nat turfgrond getrek kon word nie.¹²⁰ Die klei het so aan die osse se pote en wawiele vasgepak dat reisigers die Springbokvlakte verwens het.¹²¹ Duskant Moepel oor Sandbult was daar sestig paaie langs mekaar, die een so swak soos die ander. Dit het krag en inspanning geveer om met 'n wa en osse oor die weg te kom.¹²²

Voorsiening is gemaak vir gereelde uitspanning op die tog. Hierdie voorsiening is in 1869 deur 'n volksraadsbesluit, wat bepaal het dat elke plaas 'n uitspanning vir reisigers moes wees, bestendig.¹²³

Die toestand van paaie na die noorde van Transvaal was in 1885 baie swak.¹²⁴ Daar is reeds gewys op die feit dat die gebrek aan goeie verbindingsweë een van die redes was waarom Schoemansdal in 1867 ontruim moes word. Die sogenaamde "Lokasiekommissie" het met die oog op blanke okkupasie van die distrikte Soutpansberg en Waterberg kragtens Wet

120 T. Baines, *The gold regions of South Eastern Africa*, p.99.

121 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal ...* (D.Phil.-proefskrif), p.154. Kyk ook C. Spoelstra, *Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek. Historische overzicht*, p.123.

122 D. Nel, (red.), *Gedenkblad ter viering van die vyf-en-sewentigjarige bestaan van die kerkgebou, 1898-1973, N.G. Gemeente Waterberg*, p.10.

123 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal ...* (D.Phil.-proefskrif), p.154.

124 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal ...* (D.Phil.-proefskrif), p.201.

nr. 8 van 1885, reeds die vorige jaar aanbeveel dat behoorlike paaie na en in die betrokke distrikte gebou moes word. Henning Pretorius en 'n afdeling RAP is in 1886 na die gebied gestuur met die oog op beskerming van die nuwe okkupante, maar hulle het ook tesame met die uitvoering van die Lokasiekommissie se aanbeveling, toesig gehou oor 'n intensiewe padbouprogram in die streek. Pretorius self was ten tyde van die hervestiging van Pieterpotgietersrust (1888 - 1890) besig met toesig oor die bou van 'n pad vanaf Middelfontein oor Makapanspoort na Smitsdorp, toe die strategiese ligging van die Makapanspoort opnuut onder sy aandag gekom het en hy hom met die hervestiging van die dorp




DRIF DEUR NYLRIVIER BY MOORDDRIFT

Foto geneem deur H.F. Gross, 1888: "Moord Drift on the Nylstroom, dist. Waterberg",

uit H.F. Gross, *Pictorial description of the Transvaal*, no.506.

Arend Dieperink Museum: 01/6544/4



bemoei het.¹²⁵ (Kyk kaart van pad wat Pretorius vanaf Moorddrift via Makapanspoort na Smitsdorp gebou het.)

Die mees algemene en korter roete na Soutpansberg was die reeds genoemde “panroete” oor die Springbokvlakte, met ander woorde vanaf Pretoria al langs die Elandsrivier, dan na die kraal van Zebediela, deur die tolhek by Strydpoort, oor Smitsdorp en Marabastad tot in Pietersburg. Die nadeel van hierdie roete was dat die stuk pad tussen Elandsrivier en die kraal van Zebediela oor die Springbokvlakte baie droog was, maar in die reënseisoen weer bykans onbegaanbaar was vanweë die turfagtige bodemgesteldheid. Die ander roete, wat veral deur die Zeederbergkoetse gebruik was, het vanaf Pretoria oor Hartingsburg (Warmbad), Nylstroom en Makapanspoort na Pietersburg gegaan. Hierdie roete het later as gevolg van die ontstaan van dorpe langs die roete, bekend geword as “die groot pad na die noorde”.

Beide hierdie roetes het nie besondere verbindingsprobleme deur die bergreekse geskep nie. Waar die Waterberg- en Strydpoortbergreekse in die omgewing van Potgietersrus in die tsetsevliegstreek inloop en in die ooste by die Drakensberge aansluit, vorm die Strydpoort en Makapanspoort twee natuurlike deurgange deur die berge wat in die ou dae met redelike gemak oorgesteek is.

Die bou van paaie en brûe is aan die Distriksraad, wat in 1886 in Waterberg gestig is, opgedra. Volgens Wet nr. 1 van 1887 was die pligte van so ’n distriksraad onder meer “to maintain and to superintend the maintenance of all public roads in the district; to improve the same and to establish public communication by the construction of bridges”.¹²⁶ So ’n distriksraad was saamgestel uit een verkose lid uit elke veldkornetskap, met die landdros as voorsitter en ’n amptenaar van die kantoor van die landdros as sekretaris. Die Distriksraad van Waterberg het elke derde maand op Nylstroom vergader.¹²⁷

125 SS1695,R7362/88: Brief Pretorius/Staatsekretaris, 1888.08.11. Raadpleeg hoofstuk vier vir besonderhede oor die hervestiging van Pieterpotgietersrust en Pretorius se aandeel daarin.

126 S.H. Barber, (Ed.), *The laws of the Transvaal, 1901*, pp.287-289.

127 S.H. Barber, (Ed.), *The laws of the Transvaal, 1901*, pp.287-289.

Die Distriksraad van Waterberg het in Maart 1892 besluit om 'n tender aan J.P. van Wyngaarten toe te staan vir die maak van 'n pad en bou van 'n drif op die posroete tussen Nylstroom en Pieterpotgietersrust, met twee jaar onderhoud daarvan.¹²⁸

Die Regering het in 1898 besluit om die hoofroete tussen Pretoria en Pietersburg op te gradeer en te verbeter. Die roete in die Waterbergdistrik tussen Nylstroom en Ysterberg is aan vyf verskillende kontrakteurs, wat onder toesig van die *Hoofd van Wegen* moes werk, toegestaan,¹²⁹ naamlik:

- W.P.J. Buchling vir die eerste deel tussen Nylstroom en Piet-Potgietersrust (900 pond);
- N.H. Pienaar vir die tweede deel tussen Nylstroom en Piet-Potgietersrust (600 pond);
- Frederick Duckett vir die deel vanaf Naboomfontein tot *den winkel aan den grooten Doornboom* suid van Piet Potgietersrust (1250 pond);
- Albertus Gerhardus van Niekerk vir die deel vanaf Piet-Potgietersrust *den eerste winkel* tot Planknek (984 pond); en
- Hendrik Jacobus Bester vir die weg vanaf Planknek tot Ysterberg (1300 pond).

Volgens die spesifikasies van die onderskeie kontrakte was die kontrakteurs verantwoordelik vir die maak van en drie jaar lange onderhoud van die pad. Die voorgeskrewe breedte van die pad was 30 voet (ongeveer 10 meter) en dieselfde roete as die bestaande "ou pad" moes gevolg word.

Die ontdekking van goud in 1871 het 'n groot invloed uitgeoefen op die verandering en verbetering van die verbindingstelsel in Transvaal. Die ossewa moes geleidelik plek maak vir vinniger vervoermiddels getrek deur perde of muile. 'n Toename in passasiersvervoer na en van die goudvelde het gelei tot die bou van paaie en brûe en die baan van spoorweë in die streek.

Namate die publiek die voordele van die spoorweë besef het, het die vooroordele en teenstand daarteen ook geleidelik afgeneem en gedurende die 1890's het vertoë begin opklink om Pietersburg per spoor met Pretoria te verbind. Vir die Regering het die

128 Argief Landdros Waterberg, Band 122: Notule van Distriksraad, Waterberg, 1892.03.17.

129 Argief Landdros Waterberg, Band 121: Weginspekteur, kontrakte nrs. 73, 74, 110, 111 en 113, 1898.01.20.

belangrikheid van so 'n spoorlyn gelê in die waarde wat dit sou hê om swart stamme in die noorde in bedwang te hou.¹³⁰ In 1894 verleen die Regering dus toestemming aan belangstellende firmas om opmetings en berekeninge te doen vir die bou van die spoorlyn. Tenders is in 1895 aangevra en op 30 Oktober die volgende jaar is die tender van Hendrik Jacobus Schoeman aanvaar. Die kontrak het bepaal dat die spoorlyn binne twee en 'n halwe jaar voltooi moes wees; dat die stelsel moes inskakel by die Pretoria-Delagoabaaispoorlyn; dat die lyn vanaf Pretoria noordwaarts gebou moes word; dat 'n waarborg van 4000 pond gelewer moes word; dat 'n maatskappy met 'n aandeelkapitaal van minstens 50 000 pond binne drie maande gestig moes word; en dat die lyn nie meer as 8136 pond per myl sou kos nie.¹³¹

Onder hierdie voorwaardes is die *Pretoria-Pietersburg Spoorwegmaatschappy Beperk* op 13 Mei 1896 gestig. 'n Jaar later het die werk aan die bou van die spoorlyn begin en op 1 Julie 1898 is die seksie Pretoria-Nylstroom amptelik geopen. Die amptelike opening van die spoorlyn op Pietersburg is op 31 Mei 1898 deur kmdt.-genl. Piet Joubert waargeneem en twee dae later is die treindiens amptelik vir die publiek oopgestel.¹³²

Pieterpotgietersrust het blykbaar nie in hierdie stadium 'n eie spoorwegstasie gehad nie, want in Mei 1898 het H.D. van Eyk en ander inwoners van die dorp die Regering versoek dat 'n nader spoorwegstasie as Pietersburg en/of Moorddrift vir hulle dorp aangelê moes word.¹³³ Die Pretoria-Pietersburgspoorlyn is op 1 Oktober 1898 amptelik op Pieterpotgietersrust geopen, maar daar kan nie met sekerheid vasgestel word of die spoorwegstasie ook op hierdie datum geopen is nie.¹³⁴

130 J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek", in C.F.J. Muller, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p.249.

131 L. Changuion, *Pietersburg ...*, p.59. Kyk ook F.W.J. Wilson, "Die spoorwegdiens, Potgietersrust", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.41.

132 L. Changuion, *Pietersburg ...*, p.59. Kyk ook F.W.J. Wilson, "Die spoorwegdiens, Potgietersrust", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.41.

133 SS7238,R6737/98: Memorie H.D. van Eyk/Staatsekretaris, 1898.04.24.

134 F.W.J. Wilson, "Die spoorwegdiens, Potgietersrust", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.47.

Onder normale omstandighede sou die spoorwegverbinding met Pretoria die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Pieterpotgietersrust gestimuleer het, maar die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog enkele maande ná die amptelike opening van die spoorlyn, het enige sodanige ontwikkeling erg ontwrig. Die behoefte aan die spoorwegverbinding met Pretoria word duidelik geïllustreer deur die 7000 blanke passassiers wat in 1898/1899 van die spoorwegdiens gebruik gemaak het, terwyl 2500 ton goedere gedurende dieselfde periode vervoer is.¹³⁵

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 het die Regering die spoorlyn genasionaliseer en beheer daarvan by die *Pretoria-Pietersburg Spoorwegmaatschappij* oorgeneem. Die Britse militêre owerheid het ná die val van Pretoria, beheer van die spoorlyn oorgeneem en in hoofsaak vir die vervoer van troepe en goedere gebruik. Ná die oorlog was die Pietersburg-Pretoria spoorlyn hoofsaaklik 'n passasierslyn wat gebruik is vir die vervoer van nie-blanke arbeiders na die myne aan die Witwatersrand, alhoewel ander dienste ook gelewer is.¹³⁶

Na die Anglo-Boereoorlog is die spoorwegdiens as staatsinstelling bedryf en is die naam van die spoorwegstasie verander na *Potgieters*. Hierdie verandering val saam met die algemene ontevredenheid van inwoners oor die naamsverandering van Pieterpotgietersrust, wat reeds in hoofstuk vier aandag geniet het. Sommige inwoners het nie met hierdie naamsverandering genoeë geneem nie en in 1903 het hulle in 'n memorie by die Luitenant-gouverneur van die Transvaal-kolonie beswaar aangeteken teen die naamsverandering van die spoorwegstasie na *Potgieters*. Die beswaarskrif het op 10 Desember 1903 voor die Uitvoerende Raad gedien “when it was decided that the railway station should be named *Potgietersrust* in accordance to the prayer of the petitioners”.¹³⁷

135 F.W.J. Wilson, “Die spoorwegdiens, Potgietersrust”, in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, pp.47-48.

136 F.W.J. Wilson, “Die spoorwegdiens, Potgietersrust”, in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*, pp.41-42.

137 EC39,EC710/01/03: Minute Private Secretary/Lt.-governor, 1903.12.18. Raadpleeg ook hoofstuk 4 waarin die dispuut om die naamsverandering van Pieterpotgietersrust bespreek is.



STASIEGEBOU: POTGIETERSRUST

ca. 1904.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/4592

Terwyl daar op owerheidsvlak aandag gegee is aan die daarstel van en verbetering van die spoorwegdiens en paaie na en van Pieterpotgietersrust, was die toestand van die strate in die dorp self haglik. Reeds in Oktober 1890 het kmdt. Henning Pretorius met landmeter E.B. Watermeyer ooreen gekom dat Pretorius met toesighouding oor die oopkap en ontbossing van strate en goewermentserwe sou help, omdat Watermeyer nie die nodige orde oor die swartes wat die werk moes doen, kon handhaaf nie. Die arbeiders is ses sjielings per week vir die werk betaal en in Maart dieselfde jaar vra Pretorius 'n voorskot van 125 pond van die Regering vir uitgawes wat hy reeds in hierdie verband aangegaan het. Die Regering was blykbaar as gevolg van 'n misverstand ongeneë om vir hierdie uitgawes te betaal, wat tot 'n uitgebreide korrespondensie oor die saak gelei het en in 'n memorie deur die inwoners verduidelik is. Die bedoeling was nie dat die Regering vir die skoonmaak en ontbossing van private erwe moes betaal nie, maar wel vir dié van strate, pleine en die sowat 200 onbewoonde erwe wat toe nog aan die Regering behoort het. Daar was ook gate in die strate wat opgevol moes word. Die inwoners sluit hulle memorie af met die versoek dat die Regering hulle moes help om “onze jeugdige dorp Piet-Potgietersrust in orde te krijgen”.¹³⁸

138 SS2974,R10154/91: Memorie en korrespondensie Inwoners/Staatsekretaris, 1891.08.12.

In reaksie op bogenoemde memorie bewillig die Regering 200 pond vir die ontbossing en regmaak van strate en goewermentserwe te Pieterpotgietersrust en die superintendent van naturellesake sluit nog in dieselfde jaar 'n kontrak met Willem Vaaltyn Makapan vir die uitvoering van die werk. Die Regering het ook die nodige grawe, pikke en ander gereedskap vir die werk aangekoop.¹³⁹

Daarbenewens het die Distriksraad van Waterberg in die volgende jaar besluit om die pad wat deur die dorp na Soutpansberg en al die driewe van watervore wat deur die dorp loop te gruis. Hierdie werk is teen 95 pond aan J.P. van Wyngaarten opgedra, en hou ook verband met die bou van 'n pad en drif op die posroete tussen Nylstroom en Pieterpotgietersrust waarna reeds verwys is.¹⁴⁰ Die Distriksraad het in 1893 ook besluit om die strate van Pieterpotgietersrust te verbreed waarvoor hulle 'n bedrag van 150 pond oor twee jaar begroot het.¹⁴¹



VAALTYN-MAKAPANSTAT

Lokasie van Vaaltyn-Makapan.

Foto geneem deur H.F. Gross: "Chief Makapan and kraal, and the Nylstroom valley",
uit H.F. Gross, *Pictorial description of the Transvaal*, no. 507.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6544/5.

139 SS2974,R101154/91: Korrespondensie insake ontbossing van strate, Pieterpotgietersrust, 1890-1891.

140 Argief Landdros Waterberg: Band 122 Notule van Distriksraad, 1892.03.17.

141 *Staats Courant (ZAR)*, 1892.03.01, p.268 en 1892.03.09, p.477.

Die daarstel van behoorlike strate vir Potgietersrus het as gevolg van 'n gebrek aan fondse langsaam geskied en teen 1906 was dit niks meer as sandpaaie tussen 'n ruigte doringbome nie. Die eerste teerskemas is in die 1940's aangepak en teen 1954 was net vier van die sowat 25 kilometer strate in die dorp geteer.

Die mate waarin Potgietersrus as dorp in die vestigingsjare ontwikkel het, is moeilik te bepaal. 'n Mindere of meerdere mate van ontwikkeling het binne elke afdeling plaasgevind en het as sodanig bygedra tot die vestiging van spesifieke dienste in die dorp. Wanneer 'n mens die eerste vestiging (1859-1870) met die hervestiging (1890-1904) vergelyk blyk dit dat die totstandkoming van hierdie dienste bygedra het tot die permanente vestiging van Potgietersrus as dorp, want hierdie dienste het tydens die eerste vestiging ontbreek en sodoende bygedra tot die tydelike aard daarvan. Die stigting van 'n eie Dorpsraad in 1904 bevestig die permanente aard van die hervestiging en lui 'n tweede fase in die geskiedenis van Potgietersrus in, 'n fase waarin toenemend aandag gegee is aan huishoudelike sake en die uitbouing van die dorp.

HOOFSTUK 6

DIE ONTWIKKELING VAN ONDERWYS SEDERT 1852

Die eerste vestigingsjare van Potgietersrus word gekenmerk deur 'n stryd om vestiging, beveiliging en erkenning. Die heersende maatskaplike toestande in daardie jare het stremmend ingewerk op die samelewing, in so 'n mate dat daar betreffende onderwys en opvoeding tot in 1890 min lewe te bespeur is. Formele skoolonderrig het eers na die hervestiging van die dorp en die stigting van die Piet Potgietersrust Publieke Christelike School in 1890 aandag begin kry. Belangstelling in die onderwys het egter in Potgietersrus en omgewing tot in die twintigste eeu flou gebly.

6.1 INFORMELE ONDERRIG TUIS

Vanaf die eerste nedersetting van blankes in Pieterpotgietersrust en omgewing het die inwoners te kampe gehad met probleme om huis en haard te vestig en te beveilig en om vir hulleself 'n voortbestaan te verseker. Nieteenstaande die haglike maatskaplike toestande is 'n behoefte aan formele onderwys en opvoeding deur elke huisgesin gevoel. Onder moeilike omstandighede en sonder onderwysers tot hulle beskikking moes die ouers, veral die moeders, self die onderwys van hulle kinders behartig en volgens Martins¹ het die onderwystoestande nie veel verskil van dié wat gedurende die Trekjare gebruiklik was nie.

Die hoofdoel van die tuisonderrig was geestelik-godsdienstig van aard en onderrig is beperk tot die noodsaaklike om die kind te bekwaam om lidmaat van die kerk te word, terwyl dit tradisie was dat geen paartjie kon trou as hulle nie tot die bevrediging van die predikant kon lees en skryf nie. Totale ongeletterdheid was dus die uitsondering.²

1 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), p.16.

2 G.J. Nieuwoudt, "Onderwys, Ons erfenis", *Museum* (18), April 1984, p.2.

Die patriargale lewenspatroon het meegebring dat kinders opgevoed is tot gehoorsaamheid en eerbied vir gesag, liefde vir volk en vaderland en die vrees vir God.

Behalwe lees, reken en skryfonderrig is die seuns ook geleer om velskoene te maak, osse in te span, met 'n geweer te skiet en verantwoordelikheid te dra. Dogters moes ook kon lees, reken en skryf. Verder moes hulle help met die huishouding, koskook en leer naaldwerk doen. Bestaansvaardighede in 'n selfvoorsieningseksonomie was dus baie belangrik. Kinders in die distrik van Potgietersrust is, as gevolg van die afgesonderde leefwyse en maatskaplike toestande rondom die eeuwisseling, tot laat in die twintigste eeu nog tuis deur hulle ouers onderrig. Verskeie inwoners van die dorp het op navraag bevestig dat hulle eers teen die ouderdom van 10-12 jaar vir die eerste keer skool toe is om hulle lees- en skryfbevoegdheid te verbeter.³

Weens die tekort aan leerboeke is die Bybel as sodanig gebruik. Sangoefeninge het bestaan uit *Ut, Re, Me* en die sing van liederwysies en ander geestelike liedere. Ander leerboeke was onder andere die bekende *Trap-der-jeugd*, *Kort Begrip* en die Kategismusvraeboek. Eenvoudige sommetjies is gedoen, maar hoofrekene was gevorderd.⁴

6.2 FORMELE ONDERRIG VOOR 1890

Kinders is ook formeel tuis deur 'n rondgaande huisonderwyser onderrig. Huisonderwysers was egter skaars omdat die vyandige houding van die omliggende swartes en die herhaalde voorkoms van onrus hulle afskrik het om na die gebied te kom. Formele onderrig het hieronder gely en die feit dat die Pieterpotgietersrust-omgewing toe nog yl bewoon was, en daarby as gevolg van malariakoors as 'n ongesonde streek beskou is, het daartoe bygedra dat ouers gesukkel het om die dienste van 'n huisonderwyser te bekom.

Kinders van buurplase het gewoonlik ook (waar moontlik) die klasse van die huisonderwyser bygewoon. Uit hierdie klasse het die latere "wykskole" gegroei. Die bestaanstyd van die huisonderwyser se "skool" was selde langer as drie tot nege maande, soms een jaar, omdat ouers die kinders dikwels tydens plant- en oestye uit die skool geneem het om met

3 Persoonlike mededelings: J.J. du Toit, 1987.11.10; J.J.F. Peens, 1987.11.10; M.E. van Nieukerke, 1987.11.10.

4 G.J. Nieuwoudt, "Onderwys, Ons erfenis", *Museum* (18), April 1984, pp.2-3.

die boerdery te help. Gedurende die wintermaande het kinders ook hulle ouers op uitgebreide jagtogte na die *bosveld* vergesel. Kinders was as *volleerd* beskou sodra hulle belydenis van geloof afgelê het, die sogenaamde *Boere-matriek*, en die huisonderwyser kon in die meeste gevalle die kinders net vir die aflegging van geloofsbelydenis voorberei. Formele onderrig was hoofsaaklik gerig op lees, skryf en die memoriseer van gedigte en lang aanhalings uit die Bybel. Lesse is ook hardop opgesê.

Georganiseerde onderwys het in Transvaal met die Onderwyswet (Wet nr.4) van 1874 ingetree. Verskeie pogings om wykskole in die omgewing van Pieterpotgietersrust te stig is in die sewentigerjare aangewend. Die bestaanstyd van hierdie skooltjies was egter van korte duur en die owerheid het later probeer om die onderwys op 'n meer standvastige grondslag te vestig deur staatsondersteuning aan te bied wanneer 'n skool vir drie maande of langer bestaan het. Die Staat het deur middel van die Onderwyswet (Wet nr. 1) van 1882 dan ook voorsiening gemaak vir 'n jaarlikse staatsubsidie van drie pond vir laer en vyf pond per jaar vir middelbare onderwys per kind.⁵



DIE WYKSKOOL RIETFontein

Wykskool op die plaas Rietfontein, distrik Waterberg, 1897.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/4535

5 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), p.28.

Die Onderwyswet van 1882 het as prikkel gedien vir die oprigting van skole in die Pieterpotgietersrust-omgewing, en in November 1882 doen C.C. van Heerden aansoek dat die privaatskool op sy plaas Rietfontein as staatsondersteunde skool goedgekeur word, met Nieuwerk as onderwyser. Op 1 Desember 1884 is aansoek ook gedoen om 'n staats-ondersteunde skool op die plaas Tweefontein, met A. Ruytenberg as onderwyser, te open. Ses jaar later is nog twee staatsondersteunde skole, naamlik Sterkfontein en die Piet Potgietersrust Publieke Christelike School, in die dorp en omgewing geopen.

Skoolgeboue was in die meeste gevalle ondoelmatig, swak verlig en swak geventileer. Skoolmeubels was ook gebrekkig en die onderwyser moes dikwels groot vindingrykheid aan die dag lê om in dié behoeftes te voorsien.⁶

Die belangrikheid van eenvormige skoolhandboeke, wat geskryf is om die spesiale lands-omstandighede te dien, is in die tagtigerjare deur ds. S.J. du Toit, superintendent van onderwys, ingesien en boeke soos *Uw en mijn cijferboekje* van Moller, *Die Volksleesboek*, *Kinderharp* en die rekenboek van J.R. Joubert is op sy aandrang direk uit die depot van die departement aan skole voorsien.⁷

Ds. du Toit is in 1888 deur Stiemens opgevolg en die eerste drie inspekteurs van onderwys, G.C. de Jonge, H.H. Dijksterhuijs en J. Nieuwenhuizen - ervare onderwysmanne - is onder sy bestuur aangestel, wat dadelik tot groter doeltreffendheid in die onderwysstelsel gelei het.⁸ Stiemens het ook 'n skema ingestel om onderwysers aan te moedig om hulle kwalifikasies te verbeter en die eerste "Openbare wedstrijd van scholen" is in 1888 in die ZAR gehou.⁹

Formele skoolonderrig in die ZAR het in die 1890's 'n hoogtepunt onder leiding van prof. N. Mansveldt bereik. Mansveldt, 'n ingevoerde Hollandse onderwyskundige, is in 1891 as Superintendent van Onderwys in die ZAR aangestel. Hy het hom dadelik met inspanning aan sy taak gewy en voortgebou op die grondslag wat deur ds. S.J. du Toit gelê is. Mansveldt

6 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), p.41.

7 G.J. Nieuwoudt, "Onderwys, Ons erfenis", *Museum* (18), April 1984, p.12.

8 G.J. Nieuwoudt, "Onderwys, Ons erfenis", *Museum* (18), April 1984, p.14.

9 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), p.35.

het die administrasie van die departement opgeknep en 'n skoolgids, wat die beheer van skole en die werksaamhede van onderwysers, met vaste voorskrifte vir skoolinspeksies reël, opgestel.¹⁰ Deur 'n algemene leerplan vas te stel waarin die eise vir die verskillende standers omskryf is, het hy die onderwys in die ZAR op 'n hoër eenvormige peil gebring. Hy het ook voorsiening gemaak vir die nodige skoolboeke, wat oorspronklik uit Nederland aangevra is, maar later deur plaaslike boekies vervang is.¹¹

Mansveldt het ook gekwalifiseerde onderwysers uit Nederland na die ZAR gelok om in die tekort aan opgeleide onderwysers te voorsien, en om die onderwys op 'n hoër peil te bring. Verder is die algemene staatstoelae verhoog, en finansiële steun en hulp is uitgebrei vir die oprigting van skole, die vestiging van onderwysers en die aankoop van skoolmeubels.

Pieterpotgietersrust het in die negentigerjare die vrugte van hierdie ontwikkeling gepluk met die vestiging van die eerste formele skool kort na die hervestiging van die dorp in 1890.

6.3 PIET POTGIETERSRUST PUBLIEKE CHRISTELIKE SCHOOL, 1890-1900

Die Piet Potgietersrust Publieke Christelike School wat op 7 Julie 1890 met sy werksaamhede begin het in die hartbeeshuisie wat aan kmdt. Henning Pretorius behoort het, was die eerste formele skool in die dorp. Dié skool sou help om die onderrigsituasie aansienlik te verbeter.¹²

Die huishoudelike reëls van die skool is op 7 September van dieselfde jaar opgestel en maak voorsiening dat die skool deur 'n skoolkommissie van nege verkose lede, bestuur sou word. Die Skoolkommissie het een keer elke drie maande vergader, terwyl 'n "kommissie van waaksaamheid" benoem is om in die tussentyd toesig oor die skool en "bevind van sake" te hou. Die huishoudelike reëls het verder bepaal dat geen kind vir 'n korter tydperk as een jaar in die skool opgeneem sou word nie.

Met betrekking tot die onderwyser as sodanig het die huishoudelike reëls vereis dat hy 'n persoon van goeie karakter en sedelike gedrag moes wees, en lidmaat van 'n protestantse

10 G.J. Nieuwoudt, "Onderwys, Ons erfenis", *Museum* (18), April 1984, p.14.

11 A.K. Bot, *Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, 1836-1951*, p.21.

12 Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 400.1.

kerkgenootskap. Hy moes ook oor die nodige kwalifikasies beskik om onderrig in die laer-, middelbare- en hoër afdelings te gee in sowel Hollands as in Engels. Die reëls het verder bepaal dat die onderwyser verplig sou wees om minstens een uur per dag af te sonder vir Bybelonderrig, dat die skool elke dag met gebed geopen en afgesluit moes word en dat sangkuns, met die psalms en gesange as riglyn, daaglikse beoefen moes word. Die onderwyser sou self die daaglikse skoolure bepaal.¹³

M.C. Viljoen en C. Botha was die eerste onderwysers aan die Piet Potgietersrust Publieke Christelike School. Botha is in 1893 as “hoofd der school” bygestaan deur twee kwekelinge, E. Geijser en C. Pretorius, en sedert 1895 deur ’n assistent- onderwyser, A. Ruytenberg.

Die skool is sedert 1891 gereeld deur C.C. de Jonge (1891, 1893, 1894) en J. Nieuwenhuizen (1895-1899) geïnspekteer. Volgens die betrokke inspeksieverslae was die standaard van onderrig deurgaans laag en in die woorde van Nieuwenhuizen¹⁴ “... over’t geheel genomen onbevredigend”, want die assistent-onderwysers het deur die jare weinig onderwyservaring gehad en kon ook nie by die skoolhoof veel leer nie. Verskeie leerlinge het daarom “sedert de vorige inspectie, ruim een jaar geleden, geen vordering gemaakt”. Kennis van Bybelgeskiedenis was volgens die verslae deurgaans goed. Skrif is metodies onderrig maar ’n gebrek aan leesboeke het die werk van die onderwysers baie bemoeilik.

Nieuwenhuizen kla ook dat netheid, orde en oplettendheid veel te wense oorgelaat het. Verskeie faktore kon tot hierdie toestand bygedra het, onder andere dat die kinders nie gewoond was om skool toe te gaan nie en dat hulle relatief maklik uit die skool gehou is om ouers met plaaswerk, veral tydens ploeg- en oestye, te help. Martins¹⁵ reken dat 20% van die skoolversuim in die jare 1895-1896 hieraan toegeskryf kan word. Hierdie tendens is in die twintigste eeu voortgesit, as ’n mens die redes wat vir afwesigheid aangevoer is in die sogenaamde “ekskuusbriefies”,¹⁶ in aanmerking neem.

Die skoollokale het ook veel te wense oorgelaat want die ventilasie en verligting was swak en die vertrekke, veral dié wat deur die jonger kinders gebruik is, was hopeloos te klein. Gepaard hiermee was daar ’n tekort aan skoolmeubels en dit wat wel beskikbaar was, is

13 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), p.iv.

14 Transvaalse Onderwysmuseum: Jaarverslag 1896, pp.197-198.

15 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), pp.50-51.

16 Arend Dieperinkmuseum: Briewe aan onderwysers 1917-1950, 01/6932.

plaaslik vervaardig en moes telkens op aanbeveling van die inspekteur stewiger gemaak word. Hierdie toedrag van sake was sekerlik nie bevorderlik vir die handhawing van dissipline nie en het veral onder die kleiner kinders bygedra tot swak skoolbesoek.

Die sogenaamde ongedissiplineerdheid van die leerlinge waarna Nieuwenhuizen verwys het, het waarskynlik ook 'n dieper betekenis en dit wat vir hom as 'n gebrek aan dissipline voorgekom het, kan ons vandag waarskynlik tipeer as 'n karaktertrek van die Afrikaner. Die pionierslewe het aan die Afrikaner 'n geharde, individualistiese en konserwatiewe karakter verleen, maar hom ook rusteloos, swerwend en beweeglik gemaak. Omdat hy dwarsdeur sy geskiedenis 'n stryd om selfbehoud moes voer, maak sy agtergrond van hom 'n moeilike volgelinge en neig hy meer tot 'n hardkoppige, betersweterige en eiesinnige houding wat maklik as 'n gebrek aan dissipline gesien kan word. Hierdie sogenaamde gebrek aan orde wat Nieuwenhuizen in die 1890's ervaar het, was waarskynlik "die erwe van die vadere" want dieselfde mate van ongedissiplineerdheid is in die eerste vestigingsjare (1854-1870) deur die vaders geopenbaar in hulle onwilligheid om militêre diens te doen of die gesag van hulle leiers te aanvaar.¹⁷

Gebrekkige huisvesting het waarskynlik bygedra tot swak dissipline, want verskeie geboue in die dorp het in die eerste jare van die skool se bestaan as klaskamers gedien en selfs die koelte van 'n groot kameeldoringboom is op een stadium as "klaskamer" gebruik.¹⁸ Beter fasiliteite is in 1893 bekom toe die regeringskantore vanaf erf nr. 433 na erf nr. 436, verskuif het en die huis op erf nr. 433 op versoek van die Skoolkommissie as skool ingerig is.¹⁹ Die eienaar van hierdie huis het egter net 'n jaar later die huur van die gebou opgesê sodat die skool weer na 'n ander gebou oorgeplaas moes word.²⁰ Daar is reeds na die ontoereikendheid van hierdie skoollokale verwys.

17 Raadpleeg hoofstukke 3 en 4 vir verdere verwysing oor burgers se onwilligheid om kommandodiens te verrig.

18 Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 400.1. Hierdie boom het ook as vergaderplek van die gemeenskap gedien tydens besoeke van volksleiers.

19 SS3598,R823/93: Brief Skoolkommissie/Landdros Waterberg, 1893.10.17.

20 Transvaalse Onderwysmuseum: Jaarverslag 1894, pp.34-35.



SKOOLBOOM

Kameeldoringboom waaronder leeringe vergader het. Hierdie boom het ook as vergaderplek van die inwoners gedien tydens amptelike besoeke van Volksleiers.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6257

'n Gebrek aan geskikte skoolgeboue het waarskynlik algemeen in die ZAR voorgekom, want in 1897/98 het die departement van onderwys 'n toelaag vir hout en yster vir die oprigting van skoolgeboue en onderwyserswonings aan skoolkommissies toegestaan. In die Waterbergdistrik het die skoolkommissies van Pieterpotgietersrust en die wykskool Kopje Alleen daarvan gebruik gemaak²¹ en in 1897 het die leerlinge van Pieterpotgietersrust 'n nuwe skoolgebou op die hoek van Hoofd- en Marktstraat (vandag Ruiter- en Van Riebeeckweg) in gebruik geneem. Voorsiening is ook gemaak vir hostelinwoning.

21 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (MA-Verhandeling), p.54.



PIET POTGIETERSRUST PUBLIEKE CHRISTELIKE SCHOOL

Die skoolgebou is in 1897 in gebruik geneem.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/4586

Benewens die geboue-probleem het die gebrek aan bevoegde onderwysers die vordering van leerlinge baie gestrem, want die aantal gekwalifiseerde onderwysers in Waterberg was min en baie van hulle was nie lank in die ZAR woonagtig nie en nog redelik onbekend met die landsomstandighede. Die uitsondering was V.D. Vahrmeyer wat in 1896 beheer van die skool oorgeneem het. Hy was 'n entoesiastiese leerkrag wat ook aan ongekwalifiseerde onderwysers op sy personeel onderrig gegee het ten einde hulle beter vir hulle taak toe te rus.²² Skoolbesoek was daarna getrouer en Martins²³ wys daarop dat die skoolkommissie en ouers daarna ruim van staatsubsidies gebruik gemaak het en hulle groot opofferinge getroos het om onderwys op Pieterpotgietersrust te bevorder.

22 Transvaalse Onderwysmuseum: Jaarverslag 1896, pp.409-410.

23 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (MA-Verhandeling), p.54.



MEESTER V.D. VAHRMEYER

Meester V.D. Vahrmeier het op 1 September 1896 beheer van die skool op Pieterpotgietersrust oorgeneem.

Hy is tydens die Anglo-Boereoorlog naby Elim-sendingstasie as krygsgevangene vermoor deur Britse soldate onder leiding van lt. Morant.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6378

Die leerlinginskrywing van kinders wat in die jare 1890-1896 skool besoek het, het jaarliks gewissel, soos blyk uit die volgende statistiek wat saamgestel is uit die inspeksieverslae van die betrokke periode:²⁴

JAAR	LEERLINGE	KLASINDELING VOLGENS STANDERD			
		St. 1	St. 2	St. 3	St. 4
1891	60	—	—	—	—
1893	68	31	15	10	6
1894	33	—	—	—	—
1895	43	14	14	15	—
1896	59	—	—	—	—

²⁴ Transvaalse Onderwysmuseum: Jaarverslag 1890-1896.

Uit die statistiek is dit duidelik dat daar vir vier standerds voorsiening gemaak is. Vahrmeyer het die leerlinge in 1896 ook volgens hulle prestasie in vier klasse verdeel, byvoorbeeld Standaard 1 A-D.²⁵



LEERLINGE EN ONDERWYSERS, 1896

Leerlinge saam met meester V.D. Vahrmeyer (regs) en A. Ruytenberg (links).

Arend Dieperink Museum: Foto 01/4611

Die lae leerlinginskrywing van die jare 1894/95 kan toegeskryf word aan swak onderwysfasiliteite en die lae standaard van onderrig. Ander faktore soos die koors- en pokke-epidemies van 1893/94 en die droogte van 1894/95 kon ook 'n invloed gehad het op die leerlinginskrywing omdat kinders waarskynlik tuis gehou was om met die versorging van siekes en/of met die plaaswerk te help.

²⁵ Transvaalse Onderwysmuseum: Jaarverslag 1896, pp.197-198.



LEERLINGE EN ONDERWYSERS, 1898/1899

Leerlinge saam met onderwysers. Links (staande) is meester V.D. Vahrmeier en A. Ruytenberg.

Regs voor (sittende) is meester Klaas de Boer.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6476

Weens die armoede in Pieterpotgietersrust en omgewing is in hierdie tyd min aandag gegee aan die stig van private skole, want die finansiële verpligtinge vir die instandhouding van sulke skole was baie hoog. Tog was daar op Pieterpotgietersrust 'n privaatskool onder 'n mej. Preller wat, volgens Martins,²⁶ op allerlei wyse getrag het om aan die erkende skool afbreuk te doen, dog sonder veel sukses. 'n Poging om die skole te verenig het ook misluk omdat mej. Preller nie bereid was om haar skool te laat inspekteer nie.

26 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes in ...* (M.A.-verhandeling), pp.54-55.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 is alle onderwys in die ZAR gestaak. Ook op Pieterpotgietersrust het die skool opgehou om te bestaan omdat onderwysers en leerlinge op kommando gegaan het om hulle land te verdedig,²⁷ terwyl baie vroue en kinders na die konsentrasiekampe weggevoer is. Nogtans het die ouers wat nie in die kampe beland het nie, die onderwys van hulle kinders op die hart gedra en voortgegaan om hulle kinders tuis te onderrig.

6.4 POTGIETERSRUST GOVERNMENT SCHOOL, 1900-1910

Die Britse administrasie het reeds tydens die Anglo-Boereoorlog die behoefte gevoel om die onderwys in die pas geannekseerde Boererepublieke te reorganiseer en die Afrikanerkinders Engels te leer en hulle deur middel van die onderwys tot goeie burgers van die Britse Ryk te vorm. Hierdie benadering vorm deel van Milner, Britse Hoë Kommissaris, se anglisasiebeleid.

Omdat die voertaal volgens Milner se beleid Engels moes wees, was daar 'n groot tekort aan gekwalifiseerde onderwysers. Sedert 1902 is groot getalle onderwysers dus uit alle dele van die Britse Ryk ingevoer. Hierdie ingevoerde onderwysers was veral vir plattelandse skole bedoel. Die kringinspekteur moes benewens sy normale inspeksietaak, ook sorg vir die aanvaarding, gesondheid en welsyn van die ingevoerde onderwysers. Hy moes ook alle ontevredenheid en wrywing tussen *The Transvaal Education Department* en die Boere in die kiem smoor.

Ontevredenheid onder die Boere oor Milner se anglisasiebeleid en die vrees dat die ingevoerde Engelssprekende onderwysers nie godsdienstige christelike leiding sou gee nie, het teen 1903 gelei tot die ontstaan van die CNO-skole (Christelik Nasionale Onderwys-skole). Volgens Martins²⁸ “wou hierdie CNO-skole, vry van die beheer van die Engelse owerheid, ook van hulle inmenging, en Christelik en nasionaal in gees en strekking, voortbou op die taal, die geskiedenis en die kultuur van die oorwonne Boerenasie”.

27 Meester Vahrmeyer is op 19 Augustus 1901 by Elim sendingstasie (naby Pietersburg) deur lt. Morant van Fort Edward vermoor. S.J. Lee, *Krygsverrigtinge in Soutpansberg en Waterberg gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Ongepubliseer), pp.33-34.

28 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), p.67.

Die Onderwyswet van 1905 het egter aan die *Transvaal Education Department* die reg gegee om in die sake van private skole in te meng en teen 1908 het die CNO-beweging begin doodloop.

Die behoefte aan goeie en deeglike onderwys het reeds gedurende die Anglo-Boereoorlog op die dorp Pieterpotgietersrust bestaan en 'n *Government School* is in Januarie 1900 met 'n leerlingtal van 76 op die dorp geopen.²⁹ Verskeie pogings is tussen 1903 en 1908 aangewend om CNO-skole naas die Government School op die dorp te vestig, maar nie een van hierdie skole kon lank staande bly onder die wurgende maatskaplike toestande in die ekonomies geruïneerde distrik nie. Die CNO-beweging het in 1908 finaal in Potgietersrust ontbind met die saamsmelting van die CNO-skool en die Government School.

G.H. Matthews het op 22 April 1903 beheer van die skool oorgeneem en die skoolgebou en toerusting in 'n "disruptable state" gevind met 'n "total absence of serviceable stock".³⁰ Ten spyte hiervan bied die skool in Oktober 1903 'n suksesvolle skoolkonsert "to a crowded audience" aan, waartydens pryse ook aan leerlinge vir skoolprestasies oorhandig is.³¹ Die skoolkonsert is weer in 1904 aangebied.

Die leerlinginskrywing van die Government School het elke jaar gestyg maar die probleme naamlik ongereelde skoolbesoek, ontoereikende vervoer- en losiesbeurse en die gebrek aan voldoende skoolgeriewe was steeds aan die orde van die dag. Die skoolgebou was te klein om al die leerlinge te huisves en 'n bykomende klaskamer en handwerksentrum is in die na-oorlogse jare aangebou. Volgens Heyl³² moes daar sedert 1907 voortdurend van tente, ou winkelgeboue, doodskislokale en privaatwonings gebruik gemaak word om die tekort aan klaskamers aan te vul.

Die voorsiening van voldoende skoolmeubels was ook in die jare 1902-1910 'n probleem. Sommige leerlinge het nie sitplekke gehad nie sodat die skoolkommissie meubels by

29 A.K. Bot, *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*, p.66. Volgens Bot is tot skoolstigting oorgegaan oral waar dertig en meer kinders bymekaar gemaak kon word.

30 Transvaalse Onderwysmuseum: Log Book D4/76/80 (371.2), 1904.01.22.

31 Transvaalse Onderwysmuseum: Log Book D4/78/80 (371.2), 1904.06.09.

32 J. Heyl, "Die Laerskool Potgietersrust, 1892-1954", in A.J. Combrink, (red.), *Euufees-Album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.78.

privaat persone geleen het om in die toenemende behoefte te voorsien.³³ Die tekort aan meubels het tot ongereelde skoolbesoek bygedra.

Wat die kinders self betref, skryf Martins³⁴ dat die kinders baie individualisties was. Hy skryf dit toe aan die feit dat leerlinge van 18 en 20 jaar nog in die skool aangetref is, en dat sowat 50% van alle kinders van skoolgaande leeftyd in hierdie jare nog nie op skool was nie. Die rede hiervoor lê in die feit dat die mense baie arm was; dat beurse slegs aan sowat 100 leerlinge toegestaan is, terwyl ongeveer nog drie keer soveel geweier is. Groot afstande moes ook afgelê word om skole te besoek.

Behalwe lees, reken en skrif, is die kinders ook onderrig in geskiedenis, aardrykskunde, tekene, sang en naaldwerk. Resitasie was 'n middel waardeur 'n kennis van Engels verkry kon word en die keuse van gediggies het nie altyd by die ouderdom van die kind gepas nie. Spelling het ook aandag geniet en leerlinge moes gewoonlik lyste woorde wat bo hulle begripsvermoë was, memoriseer. Liggaamsoefeninge het weinig byval gevind by die Boerekinders omdat hulle daaglikse harde handearbeid tuis verrig het. Sommige ouers was van mening dat hierdie handearbeid genoeg oefening aan die kinders verskaf het.³⁵

Formele onderwys in Potgietersrust en omgewing het in die na-oorlogse jare stadig gegroei en is in 'n groot mate beïnvloed deur die heersende maatskaplike toestande en gesindheid van die ouers. Daar was genoeg kinders in die distrik, maar skoolbesoek was as gevolg van groot afstande swak en min kinders het verder as standerd 2 gevorder, omdat ouers voorkeur gegee het aan kleiner skole nader aan die huis en nieteenstaande geldelike steun van die departement, nie die hoë koste verbonde aan losies of vervoer na die groter "dorpskool" kon dra nie. Die klein skooltjies het met baie probleme ten opsigte van toerusting en die groepering van klasse te kampe gehad. In eenman-skole is hoër klasse dikwels aan hulleself oorgelaat, terwyl aandag net aan die laer klasse gegee is.³⁶

Die plaaslike skoolkommissie onder leiding van Burt Gildenhuys, Daan van Eyk en Jaap Schoeman het die kwessie van onderwys ernstig opgeneem en alles in hulle vermoë gedoen om skoolbesoek te bevorder, veral nadat genl. J.C. Smuts in 1906 die minister van

33 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), pp. 63 en 73.

34 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), p.74.

35 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), pp.63-76.

36 G.J. Martins, *Die onderwys van blankes ...* (M.A.-verhandeling), pp.80-85.

onderwys geword het en deur middel van 'n nuwe onderwyswet die wense van die CNO-leiers bevredig het. Danksy die instelling van gratis laer onderwys en verpligte onderwys aan kinders tussen die ouderdomme sewe en veertien jaar, tree daar na 1906 'n geleidelike groei in die onderwys te Potgietersrust in, en op geen ander gebied het Potgietersrus in die jare daarna soveel bereik as op die gebied van die onderwys nie.

Die negentiende eeuse onderwys in Potgietersrust en omgewing - alhoewel met wisselende sukses - het in 'n bepaalde behoefte van die tyd voorsien en 'n hoër lewenspeil aan baie inwoners verseker.

HOOFSTUK 7

KERKLIKE EN GODSDIENSTIGE LEWE

Inligting oor die kerklike bearbeiding en godsdienstige lewe van die pioniers van Pieterpotgietersrust wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is hoofsaaklik uit sekondêre bronne verkry. Min melding word in bronne gemaak van spesifieke kerklike bearbeiding van lidmate te Pieterpotgietersrust omdat selfstandige gemeentes eers in die twintigste eeu in die dorp gestig is. Die eerste notuleboeke van die Nederduits Gereformeerde Kerk Piet Potgietersrust is, volgens die saakgelastigde van die betrokke gemeente, in 'n brand vernietig.

Bespreking van die godsdienstige lewe van die pioniers dra 'n sterk kultuurhistoriese karakter en sluit aan by die navorsingsbehoefte van die Arend Dieperinkmuseum.

Die Voortrekkers het geen hulp van die Kaapse Sinode vir godsdienstige bearbeiding ontvang nie en hulle moes self sorg vir die instandhouding van hulle godsdiens. Teen 1852 was geen predikant permanent in die Transvaal (ZAR) werksaam nie. Sommige burgers het aansluiting by die Kaapse Sinode en die Nederduitsch Gereformeerde Kerk gesoek, maar 'n Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het in Augustus 1893 onder voorsitterskap van ds. Dirk van der Hoff te Rustenburg besluit dat net die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR erken sou word, omdat hulle bang was dat Engelse geestelike invloede vanuit die Kaapkolonie die vryheid van die ZAR sou ondermyn. Hierdie besluit het 'n kerklike twis tussen die Nederduitsch Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk tot gevolg gehad, wat ook op staatkundige gebied beroeringe veroorsaak het. In 1859 het die twis groter afmetings aangeneem met die stigting van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika nadat lidmate beswaar aangeteken

het teen die sing van Evangeliese gesange wat volgens hulle beskouing nie op die Heilige Skrif gegrond is nie.¹

Die nuutgestigte Gereformeerde Kerk het hom spoedig in 'n hewige twis met die Nederduitsch Hervormde Kerk bevind,² wat steeds met die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in 'n twis betrokke was. Van eenwording was daar geen sprake nie, alhoewel die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in 1885-1890 gedeeltelik verenig het onder die naam *Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk*³. Sommige gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk het egter selfstandig bly voortbestaan en 'n groep van die ou wegbrekers het in 1890 weer by hierdie gemeentes aangesluit.⁴

Die verdeeldheid wat die godsdienstige lewe van die ZAR in die negentiende eeu gekenmerk het, het ook in Pieterpotgietersrust neerslag gevind en lidmate van al drie Hollands-Afrikaanse kerke het hulle in die dorp gevestig waar hulle kerklik vanuit Soutpansberg en Waterberg bearbei is. Die uitgestrektheid van die gemeentes en groot afstande het kerklike en geestelike bearbeiding bemoeilik en veral godsdienstige meelewing het daaronder gely. Ten spyte hiervan het die mense gegroei en sterk gebly in hulle godsvertroue omdat godsdiensoefening deel was van hulle daaglikse lewe.

1 D.W. Kruger, "Britse kolonies en boererepublieke, 1854-1872", in D.W. Kruger (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp.25-252. Kyk ook Gereformeerde Kerkargief: Notule van gemeentevergadering, Rustenburg, 1859.02.11.

2 Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het nie die ontstaan van die Gereformeerde Kerke erken nie en in die kerkraadsnotule van 26 Desember 1864 verwys die Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg nog na "die kerk van de heer Postma" met betrekking tot lidmate wat by die Gereformeerde Kerk Soutpansberg aangesluit het. NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol. 1/2/1.

3 Die naam van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk het in later jare weer verander na die *Nederduitsch Gereformeerde Kerk*.

4 NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/1, Notule van kerkraadsvergadering, 1887-05-02.

7.1 KERKLIKE BEARBEIDING IN SOUTPANSBERG EN WATERBERG

Die hele Transvaal het tot in 1850 uit een gemeente, naamlik Potchefstroom, bestaan, en die gemeente Rustenburg-Soutpansberg is in 1850 daarvan afgestig. Die Kerkraad van Rustenburg het op 30 April 1852 besluit om toestemming aan Soutpansberg te gee om hulle, na 'n besoek van di. A. Murray en J.H. Neethling aan die gebied, in 'n selfstandige gemeente te organiseer.⁵ Van sy besoek aan Soutpansberg skryf ds. Murray dat dertien ossewaens agt skofte ver getrek het om van hulle kerkdienste by te woon. Zoutpansberg (Schoemansdal) was die verste besoekpunt. Di. Murray en Neethling het ook in die omgewing van Makapanspoort, naby die woonkraal van Zebetiel, aan 'n "aandachtige gemeente" die Woord verkondig.⁶

Die eerste kerkvergadering van die gemeente Soutpansberg is op Saterdag 1 April 1854 onder voorsitterskap van ds. Dirk van der Hoff van die Nederduitsch Hervormde Kerk gehou, en die Kerkraad is die volgende dag in hulle onderskeie ampte bevestig. Die Kerkraad het in 1856 begin met die bou van 'n kerk te Schoemansdal. Dit is in 1857 voltooi en op Sondag 20 Junie 1858 deur die besoekende ds. Pierre Huet ingewy. Ds. Huet het Soutpansberg op versoek van die Kaapse Sinode besoek en gedurende die agt weke van sy verblyf "meer dan 190 malen gepredikt ... Het aantal gedoopte kinderen schat ik tussen de 300 en 400; twee bejaardes doopte ik eveneens. Het aantal aannemelingen 80".⁷

Soutpansberg is van toe af gereeld elke jaar deur 'n predikant besoek: ds. Dirk van der Hoff, 1859; ds. P.A.C. van Heynigen, 1860; ds. A.J. Begeman, 1861; ds. G.W. Smits, 1862; en ds. A.J. Begeman, 1863. Die besoekende predikante het, benewens op Schoemansdal, ook in die buitewyke Doornbult, Rhenosterpoort en Makapanspoort (Pieterpotgietersrust) kerkdienste gehou. As daar nie 'n besoekende predikant was nie, het die ouderlinge op verskillende plekke godsdiensoefeninge gehou en die jongmense vir aflegging van geloofsbelydenis voorberei. Die peil van kennis wat vir aflegging van geloofsbelydenis vereis is, was hoog en is streng deur die Kerkraad gehandhaaf. So het die Kerkraad in 1861 besluit om niemand toe te laat tot geloofsbelydenis dan alleen "die het geheele kort begrip van 't begin tot het einde geleerd hebben..."⁸

5 NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/1, p.1.

6 C. Spoelstra, *Het kerkelijk en godsdienstig leven* ..., pp.100,114, en 121.

7 C. Spoelstra, *Het kerkelijk en godsdienstig leven* ..., p.41.

8 NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/1, p.11. Kyk ook S.P. Engelbrecht, *Die Nederduitsch Hervormde gemeente Pietersburg* ..., p.15.

'n Ouderling is in 1863 vir die wyk Makapanspoort (Pieterpotgietersrust) benoem, wat 'n wyk van Soutpansberg (Pietersburg) gebly het tot in 1921 toe dit as selfstandige gemeente afgestig is. Volgens die kerkraadsnotule van 4 Junie 1866 was W.J. van der Westhuizen die ouderling, bygestaan deur Albertus van der Westhuizen.⁹

Ds. N.J. van Warmelo het in 1864 as vaste leraar na Soutpansberg gekom¹⁰ en gereeld buitendienste in die distrik gehou, ook te Pieterpotgietersrust.¹¹ In 1867 was daar sprake dat die lidmate van Pieterpotgietersrust van Soutpansberg sou afstig en daar is op Pieterpotgietersrust begin met die bou van 'n kerkgebou vir die nuwe te stigte gemeente. Die hoeksteen van hierdie gebou is op 3 Februarie 1867 gelê, maar die gebou is nooit voltooi nie as gevolg van die inval van krygers van Mankopane in 1867, wat die inwoners genoop het om vir drie jaar in die skans te woon, en in 1870 is die dorp as gevolg van 'n malaria-epidemie ontruim.

Ds. Van Warmelo het in November 1866 in die omstreke van Pieterpotgietersrust huis-besoek gedoen. Van hierdie besoeke skryf hy: "De meeste plaatsen, waar ik kwam, had nog nooit eenig predikant bezocht, alles was nieuw, opgewekt, in grootte belangstelling. En ik ben dit maal verbaast over de kieschheid en attentia van zullen, ander toch onbeschaafde menschen".¹²

Met die ontruiming van Schoemansdal was toestande in Soutpansberg baie onseker.¹³ Selfs die nagmaalsvieringe wat op hande was, is vir 'n onbepaalde tyd uitgestel. In hierdie tyd het ds. Van Warmelo 'n beroep na Heidelberg aangeneem, waarna hy die gemeente gereeld as konsulent bedien het.¹⁴ Die gemeente het eers weer in 1873 'n vaste predikant gekry toe ds. L.G.F. Biccard die beroep na Soutpansberg aangeneem het. Hy het langer as twee jaar tydelik in die gemeente gewerk voordat hy op 24 April 1875 as voltydse predikant beroep en bevestig is.

9 NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/1, pp.26 en 38.

10 NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/1, p.28.

11 NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/1, p.29.

12 S.P. Engelbrecht, *Die Nederduitsch Hervormde gemeente Pietersburg* ..., p.56.

13 NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/1, p.45.

14 NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/1, p.49.

Nadat ds. Biccard in Julie 1887 besluit het om sy ontslag te vra en uit die bediening te tree, is die gemeente deur 'n konsulent, ds. M.J. Goddefroy van Pretoria-Middelburg, bedien. Eers in Februarie 1903 is daar weer 'n predikant na die gemeente beroep, en is ds. L.E. Brandt op 23 Januarie 1904 in die gemeente bevestig.¹⁵

Die gemeentes van Soutpansberg was ook ernstig deur die kerktwis en kerkskeuring van die negentiende eeu beïnvloed.¹⁶ Na die vertrek van ds. Van Warmelo in 1867 was dit veral sendeling Stephanus Hofmeyer wat deur sy optrede en voorgang in eredienste tot verdeeldheid aanleiding gegee het, wat tot die stigting van 'n seperatistiese kerk onder die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk gelei het. Hieroor skryf Engelbrecht¹⁷ soos volg:

Waar die kerkraad alle kragte ingespan het om die gemeente geestelik te bedien, is daar van buite Zoutpansberg probeer om twis en verdeeldheid te bring en die gemeente te verskeur. Cachet het reeds in 1867 aan Hofmeyer die vryheid gegee om oral in sy gemeente te preek, wat Hofmeyer ook gretig gedoen het en so sy voorbereidingswerk vir 'n kerkskeuring aangegaan het. Mens kry die indruk dat waar hy nie eers sy sendelingeksamen kon aflê nie, en dit nie verder gebring het as 'n godsdiensonderwyser wat as sendeling georden is sonder dat hy daarvoor opgelei was nie, hy langs hierdie weg die status van predikant probeer kry het.

Pogings om die twee gemeentes onder leiding van di. Biccard en Hofmeyer in 1885/1887 met mekaar te verenig, het misluk. Die vereniging wat wel bestaan het, was op "los sand" gebou. Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk het al meer en meer afkerig geraak van die "opwekkingsdienste" van ds. Hofmeyer en in Mei 1887 het die twee groepe finaal uiteen gegaan.¹⁸

Lidmate van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in Pieterpotgietersrust is vanuit Waterberg bedien, behalwe vir enkele dienste wat deur ds. Hofmeyer van

15 NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/2, pp.16-21.

16 Vergelyk kerkraadsnotule van 1 Augustus 1864. NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/1.

17 S.P. Engelbrecht, *Die Nederduitse Hervormde gemeente Pietersburg* ..., p.67.

18 Verskeie gesamentlike kerkraads- en gemeentevergaderings is gehou in die jare 1885-1887 voordat die gemeentes weer uiteen is. Kyk NH-Kerkargief: Nederduitsch Hervormde Kerk Zoutpansberg, notuleboek vol.1/2/1, pp.239, e.v.

Soutpansberg gelei is. Nog voor die stigting van die gemeente Waterberg in 1860, het daar reeds enkele verspreide lidmate op afgeleë plase gewoon. Vir 30 jaar het die Waterberg-gemeente nie 'n eie leraar gehad nie en is dit deur konsulente bedien. Die gemeente het stadig gegroei en teen 1869 het dit uit net 312 siele, waarvan 197 belydende lidmate was, bestaan.¹⁹

Die gemeente Waterberg het in 1890 vir ds. D.J. Viljoen beroep, maar hy het na net twee jaar 'n beroep na Reitz aanvaar, waarna die gemeente vir byna sewe jaar vakant was. In dié tyd het die Kerkraad besluit om 'n kerkgebou te Nylstroom vir die gemeente op te rig en met die ontvangs van die gemeente se tweede leraar, ds. J.L. du Preez, op 29 April 1899, is die gebou feestelik ingewy.



NEDERDUITSCH HERVORMDE OF GEREFORMEERDE KERK, POTGIETERSRUST

Vroeg twintigste eeu.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6629/1

Kort na die inwyding van die kerkgebou het die Anglo-Boereoorlog uitbreek en ds. Du Preez het in Pretoria gaan woon omdat die Kerkraad nie sy salaris kon betaal nie. Eers na die Vrede van Vereeniging, aan die einde van 1902, het die Kerkraad weer vergader en het ds. Du Preez na die gemeente teruggekeer. Die gemeente was in 'n haglike toestand.

¹⁹ C. Nel, (red.), *Gedenkblad ter viering van die vyf-en-sewentigjarige bestaan van die kerkgebou, 1898-1973*, N.G. Gemeente Waterberg, p.10.

Armoede en ellende het onder die lidmate geheers en alles moes van vooraf opgebou word. Geld was baie skaars. Die gemeente het ongeveer 400 pond aan ds. Du Preez geskuld en die kerkgebou was ook nog nie afbetaal nie.

Ds. Du Preez het in 1906 'n beroep na Pietersburg aangeneem en die gemeente was daarna weer vir vyf jaar sonder leraar. Die wyk Pieterpotgietersrust is tot in 1917 deur die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde gemeente van Waterberg vanuit Nylstroom bedien.²⁰

Lidmate van die Gereformeerde Kerk in Pieterpotgietersrust is ook vanuit Waterberg (Nylstroom) bedien. Die gemeente Waterberg is kort na die stigting van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika in 1859 gestig met 35 doop- en 39 belydende lidmate.²¹ Eredienste is daarna met gereelde tussenposes op verskillende plase in die distrik en op die dorpe Nylstroom en Pieterpotgietersrust gehou. Die gemeente het eers in 1886 besluit om 'n eie kerkgebou in Nylstroom op te rig. Die gebou is plegtig op 23 November 1889 tydens 'n besoek van pres. S.J.P. Kruger in gebruik geneem. Die Kerkraad het tydens hierdie geleentheid besluit "... dat die broeder Smit eenmaal per maand op het dorp oefening houden en de andere ouderlinge in de buiten wijken ..." ²² Pieterpotgietersrust was tot in 1928 een van hierdie buitewyke en is met gereelde tussenposes sedert 1898 ook deur die predikant van die gemeente, ds. J.A. van Rooy, bedien.²³

Die Volksraad het reeds in 1874 besluit dat predikante voortaan deur die gemeentes self onderhou moes word. Die verarmde gemeentes in die Soutpansberg en Waterberg distrikte het swaar gekry om die traktemente bymekaar te skraap en maande het soms verbygegaan sonder dat die predikant iets ontvang het. Hy is meestal onderhou deur

20 Die stigting van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk Potgietersrust het op 14 April 1917 onder leiding van die Ringskommissie van Rustenburg, plaasgevind. J.J. Odendaal, "Die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Gemeentes", in A.J. Combrink, (red.), *Eufoes-Album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.71.

21 Gereformeerde Kerkargief: Gereformeerde Kerk Rustenburg, notuleboek 1: Notule van kerkraadsvergadering, 1859.02.11. Kyk ook H.J. Venter, "Klassis Waterberg. 'n Terugblik met besondere verwysing na die Kerk Waterberg as oudste kerk in die klassis", in Deputate van die Klassis Waterberg, *Eufoesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke ...*, p.20.

22 H.J. Venter, "Klassis Waterberg. 'n Terugblik met besondere verwysing na die Kerk Waterberg as oudste kerk in die klassis", in Deputate van die Klassis Waterberg, *Eufoesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke ...*, p.21.

23 J.A. van Rooy, "Bediening van Waterberg en Pietersburg, 1898-1905. Herinneringskrif", in Deputate van die Klassis Waterberg, *Eufoesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke ...*, p.99.

skenkings van produkte soos seep, timmerhout, rieme, stroppe, jukke en slagvee wat hy dan self moes gaan verruil vir noodsaaklike lewensmiddele. Die rede hiervoor was dat die algemene lewenswyse van lidmate primitief en selfonderhoudend was met min welvarende boere in die gemeenskap.

Die uitgestrektheid van die gemeentes en groot afstande wat afgelê moes word, het die kerklike en geestelike bearbeiding en godsdienstige meelewing van lidmate bemoeilik. Diegene wat nie deur die predikant of ouderlinge per spoor bereik kon word nie, moes met muile of donkies bereik word, want perde en osse is deur perdesiekte en die runderpes tot die minimum uitgedun. Nieteenstaande hierdie moeilike omstandighede en groot afstande - sommige lidmate het tot 400 kilometers van die kerkplaas gewoon - het die broeders ampsdraers vanaf die vroegste jare hulle ampswerk getrou verrig en die kerkraadsvergaderings getrou bygewoon, sodat daar selde nie 'n kworum aanwesig was nie. Verpligte kommandodiens het ook van tyd tot tyd stremmend op die gemeentes ingewerk omdat so baie burgers op kommando moes gaan. Dit het nie net kerkbywoning nadelig beïnvloed nie, maar ook die huisbesoek het daaronder gely, veral in die buitewyke waar die lidmatetal groter was as in die dorpe.

Openbare godsdiensoefening en kerklike arbeid was as gevolg van die Anglo-Boereoorlog ontwrig, veral met betrekking tot die hou van eredienste en die opbou van die gemeentes. Ballingskap, verwoesting, ellende en leed het die hele ZAR geteister. Midde in hierdie toestand is nogtans probeer om kommando's en individuele huisgesinne te besoek en deur geestelike bearbeiding te versterk.

Na die oorlog is daar te midde van groot armoede en pogings tot heropbou weer met gereelde huisbesoek en bediening van die Woord en sakramente begin. By feitlik al die na-oorlogse kerkraadsvergaderings is die "scout-kwessie" behandel. In Waterberg het die Gereformeerde Kerk die "National Scouts"²⁴ onder tug geplaas en hulle kon "niet aan de

24 Die *National Scouts* was 'n verkenningseenheid van die Britse magte wat hoofsaaklik bestaan het uit Boere, *hensoppers* of *joiners* (oorlopers) vir wie die stryd te veel geword het. 'n National Scout is deur die sogenaamde *bittereinders*, Boere wat tot aan die einde getrou aan die republiek was, as landsverraaiers gesien.

bediening van Sacramente deelneem zolang zij niet tot berouvol inzicht gekomen zijn van hulle verkeerden weg”.²⁵

Naas die Hollands-Afrikaanse kerke het die Engelssprekende gemeenskap van Potgietersrust in die Metodiste Kerk van lekepredikers gebruik gemaak en reeds in die jaar 1902 gereeld op die plaas *Planknek* van Phillip Amm byengekom. Fred Hawken het vir twee jaar die dienste gelei en hy is later bygestaan deur ds. Percy Whitehouse van die Goeie Hoop sendingstasie naby Nieuw Smitsdorp, wat een keer per kwartaal die dienste gelei het. Ds. Whitehouse het blykbaar die afstand tussen Nieuw Smitsdorp en Planknek, ongeveer 70 kilometer, meestal op 'n trapfiets afgelê. Hieroor skryf Fearn:²⁶ “It is known that this man went on push-bike from Pietersburg to Messina to preach the Gospel. This must have been the means of transport to bring him to Potgietersrust for the first time”.

Nieteenstaande probleme om die voortbestaan en uitbreiding van die gemeentes te verseker, het die lidmatetal in al drie die Hollands-Afrikaanse kerke bestendig gegroei en in die twintigste eeu gelei tot die afstigting en selfstandigwording van onafhanklike gemeentes in Potgietersrust.

7.2 GODSDIENSTIGE LEWE VAN DIE BLANKE PIONIERS

Godsdiens, kerk en 'n regsinnige lewe waarin die Bybel as maatstaf gebruik is, het as rigsnoer vir die blanke pioniers gedien. Gebed, gereelde Bybellees en huisgodsdiens twee keer per dag was deel van hulle daaglikse lewenswyse. Baie mense het behalwe hulle Bybel, psalm- en liedereboek ook gebruik gemaak van “predikasieboeke” om hulle in godvrugtigheid toe te rus.

Kinders is sedert hulle “tedere jare aan” ingelui in die kennis van en vertrouwe in die geloof en is onderrig aangaande God en Sy Woord. Die onderrig het die aflegging van geloofsbelydenis ten doel gehad en het in hoofsaak 'n deeglike kennis van die Bybelse geskiedenis en die Gereformeerde en Calvinistiese geloofswaarhede behels. 'n Voortdurende oefen-

25 Gereformeerde Kerkargief: Gereformeerde Kerk Waterberg, notuleboek 1, Kerkraadsnotule, 1903.01.02, art.8. Kyk ook J.A. van Rooy, “Bediening in Waterberg en Pietersburg, 1898-1905”, in Deputate van die Klassis Waterberg, *Eupeesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke ...*, p.25.

26 M. Fearn, “Methodist Church, Potgietersrust, 1902-1954”, in A.J. Combrink, (red.), *Eupees-Album, Potgietersrust, 1854-1954*, p.75.

ning in godsdienstige sang en die lees van die Bybel en ander beskikbare godsdienstige werke, is in die godsdiensoonderrig vereis.

Hierdie onderrig was in die eerste plek die verantwoordelikheid van die ouers en het 'n belangrike deel van die daaglikse huisgodsdiensof "boekewat" uitgemaak. Al die kinders, klein en groot, moes vertel wat hulle onthou het van die voorgelese gedeelte, gevolg deur insigvrae van die vader. Gedeeltes wat die kinders nie verstaan het nie, is deur die vader uitgelê en verduidelik. Die huisgodsdiensof is afgesluit met 'n gebed en die saamsing van Psalms en ander godsdienstige liedere.²⁷

Die kerk het in die beginjare slegs toesig gehou oor hierdie oueropvoeding ten einde te verseker dat die kinders verbondsmatig onderrig en opgevoed word, maar namate die kerk en sy lidmate meer gevestig geraak het, het die Kerk 'n groter aandeel begin neem in die kategetiese onderrig. Kategete is in drie ouderdomsgroepe verdeel en is onderrig in 'n paar eenvoudige en praktiese sake betreffende die leer van die Kerk vir die eerste klas; 'n kortbegrip van die kategismus vir die tweede klas; en die volle kategismus vir die derde klas. Kandidate vir die belydenis van geloof is daarna deur die predikant verder gekat-kiseer en deur die Kerkraad ondersoek.²⁸ Katkisanter is twee keer per jaar "aangeneem" en toegelaat om in die gemeente belydenis van hulle geloof af te lê.

Godsdiensoefeninge is elke Sondag op "buiteplase" onder leiding van 'n ouderling gehou. Die sakramente (doop en nagmaal) is gereeld gebruik wanneer 'n predikant beskikbaar was en die kerklike tug is nougeset toegepas. Kerkbyeenkomste, veral nagmaal, was 'n geleentheid vir maatskaplike genietinge en vriende-verkeer. Nagmaal is vier keer per jaar op die "kerkplaas" gehou en lidmate uit die Bosveld en "buitewyke" het reeds vroeg in die week begin om met wa en osse na die dorp te trek. Die ywer, geloofsvertroue en toegewydeheid van die wydverspreide lidmate was bewonderenswaardig, want die paaie was in 'n treurige toestand en baie lidmate moes vir drie of meer dae reis om die afstand tussen hulle plase en die dorp af te lê.

Op die kerkplein het die ossewaens en tente in netjiese rye saamgetrek. 'n Kamp vir die osse is spesiaal buite die dorp ingerig, maar baie osse is snags aan die trekgoed vasgemaak.

27 B. Spoelstra, *Ons Volkslewe. Kultuurhistoriese leesboek*, pp.61-62.

28 K.S. van Wyk-de Vries, "Die kategetiese arbeid van die predikant in die Gereformeerde Kerk, 1859-1959", in Deputate van die Klassis Waterberg, *Eufoesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke ...*, p.161.

Saans het kampvuurtjies oor die hele kerkplein gebrand en is daar gesellig oor en weer tussen familie en vriende gekuier. Die dag is afgesluit met aandgodsdienste en die sing van godsdienstige liederes. Spoelstra²⁹ beskryf dit soos volg:

Die sing hou soms lank aan en die versies wat gesing word is almal woorde wat hulle van buite ken, want die lig is te swak en die wind pla te veel om die versies te lees. Eindelik sterf die laaste tone van die psalmgesang weg en alles rus.

Nagmaal op die dorp was ook 'n geleentheid wat vir "besigheid" benut is. Besoeke aan die handelaars, prokureur en landdros moes gewoonlik teen Vrydagmiddag afgehandel wees want dan het die kerklike vergaderings begin, wat maklik reeds 'n Vrydagmiddag begin, op Saterdag voortgesit kon word en eers Maandagoggend afgesluit is. Ander gemeentevergaderings moes ook gereeld ingepas word.

Kerklike byeenkomste het reeds Saterdagmôre begin met dienste vir die aflegging van geloofsbelydenis, bevestiging van huwelike, die doop van verbondskinders en die verkiesing en bevestiging van kerkraadslede in hulle onderskeie ampte. Die voorbereidingsdienste is Saterdagmiddag gehou en die nagmaalsdiens vroeg Sondagmôre. Na afloop van die nagmaalsdiens is 'n byeenkoms met die kinders van die gemeente gehou, gevolg deur die dankdiens in die namiddag en 'n biduur/huisgodsdienste vroeg Maandagmôre voordat die kerkgoeters begin huiswaarts keer het.³⁰

Die godsdienstebeskouing van die blanke pioniers, naamlik dat die individu en die volk onder die absolute heerskappy van God staan, het hulle hele lewe beïnvloed. Met die Bybel as rigsgaander het elkeen vanuit sy geloofsoortuiging 'n goedkeurende of kritiese woord gespreek oor onder andere die politiek, regspraak, onderwys, ekonomie of die private lewe van openbare figure. Die geskiedenis het meegebring dat die pioniers 'n eiesoortige vroomheid ontwikkel het wat van die begin af gekenmerk is deur 'n hoë sedelike peil, waardering van 'n eie taal, tradisie, kerklike vorm, lewenswyse en geroopenheid simbolies aan die Ou Testamentiese Israel. Die belangrikheid van hierdie godsdienstebeskouing lê in die neerslag wat dit in die Afrikanernasate gevind het en die kenmerkende Calvinistiese stempel wat dit op die Afrikaner afgedruk het.

29 B. Spoelstra, *Ons Volkslewe ...*, p.35.

30 B. Spoelstra, *Ons Volkslewe ...*, p.35.

HOOFSTUK 8

SOSIO-EKONOMIESE EN KULTURELE LEWE

Die bespreking van die sosio-ekonomiese en kulturele lewe van Pieterpotgietersrust in hierdie hoofstuk sluit die dorp en omgewing in omdat dit onderling verbonde is en die oorgang van dorp na plaas, en omgekeerd, nie duidelik te onderskei is nie want baie dorpenaars het hulle ook tot die omgewing gewend vir 'n bestaan uit jag, boerdery en transportry.

Die hoofstuk dra ook 'n sterk kultuurhistoriese karakter, met besondere klem op die jagbedryf en woningbou van die pioniers omdat die bestaanseconomie van die pioniers baie nou verwant was aan hulle daaglikse kultuurbedrywe. Die geskiedenis van die dorp is in 'n groot mate die verhaal van sy ekonomie soos dit in die sosio-kulturele lewe van die gemeenskap neerslag gevind het en die sukses waarmee die pioniers die potensiaal van hulle woongebied ontdek, ontgin en ontwikkel het, bepaal uiteindelik die welstand of armoede.

8.1 SOSIO-EKONOMIESE LEWE

Voor 1870, dit wil sê voor die ontdekking van minerale en die aanvang van moderne kapitalisme in Suid-Afrika, was daar weinig sprake van ekonomiese ontwikkeling in die ZAR. De Jong¹ gee die volgende redes vir die agrariese en voorkapitalistiese ekonomie van die ZAR:

- primitiewe en ekstensiewe landboumetodes;
- geen uitvoerprodukte wat winsgewend bemark kon word nie;
- onstabiele binnelandse toestande, veroorsaak deur oorloë met swartes; en
- gebrek aan geld en goeie amptenare.

1 R.C. de Jong, *Veeteelt in Suid-Afrika, met besondere aandag aan Transvaal. Geskiedenis van die veeteelt en die veerasse, en 'n oorsig van die praktiese aspekte verbonde aan die teelt van plaasdiere* (Ongepubliseer), p.38.

Elke distrik binne die ZAR het ekonomies onafhanklik gefunksioneer en self voorsiening gemaak vir die finansiering van sy verkeersweë, kommando en raadsvergaderings. Vrywillige bydraes was gewoonlik in die vorm van goedere en gratis dienste en omdat die Staat as 'n vrywillige organisasie gesien is, was die meeste burgers onwillig om belasting te betaal. Die staatskas het hieronder gely, veral omdat die belasting onreëlmatig geïen is en verskeie verskonings aanvaar is wanneer 'n burger nie sy belasting kon betaal nie. Die Staat was derhalwe verplig om toevlug te neem tot die invordering van lisensiegelde, transportgelde, mark-, skut- en trougelde en die hef van spesiale belasting (byvoorbeeld die spoorwegbelasting vir die bou van die Pretoria-Delagoabaai-spoorlyn). 'n Spesiale "belastingaarder" is in 1882 in elke distrik aangestel, wat nouer kontrole oor die in van belasting en lisensiegelde meegebring het, en in die Waterbergdistrik daartoe gelei het dat baie pioniers hulle grond onder *parate executie* verloor het weens versuim om agterstallige belasting te betaal.²

Die ontdekking van goud en diamante het 'n nuwe fase in die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika ingelui. Die toestroming van fortuinsoekers na die ZAR en die ontstaan van dorpe en stede het buitengewone ekonomiese ontwikkeling in die ZAR meegebring en die algemene welvaart van die land gestimuleer, maar ook aanleiding gegee tot 'n algemene gees van optimisme wat banke aangespoor het om op onversigtige wyse krediet beskikbaar te stel. Grondspekulasie het skerp toegeneem maar die Eerste Vryheidsoorlog (1880/81) het weer onsekerheid en ekonomiese verliese meegebring, en teen die middel van 1881 was 'n ekonomiese terugslag onafwendbaar. Die banke was huiwerig om verder krediet toe te staan en die depressie van 1881-1886³ was die swaarste wat die ZAR in die negentiende eeu die hoof moes bied. Pieterpotgietersrust is in hierdie ongunstige klimaat hervestig (1890) en baie pioniers wat hulle in die dorp kom vestig het, was verarmde boere wat gehoop het om 'n nuwe begin en bestaan op die dorp te maak. Die Uitvoerende Raad het daarom op versoek van die pioniers, toestemming verleen dat hulle drie erwe aangrensend aan hulle okkupasie-erf kon koop met die oog op besproeiing, omdat hulle as landbouers nie 'n bestaan op net een erf kon maak nie.⁴

2 Argief van landdros Waterberg: Bande 1-6, 30 en 35-44.

3 Die depressie is verskerp deur 'n swaar depressie in Europa in 1882-1886 en 'n droogte in Suid-Afrika.

4 SS5582,R9798/96: Brief A.H. Geyser (en andere)/Staatsekretaris, 1891.02.09; SS5579,R1409/90: VRB.599/90, 1890.09.18; SS5582,R9798/96: Aansoeke van Inwoners. Verwys ook na hoofstuk vier vir verdere besonderhede.

Die meeste pioniers in Pieterpotgietersrust en omgewing, soos elders in die ZAR, het 'n bestaansekonomiese leefwyse gevolg. Hulle was oorwegend ekonomies selfonderhoudend met 'n selfversorgende gesinshuishouding waarin die produksiestelsel toegespits was op die behoeftes van die eie gesin. Die pionierslewe het 'n groot deel van die gemeenskap gedwing om met min tevrede te wees en veral om sonder afwisseling en weelde klaar te kom. In sy stryd om voortbestaan het die pionier geleer om 'n tuiste vir hom en sy gesin te skep, om in die behoeftes aan voedsel en kleding te voorsien en die nodige gebruiksvoorwerpe te vervaardig. Een van die gevolge van die isolasie waarin die mense geleef het, was die verstommende vernuf en vindingrykheid wat die pioniers mettertyd ontwikkel het, naamlik om vir feitlik al sy behoeftes grondstowwe uit die bodem te put - ook die materiaal vir die vervaardiging van gebruiksartikels.

Geld was skaars - die algemene finansiële posisie van die ZAR was nie gesond nie - en het selde in omloop gekom. Geld was meestal 'n rekening-eenheid en die pioniers het hulle sake in die vorm van ruilhandel gedoen. Smouse het gereeld by gemeenskappe aangedoen en so handelsverkeer met die groter sentra bewerkstellig.

Handelaars het hulle, na die hervestiging van Pieterpotgietersrust, permanent in die dorp gevestig en die gerief van "winkelgoed" aan die gemeenskap bekend gestel. Waar die boerdery, wat deur die meerderheid pioniers beoefen was, in die reël net een keer per jaar 'n geldinkome opgelewer het, het die pioniers in die tussentyd noodsaaklike lewensmiddele op skuld gekoop. Dit was ongelukkig ook waar dat toe die pioniers gewoon geraak het om winkelgoed te koop, hulle dikwels nie opgehou het om te koop nie, veral in gevalle waar die koper se besittings voldoende sekerheid vir meer krediet verleen het. Die gevolg was dat baie van die pioniers hulle besittings verloor en verarm het.

Onder die omstandighede moes die pionier, behalwe sy normale werksaamhede, ook nog self allerhande ambagte soos wa-, skoen- en meubelmakery beoefen. 'n Man met 'n spesiale bekwaamheid vir 'n bepaalde ambag het dikwels ook vir andere teen betaling werk verrig⁵. Onder die pioniers van Pieterpotgietersrust was daar byvoorbeeld skoen- en meubelmakers en laasgenoemde groep het tot diep in die twintigste eeu nog met riempiesmeubels in die Transvaalse bosveld gesmous.⁶

5 Hendrik Potgieter het byvoorbeeld in Soutpansberg 'n wamakery bedryf.

6 J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en plaasverlating*, p.137.

Min mense was bereid om vir lone te werk en van beroepspesialisasie was daar min sprake. Met die opkoms van geskoolde arbeid is werk soos draadspan, messelwerk, putgrawery, die maak van damme en die bou van paaie teen 'n vasgestelde dagloon verrig. Vergelyk in hierdie verband die groot aantal tenders wat ontvang is vir die bou van die dam in die Dorpsrivier (1896) en vir die bou van die “hoofdweg” tussen Pretoria en Pietersburg (1898).⁷

'n Aansienlike gedeelte van die gemeenskap het deur middel van transportry 'n by-verdienste gehad. Die belangrikheid van transportry het met die opkoms van die myn-bedryf toegeneem en tussen 1875 en 1895 'n bloeityd beleef. Die koms van spoorweë na Pieterpotgietersrust (1898) het hierdie belangrike bron van inkomste stopgesit en net die armstes in die gemeenskap het nog probeer uithou om met donkies ligte karweiwerk te doen.


Jag was nog altyd 'n belangrike bron van inkomste en baie mense in die Soutpansberg- en Pieterpotgietersrust-omgewing het van die jag op veral blouwildebeeste gelewe. Jag was vir baie pioniers 'n beroep en feitlik elke manlike blanke in die streek was 'n “jagter”. Inwoners van die dorp en distrik het tot diep in die twintigste eeu hulle vernaamste besittings op 'n wa gelaai en gedurende die jagseisoen (April-Oktober) na die Bosveld getrek. Daar het 'n paar gesinne ter wille van beveiliging saam 'n laer getrek. Die feit dat jag nie dwarsdeur die jaar bedryf kon word nie, verklaar die intensiewe aard van die jagbedrywighede gedurende die jagseisoen.

Die produkte van die jag is meestal in die jagveld of in die laer bewerk. Die vleis is in repe gesny, gepekkel en gedroog. Vir die bewerking van die velle is 'n looikuip opgerig, bestaande uit die vel van 'n groter boksoort, verkieslik sebra, wat oor 'n houtraamwerk gespan is. Boombas is as looistof gebruik,⁸ en rieme is met behulp van 'n “breiklip” gebrei. Veral kledingstukke, broeke en baadjies, is van die gebreide velle gemaak. Ander produkte was velskoene, rieme, trektoue, swepe en 'n verskeidenheid velsakke vir veeldoelige bergingsdoeleindes. Ook die horings is gebruik vir die maak van kapstokke, meubels,

7 Raadpleeg hoofstuk vyf vir meer besonderhede.

8 Die boombas van die Bergbasboom, *Osiris lansilata*, is waarskynlik die bas waarvan Louis Tregardt in sy dagboek melding maak. G.S. Preller, *Dagboek van Louis Trichardt, 1836-1838*, p.59.

kruithorings en geweerrakke. Ander gebruiksvoorwerpe soos lepeltjies en drinkbekers is ook uit horing en/of been vervaardig.⁹



UITSPANNING

Jagters by uitspanning in Bosveld.

Foto geneem deur H.F. Gross, 1888: "Boers wintering in the 'Bushveld' (lowlands), dist. Waterberg", uit H.F. Gross, *Pictorial description of the Transvaal* no. 02.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6544/1

Verwerkte produkte van die jag was gesogte handelsartikels en handelaars (smouse) het elke winter van oor die hele land na die jaggebied opgetrek "... to set their mark on the seasons plunder".¹⁰ Produkte van die jag soos velle, leer, ivoor en biltong is ook deur transportryers na die naaste hawens geneem vir uitvoer. Hierdie handel het bloot bestaan uit die ruil van goedere met die gebruik van geld as eenheid. Geld as sodanig het selde in omloop gekom, want die transportryers het weer hulle waens vol gelaai met goedere om in die lewensbehoefte van die mense tuis te voorsien.

9 C. Pretorius, "Die tuisnywerheid van die Afrikaner", in P.G. Nel, (red.), *Die kultuurontploffing van die Afrikaner*, p.107.

10 R. Wagner, "Zoutpansberg, the dynamics of a hunting frontier, 1848-1867", in S. Marks and A. Atmore, *Economy and society in pre-industrial South Africa*, p.315.

Boere in die distrik van Pieterpotgietersrust het ywerig aan die jag deelgeneem. Baie van hulle was eerder jagters as boere en omdat hulle vir lang periodes gaan jag het, het hulle plase noodwendig agteruit gegaan. Die jaggewoonte het ook, veral gedurende die wintermaande, stremmend op die staatsorganisasie ingewerk omdat groot getalle weerbare mans nie tuis was om kommandodiens te verrig nie.

Die wildrykdom van die streek was vir menige inwoner tot hulp en uitkoms. Grosskopf¹¹ haal die volgende gesprek met 'n ou inwoner van die streek aan:

... kon jy geen geld maak uit die boerdery nie, moes jy dit maak uit die olifant se tande. So in die sewentigerjare het die olifantjag opgehou en toe het die kameelswepe (nie onder tien sjielings verkoop nie) opgekom. Daarna het die mofskaap gekom en met die opkoms van die goudvelde het die saaiery begin. Hier in dié geweste het die wildebees ook sy werk gedoen. Die mense het met velle en biltong hulle boerdery opgebou.

Jag was andersins ook nodig om noodsaaklike vleis as voedsel te voorsien en die eie veestapel teen uitdunning te beskerm.

Gedurende die eerste vestigingsjare het die voorraad ivoor bygedra tot die opbloeï van die streek en tot persoonlike welvaart. Olifante was dus 'n groot aantrekkingskrag. Die vleis van die olifant, veral die kop, was hoog aangeprys, maar die eintlike aanloklikheid het in die ivoor gelê. Volgens Wagner¹² was die vleis van die olifant dikwels

...left to the other occupants of the veld, human and animal. Like gold, ivory was always saleable and of sufficient worth to warrant expensive transportation from remote areas ... Ivory ensured, as no other product could, the annual attendance of the 'smous' (hawker), granting each hunting household access to those culturally required goods which its lack of cash might otherwise deny - cloth, sugar and groceries especially coffee and tea, and most of all, 'skietgoed' (guns and ammunition).

Wild was in die jare 1870-1880 nog volop en 'n goeie skut het soms tot twaalf stuks grootwild per dag neergevel.¹³ Die wild het as gevolg van die jag baie uitgedun en meeste jagters het teen die einde van die negentiende eeu in ekonomiese probleme verval. Omdat jag 'n belangrike bedryf in Pieterpotgietersrust was, het die skaarste aan wild die gemeen-

11 J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming* ..., p.109.

12 R. Wagner, "Zoutpansberg, the dynamics of a hunting frontier, 1848-1867", in S. Marks and A. Atmore, *Economy and society* ..., p.336.

13 F.G. van Asten, *Die geskiedenis van Pietersburg* ... (MA-verhandeling), p.43.

skap swaar getref, want die verlies aan 'n inkomste uit jag het bygedra tot die verarming van die gemeenskap.

Soutmakery was 'n neweproduk van die jag omdat baie jagters in die omgewing van die Soutpansberg ook van die geleentheid gebruik gemaak het om sout te skraap. Die pan was publieke eiendom en elkeen kon vir homself in die droë wintermaande genoeg sout skraap. Teen die einde van die eeu het die Regering die soutskraperij egter tot tien sakke per gesin beperk en die pan as konsessie aan twee sakemanne van Pretoria toegeken.

Verskeie faktore, waarvan sommige reeds aangehaal is, het bygedra tot die ontstaan van 'n armblanke gemeenskap in Potgietersrust, soos elders in die ZAR. Van Jaarsveld¹⁴ is van mening dat die omsluiting van die ZAR deur Britse imperialisme en die stuiting van die neiging om verder te trek, 'n terugtrek en opeenhoping van samelewings in dorpe en stede, wat 'n ander vorm van uitkoms teen landelike armoede gebied het, tot gevolg gehad het. Die veld het sy aantrekkingskrag vir baie pioniers verloor omdat die wild uitgeskiet was en grond skaars en duur geword het as gevolg van die gebrek aan verdere uitbreidingsmoontlikhede.

Uitkoms was vir baie mense geleë in ongeskoolde handearbeid, maar hulle sou moes leer om self handearbeid te verrig omdat daar tradisioneel op handearbeid neergesien is as “kafferwerk”. In die verandering van lewenswyse wat dit tot gevolg gehad het, moes die pioniers ook leer om vir 'n “baas” te werk en hulle selfstandige, selfversorgende ekonomie prys te gee ter wille van loonarbeid en 'n nuwe geldeconomie. Dit het 'n verandering van woonplek en trek na die dorpe en stede meegebring. Dit sou op sy beurt 'n verandering van die tradisionele lewenswyse, met al die aanpassings wat dit geverg het, tot gevolg hê.

Potgietersrust was volgens Grosskopf¹⁵ saam met 'n aantal ander dorpe soos Oudtshoorn, Graaff-Reinet, Parys en Potchefstroom, bekend vir hulle groot getal arm plaasverlaters. Die sogenaamde “onderdorp”, waar die watererwe van die eerste aanleg gelê het, was bekend as die armbuurt: Een man koop 'n watererf en probeer vrugte en groente verkoop; 'n ander koop 'n karretjie en 'n paar perde en doen karweiwerk; 'n derde begin met 'n paar swak koeie 'n melkboerdery; ander ploeg op die dorp of op naburige plase, of skrop damme of vervoer brandhout en boumateriaal. Gewese boere het op die dorp 'n slaghuis,

14 F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner se groot trek na die stede*, p.144.

15 J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming* ..., pp.182-184.

koffiehuis of groentewinkel. Ander het weer hulle handigheid onder andere as messelaars, timmeraars, skoenversolers of skilders benut.

Die armbanke-vraagstuk van Potgietersrust en die ekonomiese posisie van die blanke pioniers van die dorp is nie noodwendig sinoniem nie, want driekwart van die inwoners het die vermoë gehad om hulleself te help, hoewel hierdie vermoë stadig ontplooi het. Nieteenstaande die dorp in die vestigingsjare 'n goeie kwota sukkelende armbankes gehuisves het, was daar aan die anderkant ook diegene wat deur harde werk, inisiatief en deursettingsvermoë daadwerklik bygedra het tot die vestiging en ontwikkeling van die dorp.

8.2 LANDBOU

Dit was eers gedurende die twintigerjare van hierdie eeu, na die Eerste Wêreldoorlog, dat daar van werklike ontwikkeling op landbougebied in die Noordelike Transvaal, dit wil sê die distrikte Pietersburg, Potgietersrus en Waterberg, sprake kon wees. Voorheen was boerdery in die distrikte van 'n uiters ekstensiewe aard en het hoofsaaklik uit beesboerdery bestaan. Groot dele van die streek was nog onbewoon en selfs in die bewoonde dele was die blanke bevolking yl verspreid.¹⁶

Die meeste pioniers in Pieterpotgietersrust en omgewing was boere en die bestaans-ekonomiese leefwyse wat hulle gevolg het, het die voorkoms gehad van 'n klein, selfstandige en afgesonderde "staat" waarvan die lede onderling van mekaar afhanklik was. Akkerbou is net op klein skaal beoefen om in eie behoeftes te voorsien en met die oog hierop het die Transvaalse boere gewoonlik hulle plaas en dorpe by 'n stroom of 'n fontein aangelê ten einde water vir besproeiing te bekom. Die verbouing van gewasse in Pieterpotgietersrust was aanvanklik beperk tot waterlande, soos ook die geval was in die dorp waar pioniers tot vier aangrensende "watererwe" onder besproeiing geplaas het. Droëlandboerdery is eers in die twintigste eeu in die omgewing begin, wat uitbreiding van die oppervlakte onder bewerking meegebring het. Akkerbou het dus stadig begin en is as aanvulling tot die veeboerdery gesien.

16 *Die Môrester*, 1950.06.02, p.7.

Die omvang en aard van die akkerbou in Pieterpotgietersrust was uiteenlopend. Die saailande, waar die boer 'n bietjie koring, gars, rog, mielies, pampoene, tabak en groente verbou het, was gewoonlik rondom die opstal geleë. Koring is gewoonlik nadat dit gedors is, in groot beesvelsakke, sakgeslag,¹⁷ bewaar. Groente, vrugte en tabak is gedroog voordat dit geberg is en toevallige oorskotte is deur middel van ruilhandel in ander lewensmiddele omgesit.

Die gemiddelde grootte van landerye op elke plaas was volgens Potgieter¹⁸ nie meer as tien tot twaalf acre nie. Mielies is deur almal verbou en ander somergewasse soos kafferkoring (sorghum) en aartappels het nie agterweë gebly nie. Koring is op groter skaal geproduseer, veral op die Springbokvlakte naby Potgietersrus. Die Springbokvlakte het na die Anglo-Boereoorlog, toe 'n landbou nedersetting by Settlers onder die Milnerregering begin is, as gevolg van Britse kundigheid, georganiseerde landbou en toeganklikheid tot afsetgebiede, as saaistreek ontwikkel. Vanuit hierdie nedersetting het die produksie van graangewasse geleidelik na die noordelike vlakte uitgebrei.

Die volgende gewasse is met wisselende sukses in Pieterpotgietersrust verbou:

Koring het in die somer roes gekry en is daarom in die winter gesaai en tot drie keer per jaar besproei. Koring is ook op groot skaal in die Waterbergstreek verbou en 'n besoeker aan die streek het in 1879 daar van die grootste koringlande in die ZAR waargeneem.¹⁹

Tabak is moontlik een van die produkte wat van die begin af op redelike groot skaal in die omgewing verbou is. Hierdie tabak was ook van 'n goeie gehalte. In die Limburg-area was die verbouing van tabak afhanklik van familie-arbeid en het die tabakboerdery 'n heenkome aan 'n groot aantal kleinboere verskaf.²⁰

Die katoenbedryf moes ook omstreeks 1860 sy beslag in die ZAR gekry het, maar katoen is eers heelwat later in die omgewing van Pieterpotgietersrust gekweek. Die katoenboerdery het egter ten spyte van die belowende begin, nie veel opgelewer nie, waarskynlik

17 "Sakgeslag" is wanneer die vel van die dier agter oopgesny is en dan heel afgetrek word sodat dit 'n sak vorm wanneer die nek- en voorpootopeninge weer toegewerk is.

18 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke ...* (D.Phil.-proefskrif), p.185.

19 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke ...* (D.Phil.-proefskrif), p.186.

20 *Die Môrester*, 1950.06.27, p.7.

as gevolg van die tekort aan handarbeid wat vir die pluk van die katoen noodsaaklik is. Katoen is vandag een van die vernaamste landbouprodukte van die distrik.

Die verbouing van koffie in die Magaliesberg-, Waterberg- en Soutpansbergdistrikte was 'n groot sukses. Telkens wanneer koffie in amptelike stukke vermeld word, word suiker in dieselfde verband genoem. Volgens Potgieter²¹ was die toestand van die suikerboerdery in hierdie tydperk feitlik identies met dié van die koffiebedryf. In die omgewing van Pieterpotgietersrust het J. Beukes en veertien ander burgers reeds in 1869 by die Regering aansoek gedoen om koffie plaaslik te verbou.²² Met die ontruiming van die dorp in 1870, is dit onwaarskynlik dat aan hierdie versoek voldoen is. Koffie word vandag net op klein skaal sedert die mees onlangse jare in die distrik verbou.

Die sitrusbedryf het rondom die eeuwending in die omgewing van Potgietersrust begin. Groot sitrusboorde is onder andere op die plaas *Planknek* net buite die dorp aangelê en met water uit die Dorpsrivier besproei, wat die dispuut oor die waterregte van die rivier tot gevolg gehad het.²³

Potgieter²⁴ sonder die volgende probleme uit vir die geringe landbouproduksie van die negentiende eeu:

Die algehele gebrek aan enige vervoerstelsel met uitsondering van die ossewa. Dit het die boer ongeveer 16 sjielings per sak gekos om sy landbouprodukte op Pietermaritzburg, die naaste uitvoermark, te lewer, tensy hy die ongerief wou verduur om self maande van sy huis afwesig te wees.

Die gebrek aan die nodige gereedskap. Selfs gedurende die jare 1860-1870 was 'n ploeg nog 'n rariteit. Hierdie toestand het langsamerhand verbeter.

21 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke ...* (D.Phil.-proefskrif), p.130.

22 SS114,R1117/69: Aansoek J. Beukes (en andere)/Staatsekretaris, 1869.09.13.

23 Die dispuut is volledig in hoofstuk vyf bespreek.

24 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke ...* (D.Phil.-proefskrif), pp.187-188.

Die omheining van landerye om vee en kleinwild uit te hou was noodsaaklik en baie duur. Om 'n klipmuur van ongeveer 2000 meter te bou het 'n man maklik 'n volle jaar besig gehou.

Die wisselvallige aard van die binnelandse markte het groot probleme geskep. Geringe oplewings was beleef met die toestroming van fortuinsoekers na die goudvelde (1870-1881), maar dit was van korte duur.

Veeteelt in die omgewing van Pieterpotgietersrust is hoofsaaklik op beesboerdery toegespits, hoewel die dorp volgens *Die Môrester*²⁵ in 'n uiters ongesonde beesstreek geleë is as gevolg van bosluissiektes. Veetiesiektes soos hartwater, rooiwater en galsiekte word deur bosluise oorgedra en dit het aanvanklik die opteling van die inheemse beeskuddes²⁶ baie vertraag omdat teeldiere nie van elders na die streek ingevoer kon word nie. Die beesstapel van die pioniers was derhalwe van 'n swak gehalte met 'n lae produksievermoë. Die veetiesiektes is egter gaandeweg deur middel van gereelde dip en inenting doeltreffend bestry en het so geleidelik tot verbetering van die inheemse kuddes gelei. In hierdie verband het die Afrikanerbees, vanweë sy bekende gehardheid, 'n belangrike rol gespeel.

Beesboerdery is oral in die suidelike deel van die distrik, en op die hoëveld, beoefen en gedurende die wintermaande, wanneer die gras doodgeryp het, het die boere met hulle vee noordwaarts na die Bosveld getrek om die soet gras van die laagliggende dele te benut. Hierdie gras is uiters geskik vir beesboerdery, maar is in die sogenaamde koorsstreek geleë en was dus net gedurende die wintermaande toeganklik. Die trek na die Bosveld het gewoonlik met die jagseisoen saamgeval, sodat die boere terselfdertyd hulle inkomste uit die jag aangevul het. Hierdie nomadiese karakter was tot in die vroeë twintigste eeu 'n kenmerk van die pioniers van Potgietersrust.

Die oortuiging dat die gehalte van weiding verbeter as die gras afgebrand word, het daartoe aanleiding gegee dat boere die gras gedurende wintermaande afgebrand het. Groot brande het in 1875 in die Waterbergstreek voorgekom en baie plase het heeltemal afgebrand sodat boere elders weiding vir hulle vee moes gaan soek. Grasbrande het veral op die Springbok-

25 *Die Môrester*, 1950.06.02, p.7.

26 Volgens de Jong was daar vier hoof beesrasse in die ZAR, naamlik die sogenaamde Kafferbees, Afrikanerbees, Fries- en Vaderlandse bees. Laasgenoemde was waarskynlik 'n kruising tussen die Fries- en die Afrikanerbees. Die Fries was waarskynlik die sogenaamde "Kaapse Bees". R.C. de Jong, *Veeteelt in Suid-Afrika ...* (Ongepubliseer), pp.62-63.

vlakke voorgekom en in 1879 het die hele vlakke afgebrand. Baie stemme het teen hierdie gebruik opgegaan en reeds in 1870 is wetgewing aangeneem (Wet Nr. 1 van 1870) waarvolgens plaaseienaars gemaak is om behoorlike voorsorg te tref alvorens hulle hulle veld aan die brand steek.²⁷

Beesboerdery het as bedryf goed ingepas by die bestaansekonomiese leefwyse van die pioniers vanweë die produkte soos melk, botter, horing, velle en rieme wat daaruit verkry is. Dit was ook minder arbeidsintensief as akkerbou en produkte kon makliker bemark word omdat die beeste na die mark aangejaag is. Slagbeeste was voor die ontdekking van diamante en goud (1870) die vernaamste uitvoerprodukt van die ZAR terwyl trekosse onontbeerlik was vir die landbou, smous en transportryer. 'n Groot behoefte aan geleerde trekdiere het bestaan.

Dieselfde geld vir perdeteelt. Dit was ook 'n winsgewende bedryf en boere het tussen twintig tot dertig *gesoute* perde aangehou, dit wil sê perde wat immuun was teen perdesiekte. Elke jaar het hulle 'n getal van tien tot twaalf vullens oorgehou, wat na 'n jaar as *gesoute* perde teen 'n hoë prys verkoop kon word. Gesoute perde was baie meer werd as ander perde en kon uitgeken word aan hulle ruwe huide. 'n Gesoute perd het maklik 30 tot 50 pond gekos teenoor die 10 tot 20 pond vir 'n ongesoute perd.²⁸ Handelaars, amptenare, jagters en reisigers het dan ook hoë pryse vir gesoute perde betaal. Na die runderpes van 1896 is donkies en muile op groot skaal as trekdiere gebruik, om die verlies aan trekdiere aan te vul, want donkies en muile was minder vatbaar vir perdesiekte.

Weinig aandag is gegee aan skaapteelt omdat die Bosveld te ruig, te warm en te ongesond vir die doel was. Baie diere het tydens die onbestendige wordingsjare weggeraak of is deur roofdiere gevang. Afsetmarkte was te ver en swak wolpryse het nie die uitvoer van wol aangemoedig nie. Die teel van vleisskape kon nie winsgewend aangewend word nie weens

27 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke* (D.Phil.-proefskrif), p.219.

28 J. Swanepoel, *Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652-1954, met spesiale verwysing na staatsoptrede in hierdie verband* (D.Comm.-proefskrif), p.119.

die sterk kompetisie van vleisbeeste.²⁹ Baie veeboere het Boer- en “Kafferbokke” aangehou ter wille van die vleis, melk en velle, want bokke kon in die boswêreld floreer omdat hulle blaarvreter is.

Veeteelt is deur die voorkoms van veesiektes, wat by tye ernstige verliese aan die veestapel meegebring het, gestrem. Baie veesiektes is deur die tsetsevlies³⁰ oorgedra of versprei en die teenwoordigheid van die tsetsevlies in die Pieterpotgietersrust-omgewing het die aanhou van groot kuddes vee onmoontlik gemaak. Donkies en muile is beter bestand teen die tsetsevlies en is later al hoe meer as trek- en rydiere gebruik. Die gebied waar die tsetsevlies gehou het, was nie altyd konstant nie en is dikwels deur die teenwoordigheid al dan nie van wild beïnvloed. Die uitwissing van die wild het die gevaar (of teenwoordigheid) van die tsetsevlies verminder.

Perdesiekte het in die somermaande voorgekom en net ’n klein persentasie van die perde wat die siekte opgedoen het, het herstel. Groot verliese is jaarliks as gevolg van perdesiekte gely. ’n Ander siekte wat waarskynlik ook groot vrektes onder perde veroorsaak het, was droes³¹ en in 1894 is ’n wet (Wet Nr. 8 van 1894) aangeneem wat die bestryding van die verspreiding van die siekte verpligtend gemaak het.³²

Veesiektes het oor die algemeen uit ander gebiede na die streek versprei en een van die ernstigste siektes waarmee die boere in die streek kennis gemaak het, was longsiekte. In 1855 het ’n epidemie van longsiekte groot kuddes in die ZAR afgemaai, en beesboere was magteloos omdat geen geneesmiddel of voorbehoedmiddel teen die siekte bekend was nie. Vanaf 1870 het die Regering deur middel van wetgewing (Wet Nr. 3 van 1870) die

29 Volgens *Die Môrester* was die inkomste van die meeste beesboere in die bosveldstreek nog tot in 1946 maar aan die skraal kant en kon die klein beesboer met sy onekonomiese eenheid veral nie in tye van lae pryse ’n redelike lewenstandaard handhaaf nie. *Die Môrester*, 1950.06.02, p.7.

30 Die tsetsevlies het volgens Dicke ’n groot invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitgeoefen. B.H. Dicke, “The tsetse-fly’s influence on South African history”, in *South African journal of science*, XXXIX, 1932 October, pp.792-196.

31 ’n Aansteklike siekte by eenhoewige diere, gekenmerk deur swere op die slymvliese en knoppies in die longe.

32 S.H. Barber, (Ed.), *The laws of the Transvaal*, pp.507-514.

verspreiding van longsiekte onder vee beheer en bestryding daarvan verpligtend gemaak.³³

Ander siektes wat die beeste ook gekry het, maar wat nie sulke epidemiese afmetings aangeneem het nie, was rooiwater en bek-en-klouseer. Brandsiekte het ook algemeen in die streek voorgekom, maar geen wetgewing het bestaan om die bestryding daarvan verpligtend te maak nie.

In 1896 het runderpes onder die beeste van die ZAR uitgebreek, wat so erg was dat ouer mense die jaar as 'n uitstaande datum van verwysing gebruik het. Die siekte het vinnig versprei nieteenstaande voorsorgmaatreëls soos die beperking op die beweging van beeste. Baie boere het groot veeverliese gely.³⁴ Die runderpes was 'n groot terugslag vir die distrik omdat die streek reeds in 1894/95 deur sprinkane en 'n ernstige droogte geteister is wat ook groot verliese meegebring het. Om die nood te verlig het die ZAR-regering voedsel en trekdier, donkies en muile, opgekoop en onder die geteisterdes versprei.

Veeteelt was deurgaans die belangrikste wyse van grondbenutting by die pioniers. So belangrik was vee in die lewe van die blanke pioniers dat ds. Neethling in 1850 twyfel uitgespreek het of daar ooit dorpe in die land sou ontstaan het as vee nie daar geaard het nie.³⁵ Die belang van vee word ook weerspieël in die dorpsregulasies, waarin eienaars gemagtig is om vee op dorpsgronde aan te hou. Persoonlike rykdom was ook dikwels in terme van veebesit bereken.

Die landboubedryf in die ZAR het sedert 1870 'n omwenteling beleef as gevolg van die opkoms van die mynindustrie en die toestroming van fortuinsoekers na die goudvelde. Nuwe dorpe het ontstaan en die vraag na landbouprodukte soos voedsel, velle en trekdier het sterk toegeneem. Die koms van handelaars na die dorpe het 'n kanaal geskep waardeur landbouprodukte bemark kon word.

33 S.H. Barber, (Ed.), *The laws of the Transvaal*, p.74.

34 J. Swanepoel, *Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika ...* (D.Comm.-proefskrif), p.116. Swanepoel is van mening dat ongeveer 50% van die Transvaalse beesstapel deur die siekte opgeëis is.

35 C. Spoelstra, *Het kerkelijk en godsdienstig leven ...*, p.113.

Daarom het transporty 'n winsgewende bedryf geword en by die avontuurlustige gees van die boere gepas, sodat sommige van hulle lang togte onderneem het om landbouprodukte na die nuwe afsetgebiede te vervoer. Die aanleg van spoorverbindings het die binnelandse markte vir meer boere toeganklik gemaak en mettertyd die transportryers vervang. Die spoorweë het gedurende die Anglo-Boereoorlog vinnig uitgebrei en die selfversorgende boer al hoe meer blootgestel aan 'n markeconomie en geldwisseling vir sy produkte.

Die lang afstande na die markte het meegebring dat plaaslike boere hoofsaaklik gekonsentreer het op produkte soos aartappels, uie en dergelike “aardvruchten”.³⁶

Op plaaslike vlak was die mark baie klein, maar die groter vraag na lewensmiddele en toenemende koopkrag van die swartes as gevolg van hulle toetrede tot die geldeconomie, het die vraag na veral mielies en koring laat toeneem. Die afdeling RAP wat in Noord-Transvaal gestasioneer was, het ook 'n beperkte afset plaaslik voorsien, terwyl allerlei landbouprodukte ook op die mark van Pietersburg te koop aangebied is.

Die ekonomiese omvorming van die land en die skepping van binnelandse marksentra het die boere genoop om tot die stryd om mededinging toe te tree en hulle boerdery as 'n “besigheid” te bedryf. Die oorgang na 'n mark- en kredietekonomie was vir baie boere van Pieterpotgietersrust te skielik. Hulle kon nie daarmee tred hou nie, en baie van die beste pionierstipe boere het in die stryd onder gegaan. Terugslae soos droogtes, armoede, depressie, die runderpes en die Anglo-Boereoorlog het verder bygedra tot die uiters armoedige lewensomstandighede van sommige boere en het die ontwikkeling van landbou in die omgewing gestrem.

8.3 HANDEL EN NYWERHEID OP PIETERPOTGIETERSRUST

Die ekonomiese posisie van die blanke pionier in die ZAR was teen die einde van die negentiende eeu swak ontwikkel en net 'n klein persentasie van die pioniers het beroepe buite die boerdery in die onderwys, die kerk en die regspraak beoefen. Die handelsfunksie en die ekonomie het hulle aan hoofsaaklik “volksvreemde” mense oorgelaat en met die finansiewese het hulle in 'n selfversorgende ekonomie min te doen gehad.

36 J.L. Hattingh, *Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die OVS, 1875-1895* (D.Phil.-proefskrif), p.431.

Ekonomiese ontwikkeling in Pieterpotgietersrus was afhanklik van die ondernemingsgees van enkelinge. Die eerste permanente handelspos in die Makapanspoort, *The General Merchants Store*, is in 1886 deur Natrop en Tamsen (in die drif deur die Dorpsrivier op die pad na Pietersburg) opgerig. Hierdie handelsaak is in 1890 deur twee Dene, Struck en Schultz,³⁷ oorgeneem, wat ook 'n *Public Hostelry*, later bekend as die *Queens Hotel*, bedryf het. Enkele jare later het F. Jonks die slagpale en 'n slaghuis op die hoek van Lange- en Marktstraat (vandag Voortrekker- en Van Riebeeckweg) geopen.³⁸

Potgietersrus se nywerheidsontwikkeling is gebed in die oprigting van die dorp se eerste watermeule in 1890 deur M.J. Geyser. In dieselfde jaar het kmdt. Henning Pretorius ook 'n meule op die walle van die Dorpsrivier opgerig. Die Uitvoerende Raad het op versoek van die inwoners van die dorp een van die erwe wat aan Pretorius toegeken is vir die uitmeet van die watervoor, as "meulerf" toegestaan.³⁹

Die "Marktplaas", waar plaaslike produkte gekoop en verkoop kon word, was vir baie jare die handelsentrum van die dorp. "Mark" is elke oggend van die week, uitgesonderd Sondag en feesdae gehou. Die omvang van die mark het van seisoen tot seisoen gewissel en was oor die algemeen te klein om winsgewend beoefen te word.

Swak verbindingsweë met die groter binnelandse markte het in die beginjare stremmend op die ekonomiese ontwikkeling van die dorp ingewerk. Die koms van spoorwegverbinding met Pietersburg en Pretoria (1898) het die ander markte meer toeganklik vir die pioniers gemaak en die toekoms van die dorp se handel- en nywerheidsontwikkeling verseker. Enige verdere ontwikkeling is egter deur die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog vertraag en eers in 1907 het nuwe besighede weer in die dorp verskyn toe Van den Ende 'n apteek en Nieuwholdt 'n bakkerij in Schoemanstraat geopen het.⁴⁰

37 A.P. Hawken, "A commercial history of Potgietersrus", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrus, 1854-1954*, pp.93 en 95. Die firma *Struck en Schultz* dryf vandag nog handel in Potgietersrus.

38 A.P. Hawken, "A commercial history of Potgietersrus", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrus, 1854-1954*, p.93.

39 Dit blyk egter dat die akte van hierdie erf na Pretorius se dood nie by die Regering geregistreer was nie want in 1905 het 'n sekere Beckett van Johannesburg aanspraak gemaak op die erf en die vraag laat ontstaan by wie hy die betrokke erf moes koop. LD1007,AG614/05: Dokument Resident-magistraat/Land Department, 1905.

40 A.P. Hawken, "A commercial history of Potgietersrus", in A.J. Combrink, (red.), *Eeufees-album, Potgietersrus, 1854-1954*, pp.93-95.

Potgietersrust het lank 'n eenvoudige landbou-ekonomie gehad met boerdery as die vernaamste bedryf van die gemeenskap, maar teen die einde van die negentiende eeu, veral ná die Anglo-Boereoorlog, het die blanke pioniers van Potgietersrust, soos elders in Suid-Afrika, hom in 'n onbenydenswaardige posisie bevind. Die finansiële beheer en bestuur van die dorp was in die hande van die “volksvreemde” sakemanne; die hande- arbeid was in die hande van die swartes; en die ambagte was in die hande van die duisende Britse immigrante wat na Suid-Afrika gestroom het. Die pioniers het as gevolg van hulle selfversorgende ekonomiese stelsel afsydig hierteenoor gestaan sodat die beheer en ontwikkeling van die dorp geleidelik in die hande van die sakemanne oorgegaan het. Namate die winkeliers en professionele mense die beheer van die dorp oorgeneem het, het hulle Britse stelsels en instellings ingevoer, wat in 'n groot mate bygedra het tot die bestendige, hoewel stadige, groei van Potgietersrust ná 1904.



EERSTE APTEEK: POTGIETERSRUST

M. van den Ende Apotheker/Chemist, Schoemanstraat, Potgietersrust, ca. 1908.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6624/3

8.4 MYNBOU

Min aandag is tot in 1873 aan die ontginning van minerale en metale uit die Transvaalse bodem gegee. 'n Gevoel van versigtigheid het die vroeë ontginning gekenmerk, terwyl die

Boere baie skepties gestaan het teenoor die buitelandse fortuinsoekers en die delwers-lewe.

Pieterpotgietersrust se betrokkenheid by mynbou-aktiwiteite hou verband met die eerste goud wat die avonturier Pieter Jacob Marais in die ZAR ontdek het. Marais het reeds in 1854 die ontdekking van alluviale goud naby die Makapanspoort en in die Strydpoort, naby die latere Marabastad, aangeteken,⁴¹ maar tot in 1868 is niks gedoen om hierdie vonds te eksploiteer nie. Pieterse⁴² is van mening dat die ZAR-regering enigsins ongemaklik gevoel het oor Marais se ontdekking en dat hulle derhalwe besluit het om die ontdekking stil te hou en verdere prospekterwerk te ontmoedig totdat hulle in staat en opgewasse sou wees om die instroming van fortuinsoekers te beheer. Dit is te betwyfel of die ZAR in 1868, en later, in staat was om die instroming te beheer. Die sogenaamde “uitlandervraagstuk” wat in die laaste dekades van die negentiende eeu ontstaan het, is ’n voorbeeld hiervan.

Duitse en Engelse prospekterders by name Mauch en Button het reeds sedert 1865 die Soutpansbergdistrik deurkruis en die Tati- en ander goudvelde in die Soutpansberg gevind. Button het op 7 September 1871 ’n verslag oor die ontdekking van goud op die plaas *Eersteling* tussen Makapanspoort en Marabastad uitgebring en ’n vennootskap gesluit met Pigg en Ash om die betrokke plaas van F.J. de Beer en D.S. Maré aan te koop.⁴³

Die ZAR-regering was uiters versigtig om Button se fonds op te volg in die lig van die pas afgelope oorlog teen Mankopane in die buurt, en omdat Button self nie verwag het dat die delwerige winsgewend bedryf sou kon word nie.⁴⁴ Die Regering stuur daarom in 1871 ’n

41 D.J. Pieterse, *Die geskiedenis van die mynindustrie in Transvaal, 1836-1886*, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, deel 1, 1945, pp.80-84 en 127.

42 D.J. Pieterse, *Die geskiedenis van die mynindustrie ...*, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, deel 1, 1945, p.84.

43 D.J. Pieterse, *Die geskiedenis van die mynindustrie ...*, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, deel 1, 1945, p.136. Volgens Tempelhoff was J. Goodwin ook ’n vennoot en het hulle die plaas van J.F. du Preez gekoop. J.W.N. Tempelhoff, “Eersteling. Bakermat van die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf”, *Contree* (9), 1981 Januarie, p.6.

44 G.N. van den Bergh, *Die polisie diens ...*, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1975, p.109.

kommissie bestaande uit Landmeter-generaal M.J.F. Forsman, J. Franck en G. Skinner,⁴⁵ na die goudvelde om vas te stel of Button se bewerings korrek was, en om verslag te doen oor die houding van die omliggende swartstamme. Die kommissie doen in November 1871 verslag van sy bevindinge en berig dat die spoelgoud nie in betalende hoeveelhede voorgekom het nie, maar dat groter hoeveelhede kwartsgoud wel teenwoordig was. Verder het die kommissie bevind dat die gebied vreedsaam en rustig was en dat die swartmense selfs bereid was om op delwerye te werk.⁴⁶

Deur die Mynwet van 1871 is die land oopgestel vir delwers en prospekteerders. 'n Prospekteerderslisensie het twintig sjielings gekos en die delwerslisensie was tien sjielings per maand. Om die instroming van goudsoekers na Eersteling te beheer, is Button in Oktober 1871 as eerste goud- en mynkommissaris aangestel. As mynkommissaris was hy onder andere verantwoordelik vir regspleging op die delwerye, die uitreik van lisensies en vir die invordering van belastinge. Hy het in 1872 as mynkommissaris bedank omdat hy hom op die ontginning van goud wou toelê. Hy het daarna na Engeland vertrek om 'n maatskappy te stig en fondse vir die aankoop van mynmasjinerie in te samel.

Button is deur landdros D. Maré as mynkommissaris opgevolg en laasgenoemde kla in 1873 oor die misdadige element wat die delwersbevolking na sy gebied gebring het, veral oor die drankmisbruik en dronkenskap van die delwersgemeenskap. Hy ondervind ook probleme met die invordering van belastinge en lisensiegelde.⁴⁷ Volgens Pieterse⁴⁸ was daar by Eersteling nooit ernstige probleme tussen die Regering en die Konsessionarisse nie, omdat laasgenoemde volgens 'n geskrewe ooreenkoms verplig was om hulle by sekere bepalinge te hou. Omgekeerd was die Regering ook verplig om die regte wat hy aan die Konsessionarisse toegeken het, te eerbiedig. Albei partye was aan dieselfde ooreenkoms gebonde en geeneen mog die bepalinge daarvan oorskry het nie.

Die ontginning van kwartsgoud was duur en 'n moeisame proses. Dit het aanvanklik groot kapitaal vereis, want mynmasjinerie moes ingevoer word en 'n groot arbeidspersoneel was

45 J.W.N. Tempelhoff, "Eersteling. Bakermat van die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf", *Contree* (9), 1981 Januarie, p.6.

46 D.J. Pieterse, *Die geskiedenis van die mynindustrie ...*, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, deel 1, 1945, p.150.

47 F.G. van Asten, *Die geskiedenis van Pietersburg ...* (MA-verhandeling), p.65.

48 D.J. Pieterse, *Die geskiedenis van die mynindustrie ...*, in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, deel 1, 1945, p.148.

nodig. Daarby was 'n gereelde winsgrens geen uitgemaakte saak nie. Die Volksraad het daarom in 1872 besluit om die ontginning van kwartsgoud deur middel van gunstige konsessiereëlins aan te moedig. So 'n konsessie is op 28 Desember 1872 aan Button toegeken vir die ontginning van kwartsgoud op die plaas Eersteling, waarop hy en sy vennote *The Transvaal Mining Company Ltd.* gestig het met 50 000 pond wat hy in London gewerf het. Hy het ook die dienste van vyf ervare mynwerkers uit Cornwallis bekom en die nodige mynmasjinerie uit Engeland bestel.

Hierdie toerusting het eers in Mei 1874, sestiende maande na Button se terugkeer na Suid-Afrika, by Eersteling aangekom. Onbetroubare arbeid en rooiwatersiekte wat die trekvee geteister het, was verantwoordelik vir die vertraging. Min inligting bestaan oor hoe die masjinerie aangewend is vir die ontginning van die goud. Dit is wel bekend dat stoom as kragbron gebruik is,⁴⁹ maar dit is nie bekend hoeveel goud Eersteling in die eerste jare van sy bestaan, 1871-1877, opgelewer het nie.

In die afwesigheid van Button het sy vennote, Pigg en Ash, voortgegaan om op primitiewe wyse die halfverwerpte erts met die hand fyn te maal. Later het Pigg 'n groot rots van 'n dwarsbalk voorsien en swart werkers moes daarop wipplank ry om die kwarts op 'n harde klipplaat fyn te maal terwyl erts deur twee ander werkers onder die maalklip ingevoer is.⁵⁰

Met die proklamering van die eerste goudvelde van die ZAR in 1871/72, tree daar 'n verandering in by die landelike bevolking as gevolg van die toestroming van delwers en avonturiers na die goudvelde. Eersteling het egter nie so 'n groot toestroming van fortuinsoekers gehad nie as gevolg van die hoë koste wat die ontginning van kwartsgoud meebring het, en die oopstelling van die Lydenburgse goudvelde in 1873.

Werksaamhede by Eersteling is teen 1877 gestaak, hoewel die mynbedrywighede nooit werklik tot stilstand gekom het nie. Sporadiese ontginning deur mynmaatskappye soos die

49 Die sestiende meter hoë skoorsteen van Aberdeengraniet is in 1938 tot nasionale monument verklaar. J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika*, pp.320-322.

50 T. Baines, *The gold regions of South Eastern Africa*, p.96. Baines het ook 'n skets van hierdie proses gemaak wat later in die vermelde publikasie opgeneem is.

Transvaal Mining Company Ltd. en die *Premier (Transvaal) Mining Company Ltd.* het tot in die twintigste eeu nog plaasgevind. Individuele prospekteerders het ook vertroue in die potensiaal van Eersteling behou en voortgegaan om op primitiewe wyse kwartsgoud daar te ontgin.⁵¹

Alhoewel die dorp Pieterpotgietersrust in 1871 reeds ontruim was, het die landelike gemeenskap tog baat gevind by die toestroming van delwers na Eersteling. Hulle het veral finansiële voordeel getrek uit die groter aanvraag na produkte en ander lewensmiddele. 'n Nuwe afsetgebied is vir die plaasboer geskep en daarby moes 'n delwer ook nog die eienaar van 'n plaas waarop hy geprospekter of gedelf het, vergoed vir staanplek, water, hout, transport, ensovoorts. 'n Plaaseienaar kon ook vir hom tien "eienaarskleims" uithou wanneer goud op sy plaas gevind is.⁵²

Mynbedrywighe in die distrik Pieterpotgietersrust was nie net tot Eersteling beperk nie, alhoewel die ontdekking van die ryk Witwatersrandse goudvelde in 1886 nadelig op die mynbedrywighe van die omgewing ingewerk het. Individuele prospekteerders het ook ander minerale en metale soos tin, platina, chroom, arseen, vloeispaat, scheeliet, kalkklip, kaolien en koper in die omgewing van die dorp ontdek. Reeds in 1894 het die Resident-vrederegter berig dat goud en ander metale op die "dorpsgronde" van Pieterpotgietersrust gevind is en het hy versoek dat die gronde vir prospekterwerk oopgestel moes word.⁵³ Die meeste van die genoemde minerale is egter eers in die twintigste eeu aan ontginning blootgestel. So het die prospekterder T.C.L. Moore in die eerste jare van die twintigste eeu tin op die plaas *Zaaiplaats*, naby Sterkrivier, ontdek. D.M. Munro en sy vennoot, C. Maggs, eerste burgemeester van Potgietersrust, het dadelik vir hulle elkeen vyftig "eie-

51 Die betekenis van die Eersteling-goudmyne lê daarin dat dit die begin van die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf en die ontginning van kwartsgoud in Suid-Afrika gebring het. Met die styging van die goudprys in die onlangse jare het hernieude belangstelling in die potensiaal van Eersteling posgevat en is daar weer met die ontginning van goud begin.

52 F.G. van Asten, *Die geskiedenis van Pietersburg ...* (M.A.-verhandeling), pp.73-74.

53 SS4326,R6562/94: Memorie van Inwoners; SS4326,R6563/94: Brief Resident-vrederegter/Landdros Waterberg, 1894.06.21.

blootgestel. So het die prospekteerder T.C.L. Moore in die eerste jare van die twintigste eeu tin op die plaas *Zaaiplaats*, naby Sterkrivier, ontdek. D.M. Munro en sy vennoot, C. Maggs, eerste burgemeester van Potgietersrus, het dadelik vir hulle elkeen vyftig “eienaarskleims” afgepen. Hierdie kleims het in 1906 onder leiding van sir Thomas K. Murray geamalgameer.⁵⁴

Die ontginning van kalk in die omgewing van Potgietersrus is ’n bekende bedryf. Reeds in die vroegste jare is kalk al uit die Makapansgrotte aangery en vir boudoeleindes in die dorp gebruik.⁵⁵ Die kalkwerke op die plaas *Uitloop* is volgens oorlewering die grootste en oudste groef. Die *Northern Lime Company Limited* is in 1907 gestig om die hoëgraad-aftsettings van die Uitloop-kalkwerke te ontgin vir versending na die goudmynbedryf, wat dit in hulle sianiedprosesse gebruik het. (Kyk kaart van Potgietersrus wat ligging van Uitloop aandui.)

Kalk is oor die algemeen as bindstof in die boubedryf en as witwas gebruik. In die verwerkingsproses is die kalkklip uit oop myne gegroef, fyn gemaal en in oonde gebrand teen ’n temperatuur van 1300°C.⁵⁶ Ongebluste kalk het ’n verskeidenheid funksies in die handel en nywerheid vervul⁵⁷ en is in groot maat per ossewa na die dorp aangery.


Die sogenaamde “rivier-oonde” is waarskynlik in 1890 deur kmdt. Henning Pretorius op die noordelike oewer van die Dorpsrivier op die pad na Pietersburg aangelê. Hierdie kalkwerke is later in die twintigste eeu deur Gilbertson en Stein uitgebrei om ook landboukalk te lewer, waarvan oorblyfsels op die rivieroewer nog besigtig kan word. Hierdie werke vorm deel van die ontstaan en hervestiging van die dorp en verteenwoordig die aard van die omgewing waarin die dorp se pioniers geleef het, en van die middele wat hulle aangewend het in ’n tydperk voor die hoogbou van geboue, strate en damme.

54 Die *Zaaiplaats Tin Mining Company* is in 1908 gestig. Munro was die eerste voorsitter van die direksie en G.H. Furner die bestuurder van die myn. Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 500.3.

55 Die kalkwerke by die Makapansgrotte lewer vandag nog belangrike paleontologiese fondse en staan, soos die grotte self, onder beheer van die Bernard Price Instituut van die Universiteit van die Witwatersrand.

56 Die verbrandingsproses verwyder alle vog (CO_2) sodat net die kalsiumoksied, of ongebluste kalk oorbly.

57 Deur water op die ongebluste kalk te gooi, word ’n chemiese reaksie, wat ’n hoë hitte vrystel, veroorsaak en die volume van die kalk word feitlik verdubbel.



In die geskiedenis van die mynindustrie in Transvaal het die opsporing van goud voorrang geniet met die klem op die ontdekking van die hoofrif op die Witwatersrand. Die kolossale rykdom daarvan het verdere prospekterwerk na minerale oorheers en as spoorslag gedien vir die noukeurige ondersoek van die Transvaalse bodem, wat tot ander ontdekkings gelei het.

Die mynbou-ontwikkeling van Potgietersrust het tussen 1900 en 1920 sy finale beslag gekry met die vestiging van die eerste myne vir die ontginning en verwerking van tin, arseen, scheeliet, platina, koper en kalkklip. Minerale soos koalien, vloeispaat, asbes en chroom het van tyd tot tyd die mynkoors in die omgewing laat opvlam en tin is vandag die vernaamste metaal wat in die distrik ontgin word.

8.5 MAATSKAPLIKE EN KULTURELE LEWE

In sy stryd teen die natuur, met die swartmense en om politieke onafhanklikheid het die pionier van die negentiende eeu eienskappe ontwikkel soos persoonlike moed en durf, deursettingsvermoë, liggaamlike gehardheid, maar ook van individualisme en selfstandigheid. Dit het dikwels ontaard in koppigheid en aanleiding gegee het tot dwarstrekkerij en onderlinge vyandskap. Sy godsdienstwaardes het 'n soort fatalistiese gelatenheid laat posvat en die neiging versterk om dinge op gesag te aanvaar, en nie as gevolg van eie ondersoek te beoordeel nie. Die pionier het hom weerhou van selfondersoek, selfstandige navorsing en rasionalisme. Hy het agterdogtig gestaan teenoor alle nuwe "uitvindings" soos natuurkundige waarhede, en die kapitalistiese stelsels wat die ontdekking van diamante en goud en die bankwese meegebring het. Hierdie karaktertrekke is deur sy afgesonderde leefwyse en gebrek aan formele skoolonderrig versterk.

Die landelike lewe van die negentiende eeu is gekenmerk deur die opvallende patriargale karakter daarvan. Die bevolking het ylverspreid in afsondering gewoon en elke huisgesin/familie het as't ware 'n selfstandige en selfversorgende sosiale en ekonomiese eenheid gevorm. Die "vader des huises" was die hoof van so 'n patriargale eenheid en was met hoë aansien bekleed. Elke jongman wat die vader van 'n huisgesin geword het, het in werklikheid 'n navolger van sy vader geword en daarna gestreef om hoof van sy huis te wees soos sy eie vader hoof van sy huis was.

Hierdie patriargale opset het ook in die maatskaplike lewe neerslag gevind sodat die gesag van die ouer geslag ook op die breër maatskaplike terrein erken was. Die waardige wyse waarop die boerepatriarg sy gesag uitgeoefen het, het ook gesag aan die deugde en waardes

van sy volk verleen. In Pieterpotgietersrust was dit veral pioniers soos Burgert Gildenhuys, Louis Peens en Andries Geyser wat 'n leidende aandeel in die openbare lewe geneem het en die grondslag gelê het vir die inisiatief en daadkrag van die jonger geslag om op hulle beurt die gemeenskap te dien en by te dra tot die ontwikkeling van die dorp.⁵⁸

Die samelewing van die negentiende eeu was volgens die patriargale stempel en Bybelse opvatting van die pioniers 'n gesagsgemeenskap waarin die "hoofd des huises" maatskaplike sowel as godsdienstige leier was. Die onderlinge gesagsverhouding in die gesin, waar die vrou onder die gesag van die man gestaan het, is ook by die kinders onderling aangetref sodat jonger kinders gehoorsaamheid aan ouer broers en susters verskuldig was. In haar onderdanigheid aan die man was die vrou se lewensruimte beperk tot dié van vrou en moeder in diens van haar huisgesin en kerk as hoogste roeping. Die toetrede van mev. A.C. van der Merwe tot die openbare lewe as stadsklerk van Potgietersrust (1904) is waarskynlik deur baie pioniers as "uitwaarts" en "British" bestempel en as 'n bedreiging vir die tradisionele gesagsfiguur van die man gesien. Haar optrede word vandag egter, veral deur die vroulike geslag, as die eerste tree tot die emansipasie van die vrou,⁵⁹ wat veral teen die tweede helfte van hierdie eeu groter momentum in Potgietersrust gekry het, gesien.

Die isolasie en die gemeenskaplike gevare wat die mense moes trotseer, het 'n samehorigheidsgevoel en onderlinge vriendskapsbande versterk. Deur middel van onderlinge huwelike het die gemeenskap so te sê een groot familie geword, sodat geen vername gebeurtenis in een of ander gesin plaasgevind het nie, of almal het daarvan geweet en daarmee gesimpatiseer. Van hierdie geleenthede is ook gebruik gemaak om by mekaar te kuier. Vind 'n belangrike gebeurtenis plaas, het almal saamgetrek om fees te vier. Geleenthede soos geboortes, huwelike, verjaarsdae en sterftes het die mense laat saamtrek terwyl kerkdienste, nagmaalsvieringe, kerkfeeste, oesdae en nuwejaarsdag geleenthede vir sosiale verkeer geskep het.⁶⁰

58 Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 000.4.

59 Die emansipasie of vrymaking van die vrou vorm deel van die tydsgees wat na die dood van koningin Victoria en die verslapping van die *Victoriaanse reëls* (etiese reëls), onder vroue dwarsoor die wêreld ingetree het en veral in die nywerheidslande met die toetrede van die vrou tot die arbeidsmark gedurende die wêreldoorloë, gestimuleer is.

60 Raadpleeg B. Spoelstra, *Ons volkslewe ...* vir verdere besonderhede met betrekking tot die byeenkomste en gebruike van die pioniers.

Die families was onderling op mekaar aangewese sodat daar weinig plek was vir individualisme. Elkeen het hom met sy eie huisgesin, familie of gemeenskap vereenselwig en daarin opgegaan. Feitlik alles wat deur die gesin gebruik is, moes deur die arbeid van een of ander gesinslid vervaardig en geproduseer word. Dit het tot 'n hoë mate van gemeenskaplikheid en samehorigheid gelei en seuns en dogters is in hulle daaglikse arbeidsverpligtinge voorberei vir hulle toekomstige huislike take en rolvervulling. Kinders is van jongs af geleer om verantwoordelikheid te dra en bepaalde pligte was aan elke lid van die huisgesin opgedra.


Die selfversorgende bestaan het daartoe gelei dat die pioniers ongelooflik veelsydig en handig geword het. Meubels en gebruiksartikels soos botterbakke, stamper en stampblok en kosspane is deur die “vader des huis” self vervaardig uit houtsoorte van die omgewing. Ook vir plaasimplimente was die pionier op sy eie vindingrykheid aangewese, waarvan sprekende voorbeelde in die Arend Dieperink Museum besigtig kan word. Die baie vet wat die jag opgelewer het, het weer grondstof vir die maak van seep en kerse voorsien. Die artikels wat deur die pioniers vervaardig is, spreek eerder van funksionaliteit, deeglikheid en duursaamheid as van mooiheid en fynheid, want die artikels is gemaak met die doel om te hou.



WIELSLEE

Slee van mopaniehout met wiele van maroelahout, aste van rooibos en swikke van kaffer-wag-'n-bietjiebos. Gebruik om brandhout aan te ry, ca. 1900.

Arend Dieperink Museum: Voorwerp 01/2111



SLEE

Houtslee gemaakt van wildevyboomhout en gebruik vir ligte karweiwerk, ca. 1866.

Arend Dieperink Museum: Voorwerp 01/2081



DAMSLUIS


Dam-uitlaat gemaak van uitgeholde boomstomp. Die een opening is met 'n houtprop verseël. 'n Aantal uitlaatgate is in die pyp aangebring en met swikke van populierhout geseël. Die swikke is volgens behoefte verwyder om water vir besproeiing deur te laat. Hierdie damsluis is 'n pragtige voorbeeld van die vindingrykheid en inisiatief van die pioniers om besproeiingswater te reguleer.

Arend Dieperink Museum: Voorwerp 01/2069

Dieselfde funksionaliteit word in die pioniershuis aangetref. Die ameublement was baie eenvoudig en net die allernodigste is gebruik. Die voorhuis was karig gemeubileer met wildsbokvelle op die vloer. Die slaapkamer het dikwels net 'n wakatel wat van insteekpote voorsien is, 'n wastafel en die wakis, waarin die klere gehou is, as meubels gehad. In die kombuis is vuur altyd in die es brandende gehou. 'n Vou- of trektafel is gebruik om die

nodige binnewerk op te doen en 'n bankie met waterremmers waarop die kinders ook kon sit, het teen die een muur gestaan. 'n Bakoond is gewoonlik buite op die werf gebou. Dit is opmerklik dat die tuisnywerhede van die pioniers alles in die buitelug op die werf beoefen is omdat die huis in geheel besonder klein was.

Geen pioniershuis het in Potgietersrus self behoue gebly nie en die Arend Dieperink-museum het derhalwe 'n studie gemaak van pioniershuise wat tot onlangs nog in die distrik oorgebly het as verteenwoordigend van die pioniershuise wat ook in die dorp voorgekom het. Die pioniershuis is van besondere kultuurhistoriese belang omdat die blywende aard al dan nie van vestiging uit die tipe woonhuise wat deur die inwoners opgerig is, afgelei kan word.



KAPSTEEL- EN HARTBEESHUISIE

Die inwoners het hulle aanvanklik tevrede gestel met hartbeeshuisies, wat uit lae mure en 'n spitsdak bestaan het. Hartbeeshuisies wat in die omgewing van Pieterpotgietersrust voorgekom het, was 'n lang reguit huis met twee gewels aan die kante, dit wil sê symure wat tot teen die nok van die spitsdak opgebou is. Die dak was met gras bedek. Hartbeeshuisies is hoofsaaklik in die vroeë vestigingsfase van Pieterpotgietersrust gebruik en het dikwels tydelike huisvesting voorsien totdat 'n meer permanente woning opgerig kon word, of totdat die pionier besluit het om verder te trek en hom elders te vestig.

'n Ander vorm van woning wat tot in die twintigste eeu algemeen gebruik is, is die rondawel. Dit was 'n sirkelvormige gebou met mure wat bestaan het uit pale wat uit die omgewing verkry is, toegeveg met ghwarrietakke en aan die binnekant toegesmeer met klei. Sommige huise het paalmure sonder ghwarrietakke gehad wat met klei toegesmeer is. Die mure is later met wit, vaal of ligroos klei buite afgepleister en aan die binnekant afgewit. Die dak was met gras bedek.



PIONIERSHUIS

Pioniershuis met opgekleide mure en grasdak, Potgietersrust.

Vroeg twintigste eeu. Foto is van glasnegatief gereproduseer.

Arend Dieperink Museum: Foto 01/6627

'n Variasie van die sogenaamde "Karoohuis" het ook in die bosveldstreek voorgekom. Die mure is van roustene of klip uit die omgewing in 'n koplaga en drie stryklage gebou en waar die wêreld baie vleigagtig is, soos in die omgewing van die dorp, is die fondament uitgegrawe en met plat klippe gepak sodat die mure wat daarop gebou is, nie kon insak nie. Die huis

is van 'n brakdak voorsien, dit wil sê 'n dak wat met 'n laag brakklei bedek is ten einde die brandweerstand daarvan te verhoog en om as isolasie teen die bosveldhitte te dien. Die platdak was aan die voorkant hoër as agter en het skuins na agter geloop. Weens die groot armoede na die Anglo-Boereoorlog het die Koloniale Regering die inwoners van Transvaal gesubsidieer om riffsink vir hulle huise aan te koop. Hierdie na-oorlogse platdak-huisies is in die omgewing van Potgietersrus ook bekend as die "Boereplatjie".⁶¹

Die pioniers was bekend vir hulle gasvryheid en besoekers is oor die algemeen baie gul ontvang in hulle huise en op hulle plase en handel asof hulle tot die huishouding behoort het. Alle kos en drinkgoed was vrylik beskikbaar en vry om te gebruik. Wanneer 'n trekgeselskap 'n paar dae op 'n plaas oorgestaan het om die osse te laat rus, is weiding, kos en water met hulle gedeel, alhoewel die trekmenne meestal van hulle eie voorraad uit die wa geleef het. As hulle iets kortgekom het, kon hulle die nodige by die "huis" laat haal het, maar mog nooit na die prys daarvan gevra het nie. Spoelstra som die saak so op: "Waar die huis se mense kon help het hulle dit gedoen, maar wou deur 'n ander te help nooit hulle beurs help nie".⁶²

Die kulturele ontwikkeling van die inwoners het baie gely onder hulle afgesonderde lewe en hulle kommer oor hulle stoflike bestaan. Min of geen melding word gemaak van hoë kultuurbedrywighede in Pieterpotgietersrust voor 1900 nie. Die maatskaplike lewe het sy oorwegend pionierskarakter tot in die twintigste eeu behou en word gekenmerk deur die byna onophoudelike proses van stryd om die ongetemde land bewoonbaar te maak en om te oorleef. Met die uitsondering van kerk- en familiebyeenkomste was daar andersins min geleentheid vir sosiale verkeer en kultuurbeoefening.

Die ontwikkeling van Potgietersrust is deur die sosio-ekonomiese posisie van sy inwoners en die heersende maatskaplike toestande beïnvloed. In hul eie stryd om vestiging en oorlewing het die pioniers min geleentheid gehad om tot die ontwikkeling van die dorp op sosio-ekonomiese sowel as kulturele terrein by te dra. Terugslae soos droogtes, depressie, die runderpes en die Anglo-Boereoorlog het tot die verswakking van hulle eie sosio-ekonomiese posisie bygedra. Nieteenstaande die uitgerekte vestigingsfase en ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede rondom die eeuwending het Potgietersrust in die twintigste eeu, danksy die harde werk, deursettingsvermoë en inisiatief van sy pioniers, ontwikkel tot 'n groeipunt vir ligte nywerhede, met 'n bloeiende kultuurgemeenskap.

61 Arend Dieperinkmuseum: Inligtingslêer 000.5.

62 B. Spoelstra, *Ons volkslewe ...*, p.21.

HOOFSTUK 9

PIETERPOTGIETERSRUST SE BETROKKENHEID BY DIE ANGLO-BOEREOORLOG

Pieterpotgietersrust self was nie baie betrokke by die Anglo-Boereoorlog nie en weinig is bekend oor die toestande in die dorp tydens die oorlog en onder Britse militêre bestuur. Die bevolking in die dorp was in daardie jare baie klein en die dorp het daarom nie 'n groot bedreiging vir die Britse magte ingehou nie. Baie burgers het as lede van die Waterberg-kommando tot aan die einde van die oorlog diens gedoen. Die benaderingswyse wat in die bespreking van Pieterpotgietersrust se betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog gevolg is, is derhalwe gerig op die gemeenskap se betrokkenheid en nie op die dorp self nie, met verwysing na die Boere-offensief om die noordwestelike grens van die ZAR te verdedig; enkele skermutselings in die omgewing van die dorp; en die moorde op Boerekrygsgevangenes deur Britse soldate in Noord-Transvaal.

Primêre bronne wat in die Leyds-argief en argief van die Kommandant-generaal (Transvaalse Argiefbewaarplek) geraadpleeg is, maak selde melding van Pieterpotgietersrust, behalwe met betrekking tot ammunisielyste, naamlyste van dienspligtige burgers en Pieterpotgietersrust as bestemming en/of vertrekpunt van voorrade of burgers. Min sekondêre bronne verwys na die oorlog in Noord-Transvaal na 1900, waarskynlik omdat die Britse offensief in die suide en die Britse opmars na die noorde, asook die guerilla-oorlogvoering in veral die Vrystaat en Wes-Transvaal die oorlogstoneel na 1900 oorheers het. Geen melding word in sekondêre bronne gemaak van Pieterpotgietersrust se betrokkenheid in die laaste fase van die oorlog nie.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 het die distrikte Soutpansberg en Waterberg ongeveer een derde van die oppervlakte van die ZAR beslaan. Dit het die gebied noord van Pienaarsrivier tot aan die Limpopo ingesluit, dit wil sê die dorpe Warmbad, Nylstroom, Pieterpotgietersrust, Pietersburg, Louis Trichardt, Duiwelskloof en Leydsdorp. Die meeste van hierdie dorpie was woondorpe met 'n klein inwonertal, waar die verskillende kerke en regeringskantore gevestig was. Die distrikte, veral die gebied noord van Vaalwater tot aan die Limpopo en die gebied tussen die Soutpansberg en die Limpopo, was yl bewoon. Die distrik Soutpansberg was in vyf wyke verdeel en ongeveer

1000 dienspligtige burgers het in die gebied gewoon. Die distrik Waterberg was in drie wyke verdeel, waarvan Pieterpotgietersrust een was, en ongeveer 650 dienspligtige burgers het in die gebied gewoon.¹

In die maande wat die uitbreek van die oorlog voorafgegaan het, is die burgers bewapen en uitgerus vir 'n moontlike oorlog. Met betrekking tot die burgers van Pieterpotgietersrust versoek die Kommandant van Waterberg in Julie 1899² dat opdrag aan die Landdros van Waterberg gegee moes word vir die huur van 'n wa om ammunisie na die magasyn op Pieterpotgietersrust te vervoer, maar in dieselfde maand vra die Landdros dat die regering 'n effektiewe magasyn op die dorp moes bou.³ Met die uitbreek van die oorlog enkele maande later is dit onwaarskynlik dat daar aan hierdie versoek voldoen is en geen oorblyfsels van 'n kruitmagasyn kon in die dorp opgespoor word nie.

Sommige burgers van Waterberg het gewere wat aan hulle uitgereik was vir een of ander rede verkoop, want die Landdros van Waterberg vra in September 1899 dat die regering 'n boete vasstel wat burgers wat hulle aan hierdie misdryf skuldig gemaak het, opgelê kon word.⁴ Geen rede kon vir hierdie misdryf vasgestel word nie en daar word gegis dat die armoedige bestaan van sommige burgers 'n invloed hierop gehad het, maar ook dat burgers as gevolg van hulle afgesonderde leefwyse oorlog as 'n onwerklikheid en onwaarskynlikheid beskou het. Hierdie beskouing kan ook 'n invloed gehad het op hulle latere weiering om die Britse magte in Rhodesië aan te durf.

-
- 1 KG400,CR250: Naamlys van dienspligtige burgers Landdros/Kommandant-generaal, 1900.01.04; KG580,p.767: Telegram Kommandant-generaal/Asst.-generaal Grobler, 1899.10.05. Kyk ook S.J. Lee, *Krygsverrigtinge in Soutpansberg en Waterberg gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Ongepubliseer), p.1.
 - 2 KG358,CR3770/99: Brief Kommandant Waterberg/Kommandant-generaal, 1899.06.05; KG358,CR3798/99: Brief Kommandant Waterberg/Kommandant-generaal, 1899.06.08.
 - 3 KG361,CR4179/99: Brief Landdros/Kommandant-generaal, 1899.06.01. Verwys ook na ander versoeke wat in hierdie verband gerig is en bespreek is in hoofstuk vyf.
 - 4 KG376,CR6510/99: Brief Landdros Waterberg/Kommandant-generaal, 1899.09.09.

Dat die burgers van Waterberg nie die erns van die dreigende oorlog besef het nie, kan afgelei word uit die versoek van die Kommandant dat burgers belet moes word om gedurende die jagseisoen hulle onderskeie wyke te verlaat,⁵ maar gee tog in Junie 1899 verlof aan burgers wat in Pieterpotgietersrust saamgetrek was om te gaan jag,⁶ waarskynlik omdat jag 'n noodsaaklike lewensbedryf van die burgers was.

Omdat 'n groot deel van die inwoners van Pieterpotgietersrust baie arm was, versoek die Veldkornet in Augustus 1899 dat daar vanuit regeringsweë perde aan die burgers van Pieterpotgietersrust voorsien moes word.⁷ Hierdie versoek is deur die Kommandant van Waterberg gesteun.⁸ Die Kommandant het ook gevra dat graan- en voedselvoorrade vir verarmde burgers na Waterberg gestuur moes word⁹ en daar is waarskynlik in November aan hierdie versoek voldoen.¹⁰

Die ZAR-regering het die noodsaaklikheid om sy uitgebreide noordelike grens teen 'n vyandelike inval te beskerm, van die begin af besef, want gerugte dat vyandlike troepe op die grens saamgetrek was, is reeds in September 1899 aan die Kommandant-generaal gerapporteer.¹¹ Terwyl die kommando's van Rustenburg en Marico die Britse magte op die noordwestelike grens ten suide van die Matlabasrivier sou aandurf,¹² moes genl. Grobler met die kommando's van Soutpansberg en Waterberg die noordgrens beveilig.

5 KG357,CR3540/99: Brief Kommandant Waterberg/Kommandant-generaal, 1899.05.27.

6 KG358,CR3778/99: Brief Kommandant Waterberg/Kommandant-generaal, 1899.06.03.

7 KG373,CR5882/99: Brief Veldkornet Pieterpotgietersrust/Kommandant-generaal, 1899.08.26.

8 KG336,CR6388/99: Brief Staatsekretaris/Kommandant-generaal, 1899.09.09.

9 KG336,CR6387/99: Brief Staatsekretaris/Kommandant-generaal, 1899.09.27.

10 KG392,CR8698/99: Brief Staatsekretaris/Kommandant-generaal, 1899.11.27.

11 KG376,CR6494/99: Brief Kommandant Soutpansberg/Kommandant-generaal, 1899.09.07.

12 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, deel 1*, pp.409-415.

Die boeremagte onder Grobler¹³ is beveel om die grens (Limpoporivier) teen Britse invalle te beskerm en die swartmense¹⁴ onder bedwang te hou. Hulle moes ook die Britse offensief noord van die grens neutraliseer deur die spoorlyn, telegraafverbinding en stasies na Bulawayo te vernietig. Alle blankes noord van die grens moes na die ZAR gerepatrieer word. Hierdie opdragte is gegee omdat verwag is dat die Boeremagte Betsjoeanaland en Rhodesië onverwyld sou binneval en van die vyand sou suiwer.¹⁵ (Kyk kaart van die Boere-offensief op die noord-westelike grens, 1899-1902.)

Die kommando's van Soutpansberg en Waterberg was in hierdie stadium ver van mekaar verwyder en volgens Breytenbach¹⁶ oningelig oor die taak wat hulle moes uitvoer. Niemand het geweet hoe hulle moes optree nie. Grobler het besluit om die kommando's afsonderlik, in plaas van op 'n gesamentlike krygsraadvergadering, in te lig oor die veldtog. Sy plan het daarop neergekom dat die Soutpansbergers die grens tussen die ZAR en Rhodesië in die omgewing van Rhodesdrif moes oorsteek en dan suidwaarts langs die oewer moes aftrek totdat hulle die Waterbergers sou teëkom. Laasgenoemde kommando moes die grens by die samevloeiing van die Matlabas- en Limpoporivier oorsteek en dan in 'n noordoostelike rigting langs die Limpopo optrek. Die twee kommando's moes die gebied langs die rivier van die vyand suiwer, terwyl die Waterbergers ook die spoorlyn en telegraaflyn na Bulawayo moes vernietig.¹⁷


13 KG579,p.595: Telegram Kommandant-generaal/Grobler, 1899.08.20.

14 KG373,CR5836/99: Brief Kommandant Waterberg/Kommandant-generaal, 1899.08.20;
KG342,CR141/99: Brief Kommissaris van Polisie/Kommandant van Polisie Nylstroom, 1899.02.22.

15 Leyds 709,p.144: Telegram Kommandant-generaal/Grobler, 1899.10.20; Leyds 709,p.558: Telegram genl. Cronje/Wnd. Kommandant-generaal, 1899.10.31. Kyk ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 1, pp.408 en 414.

16 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 1, p.414.

17 Kyk ook KG333,p.64l: Telegram Grobler/Kommandant-generaal, 1899.10.25; Leyds 709,p.293: Telegram Grobler/Kommandant-generaal, 1899.10.25.



Weens die afwesigheid van geïnspireerde leierskap is dié uitstekende strategiese plan flouërigh deur albei kommando's aangepak. Soutpansberg het teen ongeveer 12 Oktober 1899 die veldtog goedgekeur en die kommando het na Rhodesdrif vertrek.¹⁸ Grobler het daarna, op 23 Oktober 1899, die Waterbergers in die omgewing van die Palala¹⁹ oor die veldtog ingelig, maar moes tot sy onsteltenis hoor dat die Waterbergers nie van plan was om die grens oor te steek nie, omdat die burgers “niet gekomen zijn om iets anders dan om onze lijn te bewaken”, en van plan was om die vyand op eie bodem aan te pak.²⁰ Net die wyk Zwagershoek, waar Grobler voorheen veldkornet was, het onder sy leiding tot aan die Limpoporivier getrek en by Selikasdrift gelaer, terwyl die res van die kommando onder leiding van kmdt. Lombaard gebly het waar hulle was.²¹

Dat die Waterbergers so 'n houding sou inneem het nóg die ZAR-regering nóg die Kommandant-generaal verwag, en die ander Transvaalse krygsoffisiere was bitter teleurgesteld dat die twee noordgrenskommando's nog nie begin het om die spoorlyn na Bulawayo op te breek nie.²² Kmdt.-genl. Joubert het derhalwe 'n persoonlike boodskap aan Grobler gestuur om onverwyld voort te gaan om die taak wat hom opgelê is, uit te voer.²³ Grobler kon egter nie veel in dié verband vermag nie en het dadelik 'n klag van ongehoorsaamheid en verset teen die offisiere van Waterberg ingedien.²⁴ In reaksie hierop is kmdt. Lombaard en sy adviseur, Boshoff, na Pretoria ontbied²⁵ en J. du P. de Beer

18 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 1, p.415.

19 KG375.CR6236/99: Brief Kommandant Waterberg/Kommandant-generaal, 1899.09.04.

20 KG333,p.641: Telegram Grobler/Kommandant-generaal, 1899.10.23; Leyds 709,p.293: Telegram Grobler/Kommandant-generaal. Kyk ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 1, p.416.

21 KG333,p.641: Telegram Grobler/Kommandant-generaal, 1899.10.23. Kyk ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 1, p.416.

22 KG333,CR7835/99: Brief Staatsekretaris/Kommandant-generaal, 1899.10.17. Vergelyk ook genl. Cronje se besware in hierdie verband. KG333,CR286/99: Brief Cronje/Kommandant-generaal, 1899.10.17.

23 KG334,CR7970/99: Brief Staatsekretaris/Kommandant-generaal, 1899.10.24; KG581,p.959: Telegram Kommandant-generaal/Grobler, 1899.10.20.

24 KG387,CR8065/99: Brief Grobler/Kommandant-generaal, 1899.10.27; KG389,CR8278/99: Brief Grobler/Kommandant-generaal, 1899.11.19.

25 KG396,CR9272/99: Brief Landdros/Kommandant-generaal, 1899.12.12; KG333,p.641: Telegram Grobler/Kommandant-generaal, 1899.10.25; KG333,p.642: Telegram Staatsekretaris/Lombard en Boshoff, 1899.10.24.

is as waarnemende kommandant vir Waterberg aangestel.²⁶ Laasgenoemde het egter sy kommandant se standpunt gesteun, met die gevolg dat die Waterbergers gebly het waar hulle was, op Transvaalse bodem, en die spoorlyn na Bulawayo het ongeskonde gebly.²⁷

Intussen het die Soutpansbergers onder leiding van kmdt. H.C.J. van Rensburg²⁸ tot aan die Limpopo gevorder, maar ook nie die taak wat die Krygsraad hulle opgedra het,²⁹ volvoer nie omdat Van Rensburg, na aanleiding van vals berigte van 'n versterkte vyand oorkant die grens, besluit het om te wag op die versterkings en kanonne wat hy aangevra het.³⁰ Die enigste skermutseling waarin die Soutpansbergers met die Britse magte betrokke geraak het, was in Oktober 1899 by Rhodesdrif waar hulle geprobeer het om 'n gedeelte van die rivier met die oog op drinkwater af te neem.³¹

Die Britse troepemag waarvoor Van Rensburg soveel ontsag gehad het, was in werklikheid baie klein en het onder bevel van lt.kol. H.C.C. Plumer gestaan.³² Die beskerming van die Britse gebied noord van Mafeking tot aan die Portugese grens, is aan hom opgedra. Volgens Breytenbach³³ het sy opdragte die volgende behels:

- Die verdediging van die Britse gebied teen invalle van die ZAR sover as wat dit met Tuli as basis gedoen kon word;

26 KG333,p.642: Telegram Staatsekretaris/J. du P. de Beer, 1899.10.24.

27 Leyds 710,p.43: Telegram De Beer/Kommandant-generaal, 1899.11.02.

28 KG344,CR1699/99: Brief Landdros Soutpansberg/Kommandant-generaal, 1899.03.02.

29 Leyds 709,p.142: Telegram Grobler/Kommandant-generaal, 1899.10.19.

30 Leyds 709,p.158: Telegram Waarnemend Asst.-generaal/Kommandant-generaal, 1899.10.19.

31 Leyds 709,p.186: Telegram, Waarnemend Asst.-generaal/Kommandant-generaal, 1899.10.21. Kyk ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 1, p.421.

32 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 1, p.419.

33 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 1, pp.419-120.

- om, deur 'n vertoon van Britse mag, die Boere te dwing om 'n sterk mag op die noordelike grens te hou ten einde dit te beskerm;
- en om die taak van die Britse hoofmag, naamlik die verowering van die ZAR vanuit die suide, te ondersteun deur aanvalle op die Noord-Transvaalse gebied te doen. Dit sou die Boere verplig om krygsmagte uit die suide na die noorde oor te plaas ter beskerming van die noordelike grens.

Die besluiteloosheid en passiewe houding van die offisiere het die burgers gefrustreer en baie het huis toe gegaan,³⁴ terwyl andere soos kapt. Eloff van Soutpansberg, baie graag voorwaarts wou gaan om die vyand in sy vesting, Tuli, aan te val en te vernietig.³⁵ Die ZAR-regering was teen daardie tyd ook moeg vir die besluit- en aksieloosheid van die twee Noord-Transvaalse kommando's en in November 1899 gee die Krygsraad bevele³⁶ dat minstens 500 burgers, vergesel van kommandante Lombaard en Van Rensburg, per spoor vanaf Pietersburg en Pieterpotgietersrust na Pretoria gestuur moes word vir krygsdiens in die suide. Die oorblywende kommando's is in drie kommando's van 400 man elk, onderskeidelik onder bevel van kmdt. D. du Preez (Soutpansberg) en kmdt. J. du P. de Beer (Waterberg) en Grobler self verdeel.³⁷ Volgens die telegram van die Staatsekretaris aan Grobler³⁸ moes hierdie "burgerwacht" geplaas word in "Zoutpansberg nabij de zoutpan", in die nabyheid van die Palala en tussen die Matlabas- en Magolriviere. Hierdie

34 KG417,CR3195/00: Brief Z. Ziervogel/Kommandant-generaal, 1900.03.14; KG420,CR3835/00: Brief Staatsekretaris/Kommandant Soutpansberg, 1900.04.02; KG420,CR3784/00: Brief Kommandant Waterberg/Kommandant-generaal, 1900.04.02.

35 Leyds 711,p.69: Telegram Eloff/Wnd. Kommandant-generaal, 1899.11.21. Kyk ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 1, pp.426-431.

36 Leyds 710,p.510: Telegram Staatsekretaris/Grobler, 1899.11.16.

37 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 1, pp.429-431 en 434.

38 Leyds 710,p.510: Telegram Staatsekretaris/Grobler, 1899.11.16.

burgerwagte moes onderling kommunikasie met mekaar behou het, asook met die burgerwag wat by Derdepoort gestasioneer was.

Hoewel hierdie opdragte Grobler se planne om die Britse magte by Tuli aan te val, in die wile sou ry, het hy in oorlog met sy krygsraad besluit om dadelik 600 burgers, saamgestel uit 350-400 burgers van Soutpansberg en 200-250 burgers van Waterberg, na Pietersburg en Pieterpotgietersrust te stuur om daarvandaan per trein na Pretoria te reis.³⁹ Van hierdie burgers het uiteindelik die Vrystaatse grens tussen Oranjerivierstasie en De Aar verdedig⁴⁰ en 'n verdere 126 en 150 burgers is onderskeidelik na Scholtznek en Colesberg gestuur.⁴¹ Burgers uit die Soutpansberg- en Waterbergdistrikte het ook by Magersfontein onder genl. Cronje geveg⁴² terwyl 'n groep ook aan die Natalse front saam met kmdt. van Rensburg geveg het.⁴³

Grobler het na die vertrek van 'n groot deel van sy mag na die suide nie kans gesien om met die oorblywende 1200 burgers die plan om Tuli aan te val uit te voer nie. Daar is gevolglik van die Boere se plan om Rhodesië in te val en Plumer se mag te breek, afgesien.⁴⁴ Breytenbach⁴⁵ is van mening dat die ZAR-regering die offensief op die noordwestelike grens afgelas het as gevolg van onoorkomelike besware daarteen en omdat die Britse troepemag in Rhodesië so klein was dat dit 'n vermorsing van mannekrag sou wees om 'n leer uit te stuur ten einde dit te neutraliseer. Die gevolg was dat die Boere van toe af 'n suiwer defensiewe rol in Noord-Transvaal vervul het.⁴⁶ Dit is ironies dat Plumer na die ontsetting van Mafeking aangesê is om Waterberg en Soutpansberg te verower, wat hy ook gedoen het.

39 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ..., deel 1*, p.434.

40 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ..., deel 4*, p.27.

41 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ..., deel 2*, p.115 en *deel 4*, p.61. Kyk ook Leyds 714: Telegram nrs. 5, 12, 36 gedateer 1900.01.14 en Telegram nrs. 6, 7, 12, 13, 33 en 76 gedateer 1900.01.15.

42 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ..., deel 2*, p.117.

43 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ..., deel 3*, pp.83 en 409.

44 KG430,CR194/00: Brief Staatsekretaris/Kommandant-generaal, 1900.04.03.

45 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ..., deel 1*, p.459.

46 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ..., p.436*.

Na die val van die Boererepublieke se hoofstede in Britse hande, naamlik Bloemfontein op 13 Maart 1900 en Pretoria op 5 Junie 1900, het moedeloosheid onder die burgers geheers, maar die Britte se verwagting dat, as die hoofstede val, die kommando's sou oorgee, is nie verwesentlik nie. Die losweg georganiseerde en swak gekoördineerde kommando's kon hulle nie maklik by die grootskaalse oorlogvoering aanpas nie sodat hulle ná die val van die hoofstede in klein, beweeglike eenhede, wat vir hul eie voedsel en ammunisie gesorg het, verdeel het. Elke kommando het min of meer onafhanklik geveg en oral waar hulle Britse patrollies teëgekom het, toegeslaan en met tye ernstige verliese aan die Britse magte toegedien.

In Noord-Transvaal het die somermaande ernstige probleme vir die “magte te velde” meegebring weens malaria,⁴⁷ perdesiekte en waterskaarste.⁴⁸ Hierdie probleme sou die krygsverrigtinge van sowel Boer as Brit ernstig beïnvloed.

Generaal Grobler is op 18 September 1900 deur genl. L. Botha, wat Joubert as kommandant-generaal opgevolg het, as bevelvoerder van die boeremagte in Noord-Transvaal vervang met genl. C.F. Beyers.⁴⁹ Grobler het daarna bevel gevoer oor boeremagte in die omgewing van Colesberg waar hy, volgens Breytenbach⁵⁰, so deur Allenby se pogings om Colesberg te verower, ontsenu is dat hy die ZAR-regering versoek het om nog 400 burgers uit Soutpansberg aan hom af te staan. Die regering het daarop gereageer en nog 150 burgers uit Noord-Transvaal na Colesberg gestuur.

Generaal Beyers het dadelik alle kragte ingespan om die kommando's van Soutpansberg en Waterberg te reorganiseer en nuwe offisiere aan te stel, want die meeste burgers het na die verwarring wat op die besetting van Pretoria gevolg het, huis toe gegaan.⁵¹ 'n Gewelddige taak het op Beyers se skouers gerus en dit was spoedig vir hom duidelik dat hy die

47 KG345,CR230/99: Brief Hoofinspekteur van kantore/Kommandant-generaal, 1900.01.03.

48 KG409,CR1579/00: Brief Kommandant Waterberg/Kommandant-generaal, 1900.02.12.

49 Raadpleeg G.D. Scholtz, *Generaal Christiaan Frederik Beyers*, vir volledige biografiese inligting en besonderhede met betrekking tot Beyers se militêre optrede.

50 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog ...*, deel 4, p.61.

51 KG401,CR376/00: Brief Landdros Waterberg/Kommandant-generaal, 1900.01.06.

vyand nie met sy klein groepie swak toegeruste burgers in 'n groot veldslag kon konfronteer nie. Al wat hy kon doen was om die Britse magte soveel skade as moontlik te berokken om daardeur 'n aansienlike getal Britse soldate in Noord-Transvaal besig te hou, waardeur ander dele van die land moontlik verligting kon kry. Met kleiner skermutselings, wat dan ten gunste van die een kant en dan ten gunste van die ander kant geswaai het, het hy die Britte lastig geval en soms ernstige verliese toegedien.⁵²

Beyers se optrede was vir die Britte 'n doring in die vlees. Na die slag van Nooitgedacht,⁵³ naby Magaliesburg, (13 Desember 1900), waaraan die kommando's van Soutpansberg en Waterberg ook deelgeneem het, het die Britte besluit om die dorpe in Noord-Transvaal te beset en die distrikte aan Britse gesag te onderwerp. Met die swak krygsmag tot sy beskikking, was dit vir Beyers onmoontlik om Plumer se opmars na die noorde te stuit. Plumer het op 26 Maart 1901 uit Pretoria vertrek en het Nylstroom op 1 April 1901, Pieterpotgietersrust op 5 April 1901 en Pietersburg op 8 April 1901, beset. Hoewel die Britse magte in getalsterkte en toerusting die Boere se meerdere was, het die Boere nie veel gedoen om die opmars te stuit of te vertraag nie.⁵⁴ Beyers was baie ontevrede omdat sy opdragte om brûe en die spoorlyn op te blaas nie uitgevoer is nie. 'n Groep Boere is per spoor vanaf Nylstroom gestuur om die opdrag uit te voer maar omdat Pieterpotgietersrust toe reeds deur die Britte beset was, kon hulle dit nie doen nie. Volgens *Die Noord-Transvaler*⁵⁵ van 23 Februarie 1973 is die brug by die stasie "Opblaas" eers ná die inname van Pietersburg opgeblaas. Die kommando wat die Makapanspoort moes beset, het verdwaal omdat hulle die verkeerde roete gevolg het en was te laat om die Britte te keer. 'n Paar burgers het probeer om die Britse opmars by Ysterberg te stuit, maar ook hulle moes al veggende na Pietersburg terugval.

52 G.D. Scholtz, *Generaal Christiaan Frederik Beyers*, pp.50-80.

53 Die Boeremagte onder leiding van genls. Smuts, De la Rey en Beyers het met 1500 man tot hul beskikking bykans die helfte van genl. Clements se mag by Nooitgedacht uitgewis en toe die Britse kamp in besit geneem. T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, pp.492-503.

54 M.A. Gronum, *Die Engelse-oorlog, 1899-1902*, p.61.

55 *Die Noord-Transvaler*, 1973.02.13, p.8. Hierdie inligting is mondeling deur D. (Boet) van Eyk, Uitkyk, Potgietersrus, 1988.09.23, bevestig.

Die guerilla-oorlogvoering het verwording aan albei kante veroorsaak. Ofskoon Waterberg en Soutpansberg, deels weens die uitgestrektheid sowel as die ontoeganklikheid van die gebiede, miskien nie so erg onder die verwoesting van die Britse magte deurgeloop het nie, is in die twee distrikte dinge gedoen wat in ander dele van die ZAR nie so maklik gebeur het nie. 'n Kenmerk van die Britse oorlogvoering in dié geweste was die groot getal Boerekrygsgevangenes wat koelbloedig doodgeskiet is⁵⁶ sodra hulle ontwapen is en volgens Lee⁵⁷ het kapt. Taylor⁵⁸ van Fort Edward ongekende wreedheid en brutaliteit teenoor swartes wat die Boere goedgesind was, toegelaat.

Die rondtrekkende burgerkommando's het die lewe vir die Britse magte in Noord-Transvaal versuur, waarop laasgenoemde 'n anti-kommando-eenheid, die *Bushveld Carbineers*, gestig het om die Boere te beveg. Hierdie eenheid het hoofsaaklik uit Australiërs bestaan en was onder bevel van kapt. Hunt, lt. Morant en lt. Hancock. Hulle was verantwoordelik vir die moorde op Boerekrygsgevangenes. Volgens Pakenham⁵⁹ was die Australiërs se verweer dat die teregstelling van gevangenes uit weerwraak vir die dood van kapt. Hunt op 5 Augustus 1901⁶⁰, aanvaarbaar was.

Een van die moorde op Boerekrygsgevangenes was van direkte belang vir die mense van Pieterpotgietersrust en het geweldige komplikasies op internasionale vlak tussen Brittanje en Duitsland veroorsaak. Dit het tot 'n geregtelike ondersoek in 'n Britse militêre hof gelei en het veroorsaak dat Morant en Hancock die hoogste tol vir hul dade betaal het. Die betrokke gebeure kan soos volg saamgevat word:

Op 19 Augustus 1901 het sers. Wrench met die hulp van nege soldate en een "joiner" agt Boerekrygsgevangenes geneem en hulle na Fort Edward geneem. Morant het 'n patrollie by die fort aangesê om die patrollie van Wrench tegemoet te gaan en die gevangenes dood te skiet. Op 23 Augustus 1901 was die patrollie met die ou republikeinse pad vanaf *Elim* op pad na Fort Edward. Die patrollie vanuit die fort het hulle op die grens van die plaas *Ballymore* en *Sweetwaters* ontmoet. Morant was ook by die patrollie. Hy het die gevangenes twintig tree van die pad af die bosse ingeneem waar

56 T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, pp.560-561.

57 S.J. Lee, *Krygsverrigtinge in Soutpansberg en Waterberg ...* (Ongepubliseer), p.33.

58 Taylor se bynaam onder swartes was *Balula Zonke Matshangane* - Doodmaker van die Shangaans.

59 T. Pakenham, *Die Boere-oorlog* pp.560-561.

60 Hunt se liggaam is na die geveg op 5 Augustus grusaam vermink. Morant en Hancock het die Boere van hierdie gruweldaad beskuldig, maar laasgenoemde het die skuld weer op die swartes gepak.

hulle eers 'n vlak gat moes grawe en toe doodgeskiet is. Dit was 'n smartlike gebeurtenis en van die swartes wat die volgende dag daar verby geloop het, het 'n arm bo die grond sien uitsteek. Ooggetuies het later beweer dat die gevangenes in die bene en laer romp geskiet is en toe lewendig begrawe is. Een van die krygsgevangenes wat hier vermoor is, was meester Willem Vahrmeyer van Pieterpotgietersrust.

Op die dag van die moord was eerw. Daniël Heese van die Makapanspoort sendingstasie naby Pieterpotgietersrust met sy muilkar en swart agterryer vanaf Elim-hospitaal na Pietersburg op pad. Heese was ooggetuie van die moord. Omdat hy Vahrmeyer geken het, het hy nader gegaan om met hom te praat toe hy die moorde sien plaasvind. As Duitse onderdaan in die ZAR het hy gedreig om die moorde onder die aandag van die Britse militêre owerheid te bring. Hy is daarna met sy muilkar vort, maar is later deur Morant en sy patrollie vermoor. Die moord op Heese sou ernstige gevolge vir Morant inhou.⁶¹

In die Waterberg het genl. Beyers berig ontvang van die treurige toestande in Soutpansberg en die toenemende getal moorde op Boerekrygsgevangenes. In Julie 1901 het hy 'n voorradetrein êrens tussen Pieterpotgietersrust en Naboomspruit gebuit, waarop hy besluit het om na Soutpansberg te gaan. Beyers het in die nag van 29 September 1901 naby *Drummond* oor die spoorlyn gegaan⁶² en hoewel vanuit die blokhuse op die kommando geskiet is, was daar geen ongevalle nie.

Die kommando het reeds vroeër dié dag met 'n Britse patrollie in die Baviaanspoort, naby Pieterpotgietersrust, slaags geraak. Volgens *Die Noord-Transvaler*⁶³ van 17 Maart 1967 het

61 S.J. Lee, *Krygsverrigtinge in Soutpansberg en Waterberg ...* (Ongepubliseer), pp.33-34, 47-48. Kyk ook T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, pp.560-561. Morant, Hancock, Picton en Witton het op 15 Januarie 1902 tereg gestaan op 20 aanklagte van moord. Hulle was op twaalf van die aanklagte skuldig bevind. Witton het lewenslange tronkstraf gekry, maar is na twee jaar op versoek van die Australiese regering vrygelaat. Picton is van sy rang onthef en na Engeland teruggestuur. Morant en Hancock is op 27 Februarie 1902 tereggestel. Kapt. Taylor van Fort Edward het nooit vir sy wreedhede teenoor die swartes tereggestaan nie. Daar bestaan geen duidelikheid oor wat van Taylor geword het nie.

62 Mondelinge mededeling: D. (Boet) van Eyk, Uitkyk, Potgietersrus, 1988.09.23.

63 *Die Noord-Transvaler*, 1967.03.17, p.1. Hierdie skermutseling is deur 'n seun van Dan van Eyk, D. (Boet) van Eyk, Uitkyk, Potgietersrus, 1988.09.23, mondeling bevestig. Die grafte is vandag langs die teerpad na Sterkrivier, in die Baviaanspoort geleë.

Dan van Eyk van Pieterpotgietersrust 'n vername rol gespeel in die “slag van Baviaanspoort” deur die patrollie in 'n hinderlaag te lei. 'n Boerelaer bo-op die berg was onbewus van die aankomende patrollie en Van Eyk het onder groot gevaar die Boerelaer gaan waarsku, waarop die Boere die patrollie in die poort voorgelê het. Beyers het met sy kommando die poort van onder af geblokkeer. Die hele patrollie is in die kruisvuur doodgeskiet en deur die Boere in drie massagrafte in die poort begrawe.

Beyers en sy kommando het op 1 Oktober 1901 die “Engelse kamp” net buite Pieterpotgietersrust op die plaas *Pruizen* aangeval en daarin geslaag om die Britte tot oorgawe te dwing. Volgens oorlewering het die Boere al skietende om die kamp gery totdat die Britte oorgegee het.⁶⁴ Behalwe die gesneuweldes en gewondes het 51 Britse soldate by Pruizen oorgegee. Die burgers het ook 63 perde, beeste, bokke en skape buitgemaak maar die beeste doodgeskiet omdat dit met longsielte besmet was. Vanaf Pruizen is Beyers na Maleespoort.⁶⁵

Geen verwysings word in bronne gemaak ten opsigte van die dorp tydens die skermutselings by Baviaanspoort of Pruizen nie. Benewens die personeel van die Britse militêre administrasie wat in die dorp gestasioneer was, moes 'n eenheid Britse soldate op die plaas Pruizen, suid van die dorp, die dorp teen herinname deur die Boere beskerm. Die kantoor van die Resident-vrederegtter het reeds met die aanvang van die oorlog gesluit en daar kan aangeneem word dat die inwoners elkeen na die beste van sy vermoë, deur die oorlog heen probeer oorleef het. Omdat baie mans kommandodiens verrig het, het hoofsaaklik vroue, kinders en oues van dae in die dorp oorgebly en dus nie 'n groot bedreiging vir die Britse magte ingehou nie.

Afgesien van die oorlogspoging, moes die ZAR-regering ook na die vroue en kinders wat tuis gebly het terwyl die mans kommandodiens verrig het, omsien. 'n Lewensmiddele komitee is reeds voor die aanvang van die oorlog deur die ZAR-regering gestig met die spesifieke opdrag om toe te sien dat burgers se gesinne tydens die oorlog nie gebrek aan noodsaaklike lewensmiddele sou hê. Hierdie komitee het sy werksaamhede ook na die platteland uitgebrei, waar, volgens Esterhuizen⁶⁶ die behoefte aan skoeisel en kledingstof groter was omdat die vroue in groot mate nog in hulle eie voedselbehoeftes kon voorsien.

64 Mondelinge mededeling: D. (Boet) van Eyk, Uitkyk, Potgietersrus, 1988.09.23.

65 G.D. Scholtz, *Generaal Christiaan Frederik Beyers*, pp.79-80.

66 S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie, 1900-1910* (D.Phil.-proefskrif), p.31.

Die vroue en kinders se omstandighede het egter gaandeweg hagliker geraak sodat 'n voedseltekort as gevolg van die Britte se “verskroeiende aarde-beleid” ook op die platteland ontstaan het.

Sedert 1900 het die Britse oppergesag nie meer die ZAR erken nie en die destydse Republiek is amptelik tot *The Transvaal Colony* hernoem. Al die inwoners daarvan is as Britse onderdane beskou. So ver as die Britse kolonnes getrek en dorpe verower het, is krygswet afgekondig en is die inwoners van die dorpe verplig om rekenskap te gee van al hulle besittings, waarvoor 'n permit dan uitgereik is. Die doel van hierdie maatreël was om te voorkom dat die vegtende burgers van lewensmiddele voorsien word. Die inwoners se bewegings is ook aan bande gelê en geen persoon kon sonder 'n permit na en van die dorp reis nie. Volgens Esterhuizen⁶⁷ het die vrouens dikwels onder verskeie militêre reëls en opdragte gebuk gegaan.

Met die beeëindiging van die oorlog is die militêre administrasie in Pieterpotgietersrust verleng deur die aanstelling van 'n Resident-magistraat. 'n Geregtelike kommissie is ook benoem, wat onder leiding van die Magistraat bewyse van oorlogskade en aansoeke vir die betaal van skadevergoeding moes ondersoek. Die Kommissie moes ook toesien dat hulpverlening aan oud-burgers behoorlik geskied.

Volgens Esterhuizen⁶⁸ het die Kommissie die burgers in drie groepe verdeel volgens die omvang van die skade wat hulle deur die oorlog gely het, naamlik:

- Diegene wat feitlik alle besittings, vee en woonhuise verloor het en dadelik gehelp moes word.
- Diegene wat nie soveel verloor het nie en wel op eie stoom 'n begin kon maak, maar nogtans vir kompensasie in aanmerking gekom het.
- Diegene wat niks voor die oorlog besit het nie en dus niks tydens die oorlog kon verloor nie, en daarom nie op hulpverlening of kompensasie geregtig was nie.

Op die platteland, Potgietersrust ingesluit, het nie meer as 3% van die bevolking die vermoë gehad om sonder regeringshulp weer 'n begin te maak nie.⁶⁹ Die oorlog het op feitlik alle terreine van die samelewing verandering gebring. Wat 'n tydperk van groei en

67 S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike ...* (D.Phil.-proefskrif), p.36.

68 S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike ...* (D.Phil.-proefskrif), p.70.

69 S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike ...* (D.Phil.-proefskrif), p.72.

ontwikkeling moes wees, was net die teenoorgestelde en die reeds verarmde bevolking van Potgietersrust was nou armer as ooit. Voedsel en implemente kon op skuld by depots van die Koloniale Regering gekoop word, waardeur die Boer by die Regering in die skuld gedompel sou wees. Die eerste ploegseisoen het egter verbygegaan sonder dat geploeg is omdat die owerheid niks anders as Britsvervaardigde produkte wou aankoop nie.

Die gemeenskap was langeslaan en geestelik verslae en het moeilik weer in hulle eie stoflike behoeftes voorsien. Die oorlog was verby maar dit sou maande, en selfs jare duur voordat die inwoners van Potgietersrust weer met 'n normale lewe kon voortgaan.

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING

Daar is 'n dorpie stil en mooi geleë
Reg in die hartjie van die ou Transvaal,
Voortrekkers na hul moeitevolle weë
Het hier eens uitgespan en afgesaal.
Waar in die son oer-oue rotse gloei
En geurig soet alom die doringbome bloei,
Hier het 'n held gesneuwel, dus
Dra ons sy naam -- POTGIETERSRUS.¹

Potgietersrus het sy ontstaan te danke aan die nagevolge van die Groot Trek en die vestiging van blankes in Transvaal. Geskille tussen blankes onderling en tussen blank en swart het 'n groot rol gespeel in die ontstaan en vestiging van 'n blanke nedersetting in die Makapanspoort.

Die stigting van 'n dorp in die Makapanspoort was ten opsigte van sowel die eerste vestiging as die hervestiging strategies baie belangrik "om reden dat Makapanspoort de sleutel draagt tusschen hier en Zoutpansberg".² Voor die stigting van Potgietersrus in 1852 was daar drie belangrike nedersettings in Transvaal, naamlik Soutpansberg, Lydenburg en Potchefstroom-Rustenburg. Weens groot afstande en 'n gebrek aan verkeersweë was die Soutpansbergers in 'n groot mate van die ander nedersettings geïsoleer. Hierdie isolasie het veroorsaak dat Soutpansberg feitlik alleen gestaan het teen die bedreiging deur die omliggende swart stamme. Die stigting van 'n nedersetting in die Makapanspoort - op die trekroete tussen Soutpansberg en die suidelike nedersettings³ - het nie net die gebied digter bevolk nie, maar het ook die belangrike trekroete beveilig. Veral Mankopane het

-
- 1 Eerste strofe van die *Skoollied*, Piet Potgieter Hoërskool, Potgietersrus. J. du Plooy, *Die ontwikkeling van onderwys en opvoeding in Potgietersrus sedert 1852: 'n Museologiese studie* (Skripsie), p.53.
 - 2 SS5579,R12884/89: Brief Pretorius/Kommandant-generaal, 1889.12.18.
 - 3 Die topografie van die streek bepaal die verbindingsroetes en waar die Waterberge en die Strydpoortberge in die omgewing van Potgietersrus in die tsetsevliegstreek inloop en in die ooste by die Drakensberge aansluit, vorm die Strydpoort en die Makapanspoort twee natuurlike deurgange deur die berge wat met redelike gemak in die ou dae oorgesteek is.

hom teen die blankes verset en was hoogs ontevrede oor die gebruik van die trekroete deur die Makapanspoort, wat hy as sy grondgebied beskou het.

Die eerste vyftig jaar van Potgietersrus se geskiedenis is gekenmerk deur 'n stryd om vestiging, beveiliging en erkenning. Maatskaplike toestande van daardie jare het stremmend op die sosio-ekonomiese en kulturele lewe van die pioniers ingewerk en net geringe tekens van dorpsontwikkeling was in die jare na 1890 waarneembaar omdat die inwoners se eie lewensbedryf in die stryd om vestiging langsaam gevorder het. Doelmatige dorpsontwikkeling is afhanklik van die vermoëns, karakter en lewensbeskouing van die betrokke gemeenskap en die uiters armoedige bestaan van 'n groot deel van die gemeenskap tot diep in die twintigste eeu was 'n kenmerk van Potgietersrus. Verskeie faktore het tot die ontstaan van 'n armblanke gemeenskap in Potgietersrus bygedra, net soos elders in die ZAR. Hoewel die dorp in daardie jare 'n groot aantal sukkelende armblankes gehuisves het, was daar ook diegene wat deur harde werk, inisiatief en deursettingsvermoë daadwerklik tot die vestiging en ontwikkeling van die dorp bygedra het.

Alhoewel een van die oudste dorpe in Transvaal, was Potgietersrus tot diep in die twintigste eeu nog uiters yl bewoon. Die algemene leefwyse van die vroeë inwoners is deur 'n sterk seisoenskarakter gekenmerk. Hierdie eienskap het 'n groot invloed op die vestiging van blankes in Potgietersrus en omgewing gehad. Die gebied was in die vestigingsjare 'n ongerepte wildernis waar dit gewemel het van wildsoorte en roofdiere, met net hier en daar 'n huisie. Die gevolg was dat jag die vernaamste bron van inkomste was, wat weer tot gevolg gehad het dat die dorp en omgewing ylbewoond was vergeleke met heelwat ander dorpe. Die meeste van die vroegste inwoners was juis grootwildjagters wat gedurende die wintermaande uitgebreide jagtogte in die *Bosveld* onderneem het en sodoende die gebied tydelik verlaat het. Omdat die gebied deur die tsetsevlug besmet was, is die dorp en omgewing tot laat in die twintigste eeu nog hoofsaaklik as 'n jaggebied beskou, en is skaars 'n gedagte aan permanente nedersetting in so 'n ongesonde streek geskenk.

Malaria was nog 'n ongunstige faktor wat die stadige ontwikkeling en nedersetting van blankes in Noord-Transvaal en Potgietersrus beïnvloed het. Gedurende die laat somerseisoen is talle inwoners deur die "koorssiekte" platgetrek en baie van hulle het as gevolg van 'n gebrek aan mediese dienste aan malaria beswyk. Hiermee gepaardgaande was padverbinding tussen Pretoria en Potgietersrus oor uitgestrekte turfvlaktes gedurende die reënseisoen baie moeilik, sodat baie inwoners van die gebied hulle toevlug tot boererate moes neem, wat nie eintlik effektief teen die koors was nie. Malaria was naas die aggressiewe houding van die swartes die belangrikste rede waarom Pieterpotgietersrust in 1870 ontruim is.

Die swartes het aansienlik daartoe bygedra dat die doeltreffende okkupasie van die dorp deur blankes baie stadiger as wat gehoop is, plaasgevind het. Moord, roof en diefstal het oral voorgekom, sodat die blankes altyd op hulle hoede moes wees teen aanvalle. Hierdie toestand het eers na 1888 verbeter met die instelling van die *Zoutpansbergse Rydende Grenswacht*, wat ook in die omgewing van Potgietersrus gestasioneer was. Die dood van Mankopane in 1889 het ook tot verbeterde toestande bygedra, want hy het op sy sterfbed aan sy volgelinge toestemming gegee om weer sendelinge en blankes in die gebied toe te laat.⁴

As gevolg van die vyandige houding van die swartes, was die vroeë inwoners van Potgietersrus en omgewing hoofsaaklik op blanke arbeid aangewese. Swart arbeid was seldsaam. Die gebrek aan voldoende arbeid het tot gevolg gehad dat jong kinders ook met die boerdery moes help.

Skoolopleiding het eers teen die einde van die negentiende eeu inslag begin vind. Hoewel die behoefte aan goeie en deeglike onderwys reeds sedert die vroegste vestigingsjare bestaan het, het swak onderwysfasiliteite, lae standaard van onderrig, armoede, groot afstande en die heersende maatskaplike toestande, swak skoolbesoek tot gevolg gehad. Nieteenstaande hierdie faktore het die negentiende eeuse onderwys in 'n bepaalde behoefte van die tyd voorsien en 'n hoër lewenspeil aan baie inwoners verseker.

Boerdery in die omgewing van Potgietersrus was tot in die twintigste eeu suiwer onderhoudsboerdery omdat die gunstige markaanvraag as gevolg van die groot afstande tussen die dorp en die markte nie benut kon word nie. Namate die gebied deur blankes beset is en die beskikbare grond minder en die oorblywende gedeeltes kleiner geword het, het die lewenspeil as gevolg van toenemende armoede eenvoudiger geword. As gevolg van die geïsoleerde lewenswyse het die ambisie en begeerte om die lewenspeil te verhoog, heeltemal ontbreek.⁵ Die afgesonderde leefwyse van die pioniers het 'n gevoel van selfgenoegsaamheid versterk en tot geestelike verarming aanleiding gegee.

Die kerklike verdeeldheid, uitgestrektheid van gemeentes en groot afstande het kerklike en geestelike bearbeiding bemoeilik. Godsdienstige meelewing het veral daaronder gely. Ten spyte hiervan het die mense in geloof gegroei en sterk gebly in hulle godsvertroue, want godsdiensoefening was deel van hulle daaglikse lewenswyse. Nieteenstaande

4 D.W. van der Merwe, "Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1*, 1983, p.108.

5 P. Naude, *Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899* (D.Phil.-proefskrif), p.493.

probleme om die voortbestaan en uitbreiding van die gemeentes te verseker het die lidmatetal in al die gemeentes toegeneem, en in die twintigste eeu tot die afstigting en selfstandigwording van onafhanklike gemeentes in Potgietersrus gelei.

Die geskiedenis van die dorp is in 'n groot mate die verhaal van sy ekonomiese opbloeï en agteruitgang soos dit in die sosio-kulturele lewe van die gemeenskap neerslag vind. Wanneer dit voorspoedig gaan, is daar 'n toestroming van mense, met daaropvolgende opbloeï van skole, kerke en gemeenskapsfasiliteite. Wanneer dit weer swakker gaan, vind ontvolking plaas met gepaardgaande afname in gemeenskapsfasiliteite en die ineenstorting van dienste.

In die ontstaans- en vestigingsgeskiedenis van Potgietersrus kom die wisseling tussen opbloeï en agteruitgang in drie fases voor, naamlik die eerste vestiging (1859-1870), ontvolking (1870-1890) en hervestiging (1890-). Min bronne en inligting is oor die eerste vestiging beskikbaar en hierdie vestiging het waarskynlik as gevolg van die aggressiewe houding van die omliggende swart stamme en die voorkoms van malaria en perdesiekte nooit uit sy tydelike aard gegroei nie. Die periode van ontvolking wat op die ontruiming van die dorp (1870) gevolg het, het met die algemene ontvolking van Noord-Transvaal saamgeval en het nie net op Potgietersrus betrekking gehad nie.⁶ Die hervestiging van Potgietersrus in 1890 en die daaropvolgende ontwikkeling van spesifieke openbare dienste is moeilik skeibaar omdat die proses van vestiging met die instelling van openbare dienste verstrengel was. Werklike dorpsontwikkeling het eers na 1904 begin toe die dorpsraad op 'n meer georganiseerde wyse aan huishoudelike sake aandag begin gee het.

Die geskiedenis van Potgietersrus is in 'n groot mate die geskiedenis van Noord-Transvaal. Swaar tye is deurworstel om die land bewoonbaar te maak en vir blanke beskawing oop te stel. Teen die einde van die negentiende eeu het Pieterpotgietersrust al die fisiese kenmerke van 'n dorp getoon, maar tot in 1933 langsaam gegroei.

6 Potgieter gee verskeie redes, wat in hoofstuk 4 aangehaal is, vir hierdie ontvolking. F.J. Potgieter, *Die vestiging van die blanke in Transvaal ...* (D.Phil.-proefskrif), pp.109, 118 ev.

BRONNELYS

ARGIVALE BRONNE

1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

1.1 Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB)

Argief van die Staatsekretaris, ZAR, 1829-1900 (SS)

R.dokumente	Inkomende stukke.
BB.dokumente	Uitgaande stukke.

Argief van die Eerste Volksraad (1845-1900) en Tweede Volksraad (1892-1900)

EVR Eerste Volksraad.
VRB Volksraadsbesluite.
URB Uitvoerende Raadsbesluite.
ZAR Locale Wetten.

Argief van die Landdros Waterberg, 1866-1901

Band nrs. 1-6	Inkomende stukke: Landdros
Band nrs. 8-24	Brieweboeke: Landdros.
Band nr. 30	Kopieboek: Parate eksekusies.
Band nr. 31	Notule insake boedels; register van eiendomsplase, salarisrekening van amptenare.
Band nr. 35	Plase 1861-1893.
Band nr. 45	Register van leningsplase, 1876-1886.
Band nrs. 46-48	Register van erwe en transport van erwe, 1866-1900.
Band nr. 109	Inkomende stukke: Asst.-resident-vrederegter.
Band nr. 120	Posmeester, 1883-1897.
Band nr. 121	Weg-inspekteur.
Band nr. 122	Distriksraad, 1887-1899. Runderpeskommissie, 1896. Uitdelingskommissie, 1901. Gesondheidskommissie, 1893.
Band nrs. 125-126	Resident-vrederegter, Piet Potgietersrust, 1893-1898.
Band nr. 127	Oorlogstukke, 1899-1901.

Argief van die Kommandant-generaal (KG)

CR.dokumente	Inkomende stukke.
Brieweboeke.	
Telegramme	Anglo-Boereoorlog.

Leyds-argief (Leyds)

Telegramboeke.
Brieweboeke.

Argief van die Central Judicial Commission, 1902-1906 (CJC)

Argief van die Colonial Secretary, 1900-1910 (CS)

Argief van die Colonial Treasurer, 1900-1910 (CT)

Argief van die Proviandkommissie, ZAR, 1899-1900 (C3)

PC.dokumente.

Argief van die Clerk of the Executive Council, 1901-1902 (EC)

Argief van die Hoofcommite van het Commissariat van den ZAR, 1899-1900 (HCC)

Argief van die Legislative Council, 1902-1907 (LC)
TL.dokumente.

Argief van die Secretary of the Law Department, Transvaal, 1900-1923 (LD)
AG.dokumente.

Argief van die Lieutenant Governor, 1902-1907 (LTG)

Argief van die Secretary of Mines, 1901-1910 (MM)

Argief van die Superintendent van Onderwys, ZAR, 1866-1900 (OD)
OR.dokumente.

Argief van Publieke Werke, ZAR, 1887-1900 (PW)
PR.dokumente.

Argief van die Public Works Department, 1901-1914 (PWD)

Argief van die Secretary for Native Affairs, 1900-1911 (SNA)
NA.dokumente.

Argief van die Staatsprokureur, ZAR, 1866-1900 (SP)
SPR.dokumente.

Argief van die Staatsekretaris, Buitelandse sake, 1894-1900 (SSA)
RA.dokumente.

Argief van die Transvaal Agriculture Department, 1900-1919 (TAD)
H.dokumente.
G.dokumente.

Argief van die Transvaal Education Department, 1901-1950 (TOD)

Argief van die Griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Transvaalse Provinsiale afdeling, 1877-1954 (TPD)

Argief van die Transvaal Provincial Secretary, 1900-1954 (TPS)

1.2 Argiefbewaarplek van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, Potchefstroom (Gereformeerde Kerkargief)

Argief van die Gereformeerde Kerk Rustenburg.

Argief van die Gereformeerde Kerk Waterberg.

1.3 Argiefbewaarplek van die Nederduits Gereformeerde Kerk (Transvaal), Pretoria (NG-Kerkargief)

Argief van die Piet Potgietersrust Gemeente.

**1.4 Argiefbewaarpark van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria
(NH-Kerkargief)**

Argief van die Zoutpansberg/Pietersburg-gemeente.

1.5 Arend Dieperinkmuseum, Potgietersrus

Dokumenteversameling.

Fotoversameling.

Inligtingslêers:

- 000.2 Besienswaardighede, Potgietersrus.
- 000.4 Pioniers van Potgietersrus.
- 000.5 Potgietersrus: Geskiedenis.
- 200.1 Godsdiens: Geskiedenis.
- 300.5 Kalkbrandery.
- 400.1 Onderwys: Geskiedenis.
- 500.1 Industrialisasie en handel.
- 500.2 Landbou.
- 500.3 Mynbou.
- 700.1 Feeste en byeenkomste.
- 900.1 Anglo-Boereoorlog.
- 900.4 Eersteling.
- 900.6 Groot leiers.
- 900.9 Pietersburg.
- 900.15 Zuid-Afrikaanse Republiek.
- 900.16 Zebediela.

Museumversameling:

Kultuurhistoriese voorwerpe.
Voorwerpslêers.

1.7 Transvaalse Onderwysmuseum, Pretoria

Dokumenteversameling.

Fotoversameling.

Jaarverslae: 1893-1896.

Skooljoernale: 1903-1927.

1.8 Dokumente van die Potgietersrus Laerskool, Potgietersrus

Skooljoernaal.

1.9 Privaat-versameling, J. du Plooy, Potgietersrus

Fotoversameling.

2. GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

AMESHOFF, H.A. 1893. *De locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1888-1899, benevens eene compiliatie van de meest belangrijke volksraadsbesluiten, proclamaties en regeeringskennisgevingen.* Pretoria: Staatsdrukker.

BARBER, S.H. (Ed.). 1901. *The laws of the Transvaal, 1901.* Cape Town: Government Printing.

BREYTENBACH, J.H. en PRETORIUS, H.S. (reds.). 1949. *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), 1844-1850.* Pretoria: Staatsdrukker. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal no.1.*

BREYTENBACH, J.H. (red.). 1950. *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), 1851-1853.* Pretoria: Staatsdrukker. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal no.2.*

BREYTENBACH, J.H. (red.). 1951. *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), 1854-1858.* Pretoria: Staatsdrukker. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal no.3.*

BREYTENBACH, J.H. (red.). 1952. *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), 1859-1863.* Pretoria: Staatsdrukker. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal no.4.*

BREYTENBACH, J.H. en JOUBERT, D.C. (reds.). 1953. *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), 1864-1866.* Pretoria: Staatsdrukker. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal no.5.*

BREYTENBACH, J.H. (red.). 1954. *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), 1866-1867.* Pretoria: Staatsdrukker. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal no.6.*

COSTER, H.J. 1894. *De locale wetten en volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek benevens de proclamaties van ZHEd. den Staatspresident en de belangrijke gouvernements-kennisgevingen gedurende de jaren 1890, 1891, 1892, 1893.* Pretoria: Staatsdrukker.

COSTER, H.J. 1895. *De locale wetten en volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek benevens de proclamaties van ZHEd. den Staatspresident en de belangrijke gouvernements-kennisgevingen gedurende de jaar 1894.* Pretoria: Staatsdrukker.

COSTER, H.J. 1896. *De locale wetten en volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek benevens de proclamaties van ZHEd. den Staatspresident en de belangrijke gouvernements-kennisgevingen gedurende de jaar 1895.* Pretoria: Staatsdrukker.

JEPPE, F. en KOTZE, J.G. 1887. *Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885.* Pretoria: J.F. Celliers.

JOUBERT, D.C. (red.). 1965. *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaansche Republiek (met bylae), 1867-1868.* Pretoria: Staatsdrukker. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal no.7.*

KOTZE, J.G. 1888. *De locale wetten en volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1881-1887.* Pretoria: Staatsdrukker.

KRYNAUW, D.W. en PRETORIUS, H.S. 1949. *Transvaalse argiefstukke, Staatsekretaris: Inkomende stukke, 1850-1853*. Pretoria: Staatsdrukker.

PRETORIUS, H.S. en KRÜGER, D.W. 1937. *Voortrekkerargiefstukke, 1829-1949*. Pretoria: Staatsdrukker.

SCHAGEN VAN LEEUWEN, J.A. 1897. *De locale wetten en volksraad-besluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek benevens de proclamaties van ZHEd. den Staatspresident en de belangrijke gouvernements-kennisgevingen vir den jaar 1897*. Pretoria: Staatsdrukker.

SCHAGEN VAN LEEUWEN, J.A. 1898. *De locale wetten en volksraad-besluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek benevens de proclamaties van ZHEd. den Staatspresident en de belangrijke gouvernements-kennisgevingen vir den jaar 1897*. Pretoria: Staatsdrukker.

STOCKENSTRÖM, A. 1899. *De locale wetten en volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek benevens de belangrijke gouvernements-kennisgevingen en proclamaties van ZHEd. den Staatspresident*. Pretoria: Staatsdrukker.

VAN JAARVELD, F.A. 1980. *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648-1961*. Kaapstad: Nasou.

REGERINGS- EN AMPTELIKE PUBLIKASIES

Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1, 1938.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1, 1941.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 2, 1941.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 2, 1943.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1, 1945.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 2, 1952.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1, 1953.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1, 1955.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 2, 1956.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 2, 1958.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 2, 1964.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1, 1975.
Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1, 1983.

Ethnological publication no.54, s.j.
Ethnological publication vol.V, 1935.
Ethnological publication no.18, 1944.

GOVERNMENT OF THE TRANSVAAL. 1904. *Administrative proclamations of the Transvaal, 1902-1903*. Pretoria: Government Printing.

GOVERNMENT OF THE TRANSVAAL. 1904. *Ordinances of the Transvaal, 1902*. Pretoria: Government Printing.

GOVERNMENT OF THE TRANSVAAL. 1904. *Ordinances of the Transvaal, June and July 1903*. Pretoria: Government Printing.

GOVERNMENT OF THE TRANSVAAL. 1904. *Ordinances of the Transvaal, 1904*. Pretoria: Government Printing.

JEPPE, F. 1881. *Transvaal book almanac and directory for 1881*. Maritzburg: Davis.

Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek (TAB)

1869.03.09.
1870.03.11.
1874.09.02.
1892.03.01.
1893.03.09.

The Transvaal Government Gazette (TAB)

1900.01.08.
1900.06.14.
1900.07.11.

VERSLAG VAN DIE CARNEGIE-KOMMISSIE. 1932. *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.

PERIODIEKE PUBLIKASIES

1. KOERANTE

Die Noord-Transvaler, 1967.03.17, 1973.02.23.
Die Môrester, 1950.06.02.

2. TYDSKRIFTE

Contree (1) Januarie 1977; (9) Januarie 1981.
Die Brandwag, 1914.12.10, 1919.12.24, 1954.09.03.
Die Huisgenoot, 1933.03.24, 1938.03.06, 1942.11.20.
Historia (10) 1965.
Museum (14) April 1983; (15) Oktober 1983; (18) April 1984.

3. GELEENTHEIDSPUBLIKASIES EN BROSJURES

Krugerpark Laerskool, Potgietersrus:

Jaarblad 1987.

Hoërskool Piet Potgieter, Potgietersrus:

Jaarblad 1947, 1948, 1952, 1963, 1986, 1987.

TYDSKRIFARTIKELS

ANONIEM. "Toeka se joernaal. Die worstelstryd in die Bosveld", *Museum* (14), April 1983.

COUTNEY ACUTT, Nancy. "Makapan se gruweldade", *Die Huisgenoot*, 6 Maart 1938.

DICKE, B.H. "The tsetse-fly's influence on South African history", *South African journal of science* (XXIX), October 1953.

FERREIRA, O.J.O. "Schoemansdal. Van Voortrekkervoorpos tot volksfeesterrein", *Contree* (1), Januarie 1977.

GROBLER, H.J. "Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp", *Die Brandwag*, 24 Desember 1919.

HOFMEYER, J.H. "The development of school buildings in Transvaal, 1838-1900. The Mansveldt period", *Museum* (14), April 1983.

HOFMEYER, J.H. "Die eerste skool in Transvaal?", *Museum* (15), Oktober 1983.

KRUGER, B.J. "Hoe die Transvaalse boer die bantoe gesien het", *Historia* (10), 1965.

MANSVELDT, S.S.F. "Schoemansdal. Eers 'n bloeiende Voortrekkerdorp, nou 'n volksfeesterrein", *Die Huisgenoot*, 20 November 1942.

NEL, D. "Die drama van die Makapansgrot, soos deur die natuurlike vertel", *Die Huisgenoot*, 24 Maart 1933.

NIEUWOUDT, G.J. "Onderwys. Ons erfenis", *Museum* (18), April 1984.

POTGIETER, H. "Moord in Makapansvallei", *Die Brandwag*, 3 September 1954.

PRELLER, G.S. "Baanbrekers. 'n Hoofstuk uit die voorgeskiedenis van Transvaal", *Die Brandwag*, 10 Desember 1914.

TEMPELHOFF, J.W.N. "Eersteling, bakermat van die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf", *Contree* (9), Januarie 1981.

PROEFSKRIFTE, VERHANDELINGE EN ONGEPUBLISEERDE STUDIES

BASSON, M.E. 1950. "Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, 1836-1907". (D.Ed.-proefskrif, UP), in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 2*, 1956.

DE JONGH, R.C. 1983. *Veeteelt in Suid-Afrika, met besondere aandag aan Transvaal. Geskiedenis van die veeteelt en die veerasse, en 'n oorsig van die praktiese aspekte verbonde aan die teelt van plaasdiere*. (Ongepubliseerde studie). Pretoria: Transvaalse Provinsiale Biblioteek- en Museumdiens.

DE VAAL, J.B. 1953. "Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal". (D.Litt.-proefskrif, UNISA), in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1*, 1953.

- DE WAAL, J.J. 1978. *Die verhouding tussen die blankes en die hoofmanne Mokopane en Mankopane in die omgewing van Potgietersrus, 1836-1869.* (M.A.-verhandeling, UNISA).
- DU PLESSIS, J.S. 1954. "Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaanse Republiek, 1858-1902". (D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO), in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1*, 1955.
- DU PLOOY, J. 1987. *Die ontstaans- en vestigingsgeskiedenis van Potgietersrus, 1852-1904.* (Skripsie vir die graad Honns. B.A., PU vir CHO).
- DU PLOOY, J. 1988. *Die ontwikkeling van onderwys en opvoeding in Potgietersrus en omgewing sedert 1852. 'n Museologiese studie.* (Skripsie vir die Nagraadse Diploma in Museumkunde, UP).
- ESTERHUIZEN, S.J. 1965. *Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie, 1900-1910.* (D.Phil.-proefskrif, UP).
- GREYLING, J.C. 1944. *Die vraagstuk van slawehandel en slawerny in die ZAR tot 1823.* (M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O.).
- HATTINGH, J.L. 1975. *Die trekke uit die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1875-1895.* (M.A.-verhandeling, UP).
- KRUGER, D.W. 1938. "Die weg na die see of Die Ooskus in die Boere-beleid voor 1877 met besondere verwysing na die verhouding tot die Portugese". (D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO), in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1*, 1938.
- LEE, S.J. 1973. *Krygsverrigtinge in Soutpansberg en Waterberg gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902.* (Ongepubliseerde studie). Pietersburg: Skakelkomitee.
- LEE, S.J. 1976. *Die Pietersburg Konsentrasiekamp.* (Ongepubliseerde studie). Pietersburg: Skakelkomitee.
- MARTINS, G.J. 1957. *Die onderwys van blankes in Waterberg, 1850-1950.* (M.A.-verhandeling, PU vir CHO).
- NAUDE, P. 1954. *Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899.* (D.Phil.-proefskrif, UNISA).
- PIETERSE, D.J. 1943. "Die geskiedenis van die mynindustrie in Transvaal, 1836-1886". (D.Phil.-proefskrif, UNISA), in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 2*, 1943.
- PLOEGER, J. 1951. "Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansveldt, 1881-1900". (D.Phil.-proefskrif, UP), in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1*, 1952.
- POTGIETER, F.J. 1955. *Die vestiging van die blanke in Transvaal, 1837-1866, met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en sy omgewing.* (D.Phil.-proefskrif, PU vir CHO).
- SWANEPOEL, J. 1958. *Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652-1954, met spesiale verwysing na staatsoptrede in hierdie verband.* (D.Comm.-proefskrif, PU vir CHO).

VAN ASTEN, F.G. 1954. *Die geskiedenis van Pietersburg en sy omgewing, 1867-1899*. (M.A.-verhandeling, UNISA).

VAN DER WATEREN, H. 1976. *Die bantoe van Suid-Afrika*. (Ongepubliseerde studie). Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN HEERDEN, J.J. 1949. "Die kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek". (D.Phil.-proefskrif, UP), in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 2*, 1964.

WICHMANN, F.A.F. 1940. "Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838-1886". (D.Litt.-proefskrif, UP), in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 2*, 1941.

LITERATUUR

ANNECKE, S. "Die bestryding van malaria", in Combrink, J.A. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.

BAINES, T. 1968. *The gold regions of South Eastern Africa*. Bulawayo: Books of Rhodesia.

BOSMAN, I.D. (red.). 1938. *Voortrekkergedenkboek van die Universiteit van Pretoria*. Pretoria: UP.

BOSMAN, I.D. "Die Groot Trek, 1838-1854", in Krüger, D.W. (red.). 1979. *Die geskiedenis van Suid-Afrika*. Goodwood: Nasou.

BOT, A.K. s.j. *Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936*. Pretoria: s.u.

BOT, A.K. 1951. *Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal, 1835-1951*. Pretoria: s.u.

BREYTENBACH, J.H. 1969. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, Deel 1-4*. Pretoria: Staatsdrukker.

BRUWER, F.P. 1963. *Die bantoe van Suid-Afrika*. Johannesburg: Afrikaanse pers-boekhandel.

BRYANT, A.T. 1929. *Olden times in Zululand and Natal*. London: Longmans, Green.

BULPIN, T.V. 1956. *The lost trails of the Transvaal*. Cape Town: Howard Timmins.

BUYS, M.H. "Potgieter, Pieter Johannes", in De Kock, W.J. (red.). 1968. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 1*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.

CAMERON, T. en SPIES, S.B. (reds.). 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad: Human en Rousseau.

CAMERON, T. "Die Mfecane of Digaqane", in Cameron, T. en Spies, S.B. (red.). 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad: Human en Rousseau.

CARTWRIGHT, A.P. and COWAN, N. 1978. *The old Transvaal, 1834-1899*. Cape Town: Purnell.

- CHANGUION, L. 1986. *Pietersburg. Die eerste eeu, 1886-1986*. Pietersburg: Eeufeeskomitee.
- COETZEE, A. "Die Afrikaner se volkskunde", in Pienaar, P. de V. (red.). 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- COMBRINK, A.J. (red.). 1954. *Eeufes-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.
- CRONJE, G. "Die patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling", in Pienaar, P. de V. (red.). 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- DAVIS, S.J.M. 1987. *The archaeology of animals*. London: B.T. Batsford.
- DEPUTATE VIR DIE KLASSIS WATERBERG. 1959. *Eeufesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke in die klassis Waterberg, 1859-1959*. Potgietersrus: Môrester drukkerij.
- DICKE, B.H. "The Northern Transvaal Voortrekkers", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1*. 1941.
- DU BRUYN, J.T. "Die Groot Trek", in Cameron, T. en Spies, S.B. (reds.). 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- DU PLESSIS, J.S. "Die Suid-Afrikaanse Repbuliek", in Muller, C.F.J. (red.). 1968. *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria: Academica.
- DU PLESSIS, J.S. "Joubert, Petrus Jacobus", in De Kock, W.J. (red.). 1968. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 1*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- ENGELBRECHT, S.P. "Kerklike toestande onder die Voortrekkers ten weste van die Drakensberge tot op die jaar 1842", in Bosman, I.D. (red.). 1938. *Voortrekkergedenkbok van die Universiteit van Pretoria*. Pretoria: UP.
- ENGELBRECHT, S.P. 1952. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg, 1852-1952*. Pietersburg: Kerkraad.
- FAGAN, B.M. 1986. *People of the earth. An introduction to world pre-history*. Boston: Little, Brown.
- FAGAN, B.M. 1987. *In the beginning. An introduction to archaeology*. Glenview: Scott, Foresman.
- FEARNS, M. "Methodist Church, Potgietersrust, 1902-1954", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufes-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.
- FERREIRA, O.J.O. 1978. *Stormvoël van die Noorde. Stephanus Schoeman in Transvaal*. Pretoria: Promedia.
- FLOYD, T.B. "Dorpsbeplanning en onderverdeling, 1902-1954", in Pienaar, P. de V. (red.). 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- GRONUM, C.F. 1975. *Transportry, runderpes en poskoetse. Mededelings oor die soet en suur, voorbereidings, ontberings en teëspoede betrokke by die transportryery en posvervoer teen die einde van die vorige eeu*. Potchefstroom: Pro Rege.

GRONUM, M.A. 1972. *Die Engelse oorlog, 1899-1902. Die gevegsmetodes waarmee die Boererepublieke verower is.* Kaapstad: Tafelberg.

GROSSKOPF, J.F.W. "Plattelandsverarming en plaasverlating", in *Die Armblanke-vraagstuk van Suid-Afrika. Verslag van die Carnegie-kommissie.* 1932.

HAWKEN, A.P. "A commercial history of Potgietersrust", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954.* Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.

HEYDENRYCH, D.H. "Die Boererepublieke, 1842-1881", in Cameron, T. en Spies, S.B. (reds.). 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld.* Kaapstad: Human en Rousseau.

HEYL, J. "Die laerskool Potgietersrust, 1892-1954", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954.* Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.

HYATT, S.P. 1969. *The old transport road.* Bulawayo: Books of Rhodesia.

JACKSON, O.A. "The Ndebele of Langa", in *Ethnological publications no.54.* n.d.

KOTZE, C.R. "'n Nuwe bewind, 1806-1834", in Muller, C.F.J. (red.). 1968. *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

KRUGER, A.G. "Mynbou in die Potgietersrustdistrik, 1910-1954", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954.* Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.

KRÜGER, D.W. (red.). 1979. *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Goodwood: Nasou.

KRÜGER, D.W. "Britse kolonies en Boere-republieke, 1854-1872", in Krüger, D.W. (red.). 1979. *Geskiedenis van Suid-Afrika.* Goodwood: Nasou.

LIEBENBERG, B.J. "Pretorius, Andries Wilhelmus Jacobus", in De Kock, W.J. en Krüger, D.W. (reds.). 1972. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 2.* Kaapstad: Tafelberg.

LION-CACHET, F. 1882. *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk verhaald.* Amsterdam: J.H. Kruyt.

LION-CACHET, F.N. "Geskiedenis in woord en beeld van alle ander kerke in die klassis Waterberg", in Debutate van die klassis Waterberg. 1959. *Eeufeesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke in die klassis Waterberg, 1859-1959.* Potgietersrus: Môrester drukkerij.

MARKS, S. and ATMORE, A. 1980. *Economy and society in pre-industrial South Africa.* London: Longmans.

MAREE, W.L. 1962. *Lig in Soutpansberg. Die sendingwerk van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Noord-Transvaal, 1863-1963.* Pretoria: Sinodale Sendingkommissie.

MEYER, J.H. "Die ontstaan en ontwikkeling van Potgietersrust as dorp", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954.* Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.

MULLER, C.F.J. (red.). 1968. *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

- MULLER, C.F.J. "Die Groot Trek-tydperk, 1834-1854", in Muller, C.F.J. (red.). 1968. *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria: Academica.
- MUNNIK, G.G. s.j. *Kronieke van Noordelike Transvaal. Die herinneringe van senator G.G. Munnik*. Pretoria: Suid-Afrikaanse boekhandel.
- NEL, C. (red.). 1973. *Gedenkblad ter viering van die vyf-en-sewentigjarige bestaan van die kerkgebou, 1898-1973, N.G. Gemeente Waterberg*. Nylstroom: Môrester drukkerij.
- NEL, P.G. (red.). 1979. *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*. Pretoria: HAUM.
- OAKES, D. (Ed.). 1988. *Readers Digest illustrated history of South Africa. The real story*. Cape Town: Readers Digest.
- OBERHOLSTER, J.J. "Potgieter, Andries Hendrik", in De Kock, W.J. (red.). 1968. *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, deel 1*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- OBERHOLSTER, J.J. 1972. *Die historiese monumente van Suid-Afrika*. Kaapstad: Kultuurstigting Rembrandt van Rijn.
- ODENDAAL, J.J. "Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeentes", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.
- PAKENHAM, T. 1981. *Die Boere-oorlog*. Johannesburg: Johnathan Ball.
- PASCH, G.B.S. "Die Gereformeerde gemeente Potgietersrust, 1929-1954", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.
- PELZER, A.N. 1950. *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel 1, Wordingsjare*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- PHILLIPSON, D.W. 1985. *African archaeology*. Cambridge: Cambridge University Press.
- PIENAAR, P. DE V. (red.). 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- POTGIETER, C. en THEUNISSEN, N.H. 1938. *Kommandant-generaal Hendrik Potgieter*. Johannesburg: Afrikaanse pers.
- PRELLER, G.S. 1922. *Voortrekkermense III, dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek met aantekeninge en bijlae*. Kaapstad: Nasionale pers.
- PRELLER, G.S. 1938. *Dagboek van Louis Trichardt, 1836-1838*. Kaapstad: Nasionale pers.
- PRELLER, G.S. 1940. *Andries Pretorius. Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-generaal*. Johannesburg: Afrikaanse pers.
- PRETORIUS, C. "Die tuisnywerheid van die Afrikaner", in Nel, P.G. (red.). 1979. *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*. Pretoria: HAUM.
- REIN, H.W.A. "Regsdienste, Potgietersrust, 1854-1954", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.

- ROBBERTZE, J. "Die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk se sendinggemeente, 1933-1954", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.
- SCHAPER, I. (Ed.). 1974. *David Livingstone's South African papers, 1848-1853*. Cape Town: Van Riebeeck society.
- SCHOLTZ, G.D. 1941. *Generaal Christiaan Frederick Beyers, 1869-1914*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- SCHUMANN, C.G.W. 1940. *Die ekonomiese posisie van die Afrikaner*. Bloemfontein: Nasionale pers.
- SPOELSTRA, B. 1922. *Ons volkslewe. Kultuurhistoriese leesboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- SPOELSTRA, C. 1915. *Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek. Historisch kritisch overzicht*. Kempen: J.H. Kok.
- THEAL, G.M. 1964. *History of South Africa from 1795-1872, vol.7, vol.8, vol.9*. Cape Town: C. Stuijk.
- THOM, F.C.H. "Die ontwikkeling van posdienste, Potgietersrust", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.
- TINGAY, P. and JOHNSON, J. 1978. *Transvaal epic*. Howick: Khenty.
- TRAPIDO, S. "Reflections on land, office and wealth in the South African Republic, 1850-1900", in Marks, S. and Atmore, A. 1980. *Economy and society in pre-industrial South Africa*. London: Longmans.
- VAN ASWEGEN, H.J. 1982. *Geskiedenis van Afrika, van die vroegste oorspronge tot onafhanklikheid*. Pretoria: Academica.
- VAN DEN BERGH, G.N. 1972. "Die polisie diens van die Zuid-Afrikaanse Republiek", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1*. 1975.
- VAN DER MERWE, D.W. "Die geskiedenis van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, 1860-1900", in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel 1*. 1983.
- VAN DER WALT, A.J.H. "Die Groot Trek tot 1838", in Krüger, D.W. (red.). 1979. *Geskiedenis van Suid-Afrika*. Goodwood: Nasou.
- VAN JAARSVELD, F.A. 1974. *Geskiedkundige verkenninge*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- VAN JAARSVELD, F.A. "Die Afrikaner se Groot Trek na die stede, 1886-1976. Sosiaal ekonomiese strukture en kultuurhistoriese perspektiewe", in Nel, P.G. (red.). 1979. *Die kultuurontploffing van die Afrikaner*. Pretoria: HAUM.
- VAN JAARSVELD, F.A. 1982. *Die Afrikaners se groot trek na die stede, en ander opstelle*. Johannesburg: Perskor.
- VAN RENSBURG, J.J.C.J. "Die ontstaan en ontwikkeling van plaaslike bestuur", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.

- VAN RIET LOWE, C. "Potgietersrust in pre-historic times", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.
- VAN SCHOOR, M.C.E. en VAN ROOYEN, J.J. 1960. *Republieke en republikeine*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- VAN STADEN, G.S. "Die polisie diens, Potgietersrust", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.
- VAN WARMELO, N.J. "A preliminary survey of the bantu tribes of South Africa", in *Ethnological publications vol.V*. 1935.
- VAN WARMELO, N.J. "The Ndebele of J. Kekana", in *Ethnological publications no.18*. 1944.
- VAN WYK-DE VRIES, K.S. "Die kategetiese arbeid van die predikant in die Gereformeerde Kerk, 1859-1959", in Deputate van die klassis Waterberg. 1959. *Eeufeesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke in die klassis Waterberg, 1859-1959*. Potgietersrus: Môrester drukkerij.
- VENTER, H.J. "Klassis Waterberg. 'n Terugblik met besondere verwysing na die Kerk Waterberg, as oudste kerk in die klassis", in Deputate van die klassis Waterberg. 1959. *Eeufeesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke in die klassis Waterberg, 1859-1959*. Potgietersrus: Môrester drukkerij.
- VILJOEN, S.P. "Finansies van die Transvaalse Voortrekkers", in Bosman, I.D. (red.). 1938. *Voortrekkergedenkbok van die Universiteit van Pretoria*. Pretoria: UP.
- WAGNER, R. "Zoutpansberg. The dynamics of a hunting frontier, 1848-1867", in Marks, S. and Atmore, A. 1980. *Economy and society in pre-industrial South Africa*. London: Longmans.
- WALKER, E.A. 1922. *A historical atlas of South Africa*. Cape Town: Humphrey Milford.
- WALKER, E.A. 1928. *A history of South Africa*. London: Longmans, Green.
- WANGEMAN, T. 1868. *Ein reize-jahr in Süd-Africa, 1866-1867*. Berlin: Missionshaus.
- WILCOCKS, R.W. "Die armblanke", in *Die armblanke-vraagstuk van Suid-Afrika. Verslag van die Carnegie-kommissie, deel 2*. 1932.
- WILCOCKS, R.W. "Bestendigheid en verandering in die lewensbeskouing van die Afrikaner", in Pienaar, P. de V. 1968. *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.
- WILSON, F.V.J. "Die spoorweg diens, Potgietersrust", in Combrink, A.J. (red.). 1954. *Eeufees-album, Potgietersrust, 1854-1954*. Potgietersrust: Sentrale Eeufeeskomitee.
- ZIERVOGEL, D. 1959. *A grammar of Northern Transvaal Ndebele*. Pretoria: J.L. van Schaik.

PERSOONLIKE MEDEDELINGS

BOYA, J.	i.s.	Beleg van Makapansgrotte,	1989.12.13.
DU PLOOY, G.S.	i.s.	Onderwys en opvoeding,	1987.05.15.
DU TOIT, J.J.	i.s.	Onderwys en opvoeding,	1987.05.17.
HATTINGH, J.	i.s.	Onderwys en opvoeding,	1987.05.15.
HENRICO, C. (me.)	i.s.	Onderwys en opvoeding Potgietersrus na 1900 Tuisnywerhede van pioniers,	1989.02.15.
JOUBERT, J.	i.s.	Potgietersrus na 1900,	1989.05.17.
LEDWABA, J.	i.s.	Beleg van Makapansgrotte,	1989.12.08.
MANS, A.G.	i.s.	Onderwys en opvoeding,	1987.05.10.
MOIMEKE, J.	i.s.	Beleg van Makapansgrotte,	1989.12.12.
PASCH, M.Z.E. (me.)	i.s.	Onderwys en opvoeding Godsdienstige lewe,	1987.11.10.
SMIT, R.	i.s.	Onderwys en opvoeding,	1987.05.14.
VAN EYK, H.D. (Boet)	i.s.	Onderwys en opvoeding Potgietersrus na 1900 Anglo-Boereoorlog,	1988.10.09.
VAN NIEUKERKE, M.E. (me.)	i.s.	Potgietersrus na 1900,	1988.10.11